

**'n Analise van die moeder-dogter-verhouding in geselekteerde werke van
swart Afrikaanse vrouedigters**

Teneal Apollis

3434065

Tesis ingelewer ter vervulling van die

vereistes van die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

**UNIVERSITY of the
DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEDERLANDS
WESTERN CAPE**

aan die Universiteit van Wes-Kaapland

Studieleier: Prof. S. van Wyk

Desember 2020

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar dat hierdie werkstuk wat ingedien word vir die graad MA, my eie, oorspronklike werk is, dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Wes-Kaapland nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, by enige universiteit ter verkryging van enige kwalifikasies voorgelê het nie.

Naam: Teneal Apollis

Geken:



Datum: Desember 2020



ERKENNINGS

Ek is die volgende instellings innig dankbaar vir hul finansiële ondersteuning tydens my studie aan die Universiteit van Wes-Kaapland en vir befondsing van my studie en verblyf in Nederland van Augustus 2018 tot Januarie 2019:

- Die Departement Afrikaans en Nederlands
- Die Van Ewijck-Stigting
- Die Departement van Sport, Kuns en Kultuur (Language Practice bursary)
- Die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN)
- Die Universiteit van Wes-Kaapland en Universiteit Leiden (Universiteit Leiden Suid-Afrika Studiebeurs)
- Marius Jacobs Finansiële Dienste, die oud-onderwysers van Swartberg Sekondêr, die werkers van AB InBev Brouery, familielede, vriende, vriendinne en die ander Caledonners wat gesorg het dat ek oorgenoeg sakgeld het vir die 6 maande tydperk in Nederland

BEDANKINGS

Allereers wil ek my bron van krag, die Hemelse Vader, dankie sê vir genade onbeskryflik groot, deursettingsvermoë, wysheid, insig en oneindige seëninge.

Ek wil ook die volgende persone bedank sonder wie se hulp, aanmoedigings en ondersteuning die skryf van hierdie tesis nie moontlik sou wees nie:

- My studieleier, Prof. Steward van Wyk vir sy waardevolle insette, leiding, tyd, geduld en motivering.
- Die eksaminatore Prof. Antjie Krog en Dr. Shamięa Chaudhari vir die beoordeling van hierdie tesis en hul nuttige en verrykende terugvoer.
- My ouers vir hul onbaatsugtige liefde, opofferinge, motivering, onderskraging en gebede.
- My tweeling broers en goeie familie, vriende en vriendinne wat my arms omhoog gehou het deur hul gebede.
- My pastoor en geestelike pa past. Rodney Nissen vir sy gebede en bemoedigende gesprekke.
- My oud-onderwysers vir hul deurlopende belangstelling en ondersteuning.

Vir my ma, Leatitia en my pa, Christiaan



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

SLEUTELWOORDE

Slutelwoorde:

Moeder-dogter-verhouding, swart vrouedigters, Kamfer, Rhode, Phillips, Freud, Lacan, Postkolonialisme, Psigoanalise

OPSOMMING

Die moeder-dogter-verhouding is 'n terugkerende en fassinerende tema in resente skryfwerk. Dit is die onderwerp van talle wetenskaplike navorsingsartikels, maar tog het dit tot dusver min aandag ontvang in die Afrikaanse letterkunde. Die verwickelde moeder-dogter-verhouding is 'n deurlopende tema in die werk van drie swart Afrikaanse vrouedigters, nl. Ronelda Kamfer, Jolyn Phillips en Shirmoney Rhode. Elkeen plaas 'n eiesoortige fokus daarop. Die dimensies van hierdie verhouding word ontleed aan die hand van die psigoanalise soos deur Freud en Lacan uiteengesit. Postkolonialisme as raamwerk word ook betrek omdat dit fokus op identiteit en die subalterne wat 'n kerngegeewe in die genoemde digters se werk is. Hierdie raamwerk stel egter beperkings wanneer die sielkundige aspekte ter sprake kom. Hierdie studie maak dus gebruik van 'n eklektiese benadering waarin insigte uit beide teoretiese raamwerke benut word.



UNIVERSITY of the
ABSTRACT
WESTERN CAPE

The mother-daughter relationship is a recurring and fascinating theme in recent writing. It is discussed in countless scientific research papers but it is one of the most understudied topics in the Afrikaans literature. The complex mother-daughter relationship is a common thread in the work of three black female poets i.e. Ronelda Kamfer, Jolyn Phillips and Shirmoney Rhode, each of them placing a peculiar emphasis on it. The dimensions of this relationship are analyzed within the framework of psychoanalysis as posed by Freud and Lacan. Postcolonialism also enters the discussion due to its focus on identity and the subaltern which is a key aspect of the forementioned poets' work. However, this framework as analytical tool poses limitations when it comes to psychological aspects. This study therefore embraces an eclectic approach drawing on insights from both theoretical approaches.

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING	i
ERKENNINGS	ii
BEDANKINGS	ii
SLEUTELWOORDE	iv
OPSOMMING	iv
ABSTRACT	iv
HOOFSTUK 1	1
1.1) Inleiding en agtergrond	1
1.2) Probleemstelling, doelstellings en navorsingsvrae.....	4
1.3) Literatuurstudie	6
1.3.1) Inleiding.....	6
1.3.2) Bondige agtergrond van die tradisie van Swart vroueskrywers	6
1.3.3) Vorige studies gedoen met psigoanalise as teoretiese invalshoek.....	8
1.3.4) Samevatting en situering van my studie.....	11
1.4) Resepsiestudie oor digters en hul werk.....	11
1.4.1) Inleiding.....	11
1.4.2) Ronelda Kamfer.....	12
1.4.3) Shirmoney Rhode.....	13
1.4.5) Jolyn Phillips	16
1.5) Hoofstukindeling.....	18
1.6) Samevatting.....	19
HOOFSTUK 2	20
Teoretiese invalshoeke en metodologie	20
2.1) Inleiding	20
2.2) Psigoanalitiese kritiek	20
2.2.1) Verskille en ooreenkomste tussen die Freudiaanse en Lacaniaanse leerskole	21
2.2.2) Enkele postkoloniale teoretici se opmerkings oor die gekoloniseerde psige	23
2.3) Sigmund Freud (1856-1939).....	26
2.3.1) Freudiaanse kernkonsepte.....	27
2.4) Kritiek op Freud	35
2.5) Lacan (1901-1981).....	37
2.5.1) Die imaginêre fase	38
2.5.2) Die spieëlfase.....	39
2.5.3) Die simboliese fase	41

2.5.4) Die reële fase (The Real)	44
2.6) Kritiek op Lacan.....	47
2.7) Studies gedoen aan die hand van die psigoanalitiese teorieë van Freud en Lacan....	48
2.8) Samevatting.....	48
2.9) Postkolonialisme	49
2.10) Metodologie	54
2.11) Samevatting.....	55
HOOFSTUK 3.....	57
3.1) Inleiding	57
3.2) Ronelda Kamfer se <i>Hammie</i>	57
3.2.1) Postkolonialisme, subalterniteit en agentskap.....	67
3.2.2) Verlies en die dood	71
3.2.3) Droom-analise, verlies en die dood	72
3.2.4) Die Persephone-mite en die matriargale teorie.....	76
3.3) Shirmoney Rhode se <i>Nomme 20 Delphi Straat</i>	81
3.3.1) Biologiese moeders, verlies en die dood	81
3.3.2) Droomanalise.....	86
3.3.3) Die simboliese/kollektiewe moeder en taal	87
3.4) Samevatting.....	90
HOOFSTUK 4.....	91
4.1) Inleiding	91
4.2) Jolyn Phillips se <i>radbraak</i>	91
4.2.1) Die biologiese moeder(s).....	93
4.2.2) Simboliese moeders, taal en die moeder-dogter-verhouding	108
4.3) Samevatting.....	120
HOOFSTUK 5.....	122
5.1) Gevolgtrekkings en samevatting	122
BRONNELYS.....	125
ADDENDUM.....	136
Digbundel 1 – <i>Hammie</i>	136
Digbundel 2 – <i>Nomme' 20 Delphi Straat</i>	153
Digbundel 3 – <i>radbraak</i>	162

HOOFSTUK 1

“the mother–daughter relationship is a very powerful one that contributes in profound ways to the creation and experience of self” (Chodorow, 1978).

1.1) Inleiding en agtergrond

Vanaf die vroegste tye is daar ’n bemoeienis met die moeder-dogter-tematiek in die Afrikaanse letterkunde. Die tendens het ’n gedurige teenwoordigheid geword, soos gesien in die studies gedoen deur onder andere Hambidge (1989), Conradie (1996), Minnaar (2012), Retief (2005) en Viljoen (2009) wat deurlopend in hierdie hoofstuk in diepte belig word om hierdie studie te situeer. Alhoewel ’n aantal studies gedoen is oor die tema, is daar steeds relatief min studies verkrygbaar wat die vraag opper oor die moeder-dogter-tematiek se status in die Afrikaanse letterkundige sfeer. Benewens die gebrek aan studies wat die moeder-dogter-tematiek ondervang, is daar ook min studies wat aandag gee aan die moeder-dogter-verhouding en dit enduit vanuit ’n psigoanalitiese hoek benader. Om hierdie rede word die moeder-dogter-verhouding dikwels beperkend beskryf.

Verhoeff (in Hambidge, 1989: 1) het die volgende gesê oor die aard van die verhouding tussen psigoanalise en literatuur:

Eigenlijk zijn er vandaag aan de dag twee klimaten. Je hebt literaire studies zonder Freud en je hebt ze mét Freud, en in landen waar ze beide voorkomen ... hebben zij te vaak te weinig met elkaar te maken.

Aansluitend by Verhoeff verduidelik Hambidge (1989: 1): “Ook bestaan binne die Afrikaanse literatuur nog minder oor die onderwerp.” In *Psigoanalise en lees* verken Hambidge (1989) die psigoanalitiese leesbenadering; ’n onbekende terrein gedurende daardie tydperk. Sy belig verskeie maniere waarop daar psigoanalities gelees kan word. Naas Pieter Conradie (1996) is dit slegs sy wat destyds werklik intensief daaraan aandag gegee het. Dit beklemtoon die onbekende status van psigoanalise in Afrikaans, die min belangstelling daarin of die gebrek aan kennis van ’n psigoanalitiese lees van literêre tekste, veral digkuns. In die lig van laasgenoemde poog hierdie studie om dit wat vorige studies nie ondervang het nie, aan te vul deur die moeder-dogter-tematiek te verken aan die hand van relevante konsepte uit Freud en Lacan se psigoanalitiese teorieë.

Die onderwerp oor moeder-dogter-verhoudings laat my toe om nie net die interaksies tussen die vroue te ondersoek nie, maar dit skep ook ’n raamwerk waarbinne die kwessie van tradisies

ten opsigte van genderrolle onder die vroue bespreek kan word. Die moeder-dogter-verhouding is belangrik in die Afrikaanse letterkunde soos gesien in veral die werk van Antjie Krog. In *Ons Ongehoorde Soort* belig Viljoen (2009) byvoorbeeld die ambivalente aard van die verhouding tussen Krog en haar vroulike voorgangers, hetsy dit literêr of biologies is met die klem op die literêre skryftradisie. Met hierdie studie lewer Viljoen, nes Krog 'n belangrike bydrae tot die herstel van die “ongehoorde” en gedempte vroulike stem terwyl die tradisionele moeder-dogter-verhouding herdefinieer word. Hirsch (in Viljoen, 2009: 5) verduidelik dat die moeder die een is wat die “authority of authorship” aan haar dogter oordra en dat kontinuïteit en skeiding, sowel as konneksie en diskonneksie, hierdie komplekse verhouding onderlê. Viljoen (2009: 26) beklemtoon hierdie komplekse verhouding wanneer sy die volgende sê:

Alhoewel 'n vroueskrywer soos Krog die kontinuïteit van 'n vroulike tradisie opsoek deur aan te sluit by die werk van vroulike voorgangers, is daar beslis ook by haar 'n behoefte om weg te breek van daardie voorgangers om ten einde 'n eie stem te ontwikkel. Konflik, jaloesie en verwerping is dan nié vreemd aan die proses van opeenvolging in die vroulike tradisie nie.

Ronelda Kamfer, Shirmoney Rhode en Jolyn Phillips sluit aan by die skryftradisie deurdat hulle rebelleer teen die taal wat op hulle as subalterne vroue afgedwing word. Dit is hierdie tradisie, maar veral die tradisie van die moeder-dogter-verhouding in die biologiese en meer kollektiewe/simboliese sin van die woord wat in hierdie studie belig word. Daar word ook gekyk na die wyse waarop die konvensionele patroon in tradisionele genderrolle die moeder-dogter-verhouding en uiteindelik die subjekvorming van die dogter affekteer of beïnvloed. Retief (2005: 26) beskryf die tradisionele moeder-dogter-verhouding soos volg:

Daar is hoë verwagtinge wat onvermydelik teleurgestel word; daar is bewondering wat omslaan in afkeer; daar is aansluiting wat oorgaan in 'n breuk waarin albei partye se onafhanklikheid en integriteit uiteindelik herstel word en behoue bly.

Dogters leer belangrike lewenslesse by hul moeders en internaliseer hul waardes of opvattinge en daar is outomaties 'n geneigdheid om hul moeders se skoene te wil volstaan. Terwyl sommige dogters daarna streef om presies soos hul moeders te wees, is daar egter diegene wat vrees dat hulle net soos hul moeders sal word. As 'n nuwe generasie swart vroue verskil die gekose digters Kamfer, Rhode en Phillips byvoorbeeld van hul moeders en voorgangers deurdat hulle 'n leefstyl gekies het waarin hulle meer agentskap kan uitoefen. Hierdie agentskap is duidelik sigbaar in hul onderskeidelike bundels *Hammie* (2016), *Nomme 20 Delphi Straat* (2016) en *radbraak* (2017).

Daar is 'n begeerte en 'n poging om 'n eie identiteit te vorm, om weg te breek van die konvensionele patroon en 'n onafhanklike subjek en 'n beter weergawe te wees van diegene wat hul vooraf gegaan het. Die keuse om die konvensionele patroon teen te staan of daarby aan te sluit speel 'n kernrol in die vorming van die identiteit en psige. Met hierdie keuse in ag genome, vind gevolglik nie slegs oorerwing van tradisionele norme plaas nie, maar ook nuutskepping en die nuwe weergawe word aan die opvolgende generasies oorgedra. 'n Vrou is dan nes Woolf (in Viljoen, 2009: 26) sê: “an inheritor as well as an originator”. 'n Psigoanalitiese leesbenadering gee ruim perspektief op die verwickeldheid van die moeder-dogter-tema alhoewel dit nie die enigste benadering vir hierdie studie is nie.

Die digters gee deur middel van hul woordkuns uiting aan die moeder-dogter-verhouding en daarom is die psigoanalise geskik om dit te deurgrond of ontbloot. Die psigoanalitiese leesbenadering “addresses itself to the problems of language, the effects of desire in language and, indeed, in all forms of symbolic interaction” (Wright, 1984: 1). Dit is dan die geskikte leesbenadering waarvolgens die komplekse moeder-dogter-verhouding, biologies en simbolies, geanaliseer kan word. Ellmann (1994: 12) voeg by dat die konsep van die onbewuste en dié se wense, intensies asook toegang tot hierdie psigiese komponent, die kern van die psigoanalitiese beginsels is. Die literatuur, waar figuurlike en simboliese taalgebruik dikwels lei tot meerduidigheid, is vir Freud 'n belangrike toegangspoort tot die onbewuste.

Die digters se bundels illustreer hierdie meerduidigheid ten opsigte van die beskrywing van die ambivalente moeder-dogter-verhouding in hul gedigte wat meestal oor dieper simboliese betekenis beskik. Vir Lacan is die onbewuste gekonstrueer as 'n taal, 'n taalstruktuur waaruit onderdrukte inligting in die vorm van metafore en metonimiese uitings voortkom. Versprekings of “slippage” is ook kenmerkend van hierdie taaluitings. Phillips is bewus van die subtiele, onbewuste werking van taal op die psige en deur taal “oop te breek” wil sy die psigiese impak daarvan ontbloot. Taal is 'n soort struktuur wat op haar as subalterne afgedwing word en sy rebelleer juis daarteen. In enkele gedigte sluit Kamfer en Rhode ook by hierdie protes aan waar hul verhouding met taal as simboliese moeder onder die loep kom. Dit is hierdie simboliese en metaforiese taaluitings wat die raakpunt vorm tussen die psigoanalise en literatuur.

Die gekose digters se werk word geïdentifiseer en geklassifiseer as postkoloniale literatuur binne die literêre kanon wat hul werk geskik maak vir hierdie studie, want die subalterne posisie van die vrou en die uitwerking van gemarginaliseerde omstandighede op die psige,

spesifiek die onbewuste, kom onder die loep. Hul werk kan dus beskou word as simptome van onderdrukking of repressie as psigiese proses. Volgens Hambidge (1989: 94) “blyk repressie verantwoordelik te wees vir die vorming van metafore”, met ander woorde, simboliese taaluitinge. Die komplekse verhouding tussen psigoanalise en die literatuur word weereens hier belig wat as ’n belangrike element in hierdie studie funksioneer. Viljoen (2009:174) meen dat historiese, sosiale en kulturele kontekste die konstruksie van die vroulike subjektiwiteit vorm en dat die moeder ’n kernrol speel gedurende die subjekvormingsproses weens haar toonaangewende posisie.

Freud (in Vorster, 2013: 46) en ook Lacan (in Qazi, 2011: 3) verduidelik dat die dogter gedurig begeer om terug te keer na die pre-oedipale fase (pre-linguisties, voor kennismaking met die paternalistiese wet) toe sy en haar moeder ’n eenheid was. Die Oedipale fase (toetred tot taal) en die fondasie wat hier gelê word, is volgens die psigoanaliste ’n kernegegewe ten opsigte van die ontwikkeling van, nie net die moeder-dogter-verhouding nie, maar ook die subjekvorming van die dogter. Poësie self kan ook in hierdie verband gesien word as ’n proses waardeur die dogter deur middel van die skryfdaad poog om terug te keer na die baarmoeder of die moeder (Conradie, 1996: 55). Hierdie studie gebruik die gepaste Freudiaanse en Lacaniaanse teorieë om hierdie verband tussen psigoanalise en poësie te bespreek.

1.2) Probleemstelling, doelstellings en navorsingsvrae

’n Groot aantal psigoanalitiese studies is gedoen waarin die moeder-dogter-verhouding onder die loep kom, maar meestal buite die Afrikaanse akademiese sfeer. In die Afrikaanse studies wat wel die moeder-dogter-tematiek bestudeer, word psigoanalise as leesbenadering nie enduit deurgevoer nie. In studies waar die psigoanalise wel die hoof leesbenadering is met betrekking tot die moeder-dogter-tematiek, is die fokus weinig op swart vrouedigters se digkuns.

Die meeste studies wat wel die werk van swart Suid-Afrikaanse vroue bestudeer, implementeer ’n postkoloniale leesbenadering met die fokus op gemeenskappe, diskriminasie, verdrukking, marginalisering, en so meer, maar in die breë postkoloniale sin het die moeder-dogter-tema nog nie diepgaande aandag geniet nie. Psigoanalities gesproke het die vroue se werk tot dusvêr min of geensins aandag gekry nie terwyl ’n psigoanalitiese lees na my mening ’n meer holistiese interpretasie oor die onderwerp kan verskaf. Alhoewel kolonialisme en apartheid die historiese, sosiale en kulturele faktore onderlê, bied ’n postkoloniale leesbenadering alleen nie ’n voldoende of bevredigende perspektief op hoe laasgenoemde faktore die moeder-dogter-

verhouding affekteer nie. Om hierdie rede is 'n psigoanalitiese lees uit die perspektief van Freud en Lacan noodsaaklik vir hierdie studie.

'n Studie soos hierdie is van belang omdat dit poog om verby postkolonialisme te beweeg, verby die algemene sosiale kwessies weens die bemoeienis met die moeder asook die dogter se psige. Die argument is dat digters nie slegs die spreekbuis van hul gemeenskappe is of wil wees nie. In sommige gevalle skryf hulle oor hul innerlike worstelinge en vertel hulle op 'n implisiete wyse hoe trauma en lewensomstandighede die psige en gevolglik ook familieverhoudings (kan) beïnvloed. Die intens persoonlike en individuele, asook die verhouding met familieleden wat dikwels buite die fokus van 'n postkoloniale ondersoek val, word dus hier beklemtoon. Dit is in die bestudering van laasgenoemde omstandighede waar psigoanalise veral 'n belangrike rol speel weens die fokus op familieverhoudings.

Die psigoanalitiese leesbenadering het al skerp negatiewe kritiek ontlok, veral van feministe wat van mening is dat psigoanalise vroue vernederend voorstel. Feminisme, en veral swart feminisme, werp hoofsaaklik lig op die swart vrou se gemarginaliseerde posisie met die fokus op ras, klas, en gender. Om hierdie rede is die meerderheid studies wat gedoen is met die psigoanalise as teoretiese invalshoek, feministies gedrewe en 'n vorm van aanval op patriargie en die psigoanalitiese leesbenadering. Ook is die feministiese studies terselfdertyd 'n poging tot regstelling, herstelling en beskerming van die posisie van die vrou in die samelewing. Die fokus van die meerderheid psigoanalitiese studies is ook meer geskoei op die analise van romans, dramas, films, maar baie selde die digkuns. Bygesê, kry die vader-dogter-, moeder-seun- en vader-seun-verhouding meer aandag in vorige psigoanalitiese studies wat veral op die digkuns fokus¹. Die digkuns blyk egter 'n ryp bron van informasie te wees vir studies van hierdie aard waarin familieverhoudings psigoanalities ontleed word.

Hierdie studie poog om die aandag weg te draai van die algemene feministiese kritiek en diskoers waarmee die psigoanalitiese kritiek so dikwels aangeval word. Die uiteindelige doel is om aan te toon dat die moeder-dogter-verhouding enduit psigoanalities geïnterpreteer kan word en dat so 'n studie nuwe insigte kan oplewer omtrent hierdie komplekse verhouding. Só 'n leesbenadering hoef nie, soos Hambidge (1989) sê, noodwendig seksisties te wees nie.

Ter ondersteuning van die probleemstelling vir hierdie studie haal ek vir Bao en Wei (2016: 341) aan wat van mening is dat “few studies try to investigate the dynamic mother-daughter

¹ Sien bv. Marius Crous (2008) en Viljoen (2004).

relationship by exploring the characters' inner world". Aansluitend hierby sê Tyson (in Bao en Wei, 2016: 341): "As a useful way of understanding human behavior, psychoanalysis can touch our most private being and reveal us to ourselves and to the world." Psigoanalise baan die weg na die digter of karakters se psiges en ontbloom só die onbewuste en dié se wense en op hierdie manier word 'n beter begrip verkry omtrent die komplekse verhouding tussen moeder en dogter.

Die volgende navorsingsvrae is geformuleer in 'n poging om die komplekse verhouding tussen moeder en dogter, asook psigoanalise en die Afrikaanse digkuns te ondersoek:

- Watter insigte bied psigoanalise in 'n kritiese analise van die moeder-dogter-verhouding?
- Hoe vul die psigoanalitiese teorie die leemtes aan wat die postkoloniale teorie nie voldoende aanraak in die analise van die gekose digbundels nie?
- Hoe kan die psigoanalitiese teorie gebruik word om die biologiese en simboliese/kollektiewe moeders te agterhaal in die gekose digbundels?

1.3) Literatuurstudie

1.3.1) Inleiding

Soos vroeër genoem, is daar alreeds 'n aantal psigoanalitiese studies gedoen wat lig werp op die moeder-dogter-tematiek. Die studies word gevolglik afgebaken om die fokus van elk te belig en sodoende my studie te situeer deur aan te toon spesifiek wat ek soortgelyk of anders gaan doen. Maar eerstens word 'n meer ingeligte verduideliking verskaf omtrent die keuse van die digters en digbundels vir hierdie studie teen die agtergrond van die tradisie van swart vroueskrywers.

1.3.2) Bondige agtergrond van die tradisie van Swart vroueskrywers

Cochrane (2008) se studie bewys dat die huidige en toekomstige literêre status van swart Afrikaanse vroueskrywers, tot nie baie lank gelede nie, 'n groot bekommernis was. Vir meer as sestig jaar is die swart Afrikaanse vroueskrywer uitgesluit van die skrywersgemeenskap weens kulturele hegemonie en die afwesigheid van 'n swart vrouetradisie (Cochrane, 2008: 44). Cochrane se studie is gedurende 'n tyd toe die swart Afrikaanse vrouedigter geen gevestigde publikasietradisie gehad het nie as gevolg van die feit dat swart Afrikaanse vroueskrywers in vergelyking met wit Afrikaanse vroueskrywers, min gevestigde rolmodelle gehad het wat 'n invloed op hulle skryfwerk kon uitoefen.

Van Wyk (in Cochrane, 2008: 37) het die behoefte aan swart vroueskrywers beklemtoon wat die geskiedenis van die gemarginaliseerdes en stemloses moet vertel en rekenskap moet gee van die verlede van hierdie gemarginaliseerdes. Die hantering van sosiaal-maatskaplike kwessies, identiteit, die ontginning van outentieke leefwêreld en ook die moeder-dogter-verhouding (hetsy biologies of simbolies) is almal belangrike temas in die swart vrouedigter se werk. Van die temas is alreeds ontgin deur 'n handjievol swart vroueskrywers soos Diana Ferrus en E.K.M. Dido (Cochrane, 2008: 40). Hierdie swart vroueskrywers het verseker dat die tradisie opnuut geskep en voortgesit word. Die inisiatiewe van Ferrus ten opsigte van die bevordering van digterskap (asook skrywerskap in die algemeen) in gemarginaliseerde gemeenskappe het gesorg dat só 'n tradisie geskep word.

Haar betrokkenheid by verskeie gemeenskapsaksies, werkswinkels vir kreatiewe skryfwerk, publieke voorlesings, verhoogproduksies en kunstefeeste, soos byvoorbeeld die jaarlikse Woordfees op Stellenbosch, die KKNK, die International Poetry Festival en die Winternachtenfees in Nederland het haar literêre teenwoordigheid en posisie versterk. Haar huldigingsgedig oor Saartjie Baartman en ook haar betrokkenheid by manifestasies van die literêre sisteem, soos haar literêre bydrae tot die e-joernaal, *Litnet*, en haar betrokkenheid by literêre byeenkomste en debatvoering het verseker dat sy haar posisie binne die literêre sisteem verder versterk en terselfdertyd haar posisie as een van die eerste swart Afrikaanse literêre moeders gevestig het (Cochrane, 2008: 40).

Die feit dat Ferrus se werk meestal gunstig deur resensente ontvang is, het verder bygedra tot haar status as skrywer (Cochrane, 2008: 35). Shirmoney Rhode is 'n voorbeeld van 'n literêre dogter wat deur Ferrus beïnvloed is. Ook sy versterk hul literêre posisie deur deel te neem aan besprekings op *Litnet* en ander sosiale en tegnologiese platforms en betrokkenheid by literêre byeenkomste. Behalwe die optredes by verskeie feeste in Suid-Afrika, onder meer by Aardklop, die Poetry Africa-fees en die Woordfees (Van Wyk in Maes, 2010), het ook Kamfer aandag getrek by 'n aantal internasionale geleenthede waar sy opgetree het, soos die Winternachtenfees in Den Haag (2010), die Istanbul Tanpinar Literature Festival (2010) en die Fees voor het Afrikaans in Amsterdam (2011). Op hierdie wyse word daar verseker dat die tradisie voortgesit word en behoue bly in die Afrikaanse literêre sfeer.

Met betrekking tot die nuwe generasie swart vrouestemme het Viljoen destyds (in Cochrane, 2008: 42) beweer:

Alhoewel die klassifikasie van skrywers op grond van hulle ras hopelik spoedig uitgedien sal wees, voel ek tog dat hierdie nuwe stemme eintlik 'n dubbele nuutheid in die Afrikaanse letterkunde verteenwoordig en iets heel spesifiek te sê het.

Nuutheid dui hier op die dapperheid van swart vroueskrywers om hulleself oop te stel vir al die stemme van die Suid-Afrikaanse samelewing en die uitdaging te aanvaar om selfs die mees ontwykende en afwykende stemme in hulle werk op te neem (Cochrane, 2008: 42). 'n Paar jaar later het Viljoen (2002) se versoek of wens vorm aangeneem en het publikasies deur swart vroueskrywers gevolg, insluitend die geselekteerde digbundels vir hierdie studie. Al drie die digters het aan die Universiteit van Wes-Kaapland studeer waar die Departement Afrikaans en Nederlands 'n instrumentele rol gespeel het om die stem van onder andere hierdie swart Afrikaanse vroueskrywers hoorbaar te maak deur aan hulle beurse te verskaf, 'n platform te skep waar hulle kon optree, hulle studies kon voltooi en mentorskap en geleenthede vir publikasie te skep, en so meer.

Gevolgtrek kon die swart Afrikaanse vroueskrywer beslis haar meerduidige stem laat opklink in die literêre sfeer. Waar daar 'n totale afwesigheid van die swart Afrikaanse vrouestem was, is daar oor die afgelope dekade regstelling bewerkstellig deur vir hierdie nuwe generasie stemme publikasiegeleenthede te bied in die literêre sfeer.

1.3.3) Vorige studies gedoen met psigoanalise as teoretiese invalshoek

Minnaar (2012) se studie is 'n psigoanalitiese ondersoek van Olga Kirsch se oeuvre en dui daarop hoe haar pogings om in die Afrikaanse kringe aanvaarding te vind deur die opkoms van die rassistiese Nasionaliste gedwarsboom is. Die doelstelling was om Kirsch se waarde en bestendigheid as Afrikaanse digter te bepaal. Die kanoniseringsproses en moontlike veranderings in die digter se posisie in die kanon word ook in aanmerking geneem. Deur middel van die psigoanalise verken Minnaar die dryfvere vir Kirsch se skryfwerk: die ontvlugting van die falliese moeder, verlies van die vaderlike liefdesobjek, verlange na heelheid en veiligheid binne-in die ²chora, asook selfvervulling en ³jouissance deur die kreatiewe skryfproses. Freud en Lacan se psigoanalitiese teorieë vorm die onderbou van Minnaar se studie terwyl die

²Die pre-oedipale plek/toestand, “[the] state of being one with all” (McAfee in Minnaar & Roth, 2014: 60).

³Die term verwys na die vreugde wat vroueskrywers daaruit put om wetenskaplike taal soos poësie te laat klink.

“Die doel onderliggend aan skryf is om te ervaar, te geniet en lewe te gee” (Dullaart in Fourie, 2003: 68).

teoretikus Julia Kristeva se teorie as kontrapunt dien teenoor die manlike en paternalistiese perspektiewe van eersgenoemde psigoanaliste se werk.

Retief (2005) ondersoek die konstruksie van die vroulike subjek in die poësie van Afrikaanse vrouedigters sedert 1970 aan die hand van die oeuvres van Sheila Cussons, Ina Rousseau, Wilma Stockenström en Antjie Krog. Die werk van drie Franse feministe Julia Kristeva, Hélène Cixous en Luce Irigaray, word onder andere gebruik as teoretiese invalshoek vanweë hul gemeoidheid met die strukturende rol van taal by die konstruksie van die subjektiwiteit. Daar word ook vlugtig stilgestaan by die werk van onderskeidelik Freud en Lacan, wat in so 'n mate neerslag vind in die werk van Kristeva, Cixous en Irigaray, dat hulle soms as psigoanalitiese feministe beskryf word. Die fokus is hier spesifiek op die rol van die moeder- dogter-verhouding, soos dit in die werk van die drie Franse feministe neerslag vind.

Dit gaan egter nie in die eerste instansie om die moeder-dogter-verhouding as tematiese gegewe binne die oeuvres van hierdie vier vrouedigters nie, maar oor die posisie wat vroue inneem ten opsigte van die “plek van die moeder”, asook die wyse waarop die verhouding met die moeder se liggaam herkenbaar word in die vroulike skryftradisie. Dit is 'n verkenning van dié verhouding aan die hand van die wyse waarop dit hanteer word binne die feministiese diskoers, met spesifieke verwysing na die werk van die drie Franse feministe. Die vraag word gestel of daar wel 'n duidelik-herkenbare vroulike subjek in die oeuvres van die vier Afrikaanse vrouedigters aanwesig is en, indien wel, of hierdie vroulike subjek die potensiaal het om die heersende patriargale bestel te destabiliseer of selfs te ondermyn. Binne die konteks van Retief se studie word daar gefokus op verskeie strategieë wat deur die Franse feministe aangewend word ten einde die patriargale simboliese orde te ondermyn.

Conradie (1996) kyk na hoe geslagtelikheid in die tekste van Antjie Krog uitgebeeld word en steun op psigoanalise as teoretiese invalshoek om die intra-psigiese stryd wat die meeste moeder-dogter-verhoudings kenmerk, te bestudeer. Die fokus is op Krog as vrouedigter en haar vroulike voorgangers of literêre moeders. Ook word gekyk na hoe die simboliese inhoud van die tekste as metafoor dien vir die situering van die self. Voorts ondersoek hy die verskillende gestaltes, hetsy biologies of simbolies, van die vrou en moederfiguur in die tekste.

Dasher (2008) verken die moeder-dogter-tematiek in die konteks van die werk van hedendaagse Joodse vroue, naamlik Cynthia Ozick, Marge Piercy, Tova Mirvis, Marjorie Agosin, Carmit Delman en Farideh Goldin. Psigoanalitiese insigte van teoretici soos Nancy Chodorow, Jessica Benjamin en Adrienne Rich word gebruik as teoretiese invalshoek om die

tekste (fiksie, poësie en memoires) van die Joodse vroue te analiseer. Dasher kyk na hoe Judaïsme die lewenswyse van die moeder bepaal en hoe dit die moeder-dogter-verhouding affekteer. Die religieuse konvensies ten opsigte van genderrolle skep spanning tussen Joodse moeders en dogters wat voortspruit uit die opkoms van feminisme in die moderne samelewing en huidige praktyke wat op die hervorming van Judaïsme fokus.

Dasher bestudeer hoe hul dogters geleentheid benut, soos verdere studie wat aan hulle bevryding bied van sekere godsdienstige verpligtinge. Waar dogters feminisme bo die Joodse tradisie kies, skep dit gemengde emosies by die moeders: sommige is jaloers en probeer desperaat om hul dogters binne religieuse grense te hou; terwyl ander goedkeurend optree deur hul dogters aan te moedig om van konvensionele patrone weg te breek. Die biologiese band tussen moeder en dogter blyk egter net soos Judaïsme 'n onweerstaanbare krag te wees. Alhoewel die dogters probeer om tradisionele patrone van hul voorgangers te breek, is daar altyd sekere aspekte wat hulle gewilliglik of onbewustelik internaliseer ten spyte van hul beste pogings om dit te weerstaan. Die dogters bly dus op een of ander manier altyd gewortel in hul Joodse erfenis.

In Van Heerden (2013) se psigoanalitiese ondersoek staan die droomtematiek sentraal. Psigoanalise, in besonder die beginsels van Sigmund Freud, Carl Jung en Jacques Lacan word as teoretiese invalshoek gebruik om Reza de Wet se dramas te interpreteer. Die vraag word gestel of psigoanalise 'n sentrale tema van De Wet se Afrikaanse dramas is en op watter wyse die dramas psigoanalities gelees kan word. Die temas: drome, illusie, 'n soeke deur die karakters na geluk en/of bevryding, drome en nagmerries, sowel as erotiese verwysings word bespreek. Die studie kyk na wat die psigoanalise behels en op watter wyse die mens se drome psigoanalities geïnterpreteer kan word. Daar word ondersoek ingestel na die droomgewe binne die onderskeie dramas en die wyse waarop die karakters se onbewuste deur middel van die surrealistiese betrek word.

Die optrede en handeling van karakters word ook ondersoek om vas te stel hoe dit deur onbewuste motiewe gedra word. Voorts word daar analities en in diepte gekyk na die taal as draer van die onbewuste simboliek. De Wet fokus geensins uitsluitlik op die moeder-dogter-verhouding in haar dramas nie, maar sy slaag daarin om 'n bepaalde prominensie aan hierdie komplekse verhouding te verleen.

1.3.4) Samevatting en situering van my studie

Hoewel die bogenoemde studies psigoanalities van aard is, word daar óf vlugtig melding van Freud en Lacan se teorieë gemaak, óf die psigoanaliste se werk word kontrasterend met feministiese psigoanalise bespreek met die doel om patriargie te ondermyn. Ook word die moeder-dogter-tema in 'n feministiese konteks bespreek. In Van Heerden se studie word die psigoanaliste se werk enduit geïmplementeer, maar die moeder-dogter-tematiek is nie die fokuspunt nie. Wanneer dit wel belig word, kry dit weereens 'n feministiese beskrywing.

Waar Dasher kyk na hoe Judaïsme die moeder-dogter-verhouding affekteer, ondersoek my studie die letsels van apartheid en kolonialisme op die swart vroue (veral die moeders) se psiges in die digbundels, hoe die letsels hul lewenswyses/keuses beïnvloed en gevolglik die moeder-dogter-verhouding affekteer. Die konvensies ten opsigte van genderrolle skep spanning tussen die moeders en dogters wat veral opsigtelik is by Phillips en Kamfer. Hierdie spanning spruit voort vanuit die rebellie teenoor die norm weens 'n begeerte om die gedempte vrouestem te laat opklink. In hierdie studie word die moeder-dogter-tema bespreek aan die hand van Freud en Lacan se kern-psigoanalitiese konsepte as teoretiese invalshoek wat die grondliggende struktuur van die studie vorm. Spivak en Bhabha, onder andere, se subalterne teorieë wat by psigoanalise aansluit, word ook betrek vir 'n meer holistiese interpretasie van die moeder-dogter-verhouding.

Die konstruksie van die swart vroueskrywer se subjektiwiteit en identiteit is 'n komplekse proses waarin die samelewing, maar veral die familiesfeer, spesifiek die moeder, 'n kernrol speel. Hierdie studie kyk vanuit 'n psigoanalitiese perspektief na die moeder-dogter-tematiek en op welke wyse die moeder-dogter-verhouding, meer spesifiek hoe die invloed van die moeder, die ontwikkeling van die dogter se identiteit en psige affekteer. Aangesien daar nog nie voorheen indringend aandag gegee is aan 'n psigoanalitiese ondersoek van die geselekteerde bundels in samehang met die moeder-dogter-tematiek nie, sal hierdie studie daardie leemte vul en hopelik 'n wesenlike bydrae lewer tot die korpus van psigoanalitiese teksanalises in die Afrikaanse literêre sfeer.

1.4) Resepsiestudie oor digters en hul werk

1.4.1) Inleiding

Die swart vrouedigters wie se bundels bespreek word, het omtrent die literêre wêreld aan die gons oor hul interessante en unieke bydrae tot die Afrikaanse literatuur. Phillips en Rhode is twee van die onlangste toevoegings tot die nuwe generasie swart vroueskrywers in Afrikaans

met hul debuutdigbundels. Vier digbundels het al uit Kamfer se pen gekom met *Chinatown* (2020) as haar mees onlangse digbundel. In hierdie afdeling word agtergrond verskaf omtrent die digters wat fokus op hul grootwordjare en verhoudings met spesifiek die moederfigure in hul lewens. Maes (2010: 49) is van mening dat biografiese informasie belangrik is om die situasie van die swart (vroue-) digter te verstaan. Om die huidige situasie of omstandighede van die swart vrouedigters en hul verhoudings met hul moeders te verstaan moet daar kennis geneem word van die faktore wat 'n rol gespeel het in die konstruksie van hierdie verhoudings en gevolglik hul identiteitsontwikkeling. Voorts word gekyk na die inspirasie of dryfveer agter hul passie om te dig. Ook word die opinies van resensente belig met betrekking tot die geselekteerde bundels.

1.4.2) Ronelda Kamfer

Ronelda Sonnet Kamfer is op 16 Junie 1981 in Blackheath, Kaapstad gebore. Sy het 'n gedeelte van haar jeug by haar grootouers in Grabouw deurgebring en in 1999 het sy by Eersterivier Sekondêr gematrikuleer (Bookslive, 2016). Volgens Maes (2010:66) het Kamfer vier ouers in haar lewe gehad en sy beskryf haar grootwordjare as stabiel. Weens haar blootstelling aan die geweld op die Kaapse Vlakte praat sy deur haar poësie oor die probleme in die gemeenskap van die "Townships" en is veral haar vroeëre werk deurtrek met die postkoloniale tematiek. Alhoewel haar werk hierdie ewels bespreek, het sy self in 'n goeie middelklashuis grootgeword waar twee motors was en albei die ouers goeie werke gehad het. "En niemand [het] [ge]drink nie" (Nieuwoudt, 2009: 32).

So perfek soos dit mag klink, was hul huislike omstandighede nie altyd na wense nie weens die komplekse verhoudings met diegene wat as haar moederfigure beskou is en as gevolg daarvan was haar kinderjare nie altyd plesierig nie. Die komplekse moeder-dogter- en familieverhoudings word beklemtoon in onder andere, "Scream", "Ouma Nol", "Vir die voëls" en "Box cutters" wat in Hoofstuk 3 geanaliseer word. *Hammie* (2016) is die derde bundel uit Kamfer se pen waarin sy die dood van haar moeder verwerk. Ook word aktuele Suid-Afrikaanse kwessies soos ras, armoede, wit bevoorregting ("white privilege") en geweld belig. Hambidge (2016) beskryf *Hammie* as 'n sterk bundel wat die leser "tussen die oë" tref: "Die sogenaamde egtheid van die bundel, die pyn wat na aan die oppervlak lê en Kamfer se goeie beeldvorming is van die elemente wat resensente uitsonder as hoogtepunte."

Mouwen (2017) beskryf *Hammie* soos volg: "Er zijn dichters die gedichten schrijven vanuit hun herinneringen zonder dat ze die verzen verfraaien met metaforen, rijm- en metrumvormen

en allerlei stijlfiguren. De werklikheid die zij in hun poëzie publiseren, is op zich al besonder of skokkend genoeg. Hun gedichten behoeven geen aankleding of dekoratie, ze konfronteer die leser direk met hun eie persoonlike historiese realiteit.” Kamfer poog om ’n storie weer te gee, nie slegs van haar gemeenskap nie, maar haar innerlike struwelinge en psigiese toestand terwyl sy ook haar moederfigure se bydrae belig. Mouwen (2017) verduidelik voorts: “Hammie van de Zuid-Afrikaanse digteres Ronelda S. Kamfer is zo een dichtbundel. De ... prozaïsche teksten presenteren een meedogenloze, rauwe wereld, waarin de digteres de dood van haar moeder probeert te verwerken en er betekenis aan te geven. En dat in een land waar de dood op allerlei wijzen voortdurend op de loer ligt.” Die bedrieglik-eenvoudige titel *Hammie* is volgens Vermeulen (2018: 90) die Kaapse, meer intieme, aanspreekvorm vir “ma, moeder, mammie”. Dat Kamfer as volwassene steeds haar ma op hierdie wyse aangespreek het, wys op die tipe band wat sy met haar ma gehad het ten spyte van hul komplekse verhouding.

Kamfer se vroeëre bundels *Noudat slapende honde* (2008) en *Santekraam* (2011) behandel postkoloniale kwessies, terwyl *Hammie* (2016) intens aandag gee aan die moeder-dogter-verhouding wat die bundel ideaal maak vir hierdie studie.

1.4.3) Shirmoney Rhode

Shirmoney Rhode is in 1991 gebore en het grootgeword in Elsiesrivier op die Kaapse Vlakte. Sy het die kwalifikasies BA (Afrikaans en Linguistiek), BA (Honneurs) in Afrikaans en ’n nagraadse onderwysertifikaat aan die Universiteit van Wes-Kaapland verwerf. *Nomme 20 Delphi Straat* (2016) is haar debuutbundel. In ’n onderhoud met Meyer (2016) sê sy die volgende oor die plek waar sy grootgeword het: “Ek is nog altyd Shirmoney van Elsiesrivier, al bly ek nie meer daar nie. Elsies loop in my bloed. Die lewenslesse wat ek baie keer deur ervaring in Elsies geleer het, het my die mens gemaak wie ek vandag is.” Hier kry “Elsies” ’n moederlike konnotasie, want dié woonbuurt het haar talle lewenslesse en waardes geleer en het grootliks bygedra tot die vorming van haar identiteit. In die analise word Rhode se verhouding tot Elsies as simboliese moeder, bespreek ten opsigte van Freud se teorie. Die gedigte “Cape Flats”, “Gangster’s paradise” en “childhood oppie vlaktes” word gebruik.

In Elsiesrivier het sy die harde kant, maar ook die goeie kant van die lewe aanskou en beleef. Dit is juis dit wat haar aangemoedig het om te begin dig: “I started writing at a very young age ... Later I realised that my voice, the voice of a young, coloured girl on the Cape Flats, is nowhere represented in the books I often take out from the library. I knew I had to start writing about the things I see around me. I knew that I had to start writing honestly about the things

life challenged me with ... The death of my 19-year-old brother, who was found dead on 26 September 2006. Gangsterism. Drug abuse” (*The Big Issue*, 2016). Sy het dus op ’n vroeë ouderdom deur haar digkuns haar stem as swart vrou laat begin opklink en agentskap beoefen.

Du Plessis (2017) skryf in *Beeld*: “Rhode slaag daarin om die Afrikaanse leef- en leeswêreld met hierdie publikasie ruimer te maak en die leser en resesent kan die oordeel vel dat die digter weet waarvan en waarom sy skryf.” Rhode is byvoorbeeld nie so kwaad en ontstoke soos Kamfer nie, maar “Afrikaans kan doen met hierdie ryke versmelting en verbastering van tonge as hy tot al sy sprekers wil begin en bly spreek” (Du Plessis, 2017). Sy “hou haar nie op met aangeplakte digterlike fieterjasies en vals vertoon nie. Die Afrikaanse dig-akker is yl en dun gesaai met vars, nuwe jong vrouestemme uit die skadu- en niestandaardkant van die taal” (Du Plessis, 2017). Rhode, nes die ander twee digters, dig nie in Standaardafrikaans nie. Laasgenoemde word gedoen in ’n poging om die konvensionele skryftradisie te breek. Op hierdie wyse vervul Standaardafrikaans ’n moederlike rol vir elk van die digters met wie hulle, veral Rhode en Phillips, in ’n hoogs ambivalente verhouding verkeer. Daar is liefde en bewondering vir hierdie simboliese moeder, maar terselfdertyd ook haat en rebellie soos hulle kontesteer en rebelleer teenoor die tradisionele taalkonvensies.

Die gedigte uit hierdie bundel reflekteer die ervaringe en gedagtes van die digter uit haar tienerjare en ook as eerste generasie-student (Versindaba, 2016). Rhode sê die volgende in ’n onderhoud oor die inspirasie agter die skryf van haar debuutbundel: “Die gedigte in die boek is gedigte wat ek in die afgelope 5-6 jaar geskryf het. Ek doen performance poetry en baie van dit het eers op stage gelewe ... Dis often die tipe goed wat niemand wil raak sien in ons gemeenskappe nie wat ek raaksien en oor skryf. Maar baie keer skryf ek ook oor die injustices en sosio-economic issues wat om my gebeur. Ek probeer altyd om die “double-sided story” van ons gemeenskappe vas te vang in my werk” (Meyer, 2016).

Rhode se stilswye oor haar biologiese moeder en die klem op haar ouma, Francis Rhode, is opvallend in die bundel. In die bundel verwys sy slegs ’n paar keer na haar biologiese ma. In ’n artikel in die *Kuier*-tydskrif verduidelik Rhode (2018: 42): “’n Paar maande ná Clayon se dood het my ma uitgetrek ... ek [het] haar gehaat daarvoor” en “omdat ek van geboorte tot op 15 saam met haar gewoon het, het dit my hard getref” [sien my verandering hierbo]. Gedurende hierdie moeilike tydperk in haar lewe het haar band met haar ouma versterk, “my ouma het mooi na ons omgesien” (Rhode, 2018: 42). Haar ouma word gesien as die sterk moederfiguur in Rhode se lewe wie se opvoedingswyse Rhode die persoon wat sy vandag is, gemaak het.

Rhode beskryf haar ouma in die onderhoud met Meyer (2016) soos volg: “My ouma is loshanne die sterkste mens wat ek ken. Die boek is aan haar [en Clayon] opgedra ... As ’n kind op die Vlakte was ek nooit regtig serious gevat nie, want niemand worry oor poetry nie. However, my ouma het al ’n paar van my performances gesien. My ouma is my ruggraat. Sy’t my grootgemaak. Sy is daai tipe ouma wat vir jou ’n lekker koppie tee gaan maak en die lekkerste stories gaan vertel.”

Sy verduidelik voorts: “As ek Elsies toe gaan na ’n lang tyd, is sy die een by wie ek my nuus kry oor what’s hot and happening. Ek dink ek het my liefde vir skryf en storie vertel by haar geërf. My ouma kan vir jou die sappigste storie vertel. Met sound effects en alles ... My ouma is ook baie lief vir die Here. Sy bid oor alles. Even die klein goed wat iemand anders dalk sal dink is simpel om oor te bid. Ek’s ’n produk van haar 3 am prayers. En harde werk of course. Ek is baie lief vir my ouma en ek is baie aan haar verskuldig” (Meyer, 2016). Die sterk, ingrypende teenwoordigheid van Rhode se ouma in ’n kritieke tyd van haar lewe het die gevolg dat haar biologiese moeder deur haar ouma gesublimeer word. Haar ouma is die plaasvervangende moeder en hul moeder-dogter-band word in die geskikte gedigte Freudiaans geïnterpreteer.

Rhode sê die volgende oor die bundeltitel en omslagontwerp: “*Nomme 20 Delphistraat* is my ouma se fisiese adres waar ek grootgeword het. Dis ’n muisenet-huis en dis waar ek gebly het vir 21 jaar. Dis nie ’n groot huis nie en ons was op ’n stadium seker so 10 mense wat in die huis gewoon het. Dit was beknop, maar ek het baie goeie memories van my kinderjare ... Die boek se titel het niks met die eintlike huis te doen nie, dit het meer te doen met die waardes wat ek opgedoen het by die huis. Ook staan die “*Nomme 20*” voor in plaas van agter, en hier is dit baie opsetlik gedoen, juis om die tema van bendegegeweld in die titel uit te lig” (Meyer, 2016). Die waardesistiem wat hier beklemtoon word, is dit wat sy in haar woonbuurt (Elsies), soos vroeër uitgelig, en by haar ouma geleer het wat weereens verwys na die moeder-dogter-verhouding.

Pakendorf (2017) sê: “Rhode se verse is nie strydpoësie soos van ouds nie; sy kla nie en kla ook nie aan nie. Sy praat padlangs oor die dikwels moeilike lewe en uitdagings vir die armstes van die armes, meestal met die gelatenheid en lakoniese humor van die oorlewendes.” Op die vraag waarom sy dig, antwoord Rhode: “Daar is baie redes hoekom ek skryf. Maar die belangrikste rede is sodat ek my storie, wat baie keer te doen het met mense om my en mense in my gemeenskap, op te kan teken. As ek dit nie doen nie gaan niemand dit vir my doen nie.

En as iemand anders dit sou doen, sal dit nie met dieselfde insig gedoen word nie ... Ek skryf omdat ek weier om te wag vir iemand om dit namens my te doen” (Meyer, 2016).

Rhode ag dit belangrik dat die storie van haar gemeenskap, maar veral die storie van haar verhouding met haar moederfigure en hul invloed op haar identiteitsontwikkeling, vertel word. Met haar debuutbundel doen sy presies dit.

1.4.5) Jolyn Phillips

Phillips is in Gansbaai gebore en het in 2007 aan die Hoërskool Emil Weder in Genadendal gematrikuleer. Sy het die kwalifikasies BA (Honneurs) in Engelse literatuur en vertaling en ’n Meestersgraad in Kreatiewe Skryfwerk by die Universiteit van Wes-Kaapland ontvang. Phillips het haar digdebuut *radbraak* geskryf onder die leiding van Antjie Krog (Naudé, 2017). Phillips sluit aan by Krog se skryftradisie deurdat sy volgens Schaffer (2018: 210) “durf speel met klank en betekenis en nuwe ruimtes oopskryf, en selfbewus én kwesbaar durf [te] wees in ’n wêreld wat deur ekstreme vorme van manlikheid gedomineer word. Phillips wys met *radbraak* dat sy midde-in hierdie tradisie staan.” Phillips word beskryf as “a poet who thinks alternatively, digging under the surface ... rendering innovation in the world of writing” (Malan, 2017: 1).

Malan (2017: 1) verduidelik voorts: “*radbraak* ... investigates the language of her youth and the leftovers of her process of growing up, that which she learned at Genadendal”. Hier kom die kwessie van morele waardes en simboliese moeders ter sprake. Sy lewe steeds volgens die waardes wat Genadendal en Gansbaai haar geleer het. Naudé (2017) sê: “Heelparty gedigte handel oor die verwringing van waardes – misdaad en gruwels – wat soms aangetref word in gemeenskappe wat deur historiese en sosiale kragte geskend is.” Oor haar bundel verduidelik Phillips: “I investigate, the history of certain words with which I am confronted every day, as reader, poet and student” (Malan, 2017: 1). Sy gaan verder in op wat poësie, maar meer belangrik, haar ingewikkelde verhouding met Afrikaans vir haar beteken: “I question the words that are fed to me. I question proverbs and their practices” (Malan, 2017: 1).

Ten opsigte van die bundeltitel sê Phillips: “It is fantastic to see how tame words can become, once you break them down. Language is inconspicuous ... until you *radbraak* it, and with this I mean ... until you break them up and crumble them. Only then will they reveal their full potential and humanity” (Malan, 2017: 1). Hieroor sê Naudé (2017) die “taalverbrotting eggo die temas van sosiale, persoonlike en gesinsverbrotting.” Die gedigte weerspieël die kwessie van fisiese vernietiging, die breek van taal, maar terselfdertyd ook die rekonstruksie

daarvan ten opsigte van die metaforiese en die metafisiese. Die hele kwessie rondom die radbraak van taal maak Lacan se teorie relevant en toepaslik vir 'n analise van hierdie digbundel. Die analise van die gedigte “Tong-trilogie” en “Diglossie” is veral hier belangrik omdat dit die moeder-dogter-tematiek belig weens Phillips se komplekse verhouding met Standaardafrikaans, haar moedertaal. In die analise van die genoemde gedigte word ook haar verhouding met Gansbaai en Genadendal as simboliese moeders bespreek.

Die bundel het baie positiewe reaksies ontvang in die Afrikaanse letterkundige wêreld soos gesien in die volgende kommentaar daaroor: “'n klein aardbewing van 'n bundel” (Muller in Hambidge, 2017), “een van die boeiendste debute van die afgelope tyd in die Afrikaanse poësie” (Viljoen, 2017) en “hierdie skrywer het die engel in die klip beet” (Hambidge, 2017). Voorts verduidelik Hambidge (2017): “Hierdie woorde is welverdiend. Van die buiteblad van Jolyn Phillips se bundel ... tot die laaste gedig, eis die aandag-van-jou-oë. En van al jou sintuie.” Sy beskryf haar leeservaring van die bundel as volg: “Hierdie gedigte is soos bokvet in die palm” (Hambidge, 2017). Sy is ook van mening dat elke gedig in hierdie bundel werd is om gelees te word. Taljard (2017) is seker dat ons in die toekoms beslis nog veel meer van Phillips kan verwag, “sy is 'n digter wat alternatief en dieper as die oppervlakte dink en wat werklik vernuwende werk kan lewer op sowel tematiese as verstegniese vlak”.

Volgens Cultsha Kennis (2017) is “*radbraak* ... soos 'n Afrikaans taal remix – 'n bietjie Kaaps, 'n bietjie skollietaal en aksente wat verwys na Gansbaai gepraters (soos Jolyn sê “ons het ons eie G's en R's!”). Taljard (2017) sê: “In hierdie bundel staan die worsteling met taal en die radbraak van die digter se ‘vel-taal’ sentraal in 'n poging om iets weer te gee van die worsteling met die lewe (onder andere) op die Kaapse Vlakte én die uitkristallisering van 'n eie identiteit uit dié gegewe.” Die identiteitskwessie word veral beklemtoon in onder andere, die gedigte “ballade van 'n wasdag” en “Bokkie Polony” wat ook haar komplekse verhouding met haar biologiese moeder en simboliese moeders belig soos later in Hoofstuk 4 bespreek gaan word.

Taljard (2017) beklemtoon die belangrikheid van taal as 'n gegewe in die bundel: “Sedert die vroegste tye betreur digters en skrywers die onvermoë van taal om hulleself akkuraat uit te druk en bedink hulle maniere om dié belemmering te bowe te kom.” Taljard (2017) verwys na Derrida wat by geleentheid oor die digter Paul Celan opgemerk het: “Celan’s language is itself a bodily struggle with the German language, which he deforms, transforms, which he assaults, and which he incises.” Phillips sluit deur middel van *radbraak* en haar obsessie met die funksies en dekonstruksie van taal by Celan aan, maar op 'n meer beperkte skaal.

Anders as Kamfer en Rhode, is Phillips se werk meer geskoei op die funksie van taal soos blyk uit die taalspel in haar bundel. Alhoewel sy in enkele gedigte haar komplekse verhouding met haar biologiese moeder belig, staan haar verhouding met Afrikaans en die dorpe waarin sy grootgeword het as simboliese moeders, meer prominent in die bundel.

1.5) Hoofstukindeling

Die hoofstukindeling is soos volg:

Hoofstuk 1: Inleiding en agtergrond, probleemstelling, doelstellings en navorsingsvrae; literatuurstudie oor soortgelyke studies gedoen oor die onderwerp om die leemtes uit te wys en my studie te situeer deur te wys wat ek soortgelyk en anders gaan doen; resepsiestudie oor die digters en hul werk.

Hoofstuk 2: Teoretiese invalshoeke; navorsingsontwerp en metodologie:

Hier word eerstens gekyk na wat psigoanalitiese kritiek as metodologie in die literatuur behels en gevolglik word kortliks aandag geskenk aan hoe die psigoanalise aansluit by postkoloniale kritiek wat fokus op die koloniseerder en gekoloniseerde se psige. Daar word, onder andere, gekyk na veral die postkoloniale teoretici Hook (2005) en Bhabha (1994) se insigte om die gemarginaliseerde posisie van die vrou (moeder) beter te verstaan met 'n fokus op die psige. Gevolglik is die psigoanalitiese teorie belangrik om te verstaan hoe die moeder se gemarginaliseerde toestand die moeder-dogter-verhouding affekteer en die identiteitsontwikkeling van die dogter beïnvloed.

Freud en Lacan se psigoanalitiese konsepte word gevolglik uiteengesit wat relevant is vir 'n analise van die komplekse moeder-dogter-verhouding. Kritiek oor hul werk, asook enkele studies waarin hul idees toegepas is, word bespreek. Voorts word gekyk na die postkoloniale teorie met 'n fokus op Spivak se idees rakende die subalterne waar sy aansluit by Freud en Lacan. Laastens word 'n uiteensetting gegee van die metodologie ten opsigte van die metodes waarvolgens die gedigte psigoanalities geles kan word.

Hoofstuk 3: Die analise van *Hammie* en *Nomme 20 Delphi Straat* ten opsigte van die moeder-dogter-verhouding met die fokus op die biologiese (of plaasvervangende) moeder. Daar word hier gekyk na wie die biologiese of plaasvervangende moeders is en hoe hulle in die bundels gesien en uitgebeeld word. 'n Freudiaanse analise is van belang in hierdie hoofstuk.

Hoofstuk 4: Die bundel *radbraak* belig Phillips se verhouding met haar biologiese, maar veral haar simboliese of kollektiewe moeder(s) en die verband tussen taal en die moeder. 'n

Lacaniaanse lees word hier toegepas om hierdie komplekse moeder-dogter-dinamika ten opsigte van beide biologiese en simboliese moeders te interpreteer.

Hoofstuk 5: Die gevolgtrekkings gemaak in hoofstuk 1, 2, 3 en 4 word in hierdie slothoofstuk vergelyk en saamgevat.

1.6) Samevatting

Al drie digters het aan dieselfde universiteit studeer en het sekere kenmerke in gemeen ten opsigte van hul agtergrond soos blyk uit die komplekse verhoudings met hul moeders en die geweld op die Kaapse Vlakte en Gansbaai asook die bendegegeweld waaraan hulle blootgestel is gedurende hul grootwordjare. In hierdie afdeling kon die verbintenis tussen psigoanalise en die moeder-dogter-tematiek en selfs poësie reeds opgemerk word. Die taalgebruik van die digters is nog 'n verbindingselement tussen die bundels deurdat elkeen in 'n taal eie aan hul identiteit dig as 'n manier om die taalkonvensies van Standaardafrikaans uit te daag.

By Kamfer figureer die biologiese moeder-dogter-tema die sterkste soos sy deurlopend haar komplekse verhouding met haar afgestorwe moeder belig. Rhode sluit aan by Kamfer deurdat sy haar biologiese moeders belig. In enkele gedigte figureer die moeder-dogter-tema egter ook simbolies wanneer die “Cape Flats” en “Elsies” moederlike eienskappe kry. By Phillips figureer die tema sterk simbolies (metonimies en metafories) maar daar is ook sprake van 'n biologiese moeder-dogter-band. Die deurlopende moeder-dogter-tematiek maak die bundels gepas vir 'n psigoanalitiese lees weens beide Freud en Lacan se fokus op hierdie kernaspek.

HOOFSTUK 2

Teoretiese invalshoeke en metodologie

2.1) Inleiding

Hierdie hoofstuk belig die teoretiese begroning van die studie. Eerstens word die term psigoanalitiese kritiek bespreek om die verband te lê tussen psigoanalise en literêre studies met die oogmerk om die moeder-dogter-verhouding te bestudeer en verstaan. Voorts word daar kortliks gekyk na postkoloniale teoretiese insigte ten opsigte van die koloniserings van die subalterne psige. 'n Psigoanalitiese lees van die bundels word beoog met aandag aan die psige in 'n staat van verdrukking weens kolonialisme. Die gekose swart Afrikaanse vrouedigters se werk word dan eerstens postkoloniaal gelees ten opsigte van diskriminasie, magsvergryping en die driedubbele marginalisering van die subalterne vrou in terme van ras, gender en klas. 'n Postkoloniale lees is belangrik, maar dit is beperkend deurdat dit nie 'n genoegsame leesstrategie en bevredigende interpretasie van die moeder-dogter-verhouding bied nie. Die leesbenadering skenk ook nie voldoende aandag aan die veelvuldige onderdrukking van die subalterne vroulike subjek en die invloed daarvan op haar psige nie. Om die volle nuanses van die teks van swart Afrikaanse vrouedigters te verstaan, moet jy postkoloniaal én psigoanalities kyk.

Freud en Lacan se teoretiese konsepte sal as begroning dien vir 'n psigoanalitiese lees van die moeder-dogter-verhouding in die geselekteerde tekste. Dit behels relevante kernkonsepte wat die verskillende stadia in die psigiese ontwikkelingsproses van dogtertjies, die dogter binne die familieverhouding, maar veral ten opsigte van die moeder-dogter-verhouding, belig. Later in hierdie hoofstuk word ook gekyk na sekere kritiese refleksies op Freud en Lacan se werk. Voorts word van Spivak se insigte aangewend omdat sy 'n meer bevredigende toepassing van beide postkoloniale en psigoanalitiese raamwerke bied wat vir hierdie studie bruikbaar is. Freud, Lacan en Spivak se teorieë word gebruik om die wyse waarop die digters oor die moeder-dogter-verhouding reflekteer te verstaan en 'n meer holistiese idee te gee van die kompleksiteit van die moeder-dogter-verhouding in die onderhawige tekste.

2.2) Psigoanalitiese kritiek

Wiggins (2017: 38) verduidelik dat “the object of psychoanalytic literary criticism can be defined in the simplest manner, as the psychoanalysis of the author or his/her literary character”. Hierdie leesbenadering beklemtoon dat om die ware betekenis van 'n teks te ontdek,

moet daar kennis geneem word van die onbewuste en vroeëre kinderjare, want in die verlede lê 'n magdom gebeurtenisse opgesluit waarvan sommige erg traumaties was. Hierdie gebeurtenisse is gewoonlik in die onbewuste onderdruk en oorheers die denkpatrone en affekteer die leefwyses van individue sonder dat hulle dit weet. Die inhoud van die gekose digbundels is bewys daarvan. Die hegte interkonneksie tussen letterkunde en psigoanalise is dus duidelik en Wiggins (2017: 41) stel dit treffend: “After all, psychoanalysis stems from complexities of the human life which affects the psyche and what is literature but a reflection of life.” In die onderhawige bundels reflekteer die digters oor hul grootwordjare en familie-verhoudings, veral die moeder-dogter-verhouding en deurlopend word dit sigbaar hoe laasgenoemde verhouding en die omstandighede rondom hul grootwordjare die subjekvormingsproses affekteer en beïnvloed.

Psigoanalitiese kritiek ontspring uit psigoanalise soos Kurzweil en Phillips (1983: 21) verduidelik: “Psychoanalytic criticism is the interpretative perspective of literature by applying some techniques of psychoanalysis.” Psigoanalitiese kritiek maak gebruik van sekere psigoanalitiese tegnieke wat die psigiese ontwikkelingsproses in dogters asook die familiedinamiek belig met spesiale aandag, veral in die Lacaniaanse teorie, aan die moeder-dogter-verhouding. Freud het geglo dat skrywers hul kreatiwiteit as 'n tipe terapie gebruik waardeur hulle ontslae raak van hul neurotiese angstigheid (Devhardhi, 2009: 438). Die skryfaksie kan gesien word as die manier waarop die gekose digters uiting gee aan hul psigiese konflikte. Digkuns is hul terapie. Deur middel van sulke kreatiewe werk verkry die leser toegang tot die omstandighede en belewenisse / ervaring van die subjek (Wiggins, 2017: 39).

Die psigoanalitiese lees van 'n literêre teks verskaf 'n toegangspoort tot die onbewuste van die skrywer soos Kurzweil en Phillips (1983: 20) sê: “[It] can serve as the path to the artist’s unconscious – an unconscious to be interpreted.” 'n Psigoanalitiese lees verskaf dan die nodige raamwerk waarvolgens die psigiese stryd of konflik – soos ervaar deur die skrywers en wat die komplekse moeder-dogter-verhoudings onderlê – oopgevelek en geïnterpreteer kan word.

2.2.1) Verskille en ooreenkomste tussen die Freudiaanse en Lacaniaanse leerskole

Psigoanalise se beheptheid met subjekformasie in dogtertjies of die ontwikkeling van identiteit word verskillend beskryf deur die psigoanaliste; terwyl Freud se fokus val op biologiese drifte is Lacan meer ingestel op die rol van taal. Ten opsigte van letterkundige tekste verduidelik Qazi (2011: 3): “Freud ... focuses on the author and or the characters in the literary work, Lacan following the structuralist and post-structuralist approaches focuses on the language of

the text.” Ten opsigte van die droomleer sluit Lacan egter by Freud aan met sy mening dat drome die “boodskapdraers” van die onbewuste materiaal is. Van der Merwe en Viljoen (1998: 175) verduidelik: “Dit [drome] is soos taal gestruktureer as ’n soort beeldskrif wat die literêre verskynsels metafoor en metonimie onderlê.” Alhoewel die aanhaling praat van drome in die algemeen weens hul simboliese aard, word die prosesse van metafoor en metonimie veral in Lacan se teorie beklemtoon.

Ten opsigte van die Oedipus-kompleks het Lacan ’n ander interpretasie as Freud. Terwyl Freud die identifikasie met die vader beklemtoon, is Lacan se fokus op die verhouding tussen moeder en kind, spesifiek die dogter (Clemens en Grigg, 2006: 42). Die Oedipus-driehoek waarin liefde en konflik uitspeel, is meer eenvoudig in struktuur terwyl Lacan s’n meer kompleks is. Lacan se interpretasie is die volgende: “A social symbolic structural positioning of the child in a complex constellation of alliance (family, elementary social cell) in which the combination of desire, a Law prohibiting desire, is regulated through a linguistic structure of exchange into a repetitive process of replacement – of substitution – of symbolic objects (substitutes) of desire” (Felman, 1987: 104). Die ingrypende rol van familieverhoudings en sosiale interaksies op die psigiese en identiteitsontwikkeling van die kind word hier beklemtoon. Terwyl Freud die invloed van die biologiese pa op die subjekvormingsproses beklemtoon, belig Lacan die invloed van die simboliese pa (Naam-Van-die-Vader⁴ /paternalistiese wet) wat sosiale en taalverhoudings onderlê.

Freud se teorie staan ook bekend as ’n “talking cure”, want gedurende die terapie wat Freud “free-association” gedoop het, moet pasiënte vrylik praat oor enigiets wat in hul gedagtes opkom sonder die inagneming van skande of relevansie (Holland, 1990: 63). Daarvolgens word die onbewuste informasie asook die verdedigingsmeganismes waarvolgens die onbewuste materiaal gevorm het, blootgestel vir interpretasie. Om hierdie rede is taal en narratief die grondbeginsels van psigoanalise. Lye (2008: 1) verduidelik dat “psigoanalise die verwoording is van ons mees private angste teenoor die samelewing en gee ’n perspektief daarop as kulturele formasies, omdat dit help om die samelewing se waardesisteem te formuleer.”

Lye (2008: 1) voeg by dat die werking van psigoanalitiese konsepte in tekste metafories en metonimies van aard is. Waar Freud spesifiek in sy uitleg van drome hiervan gebruik maak, beskou Lacan die metafoor en metonimia as fundamenteel tot die werkinge van die psige ten

⁴“The Name of the Father ... indicates how the oppressive rule of a patriarchal structure is linked to a symbolic center ... [and accordingly] ‘justifies’ the symbolic power of a repressive structure” (Goldasich en Liu, 2013: 26).

opsigte van taal (Lye, 2008:1). Die ontdekking van, asook die rol van taal, beklee by Lacan 'n kernrol in die verskillende ontwikkelingsstadia van die subjek. Nog 'n belangrike byvoeging is die feit dat Freud en Lacan in die psigoanalitiese veld die grootste invloed op die postkoloniale teorie gehad het (Hook, 2008: 8). Omdat Freud se werk grotendeels biologies deterministies is, het Lacan 'n groter invloed op die postkoloniale teorie gehad weens sy politieke en linguïstiese interpretasie van die subjek se verhouding tot ander.

Met dit in ag genome, word gevolglik kortliks gekyk na hoe psigoanalise verbind word met die postkoloniale teorie en hoekom 'n postkoloniale lees alleen nie die volle nuanses van die psigiese dimensie en moeder-dogter-verhouding kan vasvat nie.

2.2.2) Enkele postkoloniale teoretici se opmerkings oor die gekoloniseerde psige

Soos in die inleiding tot hierdie hoofstuk genoem, het die postkoloniale leesbenadering tekortkominge wanneer dit kom by 'n indiepte verkenning van die swart vrou as subalterne se psige en identiteit. Nandy (in Rukundwa en Van Aarde, 2007: 1186) verduidelik dat kolonialisme is "a matter of consciousness". Dus sê sy: "It needs to be defined in people's minds" juis omdat verdrukking die kolonisering van die psige behels (Rukundwa en Van Aarde, 2007: 1186).

Bhabha (1994: 37) se standpunt is dat die postkoloniale teorie die gemarginaliseerde se identiteit bestudeer ten opsigte van die binariteit tussen koloniseerder en gekoloniseerde. Die identiteit van die koloniseerder en gekoloniseerde bestaan nie afsonderlik nie, maar is altyd in relasie met mekaar. Die bestudering van identiteit op grond van hierdie binariteit, lei daartoe dat die postkoloniale teorie nie volwaardig erkenning gee aan die verskille rondom die omstandighede waarin die twee groepe se psiges en identiteit afsonderlik gevorm het nie, wat daartoe lei dat gekoloniseerdes 'n monolitiese identiteit aanneem (Bhabha, 1994: 37). Só 'n monolitiese siening van hul identiteit is problematies omdat sielkundige geweld uitgeoefen word op die gemarginaliseerde binne 'n koloniale opset wat verskillende vorms kan aanneem, soos die brute geweld van slawerny tot meer subtile vorms van rassisme. Die gekoloniseerdes het op verskeie maniere gely en daarom is hulle nie monolities nie.

Die konstruksie en totstandkoming van die swart gemarginaliseerde vrou se psige en identiteit is dus kompleks en moeilik om te verstaan, veral binne die raamwerk van postkoloniale kritiek juis omdat die geveg teen die koloniale opset en ander vorme van verdrukking nie net bloot fisies of materieel is nie. Dit moet in 'n gelyke mate ook die psigiese betrek omdat die gebruik van sielkundige konsepte, spesifiek psigoanalise, tweedoelig is in die anti-koloniale stryd. Dit

ondersoek die innerlike, psigiese uitwerking van kolonialisme op die gekoloniseerde, maar verskaf ook riglyne vir weerstand en verset, “turning the inculcation of inferiority into self empowerment” (Young in Rukundwa en Van Aarde, 2007: 1186).

Ook Frantz Fanon belig die invloed van kolonialisme op die onderdrukte se psige in *Black Skin, White Masks* (1986). Hy verduidelik presies hoe die geweld van kolonialisme die psiges van die onderdrukte gekoloniseer het, en met psigiese letsels gelaat het. Hy verduidelik: “Only a psychoanalytical interpretation of the black problem can lay bare the anomalies of affect that are responsible for the structure of the complex” (Fanon, 1986: 51). Met “black problem” verwys hy na die psige van die gekoloniseerde subjek. In sy teorie beklemtoon hy die noodsaaklikheid van ’n psigoanalitiese ondersoek in samehang met sosio-politieke en ekonomiese faktore om die kwessie van rassisme en koloniale geweld volledig te begryp en te interpreteer.

Fanon (1986: 51) beklemtoon die belangrikheid van saamstaan van gekoloniseerdes ten opsigte van aksie en protes om die koloniale orde finaal te vernietig wanneer hy sê: “Violence is a cleansing force.” Hy verduidelik voorts “It [violence] rids the colonized of their inferiority complex, of their passive and despairing attitude.” Geweld wat nie fisies is nie, vind uiting in die skryfaksie, deur agentskap te neem en deur die opklink van stemme. Op hierdie wyse kan dekolonisering van die psige plaasvind. Dit behoort die missie van gemarginaliseerdes te wees soos Fanon verduidelik: “Each generation must out of relative obscurity discover its mission, fulfil it or betray it.” Die psigoanalise is volgens Fanon dan relevant as dit kom by die helingproses van die empiriese wonde van die verlede, asook die herontdekking en die terugeiening van ’n eie identiteit.

Met betrekking tot die psigiese konstruksies van beide koloniseerder en gekoloniseerde verduidelik Hook (2005: 478-479): “The colonial world seems not only pathological, but pathogenic by the severity of the relations of domination that it incurred, by its function as a surface of fantasy, ambivalence, hatred and desire.” Die patologiese en patogeniese toestand van die onderdrukker, gevul met haat, selfsug en wreedheid teenoor die gemarginaliseerdes het groot skade aangerig aan die psigologiese of patologiese toestand van die onderdrukte. Hook (2005: 479) argumenteer: “Something like a psychological, and indeed psychoanalytic register, is indispensable both in properly formulating these violence – grasping them conceptually, analytically [for the] analyses of the socio-political and economic factors ... racialized power, colonial violence and cultural subordination.”

'n Psigoanalitiese benadering word hier verlang om as't ware die verwickeldheid van die postkoloniale subjek se psigiese toestand te verstaan, want die menslike geestestoestand is verweef met en word bepaal deur die sosio-politieke en historiese magte van die situasie. Historiese en sosio-politieke omstandighede het 'n impak op en is nou verweef met die psige van die mens deurdat sielkundige geweld uitgeoefen is op die individue binne 'n koloniale opset en om dit te verstaan is die psigoanalitiese konsepte nodig.

Hook (2005: 492) is van mening dat die proses van psigiese dekolonisering met positiewe veranderinge in die gedagtes of psiges van die subalterne moet begin. Rukundwa en Van Aarde (2007: 1186) noem hierdie positiewe verandering "self-consciousness". Die term "self-consciousness" verwys na 'n kulturele revolusie wat weier om in 'n toestand van marginalisering voort te leef. Hierdie toestand van "consciousness" sluit aan by die psigoanalitiese konsep van begeerte en die verlange na die gevoel van eenheid en onverdeeldheid – dus die verlange om terug te keer na die pre-oedipale fase. Die belangrikheid van die rol van die gemarginaliseerde of subalterne as spreekbuis, nie net vir hul gemeenskappe nie, maar ook hulself, word beklemtoon. Dit is belangrik dat hulle hul eie stories vertel, want niemand anders gaan dit vir hulle doen nie.

Die gekose digbundels is meestal nostalgies van aard omdat die digters dig oor die goeie en kosbare, maar ook vertel van hartseer en traumatiese herinneringe ten opsigte van hul kinderjare en hul verhoudings met hul moeders. Deur middel van só 'n nostalgiese terugskrywing word hulle die geleentheid gegun om jarelange onderdrukte emosies te verwerk in 'n poging om psigies daarvan te kan herstel. In die analise van gedigte soos "Lae lewens" en "Apartheid" van Kamfer; "7 dinge wat dji nie van my sal wiet'ie" van Rhode en "Bokkie Polony" en "my ma in C-majeur" van Phillips, word die nostalgiese kwessie psigoanalities geïnterpreteer.

Die skryf-proses/-aksie is 'n vorm van verwerking, 'n verwerking van ontstellende en onplesierige materiaal in die onbewuste en selfs bewuste. Hambidge (1989: 91) verduidelik laasgenoemde aan die hand van Freud se Fort-da-beginsel waar Freud se kleinkind sy moeder se afwesigheid simbolies verwerk deur middel van die herwinning van sy speelding. Hambidge (1989: 91) meen "die skryf van 'n gedig kan eweneens op die Fort-da-beginsel verduidelik of beskryf word", want "deur die skryf van 'n gedig oor 'n ervaring wat verby of 'verlore' is, 'herwin' die digter dit deur die skryfproses en word daar simbolies beheer verkry". Die simboliese verhouding is 'n komplekse konsep omdat verskeie faktore 'n rol speel in die proses

van simboliese ontwikkeling of ontwaking. In die volgende twee hoofstukke word laasgenoemde komplekse kwessie meer in diepte bespreek.

2.3) Sigmund Freud (1856-1939)

Freud, die grondlegger van psigoanalise, se werk is van die mees invloedryke akademiese werk van die 20ste eeu. Hy het bekend geword as die vader van die psigoanalitiese denkrigting weens sy baanbrekende werk wat geskoei is op die psigologie en biologie van die mens. Waar psigoanalise oorspronklik slegs as 'n wetenskap gesien is, word dit hedendaags ook beskryf as 'n hermeneutiek, 'n metode waarvolgens tekste, veral taal geanaliseer kan word (Holland, 1990: 13). Psigoanalise is volgens Holland (1990: 33) veral geskik vir 'n bestudering van poëtiese taal, juis omdat die digkuns as 'n tipe terapie beskou kan word. Deur middel van psigoanalise word die gedagtes van individue/karakters binnegedring en word die verskuilde en vergete angste of begeertes wat die individu se gedrag onbewustelik beïnvloed, ontdek en ontbloot.

Freud het 'n taal ontwikkel vir sy nuutgestigte wetenskap met die doel om die mens en die samelewing te interpreteer. Sy navorsing van die onbewuste toon dat hierdie psigiese komponent hoofsaaklik die pakhuis is van instinktiewe begeertes, behoeftes, kinderjare, onopgeloste konflikte, pynlike ervarings en emosies, vrese en herinneringe. Hy meen dat “once anything enters mental life, it never perishes” (Freud in Qazi, 2011: 1). Literatuur het 'n kernrol gespeel in Freud se ontdekking van die psigoanalise en die wyse waarop Freud konsepte geteoretiseer het, was byna sprokiesagtig soos blyk uit sy belangstelling in die werking van die onbewuste en die liefdes-driehoek in die Oedipus-verhaal (Holland, 1990: 34). Die liefdes-driehoek, die werking van die onbewuste en die komplekse term begeerte, het die boustene geword waarop Freud se teorie rus. Ook het sy konsepte meestal ontstaan of naam gekry vanuit die gebeurtenisse wat hy of mense rondom hom (hetsy familieledes, pasiënte of helde uit verhale) ervaar het.

Dit is hierdie gebeurtenisse waarop sy werk gebaseer is en wat sy teorie so geloofwaardig en geslaagd maak. Sy werk skakel dus uiteindelik met die letterkunde en die realiteite wat mense daagliks in die gesig staar. Freud se werk verskaf 'n basis waarvolgens interaksies tussen kinders en hul ouers ontleed kan word. Nes die meeste ander psigoanaliste probeer hy verstaan wat dit is wat lei tot gelukkigheid en 'n gesonde psigiese toestand in individue, asook die teenoorgestelde: 'n melancholiese toestand en wanaangepastheid. Volgens Dasher (2008: 30) het verskeie psigoanaliste tot die gevolgtrekking gekom dat “preOedipal and Oedipal moments, characterized heavily by the mother’s interactions with her child, are crucial to the child’s

development as an individual subject”. Dit wil sê die aard van die moeder-kind-verhouding speel ’n belangrike rol in die ontwikkeling van die kind se identiteit en psige, asook die toestand daarvan.

2.3.1) Freudiaanse kernkonsepte

Freud was die eerste navorser wat ’n studie gedoen het oor dissipline en die internalisering van waardes (Grusec in Larney, 2005: 667). Hy het ontdek dat die oorsprong van moraliteit en waardes, hetsy positief of negatief, in die vroeë verhouding tussen ouer en kind lê en dat hierdie ouerlike waardes gewoonlik sonder enige modifikasie deur kinders geïnternaliseer word. Hierdie studie, onder andere, het die boustene geword van Freud se leerskool / kernkonsepte en bewys dat psigoanalise belangrike insigte kan bied met betrekking tot die ouer-kind-verhouding.

2.3.1.1) Psigoseksuele ontwikkelingsfases

Corey (in Van Heerden, 2013: 34-35) voer aan dat “die Freudiaanse perspektief op menslike gedrag deterministies is en dat, volgens Freud, ons gedrag bepaal word deur irrasionele kragte, onbewuste motivering, sowel as biologiese en instinktiewe drange wat ontwikkel deur middel van psigoseksuele fases gedurende die eerste ses jaar van ons lewens.” As probleme opduik in een van hierdie fases kan dit lei tot fiksasie wat problematies is vir die kind se identiteitsontwikkeling. Freud het geglo dat fiksasies in die psigoseksuele fases die gevoel van angstigheid tot gevolg het wat lei tot neurose en wangedrag in ’n latere volwasse stadium.

Vervolgens word ’n uiteensetting gegee van Freud se psigoseksuele ontwikkelingsfases soos blyk uit Van Heerden (2013: 35) en Van der Merwe en Viljoen (1998:173) se besprekings daarvan. Dit word aangebied volgens lewensfase en die gepaste psigoseksuele fase:

- Eerste jaar: Orale fase

Die borsvoeding wat die kind in hierdie fase kry, is nie net belangrik vir oorlewing nie, maar ook vir beide die fisiese en psigiese ontwikkeling van die kind. Weens die kind se afhanklikheid van die moeder vir die bevrediging van hierdie basiese behoeftes word die moeder die eerste liefdesobjek. Ontvang die kind nie hierdie basiese versorging nie, kan dit in ’n later stadium lei tot gevoelens van gulsigheid en inhaligheid wat erge psigiese implikasies vir die kind kan inhou.

- 1–3 jaar: Anale fase

Die anale sone speel 'n groot rol in die vorming van die menslike persoonlikheid. Hier sluit die hoofontwikkelingstake in die aanleer van onafhanklikheid, die aanvaarding van persoonlike krag en die aanleer van hoe om negatiewe gevoelens soos aggressie en angs te verwerk. Die dissipline wat die ouers hier toepas, dra grootliks by tot die latere persoonlikheidsontwikkeling van die kind deurdat dit die fondasie word waarop die ego gekonstrueer word.

- 3–6 jaar - Falliese fase

Hierdie fase kenmerk die onbewuste bloedskandelike drange wat die kind teenoor die ouer van die teenoorgestelde geslag ontwikkel en suksesvol moet represser of onderdruk. Begeerte, gebaseer op aangetrokkenheid en in samehang met die libido kan hier gelykgestel word aan die onbewuste (Hambidge, 1989: 4). Freud se werk as terapeut het hom tot die konklusie laat kom dat alhoewel babas fisiek as manlik of vroulik in die wêreld kom, hulle nie 'n ooreenstemmende gender-identiteit het nie. “Die suigeling se eerste erotiese ervaring is narsisties en die moeder se liggaam word as 'n verlenging van die self ervaar” (Fourie, 2003: 46). Die proses waardeur die kind tot 'n besef van 'n eie identiteit kom en “myself” van die “ander” onderskei, geskied volgens Fourie (2003: 46) deur “'n moeisame proses vanaf biseksualiteit tot volwasse geslagsrol-identifikasie”. Gedurende hierdie falliese fase geskied laasgenoemde proses.

Die Oedipus-kompleks is die kernkonsep van psigoanalise. Wright (1984: 15) beskryf hierdie kompleks as “the nucleus of desire, repression and sexual identity”. Die bloedskandelike drange word onderdruk omdat dit sosiaal onaanvaarbaar is en die oorblyfsel daarvan is 'n lewenslange ambivalensie ten opsigte van die gehoorsaamheid of verontagsaming van sosiale wette. Die seksuele aangetrokkenheid tot die ouer van die teenoorgestelde geslag, die gevoel van kompetisie met die ouer van dieselfde geslag, kastrasie-angs en penisnyd word beklemtoon. Die ouers se reaksie, verbaal of nie-verbaal, beïnvloed die kinders se ontwakende seksualiteit sowel as hulle houding teenoor seksualiteit.

Kastrasie-angs behels die vrees van die seun dat die pa sy private dele gaan verwyder weens sy bloedskandelike drange/begeerte na die moeder en haatgevoelens teenoor die pa. Terwyl penisnyd die jaloerse en haatgevoelens in dogtertjies teenoor die moeder beklemtoon omdat die moeder verantwoordelik gehou word vir die feit dat sy sonder 'n penis (wat as 'n tekortkoming beskou word) gebore is. Sy begeer om die moeder (eerste liefdesobjek) te vervang met die pa omdat hy die orgaan het wat sy begeer en met hom wil deel. Die gevoelens teenoor die pa is egter ambivalent; liefde en bewondering gemeng met afguns omdat hy dit besit wat sy nie het nie.

Die Oedipus- en Elektra-kompleks word suksesvol opgelos wanneer die dogtertjie en seuntjie met dieselfde geslag identifiseer. Gevolglik word die ontwikkeling van die superego suksesvol voltooi. As die kind nie daarin slaag om die oorgang na identifikasie met die vader, en in die geval van dogtertjies, met die moeder suksesvol uit te voer nie, bly hulle gestrand in onderskeidelik die Oedipus- (seuntjies) en Elektra- (dogtertjies) kompleks. Beide is 'n toestand van fiksasie met komplikasies vir die ontwikkeling van die superego. Die Oedipus- kompleks verskaf nie genoegsame of bevredigende informasie met betrekking tot die ontwikkelingsproses van dogtertjies ten opsigte van die moeder-dogter-verhouding nie. Irigaray (1977: 123) een van die latere feministe wat krities was op Freud en belangrike nuwe aksente verwoord het, werp lig op die “inadequacy of the complex ... to describe the vicissitudes of female development” wanneer sy die volgende sê: “One thing has been singularly misunderstood, hardly sketched out in the theory of the unconscious: the relationship of woman to mother and the relationship of woman to woman.”

- Die Persephone-kompleks

Holtzman en Kulish (in Borovecki-Jakovljević en Matačić, 2005: 357) meen dat die Persephone-kompleks 'n gunstiger kompleks is vir die beskrywing van die ontwikkeling van dogtertjies weens die sentrale fokus op die moeder-dogter-verhouding. Hierdie is 'n hoogs ambivalente verhouding weens die onopgeloste konflik en negatiewe gevoelens teenoor die moeder wat in meeste moeder-dogter-verhoudings tydens hierdie stadium ontstaan. In meeste gevalle lei hierdie ambivalente gevoelens ironies tot 'n hegte moeder-dogter-verbintenis in plaas van vervreemding wat iets kommunikeer oor die onskeibare en hegte band tussen moeder en dogter. Halberstadt-Freud (1998: 41) verduidelik dat “prolonged hatred and disappointment with the mother” psigiese probleme onderlê in dogters/vroue. Dis dan duidelik dat skeiding (fisies en psigies) van die moeder gedurende hierdie ontwikkelingsstadium meer ingrypende en negatiewe gevolge vir dogtertjies inhou as vir seuns. Om hierdie rede gaan, waar nodig, die Persephone-kompleks (Holtzman en Kulish, 2003; Holtzman en Kulish in Borovecki-Jakovljević en Matačić, 2005: 357) betrek word vir 'n meer volledige beskrywing van die komplekse moeder-dogter-verhouding.

Die band tussen ma en dogter is een van die mees komplekse menslike verhoudings. Die ma is die oerbron, oftewel oriëntasiepunt van bestaan en die eerste liefdesobjek. Die afwesigheid of onbereikbaarheid van die ma het ingrypende implikasies vir die vorming van die dogter se identiteit. Dus is daar al baie geskryf oor die implikasies van versteurde moeder-dogter-

verhoudings – wetenskaplik, maar ook literêr. Die klassieke Griekse drama *Elektra* van *Sophokles* (409 v.C) is 'n goeie voorbeeld daarvan waarin Elektra saam met haar broer skuldig is aan wraaklustige moedermoord (Van Niekerk, 2008: 1). Sedert die publikasie van *Interpretation of Dreams*, waarin Freud die Oedipus-kompleks teorie verduidelik, tot en met die hede, het die interpretasie van die Elektra-kompleks voortdurend veranderinge ondergaan in die werk van verskeie psigoanaliste (Borovecki-Jakovljević en Matačić, 2005: 351).

Terwyl die term Elektra-kompleks gereeld met Freud geassosieer word, was dit eintlik Carl Jung wat die ontwikkelingsfase van dogtertjies destyds (1913) herinterpreteer het en gedoop het as die Elektra-kompleks (Khan en Haider, 2015: 1). Vir Freud is dogtertjies se pad na seksuele volwassenheid ingewikkelder as seuntjies s'n. In haar teleurstelling en afguns dat sy (en die moeder) geen manlike geslagsorgaan het nie, wend sy haar na die vader as primêre liefdesobjek, en begeer om van hom 'n baba te hê as substituuat vir haar gemis. Freud het nie heeltemal daarin geslaag om dogtertjies se seksuele ontwikkeling so gedetailleerd te beskryf soos dié van seuntjies nie deurdat hy nie 'n bevredigende onderskeid getref het tussen die ontwikkelingsprosesse van die twee geslagte nie.

Dit is Jung wat later hierdie gaping oorbrug het deur attent te maak dat die verskil tussen seuns en dogtertjies se ontwikkeling gedurende die falliese stadium meer ingewikkeld is as slegs die gemis aan 'n manlike geslagsorgaan. "Little girls' position does not differ solely due to the phallic organization and the cathexis of the libido on the phallus, but also due to her previous attachment to her mother" (Borovecki-Jakovljević en Matačić, 2005: 353). Die moeder se rol in die ontwikkelingsproses word weereens beklemtoon. Jung het daarin geslaag om in sy interpretasie 'n meer sinvolle en verstaanbare uiteensetting van die dogtertjie se seksuele ontwikkeling te verskaf. Na afloop hiervan het talle ander psigoanaliste ook hul aandag hierop begin toespits.

Die term Persephone-kompleks het ontstaan in Holtzman en Kulish (in Borovecki-Jakovljević en Matačić, 2005: 357) se interpretasie wat gebaseer is op die verhaal van Persephone wat haar komplekse verhouding met haar moeder belig. Persephone is vasgevang tussen haar gehegtheid aan haar ma en haar aangetrokkenheid tot Hades (die onderwêreld) wat ook haar mededinger is. Holtzman en Kulish (in Borovecki-Jakovljević en Matačić, 2005: 357) is van mening dat 'n dogtertjie gedurende haar lewensydperk verbind is aan haar eerste liefdesobjek, haar moeder, alhoewel hierdie verbintenis in die meeste gevalle ambivalent blyk te wees. Dit blyk uit die vele gevalle van haat en toorn teenoor – maar ook terselfdertyd afhanklikheid – van die moeder.

Die skeiding van die moeder is telkens meer gedeeltelik as totaal van aard en die ambivalensie van beide liefde en haat word vir vele jare verleng.

Die Persephone-kompleks kan op twee maniere opgelos word. Óf die dogtertjie verwyf haar moeder en in haar toorn skryf sy haar basies af, draai van haar af weg; óf sy bly haar lewe lank in hegte, simbiotiese relasie met haar moeder. Volgens Halberstadt-Freud (in Borovecki-Jakovljević en Matačić, 2005: 357) betrek geeneen van hierdie twee keuses “turning the object of love from mother to father” nie, soos Sigmund Freud van mening was. Ook glo Halberstadt-Freud (in Borovecki-Jakovljević en Matačić, 2005: 357) penisnyd is nie die resultaat van die gevoel van kastrasie nie, dit is na haar mening eerder die resultaat van die begeerte na mag, individuasie en onafhanklikheid. Die begeerte om ’n kind te hê is ’n outentieke vroulike begeerte en nie slegs ’n vervanging vir die penis nie.

- 6–12 jaar - Latente fase

Gedurende hierdie fase ondergaan die kind ’n rusperiode van al die kwellinge oor seksuele impulse wat die voorafgaande jare ondervind is. Die aandag is nou gevestig op die eksperimentering met allerhande aktiwiteite en die smee van bande met individue buite die gesinsverband. Verskillende vaardighede word in hierdie fase opgebou. Die aktiwiteite waarmee die kind haar besig hou en die invloede van diegene met wie sy sosialiseer, beïnvloed haar subjekontwikkeling en speel ’n rol in die keuses wat sy maak.

- 12–18 jaar - Geslagtelike fase

Die kind begin konfronteer al die ou seksuele drange van die falliese fase soos dit stadig besig is om terug te keer. Puberteit wakker hierdie drange aan wat voortduur totdat seniliteit plaasvind. Weens die gemeenskapsbeperkings en taboes raak tieners ontslae van hierdie seksuele drange deur middel van sublimasie of verplasing van die drange na meer sosiaal-aanvaarbare aktiwiteite soos kuns- en kultuur- of sportaktiwiteite. Of die drange word onderdruk en in sommige gevalle gemaskeer deur die fokus te skuif na voorbereiding vir die toekoms ten opsigte van tersiêre opleiding en moontlike toekomstige loopbane waarin drange op aanvaarbare wyse bevredig kan word.

2.3.1.2) Id, ego en superego

Freud (in Qazi, 2011: 1) het oorspronklik die menslike psige verdeel in drie komponente: die bewuste, onbewuste en voorbewuste. Later het hy die verskillende subsysteme herbenoem as die id, ego en superego, ook bekend as psigiese energie. Hierdie is die drie essensiële komponente van die menslike persoonlikheid. Freud (in Qazi, 2011: 1) verduidelik dat “the

ego represents the organized part of the psyche in contrast to the unorganized elements of the unconscious (the id) and argues: the ego is that part of the id that has been modified by direct influence of the external world ... The ego represents what may be called reason and common sense, in contrast to the id, which contains the passions.” Die id verteenwoordig dus die onbewuste in die psigiese realm terwyl die ego die bewuste verteenwoordig wat die onbewuste (id) se impulse reguleer, beheer en selfs teenstaan.

Die superego is buite die self en is die behouer van die morele waardesisteem waarbinne die individu opgevoed word deurdat dit funksioneer volgens die morele besluite wat aangeleer is by ouers en institusies (godsdienstig en skoolopset) (Freud, 1986: 436). Freud het geglo die superego word grotendeels binne die eerste vyf jaar van die mens se lewe geformeer, afhange van die morele standarde van die kind se ouers (Freud, 1959: 25-26). Die impak van familieverhoudings op ’n individu se persoonlikheid en karaktervorming speel daarom ’n belangrike rol. Die superego word voorts tot in adolessensie deurlopend beïnvloed deur ander rolmodelle buite die familiesfeer.

Die ego en superego beheer die impulse en onaanvaarbare begeertes gerepresseer in die onbewuste (id). Dit is die taak van die ego om die teenstrydige begeertes van die id en superego met mekaar te probeer versoen (Freud en Freud, 1986: 436). Een van Freud (in Hambidge, 1989: 94) se bekende aanhalings “where id was, ego will be” is hier van toepassing. Die ego word deur die mens ervaar as die “ek” wat die eksterne fisiese en sosiale wêreld evalueer en ooreenkomstig optree. Die ego is verwant aan die bewussyn, maar is ook in konstante spanning met die eise van die onbewuste en die imperatiewe van die superego. Wanneer ’n onbewuste of onaanvaarbare begeerte na vore kom, sal die bewuste of rasionale orde dit telkens verdring. Die funksie van die ego is dus defensief in sover dit die bemiddelaar is tussen die onbewuste (die id) en die eise van die eksterne werklikheid (die superego).

Volgens Van der Merwe en Viljoen (1998: 173) kan die onderdrukte begeertes slegs verby die sensuur van die superego kom in die vorm van drome, fantasieë en, vir Freud, ook die literatuur. Die funksies en betekenis van die letterkunde lê vir Freud in die uitdrukking van onderdrukte verlangens in sosiaal-aanvaarbare vorme, met ander woorde as verdedigingsmeganismes.

2.3.1.3) Verdedigingsmeganismes

Holland (1990: 67) beskryf verdedigingsmeganismes as “ways of dealing with outer as well as inner reality.” Volgens Bao en Wei (2016) is laasgenoemde die metode waarvolgens sosiaal-onaanvaarbare drange deur die ego beheer word. Tyson (1999: 17) definieer

verdedigingsmeganismes “as the processes by which the contents of our unconscious are kept in the unconscious”. Bao en Wei (2016: 2) verduidelik verder: “In this sense, defense mechanisms are tools that help people solve problems spiritually.” Hierdie onderdrukte drange word slegs in drome en kreatiewe aktiwiteite, onder andere literatuur, geopenbaar of bekendgemaak (Freud in Pun, 2018: 48). ’n Literêre teks kan dus gesien word as ’n simptomatiese uitdrukking van die skrywer: “analogous to the relationship between the dreamer and his or her dream, as if the work is a symptomatic reproduction of the author’s infantile and forbidden wishes” (Peck in Pun, 2018: 48).

Om te dig is ’n manier waarop die digters hul wroeginge en herinneringe op ’n sosiaal-aanvaarbare manier kan verwoord en stemgewing kan bewerkstellig. Letterkunde is dan “the expression of the author’s unconscious mind” (Selden in Pun, 2018: 49) en funksioneer volgens Wright (1984: 11) as ’n verdedigingsmeganisme van die psigiese drifte deur middel van onder andere repressie, sublimasie, verplasing, regressie, projeksie, introjeksie en kompensasie. Wanneer die bewuste verdedigingsmeganismes op hul swakste is, manifesteer die onbewuste in simboliese vorm deur middel van drome wat geïnterpreteer en ontmasker moet word.

2.3.1.4) Droomanalise

Freud het geglo dat deur middel van die analise of interpretasie van ons drome en herinneringe, ons die werking van die onbewuste leer verstaan. In *The Interpretation of Dreams* verduidelik Freud (1985: 8) dat dit vir die mens belangrik is om te droom en dat elke droom oor ’n interpretasiewaarde beskik, “to interpret a dream, is to specify its meaning ... [It is] a somatic process which make itself known to the psychic apparatus by means of symbols”. Hy verduidelik voorts “dreams have a meaning, albeit a hidden one tended as a substitute for some other thought-processes ... we have only to disclose this substitute correctly in order to discover the hidden meaning” (Freud, 1985: 8). Drome is volgens Wright (1984: 30) niks anders as ’n individu se “buried childhood” nie.

Freud (1985: 9) verduidelik dat “most of the ... dreams contrived by the poets are intended for ... symbolic interpretation.” Hy beklemtoon dat drome nie altyd letterlik geïnterpreteer moet word nie. Drome het ’n letterlike én simboliese betekenis, en ’n mens moet soms verby die letterlike kyk om die simboliek raak te sien en te sien wat dit is wat in die onbewuste onderdruk word. Die simboliek word om hierdie rede as ’n belangrike gegewe beskou in die interpretasie van drome. In sy boek *An Introduction To Psychoanalysis* is Freud (1918: 145) van mening dat die simboliek heel moontlik die merkwaardigste aspek van die droomleer is. Indien ’n mens

op hoogte is van die mees algemene droomsimbole, stel dit 'n mens in staat om die persoonlikheid van die dromer, haar lewensomstandighede en psigiese toestand uit te lê of te analiseer (Freud, 1918: 145).

Drome help die individu om die probleme te hanteer waarmee die gedagtes onbewustelik worstel en nie bewustelik kan hanteer nie en is 'n resultaat van 'n individu se bewuste of onbewuste begeertes of wense. Drome kan dus 'n manier wees waarop 'n individu toegelaat word om haar onderdrukte verlange te bevredig. In die gekose digbundels word die droom-aspek telkemaal belig, veral by Kamfer en Rhode, hetsy dit bewustelik of onbewustelik; retro- of prospektief van aard is. Op 'n bewustelike vlak figureer die droom in die vorm van dagdrome en in die meeste gevalle is die betekenis van dagdrome, “undisguised and easy recognised” omdat dit bewustelik geskied (Freud, 1985: 34).

Op 'n bewustelike vlak is dit 'n manier om te ontsnap uit huidige onplesierige omstandighede na 'n vroeër gelukkiger tydperk of deur 'n droomwêreld te skep waarin die huidige omstandighede vroliker is. Die karakters hou gewoonlik vas aan hierdie droom as 'n manier om staande te bly te midde van hul omstandighede. Op 'n onbewustelike vlak funksioneer drome as die drifte wat die individu se gedrag beïnvloed. In die bundels word die individue se gedrag beide positief sowel as negatief beïnvloed. Laasgenoemde word in beide moeders en dogters geïllustreer. Die droomanalise, hetsy bewustelik of onbewustelik, is in hierdie geval 'n manier waarvolgens die moeder en dogter se bekommernisse, begeertes en ambivalente gevoelens (veral teenoor die moeder) geopenbaar word wat die moeder-dogter-verhouding affekteer.

2.3.1.5) Verlies en trauma

Die temas van verlies en trauma is aanvanklik in die teks *Mourning and Melancholia* (1917) uitgewerk waarin Freud die onderskeid tref tussen suksesvolle (rou) en onsuksesvolle (melankolie) verwerking van verlies. Rou behels die begin van die suksesvolle losmaking van die verlore liefdesobjek en melankolie is 'n patologiese toestand waarin die verlies nie ten volle verstaan word nie en dus nie suksesvol verwerk kan word nie (Freud, 1917). Die verwerking van verlies kan ook belemmer word weens ambivalente gevoelens teenoor die liefdesobjek. Gevolglik sukkel die subjek om die liefdesobjek te laat gaan wat veroorsaak dat die rouproses verhinder word en stop. Die ego se onvermoë om afstand te doen van die liefdesobjek veroorsaak dat dit verstrengel raak daarmee wat uiteindelik tot ego-verlies lei. Kortweg gestel, “in mourning, the world has become poor and empty, in melancholia it is the ego that has become so” (Freud en Whitside in Barnard-Naudé, 2010).

Freud assosieer rou met die proses van introjeksie wat die geleidelike self-transformasie in reaksie op die interne en eksterne veranderinge in die psige behels. Introjeksie is 'n verdedigingsmeganisme wat beskryf word as “die psigologiese handeling waarvolgens een persoon geïnternaliseer en deel gemaak word van 'n ander persoon se ego/psige” (Chalquist, 2001:9). Introjeksie kan gesien word as 'n vorm van preserving van die verlore objek in die self. Waar Freud in sy vroeëre werk van mening was dat verdriet langzaam tot 'n beslissende einde kom, is daar in sy latere werk suggestie dat die treurproses 'n langdurige proses is en in sommige gevalle selfs eindeloos kan wees.

Die identifikasie met die verlore liefdesobjek word 'n integrale deel van die rouproses deurdat die persoon wat rou, die verlore liefdesobjek intern behou. Volgens Eng (in Viljoen, 2014: 37) is Freud se werk oor rou en melankolie belangrik vir 'n analise van die psigiese konstruksie en aard van gemarginaliseerde psiges wat verlies en verdrukking ervaar het. Hy is van mening dis veral vroue van kleur en postkoloniale subjekte wat verlore liefdesobjekte moet laat gaan, maar ook daarmee moet identifiseer, in die proses van psigiese herkonstruksie.

Die kwessie van verlies is 'n deurlopende tema in die bundel van Kamfer wat spruit uit die afsterwe van haar moeder. Kamfer ervaar ook verlies in ander areas van haar lewe gedurende haar grootwordjare weens die uitdagende omstandighede waarin sy grootgeword het. Rhode ervaar verlies weens die dood van haar broer en die feit dat haar biologiese moeder uit die huis getrek het gedurende 'n moeilike tydperk in haar lewe en gevolglik deur die ouma vervang word. Phillips se verlies spruit uit bendegegeweld wat haar broer se lewe kortgeknip het en dit het gelei tot die psigiese afwesigheid van beide haar ouers.

Freud se fokus op die kernaspekte, soos vroeëre kinderjare en familieverhoudings wat 'n individu se psige en identiteitsontwikkeling onderlê, maak dus sy teorie gepas vir 'n analise van die moeder-dogter-verhouding. Hy het nie net baanbrekerswerk gedoen deur te wys op die fragmentasie van die subjek nie, maar ook deur in te gaan op die invloed van eksterne faktore op die vorming van die subjektiwiteit met sy waarnemings dat die subjektiwiteit beïnvloed word deur verhoudings binne en buite die gesin (Mansfield in Vorster, 2013: 45). Freudiaanse psigoanalise is 'n ideale teoretiese raamwerk vir 'n analise van die komplekse moeder-dogter-verhoudings in die digbundels van Kamfer en Rhode.

2.4) Kritiek op Freud

Freud se werk is al tegelykertyd geëer en skerp gekritiseer, maar niemand het die wetenskap van Sielkunde so intens beïnvloed soos hy nie. Braidotti (in Retief, 2005: 52) meen dat Freud

se praktyke revolusionêr was vir sy tyd. Soos reeds vroeër genoem, is dit in die Oedipale kompleks waar Freud foute gemaak het ten opsigte van sy beskrywing van dogtertjies se ontwikkeling.

Freud het dit uitdagend gevind om die dogtertjie se ontwikkelingsproses te artikeleer. Sy beklemtoning van die ontwikkeling van seuntjies oor die algemeen het min ruimte verskaf om meer oor die ervaring van dogtertjies te leer en uit te brei. Dit is juis dit wat Holtzman en Kulish (2003) se ontdekkings meer geloofwaardig maak weens hul fokus op die moeder- dogter-verhouding. Ten spyte van Jung en ander psigoanaliste se deurbrake in hierdie spesifieke area, het Freud volstrek geweier om sy teorie aan te pas. Hierop reageer Molloy (2014: 1): “His language often reveals hesitation about the conclusions he draws, and he seems dissatisfied by the ease with which female sexuality can develop along other paths than the one he identifies as ‘normal’.”

Al het hy negatiewe kritiek oor sy werk ontvang, wou Freud in sy werk geen plek maak vir hierdie tipe veranderinge nie om redes waarvan net hy geweet het. “His pejorative language indicates his disapproval of these alternative developments” (Molloy, 2014: 1). Molloy (2014: 1) meen “Freud’s defensive stance toward female psychosexual development has two clear sources: one, his sensitivity to feminist critiques; and two, his awareness that female sexuality remained slippery despite his sustained effort to incorporate it into his major theories.” Die ambivalente verhouding tussen moeder en dogter “frustrated Freud’s attempts to explain female sexual development, and one could argue that his inability to convincingly theorize female sexuality crucially impacted his theoretical trajectory and his late work on the drives” (Molloy, 2014: 6).

Aansluitend by laasgenoemde kritiek is De Beauvoir (in Hambidge, 1989: 60) van mening dat die “manlike norm” in Freud se teorie oorheers. Ook beskuldig De Beauvoir psigoanalise van “n soort mysterious unconscious”. Freud het in sy latere werk egter eersgenoemde patriargale siening gerepudieer en ten opsigte van die misterieuse onbewuste meen Hambidge (1989: 61) het Freud telkens die wetmatigheide van die onbewuste in sy studies probeer aantoon. Hambidge (1989: 60) argumenteer dat De Beauvoir Freud “eensydig én gewoon foutief lees”. Freud was volgens Morris (1993: 97) ’n geakkultureerde anti-godsdienstige Jood wat persoonlik geaffekteer is deur die teorieë van sy era wat op rassediskriminasie geskoei was. Om hierdie rede is Morris (1993: 97) van mening dat Freud daarna gestrewe het om sover moontlik die kwessies van seksisme en godsdien in sy werk te vermy.

Hambidge (1989: 59) verwys na Juliet Mitchell wat van mening was dat “die psigoanalise nie ’n voorskrif vir ’n patriargale samelewing is nie, maar ’n beskrywing daarvan en as feministe die onderdrukking van vroue wil verstaan en verander, moes daar van ... Freud en sy teorieë kennis geneem word”. Verskeie feministe lees egter Freud se sieninge oor die vrou asof sy minderwaardig is. Alhoewel Freud dalk nie die volle kompleksiteit van die moeder-dogter-verhouding begryp het nie, verskaf sy werk tog relevante en belangrike riglyne om te help met die ondersoek van laasgenoemde verhouding. Gepaard met die idees van Holtzman en Kulish oor die Persephone-kompleks en Lacan se teorie, kan die ontwikkeling van die dogter en die komplekse aard van die moeder-dogter-verhouding insiggewend geïnterpreteer word.

2.5) Lacan (1901-1981)

Soos by Freud is die werking van begeerte en die onbewuste, kernkonsepte in die Lacaniaanse teorie. Lacan se werk is egter ’n radikale “ver-taling” van die Freudiaanse konsepte deurdat hy Freud lees deur die bril van Saussuriaanse strukturele linguïstiek wat die taalmodel/-sisteem beklemtoon. Sy werk is ’n vertaling en uitbreiding van Freud se tekste (Hambidge, 1989: 3-4). Wat Lacan in sy vertaling van die Freudiaanse teorie beklemtoon, is “the discovery that the unconscious is structured like a language. The unconscious is structured. It is not a reservoir of amorphous drives and energies but a system of articulations through which repressed ideas return in displaced form” (Johnson in Rivkin en Ryan, 2004: 342). Morris (1993: 100) sluit aan by laasgenoemde aanhaling wanneer hy sê: “Lacan’s key innovation is to refocus Freud’s ideas through the intense concern with language.”

Waar Freud op die krag van biologiese en psigologiese drifte ingestel is, fokus Lacan op die fundamentele rol van taal in die psigiese ontwikkeling van die mens. Lacan se denke berus op twee sentrale aannames: die onbewuste en die linguïstiese en word weerspieël in twee van sy bekendste aanhalings “the unconscious is structured like a language” en “the unconscious is the discourse of the Other” (Hambidge, 1989: 8). Lacan beklemtoon veral dat die onbewuste buite die mens lê en tot stand kom deur middel van menslike verhoudings of taalverhoudings. Lacan se leesbenadering is dan nie soseer gefokus op die onbewuste van die digter of die karakter nie, maar “on the workings of the text as psyche” (Wright, 1984: 114).

Dit wil sê die teks word beskou as ’n psige of onbewuste, en dus moet die teks benader of gelees word as ’n psige juis omdat dit die digter of karakters se psigiese materiaal reflekteer. Eagleton (1983: 173) verduidelik dit soos volg: “the unconscious is not some kind of seething, tumultous, private region ‘inside’ us, but an effect of our relations with another. The

unconscious, so to speak, is ‘outside’ rather than ‘within’ us.” Dit is waar die “discourse of the Other” inkom, in kennismaking met die Naam-van-die-Vader (paternalistiese wet) wat ons opvoeding en sosialisering met ander onderlê en beïnvloed.

Freud se eerste drie psigoseksuele fases wat hy by babas geïdentifiseer het, is die orale, die anale en die falliese. In Lacan se herskrywing het hy hierdie drie fases vervang met die verbeelde/spieël, die simboliese en die reële fases. Elke fase het ’n onderskeidende drang: “need, demand, and desire” soos geïdentifiseer deur Lacan wat gemeenskaplik is aan die drie psigoseksuele fases by albei die psigoanaliste. Hulle definieer dit op verskillende wyses. Met betrekking tot Lacan se psigoseksuele fases verduidelik Žižek (in Akser, 2012: 70) “The Real is the realm of impossible enjoyment, the Symbolic refers to the symbolic order of language and communication, and the Imaginary is the domain of images with which we identify.” Die konstituerende rolle van Lacan se psigoseksuele ontwikkelingsfases is belangrik vir ’n interpretasie van die komplekse moeder-dogter-verhouding wat onderliggend lê aan die subjekontwikkeling van dogtertjies.

In die bespreking wat volg, word meer uitgebrei op hierdie onderskeie konstituerende rolle van Lacan se psigoseksuele ontwikkelingsfases.

2.5.1) Die imaginêre fase

Hierdie fase word beskryf as “the dual order of the imaginary” (Felman, 1981: 111) en is ook bekend as “the realm of the ego” (Homer, 2005: 31). Dit is die pre-oedipale en pre-linguistiese sfeer van sin, identifikasie en ’n verbeelde ervaring van eenheid in die dualistiese verhouding met die moeder. Gedurende hierdie fase kan die baba haarself nog nie van die moeder (die eerste liefdesobjek) se liggaam of as ’n samehangende entiteit of “self” onderskei nie. Die liggaam word as gefragmenteer ervaar as gevolg van die kind se pre-oedipale en pre-linguistiese toestand (Lacan, 1977: 137).

Die kind het basiese behoeftes waarin die moeder moet voorsien sodat die kind kan oorleef. Die verbeelde of imaginêre prosesse wat die moeder-kind-verhouding onderlê, vorm die ego en die alter-ego en word in sommige gevalle herhaal en versterk in ’n latere stadium in die subjek se verhouding met die eksterne wêreld. Die onderskeid tussen “ons” en “hulle” word ook reeds hier gegrond en gevolglik word die ideologiese groeperinge in die psige geregistreer. Gevolglik oorvleuel dit metafories met die spieël- en simboliese fases en vandaar vind dit neerslag in simboliese-institusionele uitsluiting van sommige mense uit die sosiale en politieke ruimte, soos wat tydens die apartheidbestel gebeur het. Om hierdie rede kan die imaginêre nie

werklik as 'n ontwikkelingsfase gesien word waardeur die kind moet gaan, of moet voltooi nie, want hierdie sfeer “remains at the core of all of our experiences” (Homer, 2005: 31).

Wright (1984:109) dui aan dat 'n kenmerkende eienskap van hierdie fase 'n “belemmerde” verhouding tussen moeder en kind is. Sy noem dit die “Desire of the Mother” wat die kind en moeder se behoefte aan mekaar beklemtoon. Hierdie begeertes word nie tydens hierdie fase onderdruk nie en geen verlies word ervaar nie, slegs gefantaseerde volkommenheid. Ook is daar geen onbewuste nie (Van Heerden, 2013: 47). Soos die baba grootword, kom sy egter stadigaan tot die besef dat sy nie meer die kernobjek van die moeder se begeerte is nie, “as [the mother’s] desire is directed elsewhere” (Homer, 2005: 55).

Die falliese konsep word alreeds hier belig, maar spesifiek die imaginêre fallus – die kernbegeerte van die moeder. Die kind begeer om weereens die fallus vir die moeder te wees, die kernobjek van haar begeerte. Die moeder is gekoppel aan begeerte. Die lewenslange begeerte om terug te keer na die pre-oedipale fase toe hulle 'n hegte eenheid was, ontstaan in hierdie fase.

2.5.2) Die spieëlfase

Gedurende hierdie fase word die liggaam steeds as gefragmenteer en ongekoördineer (“le corps morcele”: die liggaam in stukkies) ervaar as gevolg van die kind se biologiese onderontwikkelde of neonatale toestand (Lacan, 1977: 137). Die kind se begeerte om die imaginêre objek (fallus) vir die moeder te wees, is hier sterker as die begeerte om self die fallus te hê. Die baba erken haarself nog nie as 'n samehangende entiteit of “self” nie totdat sy haar spieëlbeeld aanskou wat sy volledig en as 'n eenheid sien. In sommige gevalle word daar heeltemal met die refleksie van die moeder geïdentifiseer weens die gevoel van fragmentasie en onvolledigheid, 'n self afgesny van die “ander”. Dus vorm die baba 'n kompenenserende identifikasie met haar falliese spieëlbeeld (die moeder) as 'n manier om die skeiding of verlies wat ervaar word te oorbrug.

Die baba word aangemoedig deur die samehorigheid en indrukwekkende eenheid van haar of die moeder se beeld in die spieël. Dit is 'n misherkenning of wanidentifikasie van die baba met haar falliese spieëlbeeld (moeder), asook die beelde wat deur “ander” en die sosio-kulturele omgewing in die algemeen weerspieël word (Carveth, 2007: 20). Die kind “derives a sense of the self from persons other than itself” (Kwatsha, 2007: 83). Hierdie misherkenning, mispersepsie of illusie vorm die basis van die kind se ego as “ek”. Die mense dink byvoorbeeld hulle ken hul posisie in die wêreld, dat institusies ons beste belange op die hart dra, dat die

konvensionele genderrolle hulle identiteit bepaal. Dit is egter 'n leuen, 'n illusie en verbeelde verhoudings waarin hulle verkeer.

Dasher (2008: 31) sê die volgende oor die dogter se misherkenning van die spieëlbeeld waaraan die moeder haar voorstel: "A daughter looking in the mirror to find there only her mother's image staring back at her or (perhaps worse?) herself becoming her mother's look-a-like". Die implikasies verbonde aan die oordrag van toksiese tradisies ten opsigte van genderrolle, word hier opgehef. Die kind is onbewus van die realiteit, die afstand of gaping tussen haarself en haar ma asook tussen haarself en die wêreld. Die wyse waarop die kind met haar spieëlbeeld identifiseer, het ingrypende gevolge omdat dit die fondasie word waarvolgens die kind se ego en identiteit gekonstrueer word. Hierdie fase oorvleuel met die verbeelde fase deurdat albei fases die vorming van die ego beklemtoon wat deur middel van die proses van objektifikasie (met die spieël) geskied. Identifisering met die ego, meen Lacan (in Qazi, 2011: 5), is wat onderliggend is aan die onvermydelike wangedrag en konflik in familieverhoudings wat in die ambivalensie tussen dogters en hul liefdesvoorwerpe (moeders) vertoon word.

Weens die blootstelling aan die spieëlbeeld gedurende hierdie stadium word die kind se bewuswording van gebrek of afwesigheid verder versterk en die eenheid totaal verbreek. Gevolglik begin die soektog na dit (fallus) wat die skeiding tussen die self en die "ander" (moeder) veroorsaak. Die onvermydelike invloed van die Naam-van-die-Vader (paternalistiese wet) is die oorsaak van die skeiding. Deur middel van die Oedipus-kompleks (Naam-van-die-Vader) laat vaar die kind die identifisering met die fallus deurdat sy besef sy kan nooit die fallus hê nie, dit is imaginêr (Homer, 2005: 55). Die pa (wat die Ander of paternalistiese wet verteenwoordig) word die imaginêre fallus en namate die kind die spieëlfase voltooi, word die pa die simboliese fallus. Die begeerte na die moeder word gesubstitueer met die Naam-van-die-Vader wat die splitsing van die subjek tot gevolg het (Homer, 2005: 55). Weens die eenheid wat verbreek is tussen kind (self) en moeder (ander) is die kind egter nou in staat om 'n eie identiteit te skep, apart van die moeder.

Dis dan duidelik dat die Oedipus-kompleks vir Lacan (in Vorster, 2013: 49) nie gebaseer is op biologiese verskille tussen seuns en dogters soos by Freud nie. Hy is nie oortuig dat gender-identiteit deur biologie of geslag bepaal word nie. Anders as Freud, verwys Lacan ook nie na 'n letterlike vrees vir kastrasie nie. Die Oedipus-kompleks word metonimies verbind met 'n leemte of gemis. Dus gaan die proses van kastrasie gepaard met die simboliese verlies van die imaginêre objek of die fallus (wat ook die moeder se objek van begeerte is) en die erkenning

van 'n gemis. Om 'n subjek te word in die simboliese orde, moet die kind die Naam-van-die-Vader gehoorsaam deur te erken en aanvaar dat sy nie oor die fallus beskik nie en dus nie die fallus vir die moeder kan wees nie, want die pa (Ander) besit simbolies hierdie fallus (Vorster, 2013: 50). Die fallus is dan nes die pa nie 'n fisiese entiteit nie, maar die “signifier” van “absence” in die simboliese orde (Homer, 2005: 55).

2.5.3) Die simboliese fase

Die ervaring van verlies of 'n gemis en die begeerte na die fallus (dit wat ons verloor het, maar in werklikheid nooit besit het nie) onderlê/dryf die simboliese fase (Homer 2005: 59). Die simboliese orde is dus fallies van aard en word beheer deur die metaforiese voorstelling van die paternalistiese wet. Soos vroeër genoem, gaan die toetrede tot hierdie fase gepaard met die totstandkoming van die superego. Die internalisering van die paternalistiese wet het die vorming van die superego tot gevolg en behels volgens Homer (2005: 59) 'n dubbelsinnige of ambivalente proses deurdat die subjek met die wet identifiseer, maar terselfdertyd ook met onwettige of onaanvaarbare begeertes wat die einste wet oortree of ondermyn. In die analise van Phillips se bundel word laasgenoemde rebellie 'n belangrike punt van bespreking.

Die toetrede tot die simboliese orde gaan ook gepaard met die ontdekking van taal. Eagleton (1983: 174) verduidelik: “Language always pre-exists us: it is always already ‘in place’, waiting to assign us *our* places within it.” Taal word gelykgestel aan die onbewuste. Die bekende aanhaling “the unconscious is structured like a language” is hier belangrik. Die onbewuste is soos 'n taal gestruktureer deurdat die werking daarvan soortgelyk is aan twee baie algemene taalprosesse: metafoor en metonimie. Lacan (in Qazi, 2011: 2) stel voor dat die onbewuste op dieselfde manier werk as taal, “along the two axes of Metaphor and Metonymy which generate the signified”.

Beide metafoor en metonimie behels 'n afwesigheid, 'n soort verlies of gebrek. Tyson (in Qazi, 2011: 3) verduidelik: “They’re both stand-ins for something being pushed aside, so to speak.” Die kind assosieer taal met verlies omdat dit die paternalistiese wet verteenwoordig wat die skeiding met die moeder versterk. Die kwessie van onvervulbare verlange, waarvan die mees fundamentele die hunkering is na die geborgenheid van die moederskoot en pre-oedipale fase, staan dus sentraal by Lacan. Volgens Lacan in (Qazi, 2011: 8) is hierdie skeiding ons mees intense ervaring van verlies, en dit is een wat lewenslank by ons spook.

Dié skeiding dwing die kind om taal aan te leer omdat sy nie meer die bevrediging van behoeftes as vanselfsprekend kan aanvaar nie. Dit is die pa wat die funksie van taal aan die

kind oorhandig (Lacan in Clemens en Grigg, 2006: 43). Die pa wat verantwoordelik is vir die skeiding in die dualistiese verhouding gedurende die Oedipus-kompleks, is nie 'n persoon nie, maar 'n metaforiese voorstelling van die Naam-van-die-Vader (Homer, 2005: 51). Die sterk Freudiaanse patriargale “Father” is hier slegs 'n strukturele operateur wat die werk vir die Ander uitvoer. Die klem is op die aard en funksie van taal (die wet) wat jou in die wêreld posisioneer, jou onderrig aangaande jou posisie in die wêreld. Taal is dan 'n vloeibare linguïstiese sisteem wat deur die paternalistiese of falliese outoriteit afgedwing word en die bloedskandelike begeerte na die moeder en al die verbode anargistiese begeertes van die pre-oedipale stadium verbied (Morris, 1993: 105). Hier vind dus repressie plaas van die onaanvaarbare begeertes met die gevolg dat die onbewuste gevorm word.

Dit is belangrik om ook op hierdie stadium stil te staan by Lacan se ander bekende aanhaling: “The unconscious is the discourse of the Other”. As die onbewuste gestruktureer is soos taal en gelykgestel word aan die paternalistiese wet, soos vroeër uitgelig, is dit duidelik dat die “Other” waarna Lacan in die tweede aanhaling verwys die paternalistiese wet (en weereens taal) verteenwoordig (Homer, 2005:43). Dit is dus die Ander (taal en die prosesse van die simboliese orde) wat ons as subjekte nooit ten volle sal kan begryp nie, maar wat die kern van ons onbewuste is. Die onbewuste as 'n proses van betekenis is buite die beheer van die mens.

Volgens Homer (2005: 43) is dit die taal wat deur ons praat, nie die taal wat ons praat nie, “the language that speaks through us rather than the language we speak”. Die onbewuste is dus die diskoers van die Ander deurdat ons gebore word binne-in taal, gedwing word om ons begeertes deur die taal en begeertes van ander te artikuleer en kommunikeer en uiteindelik deur middel van die (A)nder met die wêreld gesosialiseer word, 'n subjek word, en volwassenheid bereik. Ons begeertes, oortuigings, vooroordele, ensovoorts word getruktureer en is 'n resultaat van ons onderdompeling in die simboliese orde, veral omdat die onderdompeling deur ons ouers uitgevoer word en beïnvloed word deur hul eie reaksies op die simboliese orde. Dit is wat Lacan (in Qazi, 2011: 8) bedoel wanneer hy sê “desire is always the desire of the other”.

Ons begeer wat ons geleer word om te begeer. Met ander woorde die simboliese orde bestaan uit die ideologieë van die samelewing: dié se oortuigings, waardes en vooroordele, die stelsel van die regering, wette, opvoedkundige praktyke, godsdienstige beginsels, ensovoorts. En dit is ons reaksies op ons samelewing se ideologieë wat ons maak wat en wie ons is. Dit is wat Lacan bedoel wanneer hy die woord Ander in sy beskrywing van die simboliese fase gebruik. Ander verwys na enigiets wat bydra tot die skepping van ons subjektiwiteit, of wat ons

gewoonlik ons “selfhood” noem (Qazi, 2011: 7). Die subjek word vanaf die oomblik van geboorte in hierdie diskoers ingeskryf en Wright (1984: 112) verduidelik: “Lacan is disinclined to give the unconscious any power to correct the order which has corrected it.” Ons is vasgevang in hierdie kringloop van diskoers (taal) soos Homer (2005: 44) verduidelik: “We cannot escape it, although as a structure it escapes us.”

Taal vorm ons – alles wat ons uiter, is afkomstig van ’n bestaande taal. Ons leer dit en verkry deur middel daarvan sosiale burgerskap. Laasgenoemde is gebaseer op ’n bekende aanhaling van Lacan (1977: 9): “I think where I am not, therefore I am where I do not think”. Die voornaamwoord (die eerste) “I” verteenwoordig “self” in taal. Taal bied dus die “I”-posisie aan ’n individu en onderrig die mens aangaande die norme van ’n gemeenskap of sosiale orde gedurende die proses van subjekvorming. In hierdie stadium ontstaan die vraag (eise) na die volheid en die volledigheid wat onmoontlik is om te verkry, want die gemis of afwesigheid, die gevoel van “andersheid”, is nodig vir die kind om in ’n onafhanklike self te ontwikkel (Qazi, 2011: 4).

Qazi (2011: 7-8) verduidelik dat die simboliese orde die menslike kultuur en sosiale orde oorheers en om in so ’n samelewing te kan funksioneer, moet ons in die verbeelde/spieëlfase vertoef. Dit word dan duidelik dat die simboliese en die verbeelde oorvleuel, want daar is geen duidelike afbakening tussen die twee fases nie. Trouens, hulle funksioneer in sommige opsigte saam (Lacan in Qazi, 2011: 8). Die verbeelde/spieël word gestruktureer deur middel van die simboliese volgorde/wette. Lacan verduidelik ten opsigte van die ontwikkeling of vorming van die mens se ego en identiteit: “Many problems derive from the relations between these two dimensions” (Lacan, 1977: 11). Die vooropgestelde norme en wette belemmer ons visie en voornemens, dit beïnvloed en dit bepaal die lewenskeuses wat ons maak. Dus behels die verbeelde/spieël ook ’n taalkundige dimensie.

Taal kan jou ook uitsluit uit die wêreld soos in die volgende hoofstuk belig word in terme van die subalterne-kwessie en die omstandighede in die gemeenskappe waarin die digters grootgeword het. Jy kan jou drome en doelwitte mis as gevolg van uitsluiting, verdrukking, en so meer. Weens uitsluiting word gemeenskappe in armoede gedompel, neig jongmense tot bendegroepe, voel digters/skrywers hulle moet hul moedertaal beskerm, maar terselfdertyd wil hulle dit verwerp. Laasgenoemde is veral sigbaar in Phillips se bundel waar sy uit frustrasie met haar moedertaal eksperimenteer as gevolg van die gemis en leemte wat sy ervaar. Sy poog om die gaping te oorbrug.

Die subjek is gedurig tevergeefs besig om die verdeeldheid tussen self en die Ander te probeer oorbrug, asook die “ander” wat verwys na belangrike figure soos ouers wat ’n groot invloed op die vorming van die psige het. Om taal te betree, is dan soos ’n pleidooi om te begeer, want taal is “what hollows being into desire” (Lacan in Qazi, 2011: 8). Eagleton (1983: 166) voer aan: “In gaining access to language, the small child unconsciously learns that a sign has meaning only by dint of its difference from other signs, and learns also that a sign presupposes the *absence* of the object it signifies. Our language ‘stands in’ for objects: all language is in a way ‘metaphorical’, in that it substitutes itself for some direct, wordless possession of the object itself” (Eagleton, 1983: 166).

’n Mens verstaan dan wat Tyson in (Qazi, 2011: 8) bedoel met “in entering the Symbolic Order – the world of language – we’re entering a world of loss and lack”. Lacan (1977: 65) se interpretasie van Freud se “fort!/da!”-beginsel sluit aan by die begeerte of gemis wat die kind ervaar deurdat die kind poog om die moeder se teenwoordigheid en afwesigheid deur middel van taal te beheer. Dit beteken dus dat die subjek die moeder se teenwoordigheid en afwesigheid wat sy nie kan beheer nie, vervang met ’n linguïstiese relasie wat sy wel kan beheer.

Simboliese kastrasie is uiters belangrik, want verontagsaam die moeder die reëls deur die kind te weerhou van hierdie ontwikkelingsproses, word die toegang tot hierdie simboliese fase geblokkeer en gevolglik misluk die kind om ’n onafhanklike subjek te word, ’n toestand wat uiteindelik lei tot fiksasie of psigose. Clemens en Grigg (2006: 41) verduidelik: “This proves that it is not only the Law of the Father that is important but also the willingness of the mother to obey to the rules. She plays an equally important role and can block the development of the child.” Permanente gespletenheid en leegheid is die gevolg van so ’n onsuksesvolle simboliese proses, ’n gevoel wat die dogter lewenslank teenwerk (Minnaar, 2012: 209).

2.5.4) Die reële fase (The Real)

Hierdie is ’n moeilike konsep om te begryp, want dit lê amper buite die wêreld, geskep deur ideologieë en konvensies wat gewoonlik deur ons samelewings gebruik word om ’n bestaan te verklaar en dit is onmoontlik om die reële in taal te beskryf (Hambidge, 1989: 14). Lacan (1977: 10) verduidelik dat die reële “is that which always returns to the same place ... It then became that before which the imaginary faltered, that over which the symbolic stumbles, that which is refractory, resistant. Hence ... the real is the impossible”. Dit is dan belangrik dat die reële nie verwar moet word met die werklikheid nie. Dit verwys na “a kind of recurring

impossibility, a return of the repressed ... The Real is about impossibilities the impossibilities of language and life” (Hill in Manjunath, 2017: 3). Die reële is dus die onmoontlike weens die onmoontlikheid om dit ooit te kan bereik of begryp.

Tyson (in Qazi, 2011: 10) verduidelik: “It is the uninterpretable dimension of existence; an existence without the filters and buffers of our signifying or meaning-making systems.” Dit is buite die bevoegdheid van elke individu om die waarheid van die reële te sien of te ervaar. Lacan (in Qazi, 2011: 10) noem hierdie onmoontlikheid of onverklaarbaarheid, die trauma van die “Real”. Hy tipeer trauma as ’n ontmoeting met die reële wat nooit plaasvind nie,

Die funksie...van die reële as ontmoeting – die ontmoeting vir sover dit moontlik nie plaasvind nie, vir sover dit wesenlik die ontwykende ontmoeting is – het sigself vir die eerste keer in die geskiedenis van psigoanalise in ’n vorm gemanifesteer wat op sigself reeds voldoende was om ons aandag te trek, naamlik as trauma (Lacan in Olivier, 2007: 51-52).

Die polities-gedrewe situasies in terme van die gemarginaliseerde verlede kan hier as voorbeeld gebruik word om die werking van trauma te beskryf ten opsigte van die traumatiese ingryp van kolonialisme op die gekoloniseerde. Die subalterne vroue worstel na jare steeds tevergeefs om traumatiese ervarings gekoppel aan die koloniale/apartheidsperiode sinvol te verwerk. Die verlies van politieke mag/n stem, apartheid se oorkoepelende rol daarin en die gemarginaliseerdes se reaksie daarop, is tekenend van die reële, soos gesien in die manifestasies van die traumatiese disintegrasie van bekende, konvensionele simboliese raamwerke.

Om sin te probeer maak uit hul omstandighede het die subalterne geen ander keuse as om telkemaal opnuut in die simboliese sfeer van betekenis ander interpretasiemoontlikhede te ontgin en te artikuleer nie (Olivier, 2006: 494). Hulle sukkel dus tevergeefs om los te kom vanuit die greep of invloed van die reële, veral weens die feit dat die reële die grootste teenstander is van verandering of verwerping van ’n ideologies-bepaalde identiteit (Olivier, 2006: 494).

Die mens beweeg gedurende sy lewensydperk gedurig tussen die verbeelde/spieël en simboliese fases (byvoorbeeld, die begeerte na ’n land of wêreld waarin die norme en oorblyfsels van apartheid en die koloniale periode totaal uitgewis is – na eenheid tussen rasse) in ’n poging om psigies te herstel van die traumatiserende verlede. Dit kan geïnterpreteer word deur middel van die terme “ander” en Ander. Eersgenoemde is die liefdesobjek of dit wat jy begeer, die toegewyde begeerte (na eenheid en herstel) wat emosies uitlok. Laasgenoemde

word gesien as die verdeelde, die gaping, dit wat nie binne ons bereik is nie – dit wat ons tot die besef laat kom dat dit wat ons begeer, onbereikbaar is of slegs 'n illusie is. Dit is weens die werking van die reële, die rasionaliteit, wat die mens gedurig in die gesig staar, dat daar telkemaal 'n terugkeer is na die simboliese fase.

Dit is belangrik om hier in ag te neem dat trauma nie deel is van die simboliese en imaginêre/spieël-fases nie alhoewel die reële 'n spesifieke uitwerking op die fases het, veral ten opsigte van die werking van die fallus. Die onbereikbaarheid onderliggend aan die fallus konnekteer dit met die werking van die reële. Die sluier (“veil”) of gordyn waaragter die reële sit, is ook die plek waar die fallus (begeerte) lê (Homer, 2005: 59). Die permanente begeerte na vervulling (altyd verborge en buite bereik) weens die gemis wat die individu ervaar, word geassosieer met die reële. Volgens Homer (2005: 94) kan ons nooit regtig weet wat dit is nie, maar ons neem aan dat dit daar is, want ons is gedurig ontevrede/onvervuld.

Soms is daar vir 'n kort moment 'n gaping of skeuring in die simboliese ketting wanneer taal misluk. Johnson (in Rivkin en Ryan, 2004: 342) voer aan dat drome, 'n glip van die tong, historiese simbole en grappe simptome is van psigiese konflik wat tekenend is van die manifestering van die onbewuste. Dit geskied wanneer ons bewuste verdedigingsmeganismes op hul swakste is (Homer, 2005: 70). Dit is 'n manifestasie van 'n “signifying chain”, 'n struktuur van assosiasie wat 'n onbewuste, vreemde taal (die reële) voorstel. Lacan (in Qazi, 2011: 10) beskryf dit as “the experience of an individual, maybe even only for a moment, to feel that there is no purpose or meaning in life; and religions as well as other rules that govern society are hoaxes or mistakes or the mere results of chance.” Weens die teenstand van die reële keer die individu egter telkemaal terug na die simboliese dimensie.

Dit is duidelik dat Lacan se psigoseksuele fases nie skeibaar is nie, maar met mekaar oorvleuel deurdat elk die ander beïnvloed en vorm. Dit gaan dus hier oor hoe hierdie fases verbind is, eerder as watter een die belangrikste is. Lacan se subjekteorie verskaf die geskikte middele waarmee die komplekse kwessie van veral identiteit geïnterpreteer kan word. 'n Lacaniaanse raamwerk is dan belangrik vir 'n studie soos hierdie omdat dit bewys dat vroue as subalterne en ook agente alleenlik toereikend begryp kan word indien die verskillende fases waartydens hul subjektiwiteit geartikuleer is, in aanmerking geneem word. Die pa speel 'n belangrike rol in die oordrag van en bewuswording van taal by die kind tydens die simboliese fase wat ingrypende gevolge vir die moeder-dogter-verhouding en subjekontwikkeling inhou. Om hierdie rede begin hoofstuk 4 met 'n bespreking van die vader.

2.6) Kritiek op Lacan

Lacan se teorie het skerp kritiek ontlok deurdat dit volgens kritici nes die Freudiaanse teorie patriargie as 'n oorheersende mag voorstel en op hierdie manier die onderdrukking van die subalterne vrou voortsit. Morris verduidelik (1993: 108):

We have arrived at a conclusion which seems as negative for women as that of Freud's ... Lacan, even more than Freud, stresses the unstable and provisional nature of all subjective identity. However, his theories seem to release women from biology only to lock them into another form of determinism. Instead of women's lack of a penis making their inferior status inevitable, Lacan theorizes a symbolic order that enacts an equally irresistible subordination of women. The process of constructing a social identity is the process whereby language positions us into our expected place within the Law of the Father.

Alhoewel Lacan probeer het om mans en vroue op 'n gelyke vlak in sy werk te beskryf, het hy volgens kritikusse nie heeltemal daarin geslaag nie deurdat die vrou steeds as ondergeskik geskets word. Braidotti (1993: 173-174) is van mening dat alhoewel die fallus 'n metafoor vir die mens se gemis is, en Lacan, in teenstelling met Freud, die totstandkoming van beide vroulike en manlike subjektiwiteit in terme van hierdie gemis of "lack" omskryf, die fallus in Lacan se werk ongemerk vervang word met die penis.

Dus funksioneer die fallus as 'n metafoor wat die manlike bevoordeel, omdat die fisieke penis by die vroulike subjek ontbreek. Nadat die vrou die Oedipus-kompleks "suksesvol" voltooi het, is dit duidelik dat sy steeds nie die fallus kan wees of kan hê nie. Vroulike subjektiwiteit is dus 'n onmoontlikheid, want sy is en het niks. Die behoefte van die vrou as subalterne om los te breek van die vooropgestelde patriargale konvensies (reële) is 'n kwessie wat hier aangeroe word. Lacan stipuleer egter duidelik dat beide vroue en mans nooit die fallus kan besit nie omdat dit vir beide onbereikbaar is, so die patriargale vooroordele van kritici kan bevraagteken word.

Die komplekse moeder-dogter-verhouding sowel as die kwessie van die vrou as gemarginaliseerde en stemlose word in die analise van Phillips se gedigte belig. Lacan se teoretiese insigte en die relevante idees van Spivak word gebruik om hierdie kwessies te ondersoek ten opsigte van hoe Phillips die patriargale konvensies oorskry deur middel van veral die taaleksperiment waardeur sy poog om weg te breek van die vooropgestelde gender-, vroue- en 'n subalterne tradisie (reële).

2.7) Studies gedoen aan die hand van die psigoanalitiese teorieë van Freud en Lacan

Min literêre studies is gedoen waarin die moeder-dogter-verhouding enduit deurgevoer word met die Freudiaanse en Lacaniaanse teorieë.

Fourie (1985) het in haar studie die psigoanalitiese kwessie uitgebrei deur 'n verband te lê tussen die moeder-dogter-stryd en politieke verdrukking. Bao en Wei (2016) het 'n psigoanalitiese studie gedoen waarin hulle op die verdedigingsmeganismes fokus en ondersoek instel oor hoe psigoanalise deur Emily en haar moeder aangeneem word in die verhaal "I stand here ironing" deur Tillie Olsen. Op hierdie wyse verken die navorsers hul onbewustes om 'n beter begrip te kry van die moeder-dogter-verhouding. Beide Emily en haar moeder het hulself gewend tot sekere verdedigingsmeganismes om hul gepynigde ego's te beskerm en terselfdertyd te ontsnap van hul familie en hul omstandighede. Wanneer beide uiteindelik realiteit konfronteer en in die gesig staar, word hul omstandighede beter.

In sy studie konseptualiseer Olivier (2006) kulturele "identiteit" deur 'n monolitiese identiteitsbegrip aan te spreek met behulp van Lacan se subjekteorie. In 'n ander soortgelyke studie gebruik Olivier (2007) 'n psigoanalitiese perspektief om die verstommende omvang en brutaliteit van geweld en misdaad in die hedendaagse Suid-Afrika te beskryf. Hy gebruik Rossouw se benadering, wat die onderskeid tussen drie samelewingsfere – die religieuse, politieke en ekonomiese – benut om die kwessie van geweld aan te spreek. Met behulp van Lacan se subjekteorie word Rossouw se analise uitgebrei om die probleem van agentskap toereikend te akkommodeer deurdat naamlose geweld in die huidige Suid-Afrika toegeskryf word aan die manifestasie van 'n mislukking gedurende die simboliese fase.

Die meeste studies waarin Lacan en Freud se teorieë toegepas word, word in samehang met ander psigoanaliste se idees gebruik, veral feministiese psigoanaliste. Ook is die fokus meestal op temas wat nie betrekking het op hierdie studie nie. Dit is ook duidelik sigbaar in studies wat in die vorige hoofstuk (literêre studie) bespreek is.

2.8) Samevatting

In die bespreking van die Freudiaanse en Lacaniaanse konsepte is dit duidelik dat beide psigoanaliste se werk die vermoë het om nuwe betekenis deur taal te skep. Soos Loewald (1960: 242) skryf: "Language, in its most specific function in analysis, as interpretation, is thus a creative act similar to that in poetry where language is found for phenomena, contexts, connections, and experiences not previously known and speakable." Psigoanalise se hooffokus

is die ondersoek van die komplekse term, begeerte, soos gereflekteer deur tekste/die literatuur en ontbloom dus die innerlike self en dié se sisteem en “in doing so, the theory formulates certain kinds of ideology within an individual that extends to the evaluation of cultural and social phenomenon” (Pun, 2018: 48). Die prosesse van die innerlike self en taal soos Freud en Lacan dit ondersoek, word dus belig. Ook is dit voor die hand liggend dat elke individu onvermydelik vanaf geboorte tot volwassenheid psigies gevorm word deur die psigoseksuele ontwikkelingsfases en dit is hierdie psigoseksuele ontwikkelingsfases wat die komplekse identiteitsbegrip interpreteerbaar maak en wat onderliggend lê aan die moeder-dogter-verhouding.

2.9) Postkolonialisme

In die gekose bundels word die onderdrukte of gekoloniseerde posisie (fisies, maar veral psigies) waarin die gemarginaliseerde swart vrou hulself weens rassisme en seksisme bevind, beklemtoon. Spivak se postkoloniale teorie is relevant vir ’n interpretasie van hierdie dubbele marginalisering van die subalterne se psige deurdat haar werk grotendeels deur onder andere psigoanalise beïnvloed is:

Her sustained critical engagement with the intellectual tradition represented by the writings of Freud, Lacan, Marx, Derrida, and Foucault has been instrumental in transforming and politicizing the reception of the feminist and poststructuralist critiques of psychoanalytic and Marxist thought. Moreover, her wide-ranging critical and theoretical challenges continue to influence the development of multicultural studies, postcolonial studies, and feminist theory not only in the U.S., but also internationally (Landry en MacLean, 1996: 14).

In haar teorie verskaf sy riglyne ten opsigte van hoe die onderdrukte subalterne vrou (psigies) bevry kan word uit haar gekoloniseerde toestand. Die invloed van psigoanalise op Spivak se werk is opvallend, veral waar sy verwys na die dubbele marginalisering en agentskap van die vrou: “The woman, par excellence, [is] the object of a double constraint or twofold oppression” (Balibar, 2016: 860).

Die gekose bundels illustreer hierdie dubbele marginalisering omdat die dogters telkemaal hulself in ’n subalterne posisie bevind en in sommige gevalle hul moederfigure direk en indirek daarvoor blameer. Die term subalterne verwys na “those individuals or groups dominated or oppressed by a more powerful ‘other’, within a colonised society” (Binebai, 2015: 207). Die term subalterne sluit aan by die aspek van tradisie deurdat dit verwys na die moeder of vrou wat gesosialiseer is binne spesifieke genderrolle wat veroorsaak dat sy en haar nakomelinge in

'n ondergeskikte posisie bly. Die moeder word in die meeste gevalle die patriargale agent in die oordrag van die tradisie aan haar dogter. Oor die tradisie-kwessie verduidelik Spivak (in Landry en Maclean, 1996: 241)

The figure of the woman, moving from clan to clan and family to family as daughter/sister and wife/ mother, syntaxes patriarchal continuity even as she is herself drained of proper identity. In this particular area, the continuity of community or history, for subaltern ... is produced on (I intend the copulative metaphor—philosophically and sexually) the dissimulation of her discontinuity, on the repeated emptying of her meaning as instrument.

Die voortgesette marginalisering van die vrou in 'n patriargale opset word belig, asook hoe dit binne gemeenskappe en in die geskiedenis in-geskryf word en die subalterne vroulike subjek van 'n betekenisvolle bestaan ontnem word. Spivak beklemtoon die dogter moet agentskap oorneem en tradisies breek en 'n tradisie bou wat gesonde familie- en vroue- verhoudings struktureer. Spivak (1999: 357) spreek die wens uit dat swart vroue as fabriekswerkers hulself moet “rethink ... as agents of production, not as victims of capitalism”. Sy versoek die volgende: “Let us want a different agency, shift the position a bit” (Spivak, 1999: 358). Hier is 'n poging om die een wat vir jare nie kon praat nie, die “subaltern”, in te bring, 'n stem te gee. Sy meen deur te praat, jou ervaringe te verwoord, word jy van subalterniteit gestroop (Spivak in Binebai, 2015: 208).

Sy beklemtoon dat die gemarginaliseerdes in hul verdruchte posisies 'n keuse het. Jy kan byvoorbeeld kies of jy verder gaan studeer of nie, wil deelname hê aan bende-akwittiteit of nie, of jy verbitterd wil wees weens jou omstandighede en of jy gaan wegbreek van vorige vroue-/moedertradisies of nie. Jy besluit of jou verlede (jou verhouding met jou ma) jou toekoms (jou verhouding met jou eie kind) gaan bepaal of nie en of jy agentskap gaan neem van jou omstandighede. Hoe neem die vrou agentskap? Sy kan persoonlike verantwoordelikheid neem deur teen die verdrukker op te staan, ongesonde tradisies stop te sit en 'n nuwe, alternatiewe nalatenskap skep vir die opvolgende generasies. Spivak (1994: 20) gebruik die term “disinterested” om laasgenoemde te verduidelik.

Die term belig die begeerte na iets, wetend dat dit buite bereik is soos in die geval van Lacan se beskrywing van die werking van die reële – die diskoers van die Ander. Spivak beklemtoon immers dat 'n psigoanalitiese lees van die subjek, “with an informed exchange of cultural currency, can be used to evaluate everyone” (Spivak, 1994: 52). Dit beklemtoon ook passiwiteit. Sy moedig die “subalterns” aan om aktief en “interested” te raak, want wanneer

laasgenoemde gedoen word, vind die subalterne uiteindelik 'n stem (Spivak, 1994: 20). Spivak (1988) se aanvanklike mening dat die subalterne nie kan praat nie in “Can the subaltern speak?” word dus bevraagteken, want die subalterne kán praat. Deur middel van skryf en die uitdagende lewenshouding wat die gekose digters aanneem en in hul skryfwerk uitbeeld, vind hulle 'n stem. Hulle het die vermoë om hul monde oop te maak en te praat. In die digbundels vind stemgewing plaas deur middel van onder andere versetvoering teen Afrikaans (Naam-van-die-Vader), in Afrikaans.

Swart vroueskrywers se tekste is 'n vorm van aktivisme en aktiewe teenstand teenoor apartheid en dus ook Afrikaans (as patriargale/simboliese mag of agent) en belig in die meeste gevalle die wyse waarop hulle van agentskap ontnem was en stemloos gelaat is. Boswell (2010: 188) belig dieselfde kwessie in haar studie en alhoewel sy nie oor dieselfde vroue skryf nie, is haar opmerking relevant vir die onderwerp van hierdie studie: “For these women, writing became an act that was cumulatively agentic, instilling in them increased personal agency.” Deur aan te sluit by die nuwe-generasie literêre skryftradisie wat as postkoloniale feminisme of die derde feministiese beweging beskryf word (Bonthuys, 2020) het hulle hul stemme (her)ontdek. Die bundels is dus verteenwoordigend van wat Spivak (2001: 2077) “the subaltern speaking” noem omdat al drie bundels, veral dié van Phillips en Kamfer outobiografies van aard is en gelykgestel word aan subalterne uitdrukking. Die digters is nie slegs spreekbuis vir hul gemeenskappe of moeders nie, maar ook vir hulleself deurdat die leser bewus gemaak word van die toestand van hul psiges, asook die faktore wat 'n rol gespeel het in die konstruksie daarvan.

Deur middel van hierdie bundels is presies die teenoorgestelde uitwerking bewerkstellig as dit wat die destydse apartheidbestel wou hê: verdrukking, intimidasie en die uitdoof van die swart vroueskrywer se stem. Boswell (2010: 188) is van mening dat “in writing, the authors were engaged in creative re-visioning – the ability to re-envision or reimagine what is possible for oneself to achieve within one’s lifetime”. Deur te skryf oor die onreg in die land het swart vroue die geleentheid gekry om hul eie stories te verwoord, asook hul lewens(-verhale) te herskryf of hulle lewenskoerse te heroorweeg. 'n Mens besef dan dat daar nie juis werklik iets soos “silent voices” is nie, maar wel “silenced voices” en dat die skrywers nie noodwendig besig is om die geskiedenis te herskryf nie, maar 'n alternatief daarop te skep.

In haar doktorstesis ondersoek Boswell (2010) die wyse(s) waarop swart vroueskrywers wat die meeste geaffekteer is deur die apartheidsbeleid, die Suid-Afrikaanse nasie in vier fiksie-

novelles artikuleer, konstrueer en beskryf. Ook kyk sy na hoe die beleid swart vrouens se lewens politie en as vervaardigers van tekste geaffekteer het en hoe hierdie vroueskrywers deur middel van die skryfdaad agentskap kon neem van hul lewens deur die identiteite wat op hulle as slawe geforseer was, te bowe te kom. Haar argument rus op die teoretiese invalshoeke van “Mamphela Ramphela’s conceptualizations of space, Carole Boyce Davies’ formulation of Black women writers as “migratory” subjects, and life course theory” (Boswell, 2010: 250). Die ideologiese konnotasies verbonde aan gender, vrouwees en moederskap is ’n probleem vir die swart vroueskrywers soos ook gesien in die geselekteerde bundels van hierdie studie.

Boswell (2010: 188) verduidelik byvoorbeeld: “As with the ideology of “woman” as sign for the nation, motherhood has often been deployed in particularly gendered ways to underwrite the construction of the nation.” In die geselekteerde bundels kom die digters in opstand teenoor die patriargale bestel en dié se beskrywing van die vroulike en moederlike rol deurdat hulle die voorgeskrewe rolle verontagsaam deur jarelange tradisies te verbreek en ’n nuwe nalatenskap te skep. Göttner-Abendroth (2018: 4) is van mening dat

...women are always aliens in the patriarchal system, invisible and unheard; they are always ‘the other.’ This is generally called ‘sexism,’ but is more accurately internal colonialism, directed against elements of the society itself.

Die uitbuitende kombinasie van imperialisme, rassisme en seksisme het die inheemse bevolkings tot “other” gemaak – ongesiens en ongehoord met veral ernstige gevolge vir matriargale samelewings. Dit is dus belangrik om stil te staan by die studies van Göttner-Abendroth (2017 en 2018) waarin die konsep matriargie beskryf en ondersoek word in die meer moderne en restruktiewe sin van die woord. Göttner-Abendroth (2018: 5) meen: “[by] reclaiming this term means to reclaim knowledge of societies created socially, economically, politically and culturally by women”. Sy verkies ’n matriargale gemeenskap bo ’n patriargale gemeenskap omrede ’n matriargale gemeenskap “have no trouble seeing women as acting subjects in history and in society ... they are able- more so than men- to apprehend the conditions, social effects and symbolic images of motherhood, as well as the values of mothering, which in matriarchies play a structuring role” (Göttner-Abendroth, 2017: 3).

Die konsep van matriargie is belangrik veral wanneer dit kom by die bespreking van die simboliese moeder(s). Dit skep die gepaste konteks en fondasie vir ’n interpretasie van die simboliese moeders in die werk van Shirmoney Rhode wat in Hoofstuk 3 Freudiaans asook Lacaniaans geles kan word. In hierdie studie word taal as simboliese moeder gesien en beskryf

deur middel van talige prosesse soos metafoor en metonimie wat in Lacan se teorie 'n sentrale aspek vorm. Die digters is gedurigdeur in 'n ingewikkelde haat-liefde-verhouding met Afrikaans (simboliese mag/agent), “die koloniale taal word soms verwerp ... maar veel meer toegeëien en gewysig ... [dit word] herlees en herskryf en subtiele ondermynings en verbasterings [word] daarvan gemaak ten einde die koloniale aannames te ondermyn” [sien my verandering hierbo] (Van der Merwe en Viljoen, 1989: 170).

'n Samelewing waar gender-gelykheid binne die konteks van 'n matriargale stelsel hoog op prys gestel word, is van kardinale belang vir die voortsetting van 'n tradisie waar vroue 'n eie identiteit en onafhanklikheid skep en beoefen. Göttner-Abendroth (2018: 5) beklemtoon die betekenis van die term matriargie – moeders vanaf die begin – wat verwys na die biologiese feit dat, “in giving birth, [women] engender life [pointing] to the fact that they are creators of culture” [sien my verandering hierbo].

Op 'n sosiale vlak is matriargale samelewings gebaseer op die stam en die simboliese orde van die moeder wat ook verwys na die eenheid met die natuur en die waardes geleer by Moeder Natuur. Göttner-Abendroth (2018: 6) verduidelik byvoorbeeld: “Mother Nature nurtures all beings, however different they are. Mother-clans do the same: a good mother cares for all her children, embracing their diversity. This also holds true for men.” 'n Sosiale sisteem soos matriargie kan nie as 'n geheel funksioneer sonder 'n diepgewortelde, alles deurdringende spirituele lewensuitkyk nie. Göttner-Abendroth (2018: 8) baseer matriargie op die algemene en wye spirituele konsep van die heelal as die groot godin wat alles voortbring het deur geboorte, en die aarde as die groot moeder wat alle lewende dinge geskep het.

Moeder Natuur is dan ons leermeester en volgens Göttner-Abendroth (2018: 8) “reflected in every woman's being and in her ability to create”. Elke sosiale, ekonomiese en politieke aksie word beïnvloed deur die beginsel van “the world's all-encompassing maternal attitude” (Göttner-Abendroth, 2018: 8). In matriargale samelewings word die gelyke waarde van almal beklemtoon in plaas daarvan om aan almal 'n bepaalde posisie toe te ken weens die hiërargiese druk van bo. Volgens Göttner-Abendroth (2018: 24) is die matriargale samelewings 'n belangrike voorbeeld van hoe 'n toekomstige vreedsame en regverdig samelewing, vry van 'n dominerende patriargale invloed, behoort te lyk.

Die digters beklemtoon die belangrikheid daarvan om in hul moedertaal te dig en belig telkens hul simboliese moeders. Die woord moeder figureer in verskeie gestaltes, hetsy dit hul biologiese moeders, tuisdorpe, woonbuurte, geboorteland, taal, 'n ikoniese figuur is, en so meer.

Ten opsigte van die simboliese moeder raak ook Boheemen-Saaf (1999: 122) 'n belangrike punt aan in haar bestudering van Ierse vroue wat sy “the double relationship to the feminine” noem. Haar verduideliking, beïnvloed deur matriargale studies, beskryf die simboliese/kollektiewe moeder en die verskillende konnotasies verbonde aan die woord moeder as volg: “The collective projection of the self-identity of the cultural heritage as female and feminine (Mother Ireland, Mother church, mother tongue) ... having it both ways – both denying and accepting it.”

Die manier waarop sy die Ierse situasie beskryf, word op 'n aangepaste wyse in hierdie studie gebruik, veral in die gedigte waar plekke en taal 'n simboliese moederlike konnotasie verkry. Dit is hierdie simboliese en biologiese moeders as “subalterns [that] need to be written into the text anew, to become accounted for, to be given a voice” (Styhre, 2005: 4). Nes Binebai (2015: 208) argumenteer Spivak (1988: 257) dat diegene in bevoorregte posisies (verdrukkings) nie geskik is om die stories van die gemarginaliseerdes te vertel nie weens die moontlikheid van 'n problematiese voorstelling. So ook is dit nie geskik dat subalterne namens hul gemeenskappe of 'n ander subalterne wil praat nie (Spivak, 1988: 239). Haar kritiek dien as waarskuwing veral teen westerse vroue/intellektuele en selfs postkoloniale skrywers, en teen die onbewuste voortsetting (deur middel van inbedding van eie denke in analise of vertelling) van die koloniale diskoers se foute.

Met laasgenoemde kritiek in ag genome word gekyk na hoe beide die moeders en dogters stembewing bewerkstellig deur hul vertellings van die koloniale verlede sowel as die letsels daarvan in hul lewens in 'n postkoloniale Suid-Afrika.

2.10) Metodologie

Bloom (in Hambidge, 1989: 134) is van mening dat “die skrywer 'n teks [skep] uit sy/haar gerepresseerde onbewuste”. Juis om hierdie rede is die psigoanalitiese beginsels belangrik om die teks te interpreteer. Hambidge (1989: 120) verduidelik: “Wanneer die psigoanalise toegepas word op ... literêre tekste – is dit meesal uitsluitend om kennis van die onbewuste in die algemeen én sy meganismes te verkry.” Freud (in Devhardhi, 2009: 438) en Lacan (in Pun, 2018: 49) het geglo dat kunstenaars, digters, romanskrywers, dramaturge, ensovoorts hul kreatiwiteit as 'n soort terapie gebruik. Hulle gee uiting aan hul neurotiese spanning deur middel van kreatiewe werk. Sulke kreatiewe werk bied aan ons insig ten opsigte van die aard van die tipe werklikheid waarmee die moeders en dogters te kampe kry.

Daar is spesifieke metodes waarvolgens tekste binne die psigoanalitiese raamwerk gelees moet word. McManus (1998:1) meen vir 'n psigoanalitiese lees, is die fokus hoofsaaklik op een of meer van die volgende (waarvan die eerste twee relevant is vir hierdie studie):

- Die karakters: daar word na die karakters binne die teks gekyk en die literêre teorie word die instrument wat gebruik word om die karakters se gedrag en motiverings te ontleed.
- Die taal: die teorie word gebruik om die rol van taal en simboliek in die teks te analiseer.
- Die gehoor of leser: die teorie word gebruik om die trefkrag van die teks op dié wat dit lees te verduidelik.

Psigoanalitiese kritiek “with its attention to the unconscious, to the past and its disguised repetition ... is especially attuned to the displaced routes of colonial desire after the end of official colonial (or apartheid) rule” (Hook en Truscott, 2013: 2). Die moeders en dogters se onderdrukte psigiese toestand word toegeskryf aan die politieke verlede. Hook en Truscott (2013: 6) meen “it is with the notion of repetition – precisely what psychoanalysis interprets – that we can treat psychoanalytic interpretations themselves as a form of acting out the colonial past.” Hierop verduidelik Freud (in Hook en Truscott, 2013: 2): “The patient does not remember anything of what he has forgotten and repressed, but acts it out. He reproduces it not as a memory but as an action; he repeats it, without, of course, knowing that he is repeating it.” Met hierdie inligting in ag genome, word die komplekse individuele psigiese prosesse wat die moeder-dogter-verhouding, sowel as die identiteitskwessie onderlê, ondersoek.

2.11) Samevatting

Soos blyk uit die bespreking van die psigoanalitiese kritiek as teoretiese invalshoek, is die werk van Freud en Lacan gepas en belangrik vir hierdie studie waarin die ontwikkeling van die vrou en die komplekse moeder-dogter-verhouding bespreek word. Spivak se idees met betrekking tot die subalterne en agentskap sluit aan by die psigoanaliste se werk deurdat dit insig bied in die gemarginaliseerde posisie van die vrou en hoe die dogter kan losbreek vanuit tradisionele norme en 'n subalterne leefwyse. Soos voorheen genoem, word die geskiedenis nie in die bundels herskryf nie, maar 'n alternatief word daarop gegee. In die geval van hierdie studie is dit 'n alternatief wat vanuit 'n psigoanalitiese perspektief insig bied in die psige. Hierdie teorieë kan dus insiggewende leesstof oplewer met betrekking tot die moeder-dogter-tematiek.

'n Psigoanalitiese lees van die moeder-dogter-verhouding bring dus belangrike insigte na vore waarvoor ander teoretiese raamwerke moontlik blind is. Om 'n holistiese begrip te hê van

hierdie komplekse verhouding is belangrik, want die aard van die verhouding bepaal of lê die fondasie vir die toekomstige verhouding met die self en ander. Die studie poog om deur 'n psigoanalitiese ondersoek lig te werp op identiteits- en psigiese konstruksies en deur 'n postkoloniale raamwerk te kyk hoe die moeder-dogter-verhouding deur die uitwerking van die politieke verlede geaffekteer is.



HOOFSTUK 3

“Whether our relationship is strained or easy, hostile or amiable, we need our mother, if only in memory or fantasy, to conjugate our history, validate our femaleness, and guide our way ... It is a need that never leaves us in the best of mother-daughter attachments and, in the worst, yawns wider than the heart can bear” (Secunda in Dasher, 2008: 252).

3.1) Inleiding

In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na hoe die moeder-dogter-tematiek gestalte aanneem in die gedigte van onderskeidelik Ronelda Kamfer en Shirmoney Rhode se bundels *Hammie* (2016) en *Nomme 20 Delphi Straat* (2017). Die digters fokus intensief op die politieke verlede, die sosiale euwels, gemeenskaplike kwessies van die dag en die impak wat dit op hul gemeenskappe, hul moeders en hulself as subalterne vroue se psigiese en identiteitsontwikkeling het. Die tema van verlies (fisies en psigies) is ook ’n sentrale tema in die bundels, veral by Kamfer. Die digters tree in gesprek met hul biologiese en simboliese moeders om die aard van hierdie moeder-dogter-verhoudings te beklemtoon. Die bespreking word soos volg afgebaken: die verhouding met die biologiese moeder word ondersoek deur te spesifiseer wie dit is en hoe die moeder (haar karakter, verhouding met die dogter, en so meer) beskryf word; die sosio-politieke invloede onderliggend aan die moeder-dogter-verhoudings word ondersoek en terselfdertyd word die biologiese moeder-dogter-verhouding Freudiaans geïnterpreteer om ’n holistiese interpretasie te gee van die psigiese en identiteitskonstruksies.

3.2) Ronelda Kamfer se *Hammie*

In *Hammie* tree Kamfer in gesprek met haar afgestorwe biologiese moeder. Die bundelomslag maak die leser daarvan bewus deur middel van die bundeltitel en die ou, verbleikte foto van ’n swart vrou, haar “Hammie”. Die “bedrieglik-eenvoudige” titel *Hammie* is volgens Vermeulen (2018: 90) die Kaapse, meer intieme, aanspreekvorm vir “ma, moeder, mammië”. Dat Kamfer in ’n volwasse stadium steeds haar ma op hierdie wyse aangespreek het, wys op die hegte band wat sy met haar ma gehad het ten spyte van hul jarelange komplekse verhouding. Aansluitend hierby verduidelik Hambidge (in Jacobs, 2018: 9): “Die bundel aktiveer Nancy Friday se *My mother/my self* (1977) en hoe die vrou-as-digter (in die besonder) haar self posisioneer teen die moederfiguur.” Kamfer posisioneer haarself teen die gemarginaliseerde verlede (patriargale mag) deurdat sy wegbreek van die jarelange tradisies soos voorgehou deur die

patriargale mag. Daar is terselfdertyd posisionering teenoor haar moederfigure wat dié tradisies (bewustelik en onbewustelik) voortgesit het. Hierdie posisionering en opstand teenoor die gemarginaliseerde verlede word die vereiste vir 'n radikaal-anderse en gedekoloniseerde psige. Gevolglik is 'n alternatiewe lewenswyse moontlik waarin Kamfer agentskap kan beoefen en 'n nuwe tradisie kan begin en aan haar dogter kan oordra.

Buiten die moeder-dogter-tema, wat ook die dood, verlies, terleurstelling en liefde betrek, raak sy ook ander belangrike temas aan wat die dominante tema beïnvloed. Neplenbroek (2018) brei uit: “Tussen de regels door schotelt Kamfer de lezer een sterk staaltje feministische maatschappijkritiek voor.” Die gedig “Sterk staan vir plat skoene” belig haar sterk politieke kommentaar oor kwessies soos feminisme en rassisme wat die moeder-dogter-verhouding onderlê en ook affekteer. Ook word die kwessie van die subalterne wat haar stem ontdek en laat opklink in die gedig belig. (Dit word later bespreek.) *Hammie* is dan 'n huldeblyk aan haar afgestorwe biologiese moeder en terselfdertyd 'n huldeblyk aan 'n gemarginaliseerde verlede, die groef waarin haar moederfigure hul bevind het. Die bundel is 'n huldeblyk aan die pyn, terleurstellings en frustrasies waarop hierdie verhouding gegrond was. Dit is 'n vaarwel aan die ou “Nelda” en die generasie-vloek soos sy gereed maak vir 'n nuwe tradisie waarin sy en die generasies na haar agentskap kan uitoefen.

Die ou foto met die spesifieke kleurskemas soos die vergeelde kolle, byna roes-agtig, dui waarskynlik, naas die ouderdom van die afdruk, op die liggaamlike verganklikheid van die mens, hoofsaaklik die moeder, die eerste liefdesobjek (Vermeulen, 2018: 91). Die verouderde foto herinner ook aan die voorblad van 'n begrafnis pamflet en berei dus die leser voor vir die basiese instelling en toonaard van verlies. Die foto dui op verganklikheid en die tema van verlies wat handel oor die ma se naderende en uiteindelijke dood. “Hammie” se kop is aan die bo-kant effens afgesny, wat psigoanalities gesproke oor veelduidige betekeniswaarde beskik. Kamfer maak plek-plek in die bundel, asook in onderhoude, melding van hoe haar ma deur die jare verander het: fisiek, maar ook op innerlik-emosionele vlak met die klem op die psige. Die effens afgesnyde kop suggereer 'n leemte of verlies ten opsigte van die psigiese afstanddoening van haar dogter en uiteindelik permanente verlies in terme van die dood, 'n direkte gevolg wat verband hou met die koloniale verlede. In die bundel word dit deurgaans duidelik dat sy haarself begin verloor het tydens die proses van moederskap en vrouwees weens haar uitdagende en verdrukkende omstandighede.

Die effens afgesnyde kop kan ook aandui hoe die spreker haar moeder onthou en beskou: dat sy wel fisies, maar nie altyd emosioneel en psigies volledig teenwoordig was nie, met die gevolg dat daar mettertyd 'n emosionele afstand tussen moeder en dogter ontstaan het. Namate Kamfer ouer geraak het en die moeder pogings begin aanwend het om die emosionele afstand te oorbrug (“Torrington” en “Humble brag”) was dit moontlik reeds te laat weens die diepliggende emosionele en psigiese skade wat die dogter deur die jare opgedoen het. Gevolglik is hul moeder-dogter-verhouding negatief beïnvloed.

Op 'n ligter toon kan die effens afgesnyde kop dui op die verhouding wat sy as 'n eens sorgvrye kind met haar ma gehad het. Die wyse waarop die foto op kamera vasgevang is, dra by tot die gevoel dat dit deur 'n onervare fotograaf, 'n familielid of 'n kind (moontlik Kamfer self), geneem is. Dit versterk die gevoel dat die leser hiermee die intieme, persoonlike ruimte van die digter-spreker betree (Vermeulen, 2018: 91). Ook lyk die moeder sorgvry en vrolik op hierdie foto wat gelukkiger tye impliseer en die neem van foto's, die vasvang van hierdie tipe momente verwys na die tipe band wat sy en haar moeder gedeel het, dat daar 'n tyd was toe omstandighede minder gekompliseerd was. Bygesê, kom die liggaamstaal van haar ma oop, ontspanne en natuurlik voor, maar steeds ietwat gereserveerd en terughoudend (Vermeulen, 2018: 91). Die effens afgesnyde kop dui ook op die alreeds psigies- kwynende toestand van die moeder op daardie tydstip, maar dat hierdie sorgvrye en gelukkiger oomblikke op kamera die wyse is waarop sy, ten spyte van al die onaangename herinneringe, haar ma wil onthou.

“Hammie” staan op 'n perron en leun teen 'n stasienaambord teen die agtergrond van 'n gebou wat beide 'n huis of 'n stasiegebou kan wees. Indien dit 'n stasie is (moontlike trein-spoor wat tussen die perronne lê), het dit verskeie konnotasies met die dood wat geïnterpreteer kan word as 'n reis, die oorgang na die hiernamaals en die tema van afskeid neem of “totsiens” sê (Vermeulen, 2018: 92). Alhoewel die hooftema van die bundel die verwerking van die moeder se dood is, is die omslag nie donker en depressief gekleurd nie, maar 'n helder skakering van pienk. Die digter treur, maar bring terselfdertyd met dié bundel eer en hulde aan haar moeder. Die gebruik van 'n foto ondersteun laasgenoemde stelling en verleen egtheid aan die bundel. Cirlot (in Vermeulen, 2018: 92) dui aan dat pienk simbolies die kleur van sensualiteit en emosies is en violet met nostalgie en herinneringe verbind word, “because it is made up from blue (signifying devotion) and red (passion)”.

Die implementering van hierdie kleure belig die simboliese betekenis van die bundel en dra by tot die herinneringe aan die moeder en die verwerking van haar dood. Ook dui die pienk

waarskynlik op die sterk en rou emosies waardeur die spreker in die bundel moet werk, naamlik emosies van jarelange woede, teleurstellings, hartseer en uiteindelik ook verlies. Vermeulen (2018: 93) meen dit is 'n pienk wat nie bang, versigtig of bejammerenswaardig is nie, wat suggereer dat die spreker nie skaam is oor die oorweldigende en meestal teenstrydige emosies wat sy teenoor haar moeder ervaar nie (“Onrus” en “Lae lewens”). “Dit is allermins 'n treurmare (die moeder word nooit as 'n perfekte figuur voorgehou nie) en daarom is die helder pienk ... ook 'n aanduiding van die spreker se onomwonde uitbeelding van haar moeder se menslikheid en vroulikheid” (Vermeulen, 2018: 93). Die pienk kleur van die titel word in die onderrok wat by die moeder se romp uitsteek, herhaal, en verbind sodoende die titel aan die figuur op die voorblad.

Die breë strook teer of sement onder “Hammie” se voete en waarop die bundeltitel en digter se naam verskyn, suggereer die herinneringe aan haar moeder, goed en sleg, wat behoue bly deurdat dit die sterk fondasie van morele waardes en lewenslesse gevorm het wat haar ewig gaan bybly. Nes die sement of teer het die waardes, lewenslesse en herinneringe aan die moeder, blywende waarde in haar as oorlewende dogter en moeder se psige omdat dit haar subjekontwikkeling onderlê. Opvallend is die manier waarop Kamfer se naam gedruk is. In haar vorige bundels verskyn haar naam in hoofletters, maar nie hier nie. Vermeulen (2018: 93) argumenteer dat dit kan dien as 'n aanduiding van die weerloosheid en menslikheid wat die digter-spreker in talle gedigte wil openbaar. “Alhoewel sy steeds krities is van sosio-maatskaplike probleme, is daar 'n intieme ontbloting van die pyn en innerlike worsteling wat sy met die afsterwe van haar moeder ervaar en gevolglik moet verwerk” (Vermeulen, 2018: 93).

Op die vraag: “Is jy dieselfde soort ma as wat jou ma was?” het Kamfer in 'n onderhoud met Van Niekerk (2016) geantwoord: “Dis moeilik om nou al te sê. My ma was 'n goeie ma en sy het my goed voorberei vir die dag wanneer sy dood is, dis al wat regtig tel, hoe jy jou kinders voorberei om sonder daai beskermende skild te kan aangaan. Ek probeer my bes om ook vir Seymour weerbaar te maak.” Soos reeds genoem, is Kamfer deurlopend eerlik oor die tipe verhouding wat sy met haar moeder gehad het. Sy huiwer nie om eerlik te wees oor hoe sy haar moeder ervaar het nie en praat openlik oor die herinneringe wat sy van haar het; die goeies en slegtes. Sy is brutaal eerlik. Oliphant (in Jacobs, 2018: 8) voer aan dat “hierdie is egter geen soete Moedersdag-odes waarin die deugde van die ma liries besing word nie. Nee, dis liewer die ontbloting van die diep maar onvolmaakte liefde tussen gewonde mense.” Die aanhaling op die agterblad van *Hammie* vat ook die toonaard van die bundel soos volg saam:

In haar eerlikste bundel nóg dig Ronelda S. Kamfer oor die intieme en komplekse verhouding tussen ma en dogter. In *Hammie* verwerk die digter die verlies van haar ma deur outobiografiese gedigte – genuanseerde verse waarvan die toonaard melankolies en ook ontstellend is. Sy dig oor haar grootwordjare op die Kaapse Vlakte, oor Afrikaans, ras en klas, en oor moederskap, maar bowenal ontgin sy dít wat ongesê bly tussen ouers en kinders, tussen vriende en kennisse, tussen familieledede. Met *Hammie* verwoord Kamfer meer as net die leefwêreld van ’n generasie of kultuur: sy bevestig haar unieke, volwaardige digterstem in Afrikaans.

Kamfer werp lig op verskillende interpersoonlike relasies waarin sy haarself bevind, maar die komplekse verhouding tussen moeder en dogter word veral beklemtoon. Die bundel word geopen met drie motto’s wat aanhalings is uit drie Amerikaanse liedjies. In al drie motto’s is daar verwysings na die nag, emosies van pyn en hoe herinneringe verwerk word. Taljard (2016: 95) meen die simboliek van die kleure van nag en donkerte en die helder pienk van die omslag, stem ooreen met die sentimente wat deur middel van die liedjies oorgedra word. Ook versterk hierdie aanhalings die tema van die moeder-dogter-verhouding in die bundel soos Kamfer die dood en verlies van haar moeder verwerk. Vir hierdie studie is die aanhaling uit Tupac Shakur se liedjie “Dear Mama” van belang omdat dit iets is wat sy met haar moeder gedeel het toe sy nog geleef het. In ’n onderhoud met Van Niekerk (2016) verduidelik Kamfer dat sy en haar suster, Allisen, aan wie sy hierdie bundel opgedra het, een Sondagmiddag hierdie liedjie vir hul ma ge- “rap” het,

Al het my ma nooit regtig oor haar eie goed gepraat nie, weet ek dat sy die laaste paar maande van haar lewe deur ’n baie moeilike tyd gegaan het. Toe ek amper twee jaar later die eerste keer weer kon skryf, wou ek my eie weergawe van “Dear Mama” skryf, eerlik, mooi en onsentimenteel, iets wat haar lewe opsom en ook die lewe van ander hammies, veral van haar generasie.

Met laasgenoemde verwys sy na swart vroue wat soortgelyke ervarings deurgemaak het as haar moeder. Kamfer noem:

Ek skryf vir mense wat nie belangstel in boeke of poësie nie, mense wat nooit by kunsfeeste kom nie. Ek skryf vir gewone mense, soos my ma en haar skoonmaker- en fabriekswerker- vriende, daai generasie wat lewens vernederings vir hul kinders geborsvoed het, wie se kinders daarom hulle pyn en woede verstaan (Van Niekerk, 2016).

Die orale psigoseksuele fase kan hier toegepas word. Waar Freud na fisiese borsvoeding verwys, is die figuurlike betekenis hier van belang. Borsvoeding en melk as die voedingstof word ’n metaforiese voorstelling van die waardes (hetsy goed of sleg), in hierdie geval,

“lewensvernederings”, “pyn” en “woede”, wat Kamfer se moeder vir haar gedurende hierdie lewensfase “geborsvoed” het. Laasgenoemde negatiewe waardes het die fondasie gevorm van Kamfer se psigiese ontwikkeling deurdat haar moeder se leefwyse dit gereflekteer het. In die gedig “Lae lewens” belig Kamfer laasgenoemde in reëls 6-10 wanneer sy sê: “sy was my ma/ en sy het my geleer / hoe om nie lief te wees / vir myself nie”. Die belangrike rol van die moeder as rolmodel word hier beklemtoon deurdat sy die toonaanwyser is vir haar dogter. Kamfer se persoonlikheid en karaktervorming word dus negatief geaffekteer wat implikasies inhou wanneer dit kom by die konstruksie van die superego. Volgens Freud kan dit lei tot ’n onderontwikkelde superego en gevolglik die ontwikkeling van gulsigheid en inhaligheid in ’n latere stadium.

Die gedig “Scream” belig Kamfer as sukkelende “ek” wanneer sy haar grootwordjare en destydse huislike omstandighede beskryf. Sy druk die begeerte uit om in ’n huis te kon grootword waar die omstandighede anders was, “toe ek jonger was / was daar ’n deel van my / wat gewens het ek was / ’n child of divorced parents”. Laasgenoemde wens is ironies sienende dat sy in ’n stabiele, middelklaswoning grootgeword het. Sy belig die skyn wat met die meeste middelklasgesinne gepaardgaan en die onstabiele psigiese toestande wat uit so ’n gesinsopset kan spruit. Die handhawing van ’n goeie reputasie in hul gemeenskap was vir haar ouers belangrik, selfs al was hul gesinslewe aan’t verbrokkel. Die beskermende skild of liefde wat sy van haar ouers nodig gehad het, het ontbreek. Gevolglik moes sy vroeg leer om op haar eie te staan. Weens haar omstandighede is sy geforseer om vroeg psigiese volwassenheid te bereik.

Sy ken nie die vryheid en sorgeloosheid wat met kind-wees gepaard gaan nie. Die gedurige regressie na haar kinderjare en die herinneringe wat daarmee gepaard gaan, dui daarop dat sy probeer sin maak van die verlede deur dit in versoening te bring met die hede. Sy ervaar konflik binne-in haarself weens die effek wat gebeurtenisse uit die verlede op haar subjekvorming gehad het. Deur middel van regressie as verdedigingsmeganisme poog sy dus om die psigiese konflik wat sy ervaar uit te pluus. As kind of jong meisie het sy traumatiese ervarings beleef gedurende die latente psigoseksuele ontwikkelingsfase waar die vereiste is dat kinders die huis moet verlaat, moet eksperimenteer, nuwe vriende maak en gesonde verhoudings kweek om uiteindelik tot ’n onafhanklike individu te ontwikkel.

Die seksuele mishandeling deur pedofiel-pa’s en -ooms wat sy en haar vriendinne moes deurmaak gedurende hierdie kwesbare lewensfase het verdere psigiese skade tot gevolg gehad. Sosialisering met hierdie negatiewe invloede het haar subjekontwikkeling negatief beïnvloed

wat daartoe gelei het dat sy ongesonde lewenskeuses gemaak het gedurende hierdie lewensfase. Die drange van die id het haar besluitnemings oorheers en gevolglik het sy wangedrag geopenbaar soos gesien in die gedig “Motte is duiwels”, waarin sy erken “ek drink / ek rook / ek lieg”.

Die superego as morele kompas se vermanings is dus vermy weens die implikasies verbonde aan die konstruksie daarvan. Gevolglik is alle goeie morele waardes geïgnoreer of verontagsaam en is die verdedigingsmeganismes waarmee die impulse van die id deur die superego beheer moes word en op sosiaal-aanvaarbare maniere uitgedruk moes word, nie suksesvol geïmplementeer nie. Sy verduidelik in “Slapende honde”, “ek het gedrink omdat ek suicidal was / en om dronk te wees / was my denial en erkenning / om dronk te wees / was my plastic gun teen die kop”. Die woorde “plastic gun” belig die spreker se lafhartigheid en die wrang humor in die gedig. Die ambivalensie tussen “erkenning” en “denial” dui op die psigiese stryd waarin sy gedurende hierdie fase van haar lewe verkeer het. Die woord “erkenning” impliseer dat sy bewus was dat haar optrede teen haar morele beginsels was en dat sy nie in daardie psigiese toestand vasgevang wou bly nie. Sy wou hulp hê, beide ’n psigiese en fisiese uitkoms vanuit haar verdrukkende omstandighede.

Gedurende hierdie psigiese stryd het sy nie die ondersteuning van haar moeder gehad nie, aangesien sy nie daarin kon slaag om ’n luisterende oor te wees en emosionele ondersteuning te bied toe die spreker dit die nodigste gehad het nie. Die gedig “Motte is duiwels” belig laasgenoemde emosionele afstand in hul verhouding: “maak nie saak hoeveel keer / ek probeer aan my ma explain het” en “elke keer as ek ’n bietjie fed-up was / en myself met ’n blade gesny het / het sy gehardloop na die naaste heks / of siener”. Die spreker het nie ’n heks of siener nodig gehad nie, maar die psigiese teenwoordigheid en ondersteuning van haar eerste liefdesobjek. Hier is dus suggestie van verlies aan moederlike liefde wat ’n blywende wond en gevoel van leemte veroorsaak. Self-mutilasie en besopenheid is gevolglik haar verdedigingsmeganisme, haar manier van ontvlugting en die wyse waarop sy die verlies hanteer.

Die spreker verduidelik in “Scream”: “my parents was / into the speak now / and forever hold your / pieces together” wat sinspeel op die huweliksformulier. Die lewenskeuses wat die ouers in hul huwelik gemaak het, word gereflekteer in hul verhouding met hul kinders. Dit blyk dat verhoudings of bande tussen die familielede swak was, want ’n goeie familienaam is hoër geag as die psigiese welstand van die individue in die gesinsfeer. In die titel “Scream” is daar

suggestie van die spreker as jong meisie se gebroke en desperate emosionele toestand. Die versreëls “and forever hold your / pieces together” beklemtoon laasgenoemde gebrokenheid. ’n Gebroke toestand wat die spreker as kind moes verberg en self moes deurwerk “want in ’n community / van middel-aged virgins / was ordentlikheid alles”. Teen dié agtergrond word die gevoelens van woede, moedeloosheid, hopeloosheid, frustrasie en desperaatheid deur die gedigtitel geïntensifiseer. Die spreker se psigiese toestand word metafores vergelyk met dié van “... ’n wit vrou / in ’n slasher(gru) film”. In die reëls “sy hardloop altyd upstairs / waar sy naturally doodgemaak word / deur ’n emo kid in ’n bad mask”, suggereer die woord “altyd” die oneindige en uitmergelende stryd van die ego (ek) en superego (waardesisteem) met die id (emo kid). Sy erken dat haar ego (die ware self) swak en oorweldig is en gedreig het om verswelg te word deur die id (rebelse lewenswyse van die emo kid) se eise.

In die gedig “Motte is duiwels” word die identiteitskrisis weereens belig wanneer die spreker nog ’n maal na haarself verwys as “emo”, die rebelse toestand waarin sy verkeer wat dreig om haar lewe te verongeluk. Die term “emo” is afgelei van die woord “emosioneel” en het aanvanklik verwys na ’n musiekgenre, wat uit die 1900’s dateer (Simon en Kelley, 2008: vii). Daar was iets omtrent die musiek wat veral jongmense wat uitgesluit of geïsoleerd gevoel het, emosioneel en depressief was, aangetrek het. Vanaf die laat 1900’s het die term “emo” stelselmatig tot ’n kultuur ontwikkel met ’n spesifieke modestyl en lewenstyl. Emo kan ’n lewenstyl wees, maar ook ’n tydelike fase wat betrekking het op die soeke na ’n eie identiteit gedurende die groei tot volwassenheid (Simon en Kelley, 2008: 2 en 41).

Laasgenoemde versreëls uit “Scream” kan letterlik verwys na haar kamer, ’n veilige spasie, as uitlaatklep vir haar emosionele wroeginge, pyn en frustrasie veroorsaak deur haar ouers se emosionele onbetrokkenheid, ’n direkte gevolg van die verdrukkende patriargale bestel. Die “emo kid in ’n bad mask” verwys na die spreker self, die gebroke en sukkelende tiener wat oorweldig is deur die impulse van die id, die donker en depressiewe psigiese toestand waarin sy vasgevang is. Laasgenoemde twee gedigte kommunikeer dan iets omtrent die ma se bewuste of moontlik selfs onbewuste onvermoë om haar dogter teen sekere sosiale euwels te beskerm. Sy het haar kind gefaal deur haar te leer, “forever hold your pieces together”, om ontstellende en pynlike materiaal te onderdruk in plaas daarvan om dit saam te verwerk.

Die kort emosioneel-gelaaide gedig “Alleen” belig Kamfer se eensaamheid: “daar was lig / hoop was ver”. Alhoewel die gedig ’n moontlike beskrywing kan wees van haar psigiese toestand na afloop van die moeder se dood, belig dit ook haar toestand voor die afsterwe. Dit

is sigbaar in die gebroke kommunikasie en emosionele afstand wat hul verhouding gekenmerk het. Kamfer het verlies ervaar in hul verhouding deurdat sy haar ma psigies verloor het terwyl sy nog geleef het. As 'n kind was sy weerloos in 'n gemeenskap waarin eenaardige dinge met jongmense en kinders gebeur het omdat sy nie 'n psigiese en emosioneel-sterk, ondersteunende en ingrypende ma-figuur gehad het nie.

Die gedig "Lae lewens" belig die moontlike redes agter die moeder se emosionele en psigiese toestand. Die spreker verduidelik in versreëls 1-7: "daar was 'n vrou in my lewe / wie so baie verraai was / dat haar hart 'n sirkel was / sy het haar vernederings / saam met haar badolie / in haar vel gevryf / sy was my ma". Die versreëls "haar hart 'n sirkel", "in haar vel gevryf" en die woord "verraai" suggereer die psigiese en fisiese toestand waarin haar ma verkeer het. Sy het rondgehoop met pynlike gerepresseerde herinneringe waarvoor sy nie kon of wou praat nie om die "vredes" te bewaar; "sy het haar vernederings / saam met haar badolie / in haar vel gevryf". Hier word die sikliese patroon sigbaar soos blyk uit die feit dat Kamfer ook vroeg moes leer om "vredes te bewaar" soos gesien in die gedig "Vir die voëls". Die gedig "Scream" is ook 'n voorbeeld, "forever hold your pieces together". Die moeder het die onaangename herinneringe uit haar verlede so diep onderdruk dat dit deel geword het van wie sy is, "in haar vel gevryf". Sy het 'n slagoffer geword van haar omstandighede en die patriargale mag omdat sy nie daarin kon slaag om haar psige te beheer en agentskap uit te oefen nie.

Die moeder het haar hele lewe lank die negatiewe emosies wat sy gedurende haar grootwordjare ervaar het, onderdruk. Dit het daartoe gelei dat haar verlede haar ego verswelg het en sy psigies self-vervreemding ervaar het. Van Dyk (1988: 17) is van mening dat alhoewel verdedigingsmeganismes die individu help om tydelik te vergeet of angste te verminder, los dit nie die probleem op nie. Die identiteitsontwikkeling van die individu kan negatief beïnvloed word indien die implementering van verdedigingsmeganismes 'n permanente responspatroon op verlies en angste word (Van Dyk, 1988: 17). Die moeder het nooit vrede gemaak met dit wat met haar gebeur het nie, dit nooit verwerk nie en gevolglik het dit, gepaard met haar alreeds verdrukte posisie in die samelewing as swart vrou, erge psigiese en emosionele skade tot gevolg gehad. Die diep seer en donker geheime waarmee die moeder moes saamleef en wat sy nooit verwerk het nie weens haar onvermoë om daarvoor te praat, is iets wat sy heel moontlik in haar eie ouerhuis aangeleer het.

Ook sy het moontlik nooit die emosionele ondersteuning van haar moeder ontvang of 'n oor gehad wat na haar wou of kon luister nie en is gevolglik tot stilswye gedwing. Die gedig "Box

cutters” bevestig laasgenoemde wanneer dit lig werp op die reaksie en psigiese toestand van die ouma wanneer haar kleindogter ’n traumatiese gebeurtenis beleef en met haar deel. Die spreker verduidelik in reëls 1-11: “ek kan nie presies onthou / wat daai dag alles gebeur het nie / ek weet ek was alleen / dit was oggend / drie mans in werksklere / ’n grasmasjien / ’n box cutter / een het my van agter gegryp / die ander / het die box cutter teen my keel gedruk / die ander een het my bene onder my uitgeslaan”. Haar ouma se reaksie wanneer die spreker dit met haar deel, is skokkend, “toe ek die voordeur oopmaak / vertel ek my ouma wat gebeur het / sy staar vas teen ’n dooie muur / en sê ek moet winkel toe gaan / om brood te gaan koop”.

Die ouma se oënskynlike ongevoeligheid suggereer iets van haar psigiese toestand en verklaar die rede vir die psigiese toestand van Kamfer se moeder. Hier word dit deels duidelik hoekom “Hammie” se lewensverhaal so tragies was. Chodorow (in Ashraf, 2017: 79) beskryf haar moeder se situasie treffend: “Women define themselves relationally, especially in relation to mother issues.” Die woord “sirkel” dui dan op die ongesonde siklus van komplekse moeder-dogter-verhoudings waaruit haar ma nie kon loskom nie en dus voortgesit het in haar verhouding met Kamfer.

Met laasgenoemde sikliese kwessie in ag genome, word die bespreking van Kamfer gedurende haar emo-lewensfase voortgesit. Die term “emo kid” het destyds ’n negatiewe konnotasie verkry weens die stereotipiese beskrywing van kinders of individue wat met verkeerde dinge eksperimenteer, dit wat teen die norm is, soos byvoorbeeld dwelms en allerhande duistere aktiwiteite. Hierdie eksperimentering geskied veral gedurende die geslagtelike psigoseksuele fase, maar waar Freud sosiaal-aanvaarbare aktiwiteite beklemtoon vir hierdie ontwikkelingsfase, belig die spreker hier aktiwiteite wat taboe of onaanvaarbaar is in die samelewing. Ook is die fokus nie juis op toekomstige planne nie weens die bewuste se bemoeidheid met die verdrukte omstandighede en identiteitskrisis wat sy ervaar. Sy wend haar gevolglik tot dwelms as tydelike verdowingsmiddel vir die psigiese en emosionele pyn. Die tweede versreël “daar was lig” in die gedig “Alleen” suggereer egter iets positiefs; dat sy wel hoop gehad het vir ’n alternatiewe en gelukkiger bestaan en dat dié hoop bewustelik en onbewustelik haar dryfveer was. Hier word die “weerbaarheid” waarna sy in haar onderhoud met Van Niekerk (2016) verwys, sigbaar. Alhoewel Freud van mening was dat moraliteit en waardes, hetsy positief of negatief, sonder enige modifikasie deur kinders geïnternaliseer word, is dit moontlik dat die teenoorgestelde kan plaasvind.

Kamfer het, anders as haar ma, nie haar omstandighede die mag gegee om haar ego te verswelg en te domineer nie. Weens die feit dat sy vroeg onafhanklikheid moes aanleer, kon sy haar waardesistiem modifiseer deur die negatiewe waardes te onderdruk en die positiewe waardes te internaliseer. Hieroor sê sy: “My ma was ’n goeie ma en sy het my goed voorberei vir die dag wanneer sy dood is, dis al wat regtig tel” (Van Niekerk, 2016). Sy het verkies om op die positiewe te fokus en dis hier waar die ommeswaai plaasgevind het vir haar toekoms, asook dié van die generasie na haar. Sy noem (in Terblanche, 2014) met betrekking tot die emo-fase wat sy beleef het: “Dis maar net ’n geval van ‘been there; done that’. Dit was deel van my eksperimentele fase, en ek veronderstel dit het my wyser gemaak. Nou oordoen ek niks meer nie, want te veel van enigiets is nie goed vir ’n mens nie, glo ek.”

Die moeilike omstandighede rondom haar kinderjare kon haar dus nie psigies en fisies van stryk bring nie weens haar goed ontwikkelde ego en superego wat die id se drange weer suksesvol kon beheer en reguleer. Die gulsigheid waarna Freud in die orale fase verwys, verkry simbolies hier ’n positiewe konnotasie soos blyk uit Kamfer se gretigheid om die generasievloek te verbreek deur te verhoed dat dit herhaal word in die moeder-dogter-verhoudings van die generasies na haar. Hier is dus suggestie van ’n outonome en onafhanklike identiteitsontwikkeling by die spreker.

3.2.1) Postkolonialisme, subalterniteit en agentskap

Die effense afsny van Hammie se hare en té veel sement op die voorblad (wat soos reeds verduidelik die waardes en norme, insinueer) kan ook minagtend geïnterpreteer word met verwysing na die moeder se gemarginaliseerde toestand. Dit kan geïnterpreteer word as die minagtende houding wat die samelewing teenoor swart vroue huldig (Vermeulen, 2018: 91). Die sement verkry dan ook ’n negatiewe konnotasie deurdat dit die minagtende en dominerende norme en sosiale wette voorstel wat vanuit die patriargale bestel vloei waarvan haar ma nooit psigies kon loskom nie. Hierdie interpretasie word doelbewus gejuksaponeer met die opheffing van die moederfiguur in die bundel, “spesifiek die swart vrou as moeder in uitdagende sosio-ekonomiese omstandighede” (Vermeulen, 2018: 91). Op hierdie manier werp die bundel lig op die harde en hartseer realiteit en die sorg van die swart vrou-ervaring wat in verband gebring word met die moeilike taak van moederskap en die heengaan van die moederfiguur. Die ontwikkeling en aard van die komplekse moeder-dogter-verhouding staan parallel teenoor die ontwikkeling van die spreker se identiteit.

In die gedig “Bellville” kom die klasse- en arbeidsituasie onder die loep wanneer die spreker haar ma se werkopset en gevoelens teenoor wit mense belig. In strofe 1 gee sy agtergrond van haar ma se werkopset: “toe ek klein was, was ek eenkeer / saam my ma Bellville toe / waar sy wit mense se huis / gaan skoonmaak het / die vrou van die huis / het voorgestel sy moet / my saambring / omdat sy ’n seun het van dieselfde ouderdom”. Die kwessie van witbevoorrting word uitgelig in die reëls “waar sy wit mense se huis / gaan skoonmaak het” en in strofe 2 word die kwessie van rassisme bygebring, “toe ons daar kom het sy heelyd vir my ma gesê / hoe ongelooflik mooi ek is / en hoe sy nie tyd het vir rassisme nie / die nuwe bedeling gaan al die haat stopsit”. Hier is fyn ironie sigbaar deurdat die spreker indirek die spot dryf met die geveinsdheid van die wit vrou wat in haar bevoorrting kan verklaar dat sy nie ’n rassis is nie, maar al die jare voordeel uit apartheid getrek het.

Die wit vrou poog om rassistiese bewustheid by die kinders in te skerp deur dit by hulle tuis te bring dat almal, oor rassegrense heen eintlik dieselfde is. Weereens ironies, soos blyk uit die werkopset waaruit sy as wit vrou voordeel trek wat die rasse-skeiding versterk. Die spreker se ma se optrede staan in kontras met dié van die wit vrou omdat gesien in haar stil weerstand teenoor wit bevoorrting. Die spreker, as dogter, imiteer hierdie stilswye soos uitgebeeld in strofe 3: “my ma het nooit geantwoord nie / en het net verder skoongemaak / die seun het my kom haal / om buite by die swembad te kom speel / saam met hom en sy suster / hy het my gevra of ek hou van swem / ek het hom nie geantwoord nie / sy suster wou weet of ek sweeties wou hê / ek het haar ook nie geantwoord nie”. Deur middel van hierdie stil weerstand poog die moeder om ’n belangrike lewensles by die dogter tuis te bring.

Dit is opvallend hoe die stil weerstand van die moeder in hierdie stadium haar dogter se keuses en identiteitsontwikkeling affekteer. Die vorming van weerbaarheid is belangrik, veral omdat Kamfer in hierdie stadium die latente fase ondergaan. Sy moet volgens haar morele kompas selekteer watter waardes sy moet internaliseer uit haar relasies met ander omdat die superego voorts tot in adolessensie deurlopend deur ander rolmodelle buite die familiesfeer beïnvloed word, soos in “Sterk staan vir plat skoene” belig word. Die moeder se rol is dus belangrik ten opsigte van die fondasie wat gelê word wanneer dit kom by die kind se ingeligtheid omtrent rassekwessies. Die moeder se stilswye suggereer nie swakheid nie, maar spreek iets van die weerbaarheid aan binne hierdie opset waaraan sy haar kind blootstel. Sy wil haar dogter weerbaar maak teen die invloed van patriargie, iets wat haar eie moeder (moontlik) nie vir haar geleer het nie.

In die laaste strofe vra die spreker vir haar moeder raad ten opsigte van die keuse wat sy moet maak: “toe ek en my ma later huis toe stap / het ek haar gevra / of ek vriende moet wees met hulle”. Volgens Barnaz (2017) “stijgt haar moeder torenhoog uit boven het huis van de witte mensen, boven alle onderdrukte woede om de gevolgen van apartheid” wanneer sy antwoord: “... nee / hulle is te morsag / daai klimmeid is so groot / maar sy was nie eens haar eie pantie uit nie”. Hierdie slotstrofe belig haar ma se woede wat deur die jare opgebou het en wat spruit uit die posisie wat sy beklee as onderdrukte swart vrou in die samelewing, die feit dat sy swaarkry, wit mense se huise moet skoonmaak en hul kinders se “panties” moet was. Die uitbuiting van huishulpe kwel haar deurdadig dit vernederend en degraderend is.

Boswell (2010: 188) belig die onreg in hierdie werkopset en is van mening dat swart vroue as huishulpe hulself minder ag as slawe, soos blyk uit hul werkomstandighede: “No employment from the law; no laws stipulating minimum wages or reasonable working hours; no unemployment insurance, maternity leave, or sick leave; and the constant threat of instant dismissal.” Om in sulke omstandighede te werk was en is steeds vir sommige swart vroue die ergste vorm van uitbuiting en verdrukking, veral omdat hulle min tyd het vir hul eie families en ’n sosiale lewe. Die emosionele afstand, vervreemding en frustrasie wat Kamfer ervaar ten opsigte van haar verhouding met haar moeder spruit dan grotendeels uit die ongelyke werkopset van haar ma wat ’n direkte gevolg is van patriargale uitbuiting en verdrukking.

Cock (in Boswell, 2010: 190) verduidelik deur gebruik te maak van huishulpe word blanke kinders gesosialiseer “into the dominant ideological order and learn the attributes and styles of racial domination from relationships with servants, especially ‘nannies’”. Dieselfde geld vir bruin of swart kinders wat woedend en gepolitiseerd grootword weens die blootstelling of bewuswording van hul moeders as huishulpe en die ongelyke behandeling wat daarmee gepaard gaan. Die spreker se waarneming gaan hier gepaard met opvoeding omtrent die verdrukking van swart vroue in die werkopset weens witbevoorregting.

Rasse-onderskeid is ’n belangrike samelewingsverskynsel waarmee swart moeders gekonfronteer word en waarmee hulle as huishulpe en moeders rekening moet hou omdat hul moederskap daarop gebaseer of gebou word. Huishulpe word blootgestel aan die welvaart van die wit families vir wie hulle werk sowel as die relatiewe gemak waarmee wit vroue moederskap kan beoefen. Dit alles ten koste van hierdie huishulpe se gesinslewe wat ’n intense gevoel van ontneming in die lewens van hierdie swart vroue skep. Omdat hulle vir wit mense werk, intensiveer die gevoel van magteloosheid wat swart moeders ervaar omdat hulle nie in

staat is om die nodige emosionele ondersteuning aan hul eie kinders te bied nie en in die meeste gevalle ook nie 'n aktiewe rol speel in die lewenskeuses wat hul kinders maak nie weens hul fisiese afwesigheid (Boswell, 2010: 192).

Hierdie moeders ervaar gedurig magteloosheid en Boswell (2010: 193) is van mening dat “a deafening silence surrounds such losses of parental guidance and love due to apartheid in the broader, reconciliatory nation-building discourses of the “new” South Africa. They remain unacknowledged.” Deur die bewusmaking van klasse- en rasse-onderskeid deur kontak met wit mense te verbied, leer Kamfer se ma vir haar 'n waardevolle les – dat sy nooit tevrede moet wees met so 'n lewenstyl nie, dat sy hoër moet reik en iets beters met haar lewe moet doen. Die slotreëls van die gedig “Die skoonmakers” wat die geskiedenis van die spreker se familielede, spesifiek die vroue as huishulpe belig, bevestig laasgenoemde lewensles: “die aand by die huis het my ma my geskel / oor my kamer so vuil was / jy kan ook net vuil maak en nie 'n fok skoonmaak nie / ek dink daai was haar way om vir my te sê / ek moet iets anders met my lewe doen”. Dit word dan die doelwit waarna Kamfer psigies en fisies strew.

In laasgenoemde versreëls is 'n passiewe aggressie waarneembaar in die ma se opmerking wat 'n element van oorwinning en sege word deurdat sy die dryfveer word vir haar dogter se keuse om 'n ander lewenskoers in te slaan, 'n lewe waarin sy self agentskap kan uitoefen. Anders as haar moeder breek die spreker los van haar gemarginaliseerde posisie. Dit veroorsaak aanvanklik konflik in hul verhouding omdat hulle psigies verskillend gekonstrueer is. Sy maak egter terselfdertyd haar ma trots deurdat sy dapper genoeg is om dit te doen wat haar ma nie kon doen nie. Sy neem beheer oor haar omstandighede en kweek 'n tradisie wat lei tot 'n gesonde moeder-dogter-verhoudings.

Die gedig “Apartheid” werp lig op die outonome identiteitsontwikkeling van die spreker wanneer sy anders optree as haar moeder wat twee ongeskikte “boerklongens / uitgekak het”. In strofe 5 skets sy die konteks van die gebeurtenis: “die een het 'n blikkie na haar / en my antie geskop / sy het die blikkie opgetel / hy het gevra wat nou hotnot”. Haar ma se reaksie in strofe 6 is 'n teken van die diepliggende woede teenoor die wittes: “toe gooi my ma die blikkie / terug en sê is omdat jou / voorouers nie hulle trille / in hulle broeke kon hou nie / dat jy vir my kan skrie hotnot / jou vuilgat”. Op daardie stadium het die spreker haar moeder se dapperheid bewonder, soos gesien in strofe 7: “ek het gewens iemand noem my 'n hotnot to my face / sodat ek ook daai line kon gebruik”. Namate sy ouer geraak het, word dit duidelik dat sy egter tot ander insigte gekom het, soos blyk uit haar stil weerstand, 'n direkte gevolg van die

internalisering van die goeie waardes wat sy by haar ma geleer het (“Bellville”). Haar stilswye in die slotreëls is dus funksioneel en betekenisvol, “ek en my suster / het in die vlakwater gespeel / twee wit mans het verby ons gestap / ek kon die een hoor sê / is dit nou mooi / blêrrie kaffers / ek het niks terug / gesê nie”. Dit is opvallend hoe hierdie waardesisteem voorts haar superego en besluitname beïnvloed het.

3.2.2) Verlies en die dood

Kamfer ervaar dubbele verlies; eerstens weens die psigiese en fisiese dood van haar ma en die psigiese en fisiese afwesigheid van die ouma wat daartoe lei dat sy ’n identiteitskrisis ervaar wat lei tot ’n tweede verlies, naamlik die verlies van sekere gedeeltes van die self. Die verse waar die omstandighede rondom die spreker se moeder se dood geskets word, werp lig op die gekompliseerde ervaring van rou en verdriet en die ingrypende gevolge van hierdie emosionele toestand op haar identiteitsontwikkeling.

In die gedig “Ouma Nol” word Kamfer se komplekse verhouding met haar ouma belig wanneer sy die gebeurtenisse rondom haar ma se sterfdag beskryf. Haar “pedo uncle” wat deels verantwoordelik is vir die hartseer en depressie gedurende haar moeilike kinderjare (latente fase), het ook “kom condolences gee”. Sy het “mal geraak” en tot haar teleurstelling, tree haar ouma nie op soos sy verwag het nie. Voorheen was haar ouma onder meer “altyd gereed vir ’n fight” maar op die dag van Hammie se dood tree die ouma koud en afsydig op. Sy ondersteun haar nie, troos haar nie en, erger nog, verlaat hul huis saam met die pedofiel-oom. Haar ouma se psigiese en emosionele afgetrokkenheid het ingrypende gevolge op die spreker se identiteitsontwikkeling soos duidelik blyk uit die laaste versreëls: “en saam met haar vat sy / Grabouw my ma se ma / my oupa se Nol en vir klein Neldatjie”. Die spreker ervaar hier nie net die verlies van haar biologiese moeders en ’n plek waar sy grootgeword het nie, maar ’n verlies aan die gedeelte van haar eie identiteit wat sy aan Grabouw en haar ouma gekoppel het wat beide positiewe en negatiewe gevolge kan inhou.

Die verlies van so ’n groot deel van wie sy is, kan weereens ’n identiteitskrisis veroorsaak wat kan lei tot self-vervreemding en uiteindelik ego-verlies. Gevolglik kan sy in dieselfde psigiese groef beland as haar biologiese moeders. Uit die ervaring van verlies put sy egter iets positiefs deurdat sy tot die belangrike besef kom dat sy haarself kan verdedig met verwysing na die pedofiel-oom: “ek het mal geraak / en hom begin slaan toe hy instap”. Sy besef dat sy volgens haar eie keuse en waardes kan optree en dat sy anders as haar moederfigure gaan reageer op dit wat sy as verkeerd beskou (seksuele mishandeling deur pedofiel-ooms, marginalisering, en

so meer). Hier word weereens iets geïllustreer van haar persoonlike outonomie wat haar identiteitsvorming wysig. Sy vind 'n stem om hierdie agentskap te kan verwoord deurdat sy uiting gee aan die pynlike en frustrerende herinneringe wat gekoppel word aan die seksuele kindermolestering uit haar verlede; nie net fisies nie, maar ook psigies deurdat sy hierdie negatiewe herinneringe en gevoelens sublimier met woorde of die digkuns. Gevolglik word die onaangename herinneringe en gevoelens in die onbewuste psigies verwerk. Op hierdie manier verkry sy psigies beheer oor dit wat met haar gebeur het deurdat sy die verlies van die positiewe emosies (vrede en geluk) wat sy destyds in haar onskuld psigies ervaar het, herwin.

3.2.3) Droom-analise, verlies en die dood

In die gedig “Overberg” word die kwessie van agentskap verder uitgebrei omdat die spreker toenemend bewus word van haar rol as swart vrou. Ook staan die droom-aspek hier sentraal. In reëls 1-5 verduidelik die spreker: “gisteraand het ek gedroom / my ma was by haar eie begrafnis / sy het opgelet / dat die dood in 'n familie / net soos die lewe in 'n familie is”. Na afloop van haar moeder se dood en namate sy 'n eie stem vind, word die spreker toenemend bewus van die verkeerde dinge rondom maar veral ook in haar (psigies) deur middel van haar drome. Die feit dat sy oor hierdie dinge droom, is 'n teken dat daar materiaal in haar onbewuste onderdruk is wat haar psigies en emosioneel kwel. Fritz (2014: 253) verduidelik dat drome belangrik is wanneer dit kom by 'n verkenning van die onbewuste deurdat dit wat die individu nie verstaan nie of moeilik vind om te verwerk, oor en oor herhaal word totdat dit verwerk word.

Reëls 6-10 belig die materiaal in haar onbewuste wat sy moeilik vind om te verwerk: “my antie wat jare al kwaad is vir my / ma huil die hardste / my ouma sit iewers agter / tussen die familie / wat van ver af kom”. Laasgenoemde reëls suggereer die onderdrukte aggressie wat spruit uit familievetes en onopgeloste onderonsies. Nie eers haar moeder se dood is genoeg rede om omstandighede in die familie te verander nie. Wat veral opvallend is, is haar ouma se steeds emosionele onbetrokkenheid wat vererger het tot fisiese afstand. In “Nag II” verduidelik sy ook in 'n droom aan haar ma dat: “my ouma nou / kwaad is vir my”, iets wat die spreker moeilik vind om te verstaan en gevolglik moeilik vind om te verwerk.

Kamfer se drome werp dus lig op die probleme waarmee haar gedagtes onbewustelik in konflik is, probleme wat sy nie bewustelik kan hanteer nie. Die feit dat Kamfer se moeder telkemaal terugkeer in haar drome is 'n resultaat van haar bewuste, maar veral onbewuste begeertes, of wense. In haar drome het hulle die gesprekke wat sy nog altyd begeer het om met die moeder

te hê. Dit wat sy nog altyd vir haar wou sê en vertel terwyl sy geleef het, deel sy met haar. In haar drome ervaar sy ook onbewustelik die tipe moeder waarna sy altyd gesmag het. Deur middel van die drome verkry sy op 'n manier die verlore liefdesobjek terug en word haar onderdrukte verlange bevredig aangesien die psigiese afstand tussen hulle oorbrug word en die gebroke band herstel word soos gesien in reëls 16-18: “dis okay / my kind / ek is nou by die huis”.

Die gedig “Koud” belig die oorweldigende verlange na die liefdesobjek wat sy net na haar ma se dood beleef. Die woord “wag” beklemtoon die rouproses en hoe moeilik dit vir haar is om hierdie verlies te verwerk. Die gedigte “Dis wat die dood doen” en “Ma” belig ook die rouproses deurdat dit die psigiese en huislike toestande by die oorlewendes belig. In die beskrywing van die agteruitgang van die fisiese omgewing in “Ma” is daar ook 'n suggestie van die innerlike toestand na afloop van die moeder se dood, soos blyk uit reëls 3-5: “eerste het die hekke afgeval / die gras het doodgegaan / die plante het ophou groei” en reëls 7-9: “ek en my suster maak elke dag / kombuis skoon / maar dit bly vuil” en reëls 12-14 “my pa probeer hard 'n goeie ma wees / hy koop gereeld 'n klomp groente / maar niemand maak kos nie”. Hierdie versreëls illustreer hoe die moeder se plek fisies leeg is by die huis, maar ook psigies by die agtergeblewenes.

Reëls 7-9 kan 'n metaforiese verwysing wees van hoe moeilik die dogters die verlies van hul ma verwerk deurdat hulle daaglik treur, “ek en my suster maak elke dag / kombuis skoon” maar die rouproses hou nooit op nie, “dit bly vuil”. Hul psigiese toestand word hier geprojekteer op die fisiese omgewing waarin hul ma fisies geleef het. Nes die fisiese omgewing verander het sedert die moeder se sterfte, so het hulle ook innerlike veranderinge ondergaan. Die losmaak van hul eerste liefdesobjek is dan 'n langdurige en pynlike proses. Versreëls 6-8: “die dood is die ding wat weggaak / die ding wat jy vergeet het / en eendag skielik onthou” in die gedig “Dis wat die dood doen” belig ook die langdurige rouproses. In die slotreëls van “Dis wat die dood doen” verduidelik sy: “ek dra my ma se troueringe / maar dit maak my vingers seer” wat beteken dat sy nie die ma se rol pynloos kan oorneem nie. Freud (in Viljoen, 2014: 46) is van mening dat die verlies van 'n liefdesobjek moeiliker is om te verwerk en te internaliseer wanneer daar ambivalente gevoelens teenoor die liefdesobjek bestaan.

Die gedig “Onrus” beklemtoon Kamfer se ambivalente gevoelens teenoor die afgestorwe moeder waarin sy erken: “ek hoop sy rus / nie in vrede nie / ek hoop sy haat / waar sy is”. Hier is dit duidelik hoe die skryfproses nie noodwendig die gevoel van verlies en die rouproses makliker en draagliker maak nie, maar vererger deurdat dit 'n uitlaatklep word van beide die

goeie en slegte gevoelens wat sy teenoor haar ma koester. Hierdie gedeelte van die rouproses is egter belangrik weens die feit dat Kamfer uiting én erkenning gee aan hierdie negatiewe gevoelens sodat sy dit uiteindelik kan verwerk. Gevolglik word die onbewuste gestroop van hierdie negatiewe informasie wat haar psige en die goeie herinneringe aan haar ma oorskadu. In die gedig “Bang” is daar erkenning van die verlies van die liefdesobjek wanneer Kamfer besef dat haar ma “ophou bestaan het”. Hierdie erkenning word die voorwaarde vir die suksesvolle losmaking van die verlore liefdesobjek.

In die gedig “Troupanne”, reëls 29 tot 30 word die lewensituasie van die spreker belig wanneer sy haar ma se troupanne verkoop ter wille van oorlewing: “sy is my ma / sy moet my help”. Laasgenoemde versreëls asook die slotreëls, “sy is my ma / ek is haar kind” dui ook daarop dat die herinneringe aan die ma lewend gehou word deurdat sy na haar ma verwys asof sy nog lewe. Sy verkoop die ring ter wille van haar dogter, Seymour, soos gesien in die drie openingsreëls: “vandag was hier nie kos nie / Seymour het nie gevra / om hier te wees nie” en reëls 21 tot 24 “ek het ’n kind / ek is ’n ma / en sy moet eet / ek koop vir haar kos en medisyne”. Haar ma se troupanne word in die gedig aangewend as ’n middel om te oorleef en armoede te besweer. Hul swaarkry en die opoffering wat sy maak deur die verkoop van ’n waardevolle besitting ter wille van die oorlewing van haar kind is ’n refleksie van die opofferinge wat haar eie moeder vir hulle gemaak het. Kamfer verstaan uiteindelik haar ma se “struggle” soos gesien in die gedig “Sterk staan vir plat skoene” waar sy die bestaande norme van wat dit beteken om ’n swart vrou te wees in ’n postkoloniale Suid-Afrika, uitdaag met haar sterk politiese en feministiese kommentaar. Jacobs (2018: 84) verduidelik “Dié outobiografiese Kamfer gedig bevestig die belangrike verband wat bestaan tussen seksisme, rassisme en klassisme.”

In die gedig verkry sy as gemarginaliseerde swart vrou, maar veral haar afgestorwe moeder wie se stem uitgedoof is deur die patriargale bestel, opnuut ’n stem. In reëls 5-8 verwys die spreker spesifiek na die Amerikaanse feministe (rolmodelle buite die gesinsfeer) wat vir gelykheid tussen vroue en mans geveg het en hoe sy as ’n jong swart meisie hierdie feministe bewonder het: “Amerikaanse feminisme / het my geleer / dat vrouens als kan doen / wat mans kan doen”. ’n Mens kan verstaan hoekom die spreker helde gesoek het buite die familiesfeer. Omstandighede het dit soms moeilik gemaak om die moeder en ouma as helde te beskou. Met die terugblik op haar grootwordjare en die vergelyking van die Amerikaanse feministe met die vrouens in haar lewe, kom sy egter tot die belangrike besef in reël 10: “my ma’le het gefight vir survival”.

Hierdie besef word beklemtoon deurdat dit alleen in 'n strofe staan. Die besef dat die “rewolusie” nie vir haar ma-hulle van seksuele aard was nie, word opgehef. As volwassene verstaan die spreker en kan sy nou “sien waarvoor / my ma’le gefight het”. Sy kom tot die besef dat hul stryd teen die onderdrukking en armoede was wat gespruit het uit rassisme en klassisme, 'n direkte gevolg van die patriargale bestel. Jacobs (2018: 85) verduidelik: “Dié stryd was so allesomvattend dat die spreker se ma-hulle nie die geleentheid kon hê om ook te veg vir seksuele gelykheid nie.” Soos die titel aandui, moes haar ma-hulle “sterk staan vir plat skoene” omdat hulle letterlik moes werk om te oorleef, om “van hulle knieë af te kom”. Met hierdie besef het die spreker 'n beter begrip verkry van die omstandighede agter die opofferinge wat haar ma moes maak en die belangrike rol van die swart vrou. Sy weet wat haar rol as gemarginaliseerde swart vrou is, naamlik om uit 'n toksiese siklus los te breek en die rewolusie voort te sit. Sy verklaar in reëls 11-13: “dit was 'n tyd in my lewe / toe alles verkeerd was / maar nou is alles reg”.

Dit is ook opvallend hoe Kamfer se rouproses met die proses van introjeksie geassosieer word. Die goeie waardes van die moeder soos onder meer die opofferinge en diepliggende liefde word deel van haar eie waardesisteem. Die verlore liefdesobjek word opgeneem in die struktuur van Kamfer se identiteit deurdat identifikasie met die verlore liefdesobjek 'n integrale deel van die rouproses word. Gevolglik word die verlore liefdesobjek in én as deel van die self behou. Die gedig “Gertruida” belig weereens die introjeksie-proses in reëls 6 tot 9: “my ma is bang dood / met 'n stukkende hart / ek tel die glasstukkies op / en begrawe dit onder my vel”. Hierdie “glasstukkies” word 'n integrale deel van haar identiteit. Abraham en Torok (in Human, 2007: 77) verduidelik dat die proses van introjeksie 'n noodsaaklike verandering in die topografie van die ego bewerkstellig deurdat die realiteit van 'n verlies op hierdie wyse in die psige (ego) geïntegreer word. Hoe meer identifisering met die verlore liefdesobjek plaasvind, hoe meer draaglik word die afwesigheid en verlies deurdat die psigiese leemte, 'n gevolg van die dood, gevul word. Gevolglik begin sy om die verlies van die moeder suksesvol te verwerk.

Met 'n besoek aan die begraafplaas in die gedig “Ethan, Seymour en die lesson” word lig gewerp op die herinneringe wat ook die kleinkinders van hul ouma het. Die spreker verduidelik in reëls 4-8: Ethan en Seymour het “besluit om van graf tot graf te gaan / en die demon vampires terug te slaan onder die grond / toe ons by my ma se graf kom het Ethan vir Seymour / aan die hand gevat en gesê this is ma she is frozen / in the tombstone she is not a demon vampire”. Die preserving van die mooi herinneringe deur middel van oorvertel is nog 'n belangrike manier om verlies teen te werk (Van der Spuy, 2013: 96). Deur middel van die introjeksie en

preservering van die goeie eienskappe en mooi herinneringe leef Kamfer se moeder voort in haar dogter en die volgende generasies.

Abraham en Torok (in Human, 2007: 78) verduidelik dat die verwoording van 'n verlies soos in die geval van Kamfer se verse, 'n deurslaggewende teken is van die introjeksie van die verlies, want dit beteken dat die psige daardie verlies geakkommodeer het. Hierdie proses kan eweneens ook met Freud se Fort-da-beginsel in verband gebring word, want deur middel van die skryfdaad, herwin Kamfer die herinneringe aan haar ma en haar grootwordjare. Hier vind sublimasie plaas deurdat die ma se liggaamlike afwesigheid simbolies deur woorde vervang word. Poësie is vir Kamfer 'n troosmiddel teen verlies deurdat taal vir haar die medium geword het waardeur die gevoelens van verlange en gemis uitgedruk en verwerk kan word soos gesien in die slotreëls van "Overberg": "ek staan op / gaan lees 'n gedig / want dis al wat ek het / om vir haar te gee".

Van der Spuy (2013: 84) is van mening dat die skryfaksie gebruik word in 'n poging om sin te maak van en beheer te kry oor dit waarmee 'n individu innerlik worstel. Die ambivalente verhouding tussen die spreker en taal word ook belig deurdat taal nie vir haar volkome kan troos in haar bedroefde toestand nie soos gesien in die gedig "Rocco de Wet" versreëls 3-13: "ek wou skryf om lewens te red / ek wou stories vertel / en die marginalised / acknowledge / ek wou 'n trail los / vir dié wat na my kom / maar / ek skryf in Afrikaans / die taal van die duiwel / die engel met die superiority complex". Kamfer se komplekse verhouding met Afrikaans kom onder die loep soos blyk uit die kode-wisseling tussen Kaaps, Afrikaans en Engels. Sy dig op hierdie manier om iets weer te gee van haar identiteit, wie sy werklik is, soos ook gesien in die versreëls: "ek wil nie meer / kinda coloured middelklas / kinda plaas / kinda ghetto wees nie / ek wil verskoning maak / dat ek nog altyd in 'n huis gebly het / en dat my Afrikaans suiwer is". Haar skryfstyl is nie net 'n vorm van verzet teen "suiwer" Afrikaans wat gedurende haar grootwordjare op haar afgedwing is nie. Dis ook 'n poging terug te eien en uiting te gee aan 'n gedeelte van die self, haar ware identiteit wat sy vir jare moes represser.

3.2.4) Die Persephone-mite en die matriargale teorie

Human (2007: 253) verduidelik dat digters hul toevlug in taal of die woord (skryfaksie) vind om hulself sodoende teen traumatiese ervarings van verlies te verweer en verzet. Die woord bied dus 'n tipe beskerming teen die verlies. Die ervaring van verlies in die verlede maak die spreker ook bewus van toekomstige moontlike verliese, byvoorbeeld die verlies van 'n kind deur die dood, asook verlies (deur vervreemding) van die self (Van der Spuy, 2013: 85). Die

verlies van die self kan ook deur middel van die Persephone-mite (Holtzman en Kulish, 2003) geïnterpreteer word waar die skeiding tussen moeder en dogter gedurende die sensitiewe oorgang van meisie tot vrouwees, die toetrede tot puberteit, 'n voorvereiste is vir die proses van individuasie. Die dogter moet 'n unieke en onafhanklike persoonlikheid ontwikkel.

Die individuasie-proses van die dogter word gesien as 'n tipe simboliese dood (die stroping van onskuld en sekere waardes) wat beide haarself en haar moeder affekteer, want vir die dogter om onafhanklik te wees, is skeiding of ten minste 'n afstand tussen moeder en dogter noodsaaklik. Persephone word deur Hades na die onderwêreld geneem waar sy haar maagdelikheid en ook onskuld verloor. Die woord “Hades” beteken “ongesien”, “verbode” sowel as “dood” en “woning van die dooies” (Holtzman en Kulish, 2003). Oorspronklik was Hades net die plek van die onderwêreld, 'n plek waar die dooies woon. Later in die geskiedenis is Hades ook verpersoonlik as 'n donker, aanloklike, aantreklike en onheilspellende man wat Persephone verlei, ontvoer of verkrag, afhangende van die weergawe van die verhaal. Demeter, Persephone se moeder, deursoek die hele aarde na haar dogter sodat sy haar kan terugbring na die lig. Hades laat Persephone op een voorwaarde toe om terug te keer na haar moeder. Sy moet granaatsaadjies eet, gevolglik sou sy elke jaar gedurende 'n spesifieke seisoen na hom moes terugkeer omdat die inname van die granaatsaadjies haar vir ewig met die onderwêreld verbind.

Kamfer word van haar ma geskei as gevolg van psigiese en fisiese dood. Anders as Persephone sal Kamfer nooit weer fisies met haar ma verenig kan word nie, maar wel psigies deur middel van introjeksie van die goeie eienskappe van haar ma (deur herinneringe). In die bundel word die dood ook uitgebeeld as eenwording – die moeder keer terug na die pre-oedipale fase. Die oseaan word beskou as die ewig vroulike see wat die lewenslange drange bevredig. Die moeder blyk byvoorbeeld gelukkig te wees as sy in drome aan die spreker verskyn. Die onbekende aanhaling “en die antie dans, en die antie dans op Waenhuiskrans” in die gedig “Jirre waa's my ma”, is 'n voorbeeld van haar moeder se nadoodse sieletoestand. Kamfer vergelyk ook haar ma met die see in reëls 7 tot 9: “my ma is die spook wat langs die strand stap / my ma is water / sy was eers brood”. Haar ma word vir haar die see- “water”, wat suggestie is van die baarmoeder of pre-oedipale fase. Die drang om terug te keer na hierdie vroeë fase en psigies met haar ma herenig te word, word beklemtoon.

Die moeder se gelukigheid impliseer haar terugkeer na die pre-oedipale fase en hereniging, asook eenwording met die simboliese moeder as plaasvervanger vir haar biologiese moeder.

Die see word voorgestel as 'n baarmoeder en dui op die salige oertoestand (natuur-toestand) soos ervaar in die oermoeder (Moeder Natuur) voor die geboorte en voor die traumatiese skeiding (lewensituasies en die dood) van die moeder. Laasgenoemde is gebaseer op Göttner-Abendroth (2018) se matriargale teorie waarin die heelal as die groot godin beskou word wat alles voortbring het deur geboorte, en die aarde as die groot moeder wat alle lewende dinge geskep het.

Om terug te keer na die Persephone-mite, kan die Hades-seisoen ook gesien word as die donker tye in Kamfer se lewe, waar sy teen haar wil na die onderwêreld geneem word en blootgestel word aan dit wat verbode is. Die donker tye gaan gepaard met verlies, hartseer of diep, intense pyn. In “Getuienis”, reëls 9 tot 18, werp die spreker lig op een van die insidente waar haar vriendin, tóé 15, 'n getuienis lewer van haar pa gedurende 'n Sondagdiens: “toe sy begin praat / van hoe lief sy vir hom is / het sy begin huil / sy het vir my gekyk / en ek en sy het aan dieselfde ding gedink / die ding wat Vrydag gebeur het / toe haar pa my gegryp het my hande / vasgemaak het met iemand se pantyhose / en my in die klerekas toegesluit het / terwyl hy haar op die bed verkrag”. Op hierdie manier is beide hierdie individue se onskuld verlore en die gevolg is: “ek het my kop laat sak en Liewe Jesus / se gesig in my kinderbybel uitgekrap”. In 'n wêreld waar veral verkragting en soortgelyke seksuele oortredinge gereeld voorkom, word seksuele mishandeling die minste gerapporteer.

Kamfer se biologiese moeders het daarin gefaal om haar gedurende haar donker tye te vind en terug te bring na die lig deurdat hulle haar nie ondersteun het deur in opstand te kom teen dit wat verkeerd is nie. Kamfer bring egter haarself en haar vriendinne terug na die lig deur hul verliese te verwoord en in die lig te bring. Die gedig “Vir die voëls” werp lig op die geheime wat die spreker met haar moes saamdra, ten opsigte van dit wat met haar en haar vriendinne gedurende hul grootwordjare gebeur het. Die titel verwys dus na haar, asook diegene met soortgelyke lewensverhale, wat nes sy telkemaal wou oorbegyn, maar teruggehou is deur hul omstandighede, en vasgevang is in die onderwêreld. In reëls 1-2 verduidelik sy: “ek het bloed op my hande / van al die vredes wat ek bewaar”. Die spreker moes swyg oor die ongeregtighede (seksuele mishandeling) wat sy en haar vriendinne gedurende hul grootwordjare ervaar het. Die skuldgevoelens wat met die dra van sulke geheime gepaard gaan, het 'n ingrypende effek op enige individu. Soos reeds in die gedig “Scream” uitgelig, het die spreker in 'n huis grootgeword waar aansien en reputasie hoog op prys gestel is ten koste van hul geluk en psigiese welstand. Deur dit wat met haar en die ander “voëls” gebeur het, geheim te hou en te represser, is die “vredes /.../ bewaar” tussen haar en haar moeder.

In reëls 3-4 verduidelik die spreker: “ek het al jare weg weggevlieg / om op te maak vir verlore tyd”. Die pynlike gebeurtenisse word weggebêre in die onbewuste deur middel van repressie wat die spreker se hede en psige oorskadu. Dit is onverwerkte emosies en herinneringe wat haar grootwordjare donker gevef het en die opwinding en sorgeloosheid van kindwees vervang het met depressie en rebelsheid. Die woord “weggevlieg” dui op die pogings om te ontsnap vanuit depressiewe innerlike toestande. Die verdedigingsmeganisme, repressie, ook bekend as “motivated forgetting” is hier deurgaans opvallend (Anna Freud in de Villiers, 2011: 28). Repressie word beskryf as “the most stable and highly developed defence since it is the only mechanism that succeeds in completely obliterating their appearance in the conscious material” (Freud in de Villiers, 2011: 28).

As gevolg van die feit dat die spreker tot stilswye gedwing is, het sy lateraan die onaangename gebeurtenisse en herinneringe gerepresseer in ’n poging om aan te beweeg met haar lewe. Repressie is egter nie ’n permanente oplossing nie aangesien die spreker nooit totale genesing kon vind nie. Die depressiewe simptome wat sy ervaar, wat sy nie verstaan nie en telkemaal die sikliese proses van “oor...begin” tot gevolg het, word toegeskryf aan die gerepresseerde materiaal in die onbewuste. Die onverwerkte materiaal in die onbewuste beïnvloed steeds op indirekte wyse die spreker se hede wat dui op die werking van die onbewuste. De Villiers (2011: 28) verduidelik byvoorbeeld dat angs wat in die kinderjare gewortel is, onbewustelik funksioneer. Die angs word deur verdedigingsmeganismes onderdruk aangesien dit te traumaties sou wees vir die volwassene om dit te hanteer. Dit is dus beter om die trauma te verwerk in plaas daarvan om dit te repressieer. Liewer getraumatiseer vir ’n kort tydjie as depressief en terneergedruk vir ’n leeftyd. Slegs wanneer die probleme en onaangename verlede ontbloom word en verwerk word, kan die spreker heel en oor begin.

Die gedigtitel se betekenis is teenstrydig met die normale aard van voëls omdat voëls van nature sorgvrye diere is. Die karakters wat in die gedig belig word, die spreker ingesluit, word ironies as voëls voorgestel, want hulle ervaar die teenoorgestelde van vryheid en sorgeloosheid soos gesien in die toon van swarmoedigheid en frustrasie in die gedig. Hulle voel vasgevang in hul verlede. Die titel is egter ook funksioneel, want dit kan andersins dui op die geneigdheid van voëls om in die winter te migreer en na afloop van die winter terug te keer na waar hulle vandaan kom. In hierdie opsig is daar ’n verbintenis tussen die lewenservaring van die spreker en dié van ’n voël deurdat die spreker gedurig terugkeer na die plek wat eie is aan haar, maar terselfdertyd vir haar soos winter (onplesierig) is, ’n plek waarna sy telkemaal onwillekeurig psigies terugkeer.

Die slotreëls: “mens kan net soveel keer / jouself uitbrand / en oor begin”, impliseer hoedat sy telkens probeer het om aan te beweeg, om oor te begin, maar hierdie pogings was telkens onsuksesvol weens die onverwerkte materiaal in haar onbewuste. As kind is sy nooit die kans of die geleentheid gegun om vrede te maak met dit wat met haar en diegene rondom haar gebeur het nie. Die onaangename materiaal wat sy oor die jare heen gerepresseer het, moet sy verwerk om uiteindelik vrede te maak met haarself asook diegene wat haar leed aangedoen het, die pedofiel-ooms, maar veral die moeder, om sodoende haar ware identiteit te ontdek. Met hierdie gedig verbreek die spreker haar stilswye en verkry nie net sy nie, maar ook die ander slagoffers ’n stem. Op hierdie manier word die onbewuste bevry van die traumatiese gerepresseerde materiaal en word haar gewete gestil. Deur hierdie traumatiese ervarings te verwoord (“Uncle Jerry” en “Getuienis”) verkry sy beheer oor die verlies wat met daardie ervarings gepaardgaan deurdat sy dit uiteindelik kan verwerk. Nes Persephone daal Kamfer neer in die onderwêreld wat ook gelyk gestel kan word aan die onbewuste. Deur middel van die skryf-daad bring sy haarself en diegene wat in die onderwêreld vasgevang was weens onvertelde stories (seksuele mishandeling en die gepaardgaande psigiese trauma), terug na die lig.

Hades kan ook die donker ondergrondse strome wees waardeur jongmense aangetrek, meegevoer of gefassineer word. Of die individu besluit om daarmee te eksperimenteer of nie, die vreemde aantrekkingskrag van onwettige aktiwiteite, dwelms en ander ervarings wat met psigiese veranderinge gepaardgaan, is onvermydelik. Kamfer se eksperimentering met dwelms, en die emo-fase resoneer met laasgenoemde donker ondergrondse strome, waardeur sy meegesleur was as ’n reaksie op haar onderdrukkende omstandighede soos gesien in “Motte is duiwels” en “Slapende honde”.

Talle lesse en kennis lê egter opgesluit in hierdie ongewenste en onplesierige lewenservarings. Die tyd wat in die onderwêreld spandeer word, kan jou dood (fisies, simbolies of beide) veroorsaak of dit kan jou ’n sterker en wyser individu maak weens die waardevolle lewenslesse wat daarin opgesluit lê. Die simboliese dood (vervreemding van self) wat Kamfer vir ’n bepaalde tydperk ervaar het, was noodsaaklik omdat dit haar gedwing het om haarself te vind, haar outonome en ware identiteit as vrou te ontdek. Mites soos die Persephone-verhaal is dus nie net blote verhale nie, maar refleksies van algemene situasies en probleme in die samelewing.

3.3) Shirmoney Rhode se *Nomme 20 Delphi Straat*

3.3.1) Biologiese moeders, verlies en die dood

Rhode se digdebuut reflekteer ook algemene kwessies en sosiale euwels in die gemeenskap van Elsies waar sy gebore is. Sekere gedigte belig die psigiese konflik wat sy gedurende sekere lewensfasies ervaar het wat spruit uit die euwels van die samelewing waarin sy grootgeword het. Alhoewel haar kinderjare verskil het van dié van Kamfer, het albei komplekse verhoudings met hul biologiese moeders gehad. By beide digters is die komplekse moeder-dogter-verhoudings 'n resultaat van die gemarginaliseerde omstandighede waarin hul gemeenskappe gedompel is.

Elsies is die plek waar Rhode grootgeword het en sy het haar studies aan die Universiteit van Wes-Kaapland voltooi. In 2016 is die digbundel *Nomme 20 Delphi Straat* deur ModjajiBooks gepubliseer (Meyer, 2016). Die bundel belig die slegte, maar ook die goeie herinneringe aan haar grootwordjare in Elsiesrivier omdat die lesse wat sy uit hierdie ervarings geleer het, haar die mens maak wat sy vandag is (Meyer, 2016). Sy is van mening dat die bundel nie soseer outobiografie van aard is soos *Hammie* nie omdat slegs enkele gedigte haar persoonlike ervarings verwoord en die groot meerderheid gedigte sosio-ekonomiese kwessies en onreg aanspreek, “die tipe goed wat niemand wil raaksien in ons gemeenskappe nie wat ek raaksien en oor skryf” (Meyer, 2016). Die bespreking van Rhode se digbundel is dus korter as dié van Kamfer omdat slegs enkele gedigte in die bundel relevant is vir hierdie studie.

Die bundel is aan haar ouma opgedra. Dis ook opvallend dat op die bundelomslag 'n skets is wat deur 'n kind geteken is. Moontlik sy self, omdat dit die huis is waarin sy grootgeword het. Die bundelomslag kommunikeer dan iets belangriks en persoonliks omtrent Rhode as kind se subjekontwikkeling in hierdie huis en omgewing. Die omslag en titel reik uit na die persoonlike verse waarin Rhode se verhouding met haar moederfigure (biologies en simbolies) belig word. Rhode sê die volgende oor die bundeltitel en omslagontwerp: “*Nomme 20 Delphistraat* is my ouma se fisiese adres waar ek grootgeword het ... Die boek se titel het niks met die eintlike huis te doen nie, dit het meer te doen met die waardes wat ek opgedoen het by die huis. Ook staan die “*Nomme 20*” voor in plaas van agter, en hier is dit baie opsetlik gedoen, juis om die tema van bendegegeweld in die titel uit te lig” (Meyer, 2016).

Die waardesisteme wat hier beklemtoon word, belig die morele waardes ingeskerp en gereflekteer deur haar ouma waarop die konstruksie van haar ego en superego gegrond is. Die feit dat sy die Engelse konvensie gebruik deur die huisnommer voor die straatnaam te plaas,

kommunikeer ook iets omtrent haar ambivalente verhouding met Afrikaans as simboliese moeder deurdat sy die taalkonvensies verontagsaam. Die nommer-bendes en geweld gekoppel aan hierdie kultuur, word naas die moeder-dogter-tema 'n belangrike tema in die bundel weens die feit dat sy haar broer Clayon tragies verloor het weens sy deelname aan die bendekultuur. Die identiteitskonflik wat sy in sekere verse ervaar, staan in die lig van hierdie tragiese dood omdat dit tot nog 'n verlies gelei het, naamlik die verlies (psigies) van haar ma, “'n Paar maande ná Clayon se dood het my ma uitgetrek” (Rhode, 2018: 42).

Rhode was 15 jaar oud en “(het) haar gehaat daarvoor ... omdat ek van geboorte tot op 15 saam met haar gewoon het, het dit my hard getref” [sien my verandering hierbo] (Rhode, 2018: 42). Sy maak dit egter duidelik dat haar ma daagliks by hulle gekuier het en seker gemaak het dat hulle alles het wat hulle benodig: “my ma was nie afwesig in ons lewens nie” (Rhode, 2018: 42). Alhoewel haar ma fisies teenwoordig was, is daar suggestie in die woorde “dit het my hard getref”, dat sy nie altyd psigies teenwoordig was nie (Rhode, 2018: 42). Weens die feit dat Rhode by haar ouma gewoon het, wat 'n deurlopende, sterk teenwoordigheid (fisies én psigies) in haar lewe was, kon sy die verlies van beide haar broer en moeder suksesvol verwerk. Die ingrypende rol van haar ouma in nie net haar subjekontwikkeling nie, maar ook dié van ander, beskryf sy as volg: “Daardie huis was soos die *salvation army*. Die familie wie nie rigting gehad het nie of wat te rebels vir hul eie ouers se huise was het hulself knus kom maak daar” (Rhode, 2016).

Die moontlike onbewustelike impulse wat daar was om in 'n rebelse lewenstyl te verval, is gevolglik verdring weens haar goed geformuleerde superego as morele kompas. Weens haar ouma se ingrypende rol het Rhode 'n sterk, weerbare ego ontwikkel. Die inleidingsgedig “7 dinge wat djy nie van my sal wiet'ie” suggereer haar ouma se sterk teenwoordigheid in haar grootwordjare. Rhode werp lig op haar ouma se streng opvoeding, maar ook onvoorwaardelike liefde wat haar gehelp het om psigies sterk te word. In strofe 3 verduidelik sy: “ek het eendag 'n pysie op my regte bien gekry. Die pysie was vrek / seer en goudegeel. Slim kind wat ek was, het ek dit uitgedruk / en later homemade remedies uitgedink wat dit bieter sou / maak. Sout en asyn, tamatiesous en suurlemoensap, sunlight / siep en sout, selotape en sterksalf. Toe niks mee' werk'ie, / wassit die kliniek, swart salf, 'n goeie pakslae en ouma-liefde / wat nou nog die lielikke nok op my regte bien 'n bietjie bieter / maak”. In die “pak slae” het belangrike lesse opgesluit gelê deurdat dit haar geleer het om te kan onderskei tussen reg en verkeerd, asook die gevolge wat jou keuses kan inhou. Hierdie lesse is in haar morele kompas opgeneem. Die

“lielikke nok” op haar been dien dus as ’n fisiese, maar veral psigiese herinnering aan die les wat in daardie pak slae opgesluit gelê het.

Die gesegde, buig die boompie terwyl dit nog jonk is, is hier relevant. Jong boompies buig makliker as ouer, groter bome wat die belangrikheid van goeie rolmodelle met betrekking tot waardevaslegging gedurende die vroeë lewensfases in kinders beklemtoon. ’n Goeie balans tussen strengheid en liefde is belangrik, want te veel druk kan veroorsaak dat die boompie breek of knak. Rhode belig hierdie gesonde balans in die slotreëls: “’n goeie paks-lae en ouma-liefde / wat nou nog die lielikke nok op my regte bien ’n bietjie bieter / maak”. Sy was bewus daarvan dat die pak slae en tugtiging uit ’n plek van omgee en liefde spruit soos ook in die gedig “jy kan kies” in strofe 2 belig word: “want ek ’it groot geword / onne’ ’n old lady se hanne en voete. / Hanne en voete wat jou correct, command / en, die Here wiet, reprimand / vi’ die regte reasons of course”, wat dui op die hegte verhouding wat sy met haar ouma gehad het. Sy mag dalk nie destyds altyd haar ouma se strengheid verstaan het nie, maar mettertyd het sy verstaan en vandag is sy dankbaar daarvoor soos sy in strofe 2 beklemtoon, “soe ek issie spyt’ie. / By’rie tyd wassit’ie pleasant’ie / but dit het my ’n paa’ dinge / omtrent’ie lewe gehelp vi’staan, / dinge wat ek altyd by my moet hou”.

Die “lielikke nok” kan ook met gevoelens van minderwaardigheid en skaamte gepaardgaan wat sy moontlik ervaar het en kenmerkend is van die geslagtelike psigoseksuele fase. Tussen die ouderdomme van 12 en 15 betree dogters gewoonlik puberteit wat met hormonale veranderinge gepaardgaan asook die bewuswording van en begeerte na die teenoorgestelde geslag. Haar bewuswording van die teenoorgestelde geslag kan ’n moontlike verklaring wees vir haar obsessie om ontslae te raak van die lelike puisie op haar been. As gevolg van haar ouma se sterk teenwoordigheid en die lesse geleer uit hierdie verhouding word die onaanvaarbare begeertes en drange (id) wat na vore kom telkemaal suksesvol verdring weens haar sterk geformuleerde ego wat hierdie onaanvaarbare drange in lyn bring en in lyn hou met haar morele kompas.

Die seksuele drange is suksesvol onderdruk weens haar fokus op voorbereiding vir die toekoms soos gesien in die gedig “’n lewe tussen’ie nomme”, strofe 1: “dis onner my ouma se onderrok in die kombuis waar ek geleer het hoe die reuk van haar breyani en koolkos die gedagte van ’n hongermaag kon stilstreef”. Letterlik dui die versreëls op hoe goed haar ouma vir hulle gesorg het. Dit kan ook verwys na die honger en begeerte na ’n goeie, suksesvolle toekoms en hoe haar ouma se teenwoordigheid en aanmoediging haar dryfveer was om nie soos haar afgestorwe

broer en talle mense in haar gemeenskap die pad byster te raak nie. Rhode se stilswye oor haar biologiese moeder is opvallend. Sy verwys slegs drie keer na haar in die bundel (“7 dinge wat d jy nie van my sal wiet’ie”, “buite die eg” en “childhood oppie vlaktes”). Hier is suggestie dat Rhode se biologiese moeder gesublimeer is deur die ouma omdat die ouma se rol in haar opvoeding beklemtoon word.

In “n double side story”, reëls 1 tot 2 beskryf die spreker die omstandighede van die mense in Elsie: “besides die hoere, die prossies van vyftien en die slegte pa’s wat over die season die hele huis op hol dja.” Die feit dat sy “die prossies van vyftien en die slegtes pa’s” beklemtoon, impliseer haar besef dat sy heel moontlik in presies dieselfde situasie as die “prossies” kon gewees het weens die feit dat haar pa nooit betrokke was in haar lewe nie. In die bundel word slegs een keer na hom verwys wanneer Rhode sy afwesigheid in haar lewe bevestig. In die gedig “buite die eg” sê Rhode: “al is ôs buite die eg / ken ek my pa / oftewel / sy naam atleast / soe is sieke ma’ nie soe badtie”. Beide die spreker se pa en ma word gesublimeer deur die ouma omdat sy die rol van beide ma en pa oorgeneem het, “my ouma het mooi na ons omgesien” (Rhode, 2018: 42).

Die herhaling van “two sides to a story” beklemtoon die onderliggende sosio-ekonomiese faktore wat jong mense tot prostitusie en die bendelewe dryf soos belig vanaf reël 3: “besides die button koppe, die alcoholics, die 6’e, die 8’e, die dixies and you know it. Besides die kinnes wat kinnes kry en die laaities wat vroeg die skool los om full time jobs op die hoeke te occupy, Noba hoe sterk d jy claim d jy is, die reality is watit is, os kaniti deny nie. But there’s always two sides to a story.” Die omstandighede wat geskets word, is tekenend van ’n gemarginaliseerde gemeenskap wat in armoede gedompel is weens die apartheidbestel. Die gemeenskap sal altyd ’n agterstand hê weens die letsels van apartheid, fisies en soos in die laasgenoemde reëls belig, ook psigies. Dit is in baie gevalle nie die lewens wat hulle vir hulself gekies het nie. Rhode (2018: 42) verduidelik in *Kuier*: “Clayon se storie (was) nie net swart en wit nie. Baie jong kinders wat verkies om by bendes betrokke te raak s’n is ook nie.”

In die gedig word geïllustreer hoe jongmense hul onverwerkte emosies en gevoelens verplaas na bende-geweld, en allerhande ander sosiaal-onaanvaarbare aktiwiteite wat tragiese uiteindes tot gevolg het. Die deelname aan bende-aktiwiteite kan ook ’n uitlaatklep wees vir hul angs, frustrasies, woede, aggressie en pyn. Hul lewenskeuses kan ook ’n refleksie wees van hul ouers se lewenswyses en die morele waardesistiem waarvolgens hul ouers hulle opgevoed het. Hulle lewe volgens die morele waardes soos deur hul ouers gereflekteer. ’n Gebroke ego is in hierdie

opsig die resultaat van gebroke huishoudings en die behoefte aan of afwesigheid van ouers wat fisies én psigies teenwoordig is. In talle huishoudings of familiesfere ontbreek goeie rolmodelle as toonaanwysers vir hul kinders, diegene wat kinders se identiteitsontwikkeling moet vorm ten opsigte van die vaslegging van goeie waardes. Dit het ingrypende gevolge vir die ontwikkeling van die ego en superego wat 'n identiteitskrisis veroorsaak, want die ego is te swak om die impulse van die id te verdring omdat die superego wat veronderstel is om die morele stem en gewete te wees, onderontwikkeld is.

Die impak van familieverhoudings op 'n individu se persoonlikheid en karaktervorming speel daarom 'n belangrike rol. Die superego word tot in adolessensie deurlopend deur ander rolmodelle buite die familiesfeer beïnvloed. Alhoewel jongmense in sommige gevalle uit goeie huishoudings kom, word hulle negatief beïnvloed deur rolmodelle buite die gesinsfeer wat veroorsaak dat die goeie morele waardes in die superego oorskadu word deur die slegte waardes. Gevolglik word hul keuses gewysig deur die onaanvaarbare impulse of begeertes van die id omdat die ego te oorweldig is om die teenstrydige begeertes van die id en superego met mekaar te versoen. In die geval van jong meisies, kan die keuse om 'n "prossie" te word volgens die Persephone-kompleks dui op hul gevangenskap in die onderwêreld van Hades waar hulle met allerhande duistere sosiaal-onaanvaarbare aktiwiteite eksperimenteer wat gepaard gaan met die verlies van onskuld en gevolglik die verlies van die ego.

In die gedig "jy kan kies" werp die spreker in strofe 5 lig op hierdie situasie: "Soe nou het 'it oraait gewôd /.../ en aanvaarbaar vi' meisies / om saam hulle ma's te dop." Sy belig die hedendaagse generasie vroue en dogters se morele waardes, wat sterk kontrasteer met dié van haar eie generasie, "Generation-X se jong mammies / raak excited vi' hulle babies / se eerste woorde: "Ma se p...". Die fisiese en psigiese afwesigheid van voorbeeldige moederfigure as rolmodelle word beklemtoon. Die moederfigure is nie daartoe in staat om in die onderwêreld af te daal en hul dogters terug te bring na die lig nie, want ook hulle is vasgevang in die onderwêreld. Die slotreëls in die gedig "in-sig" werp lig op die uitwerking wat dié moeders se lewenswyses op die subjekontwikkeling van hul kinders het: "ek het self gesien hoe 'n dwaas wortel skiet. / Vêr is sy kinders van geluk. / Tussen môre en aand word hulle verpletter / en ongeregtigheid hou die mond toe".

Die woord "verpletter" beskryf die tragiese gevolge wat verkeerde lewenskeuses en passiwiteit, "hou die mond toe" tot gevolg kan hê. Dit kan ook uiteindelik lei tot die dood, "Met die klippe van die veld is sy verbrand". Laasgenoemde versreël is 'n metaforiese verwysing na die fisiese

dood weens die tragiese sterftes van jongmense in Elsie. Dit belig veral ook psigiese dood wat met die verlies van die ego gepaardgaan. Die vaslegging van goeie morele waardes en streng dissipline is dus van kardinale belang gedurende kinders se grootwordjare. Dis ook die vereiste vir die ontwikkeling van 'n gesonde ego en superego.

In die gedigtitel “jy kan kies” beklemtoon Rhode die belangrikheid daarvan dat ongewenste omstandighede en die verlies aan goeie rolmodelle nie die mag gegee moet word om jou toekoms te wysig nie. Sy werp lig op wat haar ouma vir haar geleer het gedurende die stadium waar sy fisiese verlies (ouers en broer) ervaar het wat byna gelei het tot psigiese verlies, “respek vi’ jou ouers, ongeag wie en wat hulle is, respekte vi’ jou ouers, al respekte hulle jou nie terug’ie / en respekte vi’ jouself, al het dji ook foute gemaak”. Haar ouma het haar geleer om op die goeie aspekte van 'n slegte of negatiewe situasie te fokus en op hierdie manier kon sy die verlies suksesvol verwerk deurdat sy gedurende die rouproses die verlore liefdesobjekte laat gaan en met die positiewe en die goeie aspekte uit die situasie identifiseer. Haar ouma toon ook hierdie agentskap deurdat sy 'n bewustelike keuse maak om op die positiewe te fokus eerder as om die negatiewe die oorhand oor haar te laat kry. Sy dra dit dan ook oor aan haar kleindogter. Haar ouma se streng dissipline en waardevolle lewenslesse het die riglyne geword waarvolgens haar identiteit suksesvol kon ontwikkel.

Die slotreël “JY KAN KIES” word dan 'n pleidooi waarmee die spreker jong dogters, onder andere, tot aksie roep. Deur middel van hierdie gedigte maak sy jong dogters bewus van die feit dat hulle 'n keuse het om los te breek uit die onderwêreld (hul gemarginaliseerde omstandighede), vanuit die kloue van Hades (die verdrukker). Die kwessie van persoonlike verantwoordelikheid word beklemtoon en die hoofletters beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan om agentskap te beoefen oor jou lewe en omstandighede. Alhoewel talle jongmense nie 'n betrokke en voorbeeldige moederfiguur in hul lewens het wat hulle kan terugbring na die lig nie, beskik hulle wel self oor die keuse om hulself na die lig terug te bring, om die onderwêreld te verlaat en 'n ander lewenskoers in te slaan. Nie net ter wille van hulself nie, maar ook ter wille van die generasies wat na hulle volg.

3.3.2) Droomanalise

Alhoewel Rhode daagliks armoede en geweld in die gesig gestaar het, kon hierdie omstandighede nooit haar begeerte na 'n beter en goeie toekoms verdring nie. Hierdie begeertes figureer veral in die vorm van dagdrome wat “undisguised and easy recognised” is gedurende die verskillende lewensfasies (Freud, 1985: 34). Drome kan ook 'n manier wees waarvolgens 'n individu die probleme kan hanteer waarmee die gedagtes onbewustelik worstel en nie

bewustelik kan hanteer nie. In “7 dinge wat dji nie van my sal wiet’ie”, strofe 4, belig Rhode die drome wat sy as kind gehad het: “Ek droem van niks behalwe as ek dagdroem. Ma’ as ek droem, / dan skrik ek altyd wakker sonder dat ek wiet wat dit was / wat ek gedroem het”. Op ’n onbewustelike vlak funksioneer drome as die drifte wat die individu se gedrag beïnvloed.

Die feit dat sy oor niks droom terwyl sy slaap nie, dui daarop dat daar nie onverwerkte materiaal in haar onbewuste gerepresseer is nie. Dit verwys weereens na die rol wat haar ouma in haar opvoeding gespeel het omdat die emosies van woede, frustrasie en hartseer weens hul gekompliseerde verlede en omstandighede op ’n positiewe wyse verwerk is. Dus kon dit nie haar gedrag en identiteitsontwikkeling negatief affekteer nie. Die dagdrome word haar verdedigingsmeganisme asook motivering om bo haar omstandighede uit te styg. Sy ontsnap gedurig na hierdie alternatiewe wêreld om nuwe perspektief te kry omdat dit haar herinner aan dit wat sy in die lewe wil bereik.

In die gedig “Gangster’s paradise” deel die spreker mee oor hoe moeilik dit soms is om positief en gemotiveerd te bly te midde van haar omstandighede (reëls 1 tot 7): “Is swaa’ om te droem as dji ’n kopseer het, / uncle Piet en Jannie se button pype maak my naar, antie Malla agter innie jaart se gesig / wanne sy nie wiet wat hulle gaan iet’ie, / maak my moeg. / Die guns-kote klink al soes music / in ’n sad play waa’ jong laities altyd die prey is, alles gie my ’n kopseer / en is swaa’ om te droem as dji ’n kopseer het”. Die versreëls belig die negatiewe omstandighede of invloede wat dreig om haar ego te oorweldig en haar van koers af te gooi.

Sy gebruik weereens hierdie omstandighede as boustene en motivering vir ’n beter toekoms weens die lewenslesse wat haar ouma haar geleer het. Sy kies om op die goeie te fokus, om die beste te maak van negatiewe situasies. Hierdie psigiese volwassenheid wat sigbaar is in die keuses wat sy maak, is ’n resultaat van die fisiese en psigiese teenwoordigheid van haar ouma wat gedurig haar hand (letterlik en figuurlik) op Rhode gehou het. In “7 dinge wat dji nie van my sal wiet’ie”, strofe 7, word haar dankbaarheid teenoor haar ouma uitgespreek: “as ek een dag met iemand sou kon spend, sou dit most likely my / ouma wies. Al issit oek net om haar hande te sit en dophou / wat my tot mens gemaak het”. Dit is dan duidelik hoekom sy haar ouma beskryf as “my rots, my trots” (Slippers, 2017).

3.3.3) Die simboliese/kollektiewe moeder en taal

“Elsies” en die “Cape Flats” verkry ’n moederlike konnotasie in die konteks van hierdie studie deurdat dié gemarginaliseerde woonbuurt vir Rhode talle belangrike lewenslesse geleer het en dus ’n belangrike rol gespeel het in die konstruksie van haar identiteit. Sy verduidelik in ’n onderhoud aan Slippers (2017): “Elsiesrivier het regtig, wragtig my die mens gemaak wat ek

is. Sonder Elsie sou ek heel moontlik nie die goed geskryf het wat ek geskryf het nie. As ek nie groot geword het soos wat ek grootgeword het nie, sou ek nooit van die gedigte wat in my bundel is kon vaspen nie.” Die gedig “Cape Flats” is ’n metaforiese beskrywing van hoe dié simboliese moeder daagliks haar kinders (inwoners) probeer wakker maak: “Djy staan vroeg op, / al is hulle nog babbelas van giste’ se party / staan djy vroeg op om hulle wakker te maak”.

In die gedig wys woorde soos “babbelas” en “party” op die verkeerde aktiwiteite wat die “Cape Flats” se kinders as verdedigingsmeganismes gebruik teen die oorweldigende gemarginaliseerde omstandighede waarin hulle daagliks moet leef. Die woord “wakker” impliseer haar pogings om hulle daagliks te laat ontwaak. Psigiese ontwaking word veral beklemtoon. Sy wil hê “hulle moet opstaan” en “wakker” skrik uit hul omstandighede en gemarginaliseerde toestande, “Soes ’n ma wat ha’ kinnes wakker maak, / soe maak djy hulle wakker. / Djy staan vroeg op en djy maak hulle wakker”. Göttner-Abendroth (2018: 6) se matriargale teorie is hier relevant omdat dit gemeenskappe soos Elsie’srivier beklemtoon wat gebaseer is op die simboliese orde van die moeder, asook die waardes geleer by hierdie simboliese moeders as natuurlike entiteite.

Die herhaling van die woord “wakker” skep ’n dringende toon in die gedig en beklemtoon die belangrikheid daarvan dat hulle hul omstandighede moet sien vir wat dit is, moet strewende daarna om dit te verbeter en nooit tou op te gooi nie, nes Rhode gedoen het. By hierdie simboliese moeder het sy daagliks geleer “die lewe is regtig wat jy daarvan maak” (Rhode, 2016). Jy moet wakker skrik en beheer neem oor jou lewensomstandighede anders gaan jy fisies sowel as psigies vasgevang bly in jou gemarginaliseerde toestand. Sy verduidelik dat laasgenoemde aanhaling haar “aan die gang gehou het toe (sy) eintlik moes tou opgooi. God, hierdie reël en my ouma se biddende knieë” [sien my verandering hierbo]. Hierdie bundel is dus ’n ode nie net aan haar ouma as biologiese moederfiguur nie, maar ook aan “Elsie” en die “Cape Flats” wat haar psigies wakker gehou het te midde van haar gemarginaliseerde omstandighede. Hierdie bundel word onder andere die manier waarop sy terugploeg en erkenning gee aan Elsie, want die omstandighede waarin sy grootgeword het, goed en sleg, het alles bygedra tot haar outonome identiteitsontwikkeling.

Rhode beklemtoon in die gedig “Praat soes ek praat”, reëls 2 tot 3 dat sy “wil’ie soes Kanna wies’ie, Kanna wat’ie hys toe gekom hettie. / Wat vi’ hom anneste gehou het / vanaf hy geleertheid gekry’t”. Sy verwys na Kanna in *Kanna hy kô hys toe* van Adam Small en vergelyk mense wat “hulle rûe draai en die stof van hul voete afskud” sodra hulle hoogtes

bereik in die lewe, met Kanna se lewensverhaal (Rhode, 2016). Sy is van mening dat té veel mense aan die Kanna-sindroom ly, maar nie sy nie. Sy sal nooit vergeet waarvandaan sy kom nie, “Elsiesrivier sal altyd deel van my bly. Al vat die lewe my ook hoe ver daarvandaan” (Rhode, 2016). Sy beklemtoon dit ook in die gedig “’n lewe tussen ’ie nomme”, reëls 1 tot 2: “my hart is surrounded / met nomme’ 20 Delphiestraat se asvaal hekke” en die sloreëls “Op my hart is 20 Delphiestraat getjap. Ek dra daai nomme’ om my nek, / plakkit op ’ie deur van my hart, ’n lifetime choice”.

Freud se fort-da-beginsel is hier relevant deurdat die herinneringe aan hierdie moeders en haar grootwordjare deur middel van die skryfdaad (poësie) ’n integrale deel van haar ego bly. Op hierdie manier verkry sy ook simboliese of psigiese beheer oor die verlange na hulle ten spyte van die afstand tussen haar en hierdie moeders. Deur middel van die skryfdaad en protes teen die onreg in die gemeenskap wat spruit uit ongelyke sosio-ekonomiese faktore, verkry die biologiese en simboliese moeders as “subalterns [that] need to be written into the text anew, to become accounted for, to be given a voice” [sien my verandering hierbo], ook uiteindelik ’n stem (Styhre, 2005: 4).

Rhode belig ook haar ambivalente verhouding met Afrikaans as simboliese moeder omdat dit nie die taal is waarin sy gebore is en wat sy by haar ouma en “Elsies” geleer het nie. Sy beskou die Kaaps-variëteit as haar moedertaal en ’n integrale deel van haar ego. In haar onderhoud met Slippers (2017) herverwoord sy vir Adam Small wanneer sy haar verhouding met Kaaps belig: “Kaaps is vir baie mense die taal waarin hulle hul eerste lewenskreeu skreeu. Dit is die taal wat hulle uit hulle ma se borste uitsuig.” Laasgenoemde aanhaling verwys na die geskiedenis, lot en noodlot wat integraal en tekenend is van die taal en dié taalsprekers. Dis dit wat haar biologiese en simboliese moeders gedurende haar grootwordjare agter die hekke van nomme 20 Delphi Straat en op die vlaktes van “Elsies” vir haar gevoed het. Dit is die taal van haar herkoms waarin sy haarself akkuraat kan uitdruk, waarin sy die stories van haar grootwordjare kan vertel en haar verhouding met haar biologiese en simboliese moeders kan beskryf. Haar morele waardesisteem is gegrond in hierdie Kaapse kultuur, alhoewel die variëteit as minderwaardig beskou word.

In die gedig “Praat soes ek praat” word Afrikaans en haar moedertaal Kaaps teenoor mekaar gestel. In strofe 1 verduidelik sy: “as ek my mond oepmaak / en los tong praat soes ek praat / dan kyk hulle my an / asof ekkie educated issie”. Sy belig die stereotipe van minderwaardigheid wat met haar moedertaal verbind word en in strofes 2 tot 3 verduidelik sy dan: “praat ek ma’

liewes soes ek moet praat / omdat ek geleer het en ek'it moet toepas, daai's ma' al". In die opheffing van Standaardafrikaans is suggestie van die patriargale invloed. Die feit dat sy haar moedertaal, 'n groot intergrale deel van haar ego, in sekere kontekste moet onderdruk, pla haar. Digkuns is 'n manier waarop Rhode haar frustrasie op 'n sosiaal-aanvaarbare manier kan uitlaat en terselfdertyd stemgewing kan bewerkstellig. Sy rebelleer gevolglik teen die patriargale orde deurdat sy die bestaande skryfkonvensies in haar moedertaal uitdaag wanneer sy in die slotstrofe sê: "Ek praat soes ek praat want ek is wie ek is- / 'n Cape Flats girl. /.../ Soe ja, ek praat soes ek praat, / want ek hou dit soes ek'it gekry't. / los tong". Op hierdie manier verseker sy dat haar moedertaal en dié se geskiedenis in haar waardesisteem behoue bly.

3.4) Samevatting

'n Psigoanalitiese analise van die bundels het bewys dat die gemarginaliseerde omstandighede wat spruit uit die koloniale verlede beslis die psiges van die vroue beïnvloed en gevolglik die moeder-dogter-verhouding negatief affekteer. Die postkolonialisme is op laasgenoemde wyse verbind met die psigoanalise in die analise van die bundels. Die analise bewys voorts hoe die ambivalente gevoelens wat spruit uit die komplekse moeder-dogter-verhouding die subjekontwikkeling van die digters beïnvloed het. By beide Rhode en veral Kamfer is die onlosmaaklike verbondenheid aan hul moederfigure opmerklik ten spyte van die komplekse aard van hierdie verhoudings.

Die skryfdaad is belangrik deurdat dit die manier is waarop die digters gerepresseerde negatiewe emosies en herinneringe met betrekking tot die moederfigure kan verwerk en deur middel van onthou (nostalgiese terugskrywings) die goeie herinneringe kan behou deur middel van introjeksie. Introjeksie van die eerste liefdesobjekte speel 'n belangrike rol in die subjekontwikkeling van beide Kamfer en Rhode deurdat die internalisering van die moeders (waardes) hulle die riglyne bied waarmee hulle suksesvol deur die lewe kan navigeer. Op hierdie manier bly hulle permanent psigies verbind met hul moeders ten spyte van die dood (Kamfer) en fisiese afstand (Rhode). Danksy hul goed geformuleerde morele kompas wat spruit uit die moeder-dogter-verhouding kon beide Kamfer en Rhode bo hul gemarginaliseerde omstandighede uitstyg en tradisies begin waarin hulle agentskap kan uitoefen.

HOOFSTUK 4

4.1) Inleiding

In hierdie hoofstuk is die fokus hoofsaaklik op Phillips se digbundel *radbraak* en kom die verhouding met haar biologiese en simboliese moeders onder die soeklig. Die belangrike rol van taal in die komplekse moeder-dogter-verhoudings en identiteitskwessies is van die aspekte wat bespreek word. Die digter se identiteit is 'n direkte gevolg van die interaksies en komplekse verhoudings met haar biologiese en simboliese moeders. Hierdie komplekse verhoudings is 'n resultaat van die werking van taal en word deur middel van 'n Lacaniaanse raamwerk geïnterpreteer en waar tersaaklik, word ook die relevante postkoloniale insigte betrek.

4.2) Jolyn Phillips se *radbraak*

Phillips noem dat sy die woord “radbraak” in die digter Wilma Stockenström se werk raakgelees het en opgewonde was om dit in haar eie werk te verken weens die interpretasiemoontlikhede daarvan (Phillips in Van Zyl, 2017). Eerstens verwys die woord na die outydse vorm van marteling wat gedurende die Middeleeue in Nederland geïmplementeer is as die doodstraf vir gevaarlike misdadigers. Hul bene (die voorarms, bo-arms, skene, dybene en borskas) is op 'n wiel gebreek nadat nege slae met 'n hamer of yster as straf of as 'n manier om spesifieke inligting uit hulle te kry, toegedien is (Odendal en Gouws, 2005). Volgens Viljoen (2017) is in hedendaagse Afrikaans net die abstrakte betekenis van die woord nog van belang, wat dui op die skending, verknoeiing en verminking van taal. Kortliks gestel, die “radbraak” van taal.

In dié bundel *radbraak* Phillips die tale wat sy tot haar beskikking het. Afrikaans en haar verhouding met Afrikaans ondergaan 'n “radbraak”-proses. Die “radbraak”-proses is 'n reaksie op die onvermoë van dié taal om akkuraat vas te vat wat sy wil sê, die onvermoë daarvan om haar ware identiteit te verwoord. Deur middel van die “radbraak”-proses verkry sy in 'n mate beheer oor hierdie kompleksiteit verbonde aan die moeder-dogter-verhouding. Sy eksperimenteer met verskillende vorme en 'n verskeidenheid stemme van Afrikaans wat 'n integrale deel van haar is soos sy in 'n onderhoud met Van Zyl (2017) verduidelik: “Ek is 'n simbiose van verskillende Afrikaanse.” Phillips (in Bohnen, 2017) asook (in Van Zyl, 2017) beklemtoon die intensie agter die “radbraak” van taal: die verkryging van informasie. Die proses van taalverminking hou vir die digter 'n veel dieper betekenis in as slegs die blote dekonstruksie en ondermyning van bekende taalwendinge en woorde. Sy vervorm en verwing

die taal om die maksimum betekenis daaruit te kry (Viljoen, 2017). Die oorgrote meerderheid van die gedigte staan op een of ander manier in die teken van hierdie meerduidige bundeltitel.

’n Verskeidenheid temas kan in die bundel geïdentifiseer word wat belangrik is vir die doeleindes van hierdie studie: breekbaarheid (gesien in die breek van taal en verstegnieke wat op sintaktiese, semantiese en tipografiese vlak enduit deurgevoer word), die geweld of oorblyfsels van die apartheidsverlede, die armoede van Gansbaai se vissersgemeenskap, perlemoenstropery, dwelmmisbruik, maatskaplike ongelykheid en gebroke verhoudings tussen kinders en ouers. ’n Bepaalde fisiese landskap en sosio-ekonomiese ruimte word geskets waarbinne die spreker se identiteit gevorm word (Viljoen, 2017). Viljoen (2017) verduidelik ook dat “vervleg met elkeen van hierdie tematiese gegewes is die bemoeienis met taal, die gemoeidheid met hoe elkeen van hierdie gegewes vorm gegee word in taal én op hulle beurt vorm gee aan die taal wat gebruik word in die gedigte.”

Die bundeltitel suggereer vooraf die toonaard en basiese instelling van die bundel: die marteling van taal en hoe taal geradbraak word. Dit is ’n allegorie wat soos ’n goue draad deur die bundel loop. Selfs die aanbieding van die titel suggereer vooraf die taalspel wat deur middel van ’n tipografiese verskeidenheid ten toon gestel word. Volgens Odendal en Gouws (2005) is ’n “rad” ’n wiel, spesifiek ’n houtwiel en “braak” dui op iets wat gebreek, gebroke of vermink is. Die woord “rad” word in gewone letterstyl aangebied, ietwat kleiner as die woord “braak” wat in kursief en groter op die voorblad verskyn. Hierdie aanbieding is funksioneel, want dit belig die belangrikheid van veral die verminkingsproses. Die digter se naam en van word op dieselfde manier aangebied met die klem op haar naam wat beteken sy, haar herkoms, identiteit en haar taal word geradbraak. Die frases “ek ken” en “ek loop” in die biografiese inligting op die agterblad, bevestig die bemoeienis met die identiteitskwessie.

Die afbeelding van die spiraalskulp op die voorblad van die bundel in plaas van ’n rad of iets soortgelyks wat die radbraakproses illustreer, word ook verbind met die kwessie van identiteit. Die spiraalskulp kan enersyds verbind word met verskeie gedigte waarin die see ’n belangrike plekbepaler is. Ook het die spiraalskulp ’n belangrike simboliese betekenis wat ’n metafisiese betekenisvlak in die bundel suggereer. Dié skulp is een van die oudste spirituele simbole ter wêreld wat onder andere verband hou met die proses van verinnerliking – die pad wat van uiterlike bewuswording lei na besinning op die vlak van die siel, wat ook individuasie of verligting genoem word (Taljard, 2017). In die bespreking wat volg, is die fokus op die taaleksperiment in die bundel en die belangrike kwessies soos identiteitsontwikkeling en

familieverhoudings wat teen die agtergrond van spesifieke sosio-ekonomiese omstandighede saamgeveg word.

Familieverhoudings is ook 'n belangrike tema in die bundel omdat die digter se problematiese en komplekse verhouding met haar moeder, vader asook die afgestorwe broer belig word. Die dood van haar broer vorm 'n konstante polifoniese diskoers wat die familiediskoers asook Phillips se identiteitsontwikkeling begelei (Taljad, 2017). Dit wil sê, die konflik wat die spreker innerlik ervaar en haar komplekse verhouding met veral haar ouers is veroorsaak deur spesifieke omstandighede wat op uiteenlopende wyses gebruik word om stemgewing in die bundel te bewerkstellig. Haar ouers ervaar dubbele verlies in hierdie bundel. Die verlies van die self weens die koloniserings van hul psigies asook die tragiese bende-erwante verlies van die afgestorwe broer. Beide verliese is 'n direkte gevolg van die letsels of uitvloeiings van die verdrukkende koloniale en apartheidsstelsel op die psigies van die afgestorwene en die ouers. Hulle verwerk nooit hierdie verliese nie weens hul onvermoë om beheer te neem oor hul omstandighede en om fisies, maar veral psigies, bo hul gemarginaliseerde omstandighede uit te styg. Die negatiewe emosies van ang, hartseer, en so meer is 'n integrale deel van die moeder se psigie, want dit word onbewustelik gereflekteer in die verhouding met haar dogter.

4.2.1) Die biologiese moeder(s)

Jukstaponeering, wat betrekking het op die teenoormekaarstel van oënskynlik-teenstrydige begrippe, is veral opvallend in die gedigte “heil die leser”(16), “die einde van Dêrra”(17), “dop system’s merry-go-round”(13) en “ballade van ’n wasdag”(42) waar die drankverslaafde vader belig word. Die pa gebruik drank as ’n manier om sy verliese psigies te verdoof. Alhoewel hy nie as die rolmodel beskou word na wie Phillips kan opsien nie, vervul hy ’n belangrike rol omdat hy as patriargale agent haar voorstel aan taal wat ironies genoeg die middel word waarvolgens sy haar omstandighede en dus ook haar toekoms kan wysig. Alhoewel Afrikaans beskou word as die taal van die onderdrukker, word dit vir haar ’n bevrydingstaal deurdat sy die eerste taalwette ondermyn deur middel van die toe-eien van die taal. Sy radbraak die taal. Gevolglik verkry sy psigies beheer oor die taal deurdat sy iets van haar ware self ontdek uit die “dismantle” van taal. Phillips as subalterne kan dus alleenlik toereikend begryp word indien die rol van haar ma én pa (simboliese fase) in aanmerking geneem word in die onderskeidende fases waarop haar subjektiwiteit geartikuleer is.

In die gedig “die einde van Dêrra” is die vader ooglopend ’n dronkklap, “jy kom afgesluit / in die pad af / ... / jou doppelganger / jou moddervis”. Hy is egter ook boekgeleerd, iemand op wie

sy dogter, ironies genoeg, trots kan wees, “in my pa se huis hou ek hom dop / die vissermanhande wat deur bladsye blaai / ... / met sy adamsappel woorde sluk / hoe sy hart ensiklopedie” (“heil die leser”). Die woord “dop”, soos dit uitreik na die reeds genoemde gedigte oor die vader, verkry dus in hierdie reëls ’n betekenisvolle dubbelsinnige betekenis. Die sluk van woorde staan in ironiese relasie tot die sluk van sterk drank. Ook roep reël 8, “hy kan net nugter lees”, die ironiese teenstelling op van wat reeds oor die vader bekend is. Dit is voor die hand liggend dat die spreker haar liefde vir lees en skryf (taal) alreeds in haar observasies van haar pa en gesprekke met hom ontdek het, “hy soek sy storie / hy tel hulle op / hy stryk hulle plat”. Alhoewel hy ’n dronklap is, vervul hy, “die letter boemelaar”, die belangrike rol van die pa wat die funksie van taal (Naam-van-die-Vader) aan sy kind moet oorhandig. Hy leer haar ook belangrike waardes, “hy sê altyd: / daar is god waar daar verstand is / skarrebol waardeer die weggegooides.”

Die spreker betree die simboliese orde in “heil die leser” weens haar ontdekking van taal. Haar onbewuste kom tot stand deur middel van menslike verhoudings (ouers) asook die nuutgevonde verhouding met taal. Die werking en invloed van die Naam-van-die-Vader op die subjek asook die teks word in hierdie gedigte alreeds sigbaar. Dit word gesien in die kind se bewuswording van die gemarginaliseerde omstandighede waarin haar gemeenskap gedompel is weens die patriargale bestel. Woorde soos “doppeling” en “dop” uit die vorige bespreekte gedigte asook “dop system” en “the perpetuating papsak” in die gedig “dop system’s merry-go-round” bevestig dit. Gesien teen die agtergrond van die dopstelsel in die koloniale geskiedenis, representeer die pa en drankverslaafde, die Naam-van-die-Vader (die patriargale mag) terwyl hy ironies genoeg ook ’n slagoffer daarvan is.

Die pa is vasgevang (fisies, maar veral psigies) in ’n toksiese bestaanswyse of siklus waaruit hy nie kan losbreek nie. Die spreker beskryf hierdie siklus as ’n “merry-go-round” in die titel wat die sikliese aard van die omstandighede waarin haar pa vasgevang is, versterk. Die bewuswording van die onreg verbonde aan die Naam-van-die-Vader gaan gepaard met die gevoel van andersheid en nie-hoort by die spreker. Waar kinders gewoonlik met die waardes en ervarings van hul ouers identifiseer, vind die teenoorgestelde hier plaas, veral omdat die ervarings negatief van aard is en dit dryf die spreker vanselfsprekend tot alternatiewe identifiseringsmerkers.

Gevolgtlik word die superego gekonstrueer wanneer sy sekere waardes van die hand wys en besef dat sy nie soos haar pa of soos die res van die gemeenskap wil word nie, dat die

“perpetuating” by haar stop. Sy internaliseer wel die positiewe waardes wat haar pa haar leer. Dat sy positiewe keuses maak, blyk duidelik uit die volgende versreëls: “daar is god waar daar verstand is / skarrebol waardeer die weggegooides”. Alhoewel die pa nie noodwendig die perfekte voorbeeld stel vir sy kind nie, leer hy haar tog iets waardevols, dat sy “verstand” moet kry. Op ’n indirekte wyse maan hy haar om nie soos hy te word nie en op hierdie wyse kom ook hy indirek in opstand teenoor die Naam-van-die-Vader en die toksiese sikliese bestaan waarin hy vasgevang is. Die vader vervang dus die Wet (metafories) en is terselfdertyd ook metonimies ’n verlengstuk of uitbreiding van die Wet. Dit is insiggewend dat sy haar woordvaardigheid van haar pa kry: dat sy die vermoë om onreg te benoem van hom kry, aan die onvangkant van die vergrype is en deur taal en poësie dit kan genees en bo dit kan uitstyg.

Met laasgenoemde in ag genome is die gedigtitel “die einde van Dêrra” funksioneel aangewend deurdat dit oor dubbelsinnige betekenis beskik. Dit kan verwys na die fisiese en psigiese agteruitgang van haar pa, maar “Dêrra” verwys terselfdertyd ook na die einde van die toksiese siklus en tradisie wat spruit uit die mag gekoppel aan die Naam-van-die-Vader deurdat hierdie toksiese siklus by haar beëindig word. In die slotstrofe van “heil die leser” word laasgenoemde bevestig, “in my pa se huis / skryf ek hom weg / wegter van my.” Haar reaksie op die ideologieë van die samelewing lei tot die konstruksie van ’n onafhanklike identiteit in die simboliese fase waar sy self die aard van haar toekoms wysig, “ek wysig sy swets”. Die woord “swets” beteken om te vloek of te vervloek (Du Toit, 1902: 137). Die spreker beskou hul omstandighede as ’n soort vloek, wat spruit vanuit die simboliese orde (die patriargale wet en dié se effek op gemarginaliseerde gemeenskappe) waarin hulle gedompel is en waaruit haar familieledes, maar ook die breër gemeenskap, sukkel om los te breek.

Die ontwykende aard van die reële wat beide die imaginêre en simboliese fases beïnvloed, kan in hierdie verband beskryf word as ’n tipe vloek. As die toetrede tot die simboliese orde ’n pleidooi is om te begeer (dit wat onmoontlik is om te verkry), verplaas die spreker hier, anders as haar ouers, haar drang na iets wat sy wel kan beheer – taal en opvoeding. Deur middel van die eksperimentering met taal asook die visuele aspekte van die gedigte, kom sy in opstand teen die taalkonvensies, dit wat die Naam-van-die-Vader verteenwoordig. Op hierdie manier beoefen die spreker mag uit oor haar omstandighede te midde van ’n gemarginaliseerde samelewing.

Die identifisering met die Naam-van-die-Vader behels dus ’n dubbelsinnige proses deurdat Phillips met die wet, maar terselfdertyd ook met die onwettige begeertes wat die einste wet

ondermyn, identifiseer. Dit word ook gesien by haar pa, 'n agent van die wet en terselfdertyd ook 'n figuur buite die wet wat die wette waaraan hy sy kind voorstel, oortree en verontagsaam. Die nuutverworwe outonome identiteit is dan 'n direkte gevolg van die splitsing van die spreker as subjek gedurende die simboliese orde. Hierdie splitsing veroorsaak spanning en konflik in die spreker se verhouding met beide haar biologiese en simboliese moeders. Hierdie komplekse moeder-dogter-verhoudings word vervolgens bespreek.

Die gedig “Bokkie polony” se titel het dubbelsinnige suggestie en is metonimies aangewend, enersyds as ekonomiese handelsnaam, andersyds as 'n uitdrukking van vertedering jeens 'n jong meisie wat raap en skraap om verder te gaan studeer (Taljard, 2017). Die titel kan ook dui op seksuele vergryping en hou dus verband met die gedig “perlemoen” wat metonimies die proses van misleiding en seksuele mishandeling aan die hand van perlemoenstropery beskryf. In hierdie gedig word die invloed van die paternalistiese wet belig wanneer Phillips se onbewuste wense onbloom word deur middel van die skryfdaad. Die titel suggereer alreeds 'n dominante invloed, die Ander (ekonomie en maatskaplike faktore). In strofe 1 word 'n beskrywing gegee van hoe goed die spreker in haar werk by die slaghuis is: “ek kan Bokkie polony papierdun sny /... / ek kan die biltong in die grinder sit /... / twintig rand se biltong skat ek met die oog”. Die herhaling van “ek kan” en die woord “skat” beklemtoon haar werkvermoëns en is ook suggestie van die vooraf bepaalde arbeidsrolle verbode aan die swart bevolking, veral swart vroue as gemarginaliseerde se posisies in die werkplek, die spesifieke rolle wat aan hulle toegeskryf is volgens die norm.

Strofe 2 is die begin van 'n refrein wat die leser telkens bewus maak van die planne wat die moeder het ten opsigte van haar dogter se toekoms, “Ma't gaan praat met die supervisor / vir 'n permanente pos”. Hier word die psigiese toestand van die moeder blootgestel, die manier hoe dit en haar lewenswyse geaffekteer is deur die Ander (die stereotipes verbode aan swart vroue in die werkplek as uitvloeisels van die apartheidbestel). In 'n post-apartheid en postkoloniale Suid-Afrika sukkel haar ma steeds om psigies los te breek vanuit haar subalterne en gemarginaliseerde bestaanswyse omdat haar visie en voornemens steeds negatief geaffekteer word deur die patriargale norme en wette wat genderrolle onderlê. 'n Samelewing word hier verlang waarin gender-gelykheid aangemoedig word. 'n Matriargale stelsel soos voorgestel deur Göttner-Abendroth (2018) is van kardinale belang vir die voortsit van 'n tradisie waar vroue die skep van 'n eie identiteit en onafhanklikheid kan beoefen.

Gedurende die spieëlfase het haar ma die spieëlbeelde soos voorgestel deur die “ander” (moeder) en Ander (Naam-van-die-Vader) gedurende haar grootwordjare, geïnternaliseer. Die beelde is die vooropgestelde norme van wat dit beteken om ’n swart vrou in Suid-Afrika te wees en die genderrolle verbonde aan hierdie beelde. In hierdie geval, soos in die meeste ander gevalle (by swart vroue), het misherkenning plaasgevind, ’n mispersepsie van wat dit beteken om ’n swart vrou te wees. Dit is ’n leuen en verbeelde verhouding waarin die moeder haar hele lewe lank verkeer en hierdie mispersepsie is onderliggend aan haar subjekvorming deurdat dit haar persepsie van “self”, haar ego gekonstrueer het (Carveth, 2007: 20). Die moeder is vasgevang in hierdie stereotipiese denk- en leefwyse, so erg dat sy by die baas van die slaghuis (wat die paternalistiese wet verteenwoordig) gaan smee vir ’n permanente pos vir haar kind.

Die moeder aanvaar dat haar dogter, nes sy, haar lot gaan aanvaar en in die dorp gaan agterbly sonder enige vooruitsigte vir ’n beter toekoms. Sy stel haar kind se werkvermoëns beskikbaar aan diegene wat as dominant beskou word. Nes haar moeder, word die spreker ook voorgestel aan die spieëlbeelde, soos gereflekteer deur die samelewing. Die refleksies van haar moeder asook dié van die samelewing word egter deur haar bevraagteken deurdat sy weier om soos haar ma te word en sy verontagsaam die vooropgestelde stereotipiese norme weens die begeerte om verder te gaan studeer. Die gebrek of gemis word weereens hier belig wat die gaping verteenwoordig tussen die dominante en die ondergeskikte of die verdrukken die verdrukke. Daar is ’n poging om hierdie gaping te oorbrug deur die onderskeid tussen “self” en Ander te verstaan. Verdere studie, onafhanklikheid en kulturele bemagtiging is die wyse waarop sy dit aanpak.

In strofe 1 is daar suggestie van haar toekomsplanne: “ek geniet die donderweer in my maag”. Die frase is dubbelsinnig en kan letterlik dui op die armoede in haar gesin en in die breë gemeenskap, maar belangriker nog, verwys dit na die hongerte na ’n beter toekoms en die opwinding wat met hierdie moontlikheid gepaardgaan. In die lig hiervan word die spreker se hongerte na ’n alternatiewe bestaanswyse as dié waaraan sy blootgestel is gedurende haar kinderjare veral beklemtoon. “my mond water” in strofe 3 intensiveer laasgenoemde honger en begeerte.

Haar moeder probeer om haar kind se keuses te beïnvloed soos gesien in die refrein in strofe 4: “Ma’t klaar met die supervisor / by die deli gesels alles is reg”. Dit dui op die teenstand en struikelblokke wat die spreker gedurende haar identiteitsontwikkelingsproses ervaar as gevolg van haar rebellie teen die Naam-van-die-Vader. In strofe 5 kom die kwessies van ingesetelde

bevoordeling en onregverdigde arbeidspraktyke onder die loep wanneer “Loki” haar inlig omtrent die ongelyke behandeling in die werkplek: “môre meneer / môre baas is dieselfde ding”. Strofe 7 beklemtoon dit ook: “die supervisor se niggie het gister / ingeval sy’t sommer first day / nuwe uniform ek en Loki het nog altyd rooi / T-shirts aan met Geseënde kersfees / op die voorkant”. Die feit dat die subalterne weinig inspraak of agentskap in so ’n paternalistiese en chauvinistiese werkomgewing het, word beklemtoon. Die spreker se moeder staar haar egter blind teen hierdie ongeregthede soos blyk uit haar volharding in strofe 6 om haar kind te oorreed om by die deli te werk, en dieselfde lot waarin sy vasgevang is, te aanvaar: “Ma praat net oor my werk by die deli”. Die toksiese siklus waaruit die moeder sukkel om los te breek word weereens hier sigbaar.

Die spreker erken: “ek raak naar as ek varkveis ruik” wat bevestig dat sy nie die werk geniet nie, dat sy nie vir die res van haar lewe, soos Loki vir “15 jaar” daar werksaam wil wees nie. Die spreker kom tot die volgende insig: “Bokkie polony is ons almal saam gemix” wat daarop dui dat die subalterne almal een lot het, maak nie saak wat jou individuele vermoë en kwaliteite is nie; as gevolg van jou gender, klas en ras word almal saamgegooi. Sy wil bo hierdie marginaliseerde omstandighede uitstyg. Die spreker se aanvaardingsbrief vir verdere studie, “UWK sê ek is aanvaar” in strofe 10, veroorsaak spanning in die moeder-dogter-verhouding soos blyk uit die reaksie van haar moeder: “Ma is vies vir my oor die werk by die deli”. In plaas daarvan om haar dogter aan te moedig, reageer sy negatief, “my ma is kwaad sy skel in my in / wiet jy hoe het ek gat gelek by / die deli? Wie gaan jou vat? waar / gaan jy bly? /.../ jy’t ’n job by die deli / ... / gaan vra terug / jou job by die deli”.

Haar ma se negatiewe lewensuitkyk lei tot ’n komplekse moeder-dogter-verhouding. Gevolglik is daar konflik en word die rebellie voortgesit deurdat die dogter die moeder verontagsaam en die vooropgestelde norme en wette oortree. Hier kan die moeder beskou word as ’n patriargale agent binne die simboliese sfeer deurdat sy die toksiese tradisie op haar dogter probeer afdwing. Die dogter rebelleer egter teen so ’n tradisie en uitsiglose bestaan waarin haar ma en die gemeenskap vasgevang is ten spyte van die negatiewe kritiek daaraan verbonde: “jy gaan dit nie / maak nie niemand van ons het dit / gemaak nie”. Laasgenoemde versreëls is ’n voorbeeld van hoe taal (beïnvloed deur die Naam-van-die-Vader) ook die vrou as subjek kan uitsluit. Die moeder het die drome en doelwitte wat sy moontlik gehad het, gemis as gevolg van uitsluiting (marginalisering/verdrukking). Die spreker ervaar ook uitsluiting en vervreemding weens die keuses wat sy maak, maar hieroor word later in die hoofstuk uitgebrei wanneer gedigte soos “Tong-trilogie” en “Diglossie” bespreek word.

Die spreker durf, anders as haar moeder, om uit te styg bo die ideologiese en gemarginaliseerde bestaanswyse waarin haar gemeenskap vasgevang is, deur aktief aan te sluit by die tweede feministiese beweging se geveg vir “justice and equality for all women, the advancement of women’s interests and the end of sexism and discrimination in all its forms” (Finchilescu, De Villiers, 2011: 22). Die spreker as nuwe-generasie swart vrouedigter hoort tot die derde feministiese golf wat volgens Bonthuys (2020) ’n “hernude wêreldwye fokus op vroueregte en feminisme” veronderstel en veral geskoei is op die stemgewing, “persoonlike narratief as politieke stelling” van vroue wat voorheen gemarginaliseer is. Postkoloniale feminisme word hier uitgebeeld wat aansluit by kwessies soos genderrolle, klas en veral taal en identiteit soos gesien in die beklemtoning van hierdie temas in die bundel.

Die spreker waag én doen dit wat die norm veronderstel sy nie kan doen nie: “vandag het ek vir Loki kom groet / ek gaan UWK toe Loki”; sy word die eerste vrou in haar familie wat die grense gestel deur die Naam-van-die-Vader, oorskry. Spivak (1994) se konsep van persoonlike verantwoordelikheid kom hier aan bod deurdat die spreker verantwoordelikheid neem vir haar toekoms deur aktief betrokke te raak by dit wat werklik rondom haar aan die gebeur is. Met die besef dat sy nie die verlede kan verander nie, maar wel die toekoms, bestry en beëindig sy die siklus van uitsigloosheid in haar familie deurdat sy ’n alternatiewe toekoms skep. Sy ontwikkel en handhaaf ’n onafhanklike en outonome identiteit waarmee sy ’n nuwe tradisie begin, een waarin sy agentskap en stemgewing kan beoefen.

Die gedig “onthousiekte” belig ook die komplekse verhouding van die spreker met haar moeder wanneer sy spesifieke herinneringe aan haar moeder in strofe 3 oproep: “dis altyd September as ek my ma onthou / die son kyk skeel vir ons hier in my onthou /... / êrens skel my ma my uit oor my vergeetagtigheid / “dank die here-got jy’s nie ’n hottentotsgot”. Die woord “siekte” in die titel het ’n negatiewe konnotasie en dui myns insiens op haar onwilligheid om te “onthou” deurdat die herinneringe dreig om haar psigies negatief te affekteer. Dit blyk dat die “onthou” haar “siek” maak, dat dit herinneringe is waarvan sy liewers wil vergeet. Die woord “skel” sluit aan by die gedig “Bokkie polony” waarin die moeder haar uitskel oor die feit dat sy anders wil wees en drome en ideale het wat sy wil najaag. Hierdie teenstrydigheid van identiteite en lewenshoudings veroorsaak konflik en spanning wat deurlopend sigbaar is in hul verhouding. Die moeder poog gedurig om haar dogter tot op haar gemarginaliseerde vlak te bring, onder haar invloed, maar faal telkemaal soos blyk uit die feit dat haar dogter reeds op ’n vroeë stadium (spieëlfase) haar moeder en gemeenskap se refleksies (norme, genderrolle, en so meer) teengestaan het deur te weier om dit te internaliseer.

In strofe 4 verduidelik die spreker, “in die skophokkieseisoen / van my kinderdae was ek daar saam met almal / nou’s ek hier: siek van onthou.” Hierdie verseëls is ’n goeie voorbeeld van die spreker se toestand voor haar onderdompeling in die simboliese fase waartydens haar verhouding met diegene rondom haar anders was. Konflik is afwesig in die verhouding met haar moeder (eerste liefdesobjek) – ’n toestand wat vergelyk kan word met die moederskoot en die imaginêre fase (eenheid). Die versreël “ek weet nie wanneer ek begin anders / word het nie” en “nou’s ek hier: siek van onthou”, belig haar toetrede of onderdompeling in die simboliese fase, haar bewuswording van die gaping tussen self en die wêreld, die besef dat sy nie inpas by die vissersgemeenskap nie. Haar onvermoë om by laasgenoemde gemeenskap in te pas word ook belig in die gedig “Tong-trilogie” met die uiting: “die see herinner my vel van my ekseem”. Met haar bewuswording van die wêreld rondom haar, van die prosesse van taal en die Naam-van-die-Vader, word splitsing veroorsaak tussen haar en haar biologiese, maar ook simboliese moeder(s) en stelselmatig word die skeiding versterk soos reeds in vorige gedigte bespreek is.

In die gedig “my ma sê sy het drie oogwinke van haar ma” word die generasie vroue in die spreker se familiegeskiedenis belig. Die woord “oogwink” belig die herinneringe wat die spreker se moeder aan haar ma het. Dit suggereer ook dat so vinnig sy dit kan oproep, so vinnig wil sy daarvan vergeet. Die gedig bestaan uit drie dele waarin die moeder-dogter-verhouding tussen vier generasies vroue beskryf word. Deel 1 is gelaai met emosie, meestal hartseer en melancholies soos die moeder terugkyk op die verlede, “sy onthou haar soos bloeding op die brein / sy onthou haar met die naalde gestut in haar neus / sy onthou-sê miskien was dit nie my ma nie”. Die herhaling van “sy onthou” sluit aan by “oogwink” en versterk die emosie wat sy ervaar. Die frase “maar sy’t skuldig gehuil / so asof haar trane wil verduidelik” bevestig dit. Hier is suggestie van die komplekse aard van haar verhouding met haar moeder. Sy wil haar moeder, die herinneringe onthou, maar terselfdertyd wil sy dit vergeet, “sy wou haar onthou / maar toe sy bykom / het haar geheue net gesilhoeët”.

Die feit dat sy sukkel om te onthou, insinueer haar eie ma se afwesigheid in haar grootwordjare en ook die psigiese skade wat dit by die spreker se ma veroorsaak het. Die herinneringe is so ontstellend dat sy dit in ’n gerepresseerde toestand wil hou. Die ontstellende materiaal is op so ’n wyse onderdruk dat sy dit byna vergeet het of sukkel om dit te identifiseer. Haar geheue of herinneringe aan haar ma word byvoorbeeld metafories voorgestel as ’n skaduwee. Die pynlike gebeurtenisse uit die moeder se verlede, affekteer steeds haar lewenswyse deurdat die materiaal nie psigies suksesvol verwerk is nie. Dit is tekenend van ’n moontlike mislukte imaginêre fase

weens die ouma se psigiese afwesigheid in haar lewe. Die gevoel van eenheid of volledigheid weens die hegte dualistiese verhouding met die moeder, kenmerkend aan hierdie fase, is ook moontlik nooit ervaar nie. Gevolglik is die konstruering van die moeder se ego negatief geaffekteer. Die komplekse verhouding wat die moeder met haar ma gehad het, is deels die rede vir haar gebrokenheid en negatiewe of ingeperkte lewensuitkyk.

In deel twee probeer die spreker om meer inligting te kry oor haar moeder se ma as sy vra: “Ma hoekom het ek nie ’n ouma nie?” Haar moeder probeer die gesprek vermy, “jou ouma het gaan brood koop / end van storie”. Die woorde “gaan brood koop” is ’n idiomatiese uitdrukking wat verwys na iemand wat weggeloop het en as gevolg van haar afwesigheid haar pligte of verantwoordelikhede (as ouer) verontagsaam het. Alhoewel die moeder dit nie direk sê nie, kan daar afgelei word dat haar ma haar op ’n jong ouderdom fisies sowel as psigies verlaat het. Sy is in die sorg van haar ouma gelos. Die gebruik van die idiomatiese uitdrukking en haar ma se ontwykende reaksie op haar vrae wys op ’n onderliggende skaamte en ’n geknakte selfbeeld by die ma. Die woord skaamte kan verwys na die feit dat sy minderwaardig voel weens die feit dat haar ma haar weggegooi het. Fokus ’n mens op die moontlike rede hoekom haar ma haar weggegooi het, kan skaamte geïnterpreteer word as ’n konstruksie wat in die destydse samelewing (ook in sekere samelewings in die hede) ’n positiewe betekenis gehad het (Venter, 2007: 32). ’n Vrou se skaamte, verwysend na haar maagdelikheid, is gesien as iets positiefs en waardevol wat beskerm moes word.

Seksuele omgang en veral swangerskap buite die eg is gesien as ’n skande wat slegs aan die vrou gekoppel is weens die ongelykhede tussen mans en vroue, ongeag die aard of konteks (molestering, verkragting, en so meer) van die seksuele daad (Venter, 2007: 32). Die keuse wat die ma gemaak het om haar dogter te verlaat, spruit moontlik uit skaamte weens haar situasie en was dalk ook ’n poging om die skande te ontsnap. Die versreëls “ek was my ouma se wegsteek- / kleinkind met die sonstraalhare” bevestig die skande wat oor die familie gebring is en die skande wat haar ma probeer ontvlug het. Die wete dat die ma haar basies verwerp het, het erge psigiese en emosionele skade tot gevolg gehad wat haar identiteitsontwikkeling negatief geaffekteer het weens die feit dat sy nooit hierdie verlies kon verwerk nie. Die invloed van die Naam-van-die-Vader op die identiteitsontwikkeling van die vroue en gevolglik ook die moeder-dogter-verhoudings, is opvallend. Die psigologiese trauma verbonde aan die apartheidsverlede en die onreg van dié sisteem is onderliggend aan vele komplekse of mislukte moeder-dogter-verhoudings.

Uit nuuskierigheid om meer te weet, volhard die spreker in haar poging om meer informasie te kry, “hoe oud was Ma?” waarna die gesprek kortgeknip word, “los tog moet nie krap nie / end af die storie”. Dis weereens ’n bevestiging van die seer, worsteling en frustrasie wat haar verhouding met haar moeder wat sy nooit regtig geken het nie, onderlê. Die gesprek draai dan na die spreker se oumagrootjie (“nou het Ma ’n ouma gehad?”) oor wie die moeder gretig antwoorde verskaf: “ja ons het loop water haal / en haar vloere met beesmis / gesmeer tot dit blink” en “ek was my ouma se wegsteek- / kleinkind met die sonstraalhare / dis hoekom noem hulle my Poppe”. Dit wil voorkom asof haar moeder ’n hegte en spontane verhouding met haar ouma gehad het en dat haar ma gesublimeer is met haar ouma. Dit is opvallend dat sy meer openlik oor haar gesels, alhoewel sy ook daarvoor nie te veel wil uitbrei nie, “eindig die storie”. Laasgenoemde frase is ’n refrein wat regdeur volgehou word en dien as versterking van die moeder se gevoelens ten opsigte van haar komplekse verhoudings met haar biologiese moederfigure. Dit suggereer moontlik ook die gebrek aan kennis oor die spreker se genealogie of voor-geskiedenis wat tipies is van subalterne vroue (Chaudhari, 2017).

In die derde deel heers ’n vroliker toon wanneer die spreker die gesprek na die hede draai. Die spreker wil weet “En waar is sy nou?” Sy probeer sin maak van haar moeder se verlede in ’n poging om haar moeder en haarself beter te verstaan, “die here het haar gewas soos linne / haar laat droog word op die draad / afgehaal en in die laai gebêre”. Die woord “gebêre” sluit aan by die eerste deel van die gedig; dat haar moeder die herinneringe wil vergeet, dat dit diep in haar onbewuste weggebêre is. Die woorde “kry end” bevestig dit. Wanneer die spreker in die slotgedeelte vra “ma waar kom ek vandaan?” antwoord haar ma: “jy is gevorm met my stembande / stembande wat ’n nuwe liedjie sing”.

Alhoewel daar konflik is weens hul verskillende lewensienings, skemer die begeerte hier by die ma deur vir ’n beter toekoms vir haar kind. Sy verwys na hul herkoms wat hul genealogie belig, “ons kom van die kruidjie-roer-my-nie-mense / wat saam met die suikerbekkies se bessie / biem bam se bessie bam se bessie biem bam / se bessie bam se bessie biem bam bam”. Terselfdertyd is hier ’n aanmoediging om ’n “nuwe” tradisie te skep met die woorde “stembande wat ’n nuwe liedjie sing”. Die liedjie wat in laasgenoemde reëls gevorm word, skep ’n lighartige toon en versterk die moeder se begeerte vir ’n gelukkiger nageslag, ’n generasie wat agentskap neem van hul omstandighede en toekoms. Die toon van hierdie gedig is vroliker as dié in die gedig “Bokkie Polonie” deurdat daar kommunikasie plaasvind en die kind op hierdie wyse haar moeder beter verstaan. Kommunikasie, veral met betrekking tot die dinge wat hulle psigies kwel, is dus belangrik in enige moeder-dogter-verhouding.

Die gedig “my ma in C – majeure” is ritmies en liries van aard soos blyk uit die feit dat dit inspeel op “do / re / me / fa” en “so / la / ti / do”. Die ma herinner die spreker, “never-ending” deur middel van die gesingery, aan see-majeur, aan die vissersgemeenskap en haar grootwordjare in Gansbaai. Die feit dat die spreker onophoudelik aan daardie tydperk van haar lewe herinner word, sluit aan by haar onvermoë om by hierdie gemeenskap in te pas en haar ma se begeerte dat sy dit moet doen. Die eerste drie reëls werp lig op die moontlike rede, “sy het net haar stem / wat uit haar hande sing / die nette stich”. Die spreker bewonder hier haar moeder se manier van vrouwees in die vissersgemeenskap. Die woordkeuse in versreëls 16-18 skep die toon en illusie van nostalgie en deernis, “die maklikste die mooiste / omdat dit so skoon is / sy fluit die vis tot byt”. Die spreker laat doelbewus die fokus sag op die moeder val alhoewel hierdie reëls oor ’n ironiese betekenis lading beskik.

Dit beskryf haar moeder se verdrukke rol in die samelewing ten opsigte van die werk wat sy doen. Sy is goed in die werk wat sy doen en doen dit na die beste van haar vermoë alhoewel sy nie veel voordeel daaruit put nie. Haar onderdanigheid aan hierdie verdrukke posisie het negatiewe implikasies soos blyk uit die woord “byt”. Sy skiet haarself in die voet deur toe te laat dat die Naam-van-die-Vader haar stem as vrou verdoof. Die spreker probeer verstaan hoekom haar moeder vasgevang bly in ’n bestaanswyse wat haar steeds marginaliseer, waar sy weerhou word daarvan om ’n eie stem te kan ontwikkel en gebruik terwyl dit juis dit is wat haar bevryding waarborg, “sy het net haar stem”. Dit is al wat haar moeder as vrou tot haar beskikking het, haar wapen tot bevryding, maar sy gebruik dit nie. Sy verkies om in ’n gemarginaliseerde toestand te bly, soos gesien in die herhaling van “sing sy uit haar hande” en die reëls “woorde geskepe”.

Hier is ’n toon van deernis en empatie met haar moeder wat byna teenstrydig is met die ongeduld en frustrasie teenoor die ma. Hierdie teenstrydige emosies word ook sigbaar in die gedig “ballade van ’n wasdag”. In die gedig word taal metonimies aangewend om die innerlike worsteling van die sprekende ek te belig in haar poging om die ma se liefde en onverdeelde aandag te verwerf. Daar het reeds baie tyd verloop na die tragiese dood van die skrywer se broer, maar die ouers het die verlies nooit werklik verwerk nie. Haar ma treur openlik in teenstelling met die spreker se pa, “tenminste ruik ons skoon ek en jy / rondom jou pa wat walms maak / van Mooi Vallei Jonkheer en hom”. Hierdie reëls word herhaal in strofe 9 wat die intensiteit van die emosie wat die pa ervaar, beklemtoon asook die dringendheid om van die oorweldigende emosionele pyn ontslae te raak. Dit kan ook ’n reaksie wees op sy misnoeë weens die onvermoë om uit die greep van die Naam-van-die-Vader te ontsnap.

Soos reeds voorheen bespreek, word haar pa as 'n dronklap geskets. Ook is die rede verskaf, naamlik, die “dop system”. Die pa is nie net hier die teenwoordiger van die Wet nie, maar ook vasgevang daarin. Die einste mense (verdrukker) wat die gemarginaliseerdes aan alkohol voorgestel het, is diegene wat nou hierdie mense daarmee stereotipeer. Die pa se verslawing aan drank is opvallend in sy misbruik van alkohol as verdowingsmiddel en verdedigingsmeganisme teen die negatiewe emosies en gemarginaliseerde omstandighede soos gesien in die refrein “so was / was / wás hy” in strofe 4. Dit is hoe hy daagliks sy pyn onderdruk, dit probeer weg was. Dit is 'n tipiese patroon in bruin gemeenskappe. Mense is deur apartheid in armoede gedompel en vir baie is sterk drank 'n lafenis te midde van uitmergelende omstandighede. Hy is psigies en emosioneel so erg geskaad dat hy nie sy vrou en dogter wat wel nog leef, die aandag en liefde kan gee wat hulle benodig en toekom nie. Hy herstel ook nooit van die psigiese letsels van die koloniale bestel nie deurdat hy nooit hierdie ontstellende materiaal in die onbewuste verwerk nie.

Ook sy gesin se finansiële stabiliteit is nie meer 'n prioriteit nie. Hy spandeer sy inkomste op sterk drank soos gesien in strofe 5: “ons eet pap Sondae gebakte brood bitter / boeretroos weksdae oorlat jou pa altyd / vleis maak van die bottel en vis van ons”. Opvallend in laasgenoemde versreël is dat vis (vissersgemeenskap) weereens 'n negatiewe betekenis verkry. Die negatiewe impak van die norme en konvensies in die samelewing van Gansbaai word beklemtoon wat ingrypende gevolge het vir families en gevolglik die ontwikkeling van die kind as subjek. Die moederfiguur sublimeer hier die psigiese en soms fisiese afwesige pa wat nie sy tradisionele vaderrol vervul nie, deurdat sy seker maak dat daar wel altyd iets te ete is. Sy vervul dus die rol van beide ma en pa. Alhoewel die pa dikwels voorgestel word as die afbrekende figuur wat nie sy gesin kan of wil versorg nie, is daar tog waardevolle en belangrike waardes wat die spreker by hom geleer het, soos reeds vroeër uitgelig is.

Die gedig belig ook die ma en dogter se komplekse verhouding na afloop van die spreker se broer se skielike en wrede dood: “ek en my ma is wasgoed wat sy / dophou deur die kombuisvenster was- / goed wat sing-sing huil” in strofe 2. Dat omstandighede hulle lewens handomkeer verander het, is voor die hand liggend, asook die feit dat die spreker se moeder haarself psigies in die rouproses verloor het: “sonder ophou was sy Boeta se ongeluksklere”. Die gedig “geelsanger” (15) bevestig ook die moeder se onvermoë om die dood te verwerk met die repetisie van “Boeta sy hou jou vas / sy hou houvirhou jou rou” in strofes 2 en 4. Buiten haar onvermoë om op te hou treur, begin versuim sy boonop haar moederlike pligte deurdat sy

haar verdriet uitbrei tot haar enigste oorblywende kind. Sy is dus fisies teenwoordig, maar nie psigies nie wat verdere konflik in haar verhouding met die spreker veroorsaak.

In die gedig is dit opvallend hoe die psigologiese trauma veroorsaak deur die apartheidsverlede (die dood van haar broer), die gesinsopset affekteer, maar veral die spreker deurdat psigiese konflik ervaar word wat 'n direkte gevolg is van die gedrag wat haar ouers openbaar. Apartheid is onderliggend aan sy dood, weens die armoede wat hierdie sisteem in die vissersgemeenskap veroorsaak het. Die onwettige leefstyl (perlemoenstropery) waaraan hy homself vergryp het, word 'n manier om geld te kry en armoede te bestry. In hierdie opsig het ook haar broer 'n slagoffer geword van die Naam-van-die-Vader. Die verlies ervaar deur die ouers en die ma se onvermoë om op te hou treur, is onderliggend aan die werking van trauma, 'n uitvloeisel van die reële.

Olivier (2007: 47) beskryf trauma as “the disintegration of the symbolic and imaginary horizon (conceptual framework) by means of which people understand their world”. Die uitwerking van die reële op die imaginêre en simboliese fases moet hier in ag geneem word deurdat dit die psige en optrede van die individue affekteer. Die skielike en wrede dood van die spreker se broer, het die volle impak van trauma op die psige van die pa, maar veral dié van die ma gehad. Olivier (2007: 47) beskryf hierdie trauma as “a paralyzing condition of shock, followed (or accompanied) by a kind of blind “repetition” or re-living of the event”. Hierdie traumatiese psigiese toestand is opvallend in die refreïne in die gedig wat die melancholiese gemoedstoestand en skok by die ma intensiveer: “Ma sê altyd: dit is nie sy tyd nie / dit is nie sy tyd nie” in strofe 2 en “daar was nie tyd nie” in strofe 11.

Die ma se verslaenheid en gebrokenheid wat die skoktoestand onderlê, word verder beklemtoon in die volgende reëls: “sy het nie meer tyd nie” in strofe 2 en “blind-blind neurievink” in strofe 8. Laasgenoemde is 'n tipe wanhopige poging waarvolgens die moeder haar terugskouend probeer voorberei op die tragedie waarop sy totaal onvoorbereid was. Die ma probeer dus die trauma verwerk volgens die simboliese en imaginêre raamwerk waarvolgens sy haar wêreld verstaan. Op hierdie stadium is dit belangrik om stil te staan by die karakterisering van trauma binne die Suid-Afrikaanse sfeer. Olivier (2007: 53) verduidelik dat die karakterisering van trauma op twee opeenvolgende kollektiewe “traumas” wat in Suid-Afrika geskied het, gebaseer kan word. In 'n psigoanalitiese sin: eerstens die verdrukking van veral swartmense deur die apartheidbestel en tweedens is 'n nuwe “trauma” in 1994 ervaar met die oorskakeling na 'n radikale nuwe simboliese orde in die vorm van die grondwet.

Skielik is daar van mense vereis om die ou simboliese orde te vergeet of agter te laat en te begin dink en optree volgens die nuwe menseregte-georiënteerde grondwet (Olivier, 2007: 53). Dit is hier waar die uitwerking van trauma (die manifestasie van die reële) op die simboliese en imaginêre fases in samehang met die sferes van die religieuse, politieke en ekonomiese, veral opsigtelik word. Olivier (2007: 53) is van mening dat veral die literatuur, soos byvoorbeeld hierdie digbundel, die psigoanalitiese trauma beskryf. Dit is opsigtelik hoe die denkwyses en psigiese konstruksies van die spreker se ouers uit laasgenoemde traumas spruit deurdat hul “menslikheid” in beide gevalle negatief geaffekteer is. In die meeste gevalle is die uitwerking van die traumas nooit effektief uit die simboliese sfeer verwyder nie, soos in die geval van die spreker se ouers. Foucault (in Olivier, 2007: 54) meen hierdie traumas kan verbind word met die radikale gebrek aan psigiese sekuriteit wat bestaan wanneer daar van die een sosiale orde, waarin elkeen ’n “plek” gehad het (alhoewel ’n plek van onreg, weens apartheid) oorgegaan word na ’n nuwe orde, waarin mense steeds nie ’n “plek” het nie, maar waar dit nog op simboliese vlak in die praktyk verower moet word.

Die versreëls “ek en my ma is wasgoed wat sy / dophou deur die kombuisvenster” verwys enersyds na die feit dat haar ma aanneem dat die dogter oor dieselfde situasie treur. Die ma se afwagting op heling word ook hier geïllustreer, deur middel van die volgehoue aksie van “wasgoed wat sy dophou deur die kombuisvenster” wat sy oor en oor was, wasgoed waarvoor sy wag om droog te waai. Sy wag om verlos te word uit die greep van die reële, vir die trauma gekonstrueer deur die simboliese sfeer, om effektief verwyder te word uit haar psige. Andersyds suggereer laasgenoemde versreëls dat die moeder verwag dat haar dogter haar gaan naboots, net so hopeloos gaan wees, so ’n uitsiglose bestaan gaan leef omdat dit al is wat sy ken. Dit raak egter toenemend opvallend dat die oorsaak van die moeder en dogter se psigiese stryd en traumas verskil.

Alhoewel ook die spreker verlies ervaar het met die moord van haar broer, blyk dit dat sy self die trauma in die simboliese sfeer suksesvol verwerk het. Die moeder se onvermoë om dieselfde te doen, veroorsaak spanning in hul verhouding deurdat sy nie haar dogter se behoeftes raaksien of verstaan nie. Gevolglik word die psigiese stryd en identiteitskrisis by die dogter dringender, weens die blindheid van die moeder (weens die Naam-van-die-Vader) om haar behoeftes (psigies) raak te sien. Die patroon van psigiese afwesigheid van die moeder word weereens sigbaar weens die traumatiese toestand waarin sy psigies vasgevang bly.

Hier is 'n dringendheid in die toon van die gedig weens die dogter se begeerte dat die moeder haar broer se dood en die trauma moet aanvaar sodat sy aan haar aandag en liefde kan gee: “ek wil verstaan /... / gee dit 'n naam ek sal dit dra sodat Ma / my kan bemin / ek wil ontslae / die naarsugtigheid wat ek gaar”. Die herhaling van “ek wil verstaan” in strofes 8 en 9 intensiveer die gevoel van dringendheid en hopeloosheid wat deur die spreker ervaar word. Hier is dus spanning wat die teenoormekaarstel van ma en dogter se botsende belange teweegbring. Die spreker is hartseer oor haar broer se dood, maar die feit dat sy nou ook haar ma (psigies) verloor het en besef dat sy nie genoeg rede is vir haar ma om te herstel nie, veroorsaak die meeste seer, “niks is mooi my seun is / weg my hoop is / skaars ek hunker altyd na niks”.

Hier word die kind se begeerte om weereens die kernobjek van die moeder se begeerte te word en terug te keer na die imaginêre, oftewel pre-oedipale fase van eenheid, sigbaar. Sy verlang na die eenheid en volheid soos ervaar voor die toetrede tot die simboliese orde wat die skeiding veroorsaak het. Die spreker ontdek egter hier dat dit nie net sy is wat 'n gemis (fallus) ervaar nie, maar ook die moeder. Die verlies en gemis wat sy ervaar, strek ver verby die verlies van haar broer. Sy besef dat die moeder, nes sy, nie volmaak is nie, want om die simboliese orde te betree, is immers soos 'n pleidooi om te begeer soos blyk uit die gedurige gevoel van gemis wat beide ervaar. Die onvermoë van die moeder om die hartseer te verwerk is 'n voorbeeld van die werking van begeerte en trauma – 'n ontmoeting met die reële wat nooit plaasvind nie, wat tipies is van die reële se invloed op die imaginêre en simboliese fases.

Die identiteitskrisis wat in die spreker ontstaan as 'n gevolg van die trauma se invloed op die gesinsfeer, veral in haar verhouding met die moeder, word die sterkste belig in die volgende reëls in strofe 9: “gee my / tog sy hoë geheime hy / die naam van rede in Ma se hart / ek die sukkelende self / die nie – klipportret gee my die verdoeselde geheim in sy oë”. Die dringendheid wat hierdie woorde onderlê, laat dit klink soos 'n pleidooi, 'n gebed. Die gevoel van minderwaardigheid en 'n geknakte selfbeeld is opvallend wat die ingrypende gevolge van 'n komplekse moeder-dogter-verhouding inhou. Hierdie identiteitskrisis gaan ook gepaard met die verlies van onskuld aangesien die kind vanaf 'n vroeë stadium onafhanklike keuses moes maak om die vereistes van die simboliese fase effektief te wysig. Die versreëls “so was / was / wás jy my” in strofe 6, verwys na hoe die moeder die spreker se onskuld, haar kind-wees (weg)was deur haar kind op so 'n jong ouderdom bloot te stel aan die hartseer realiteite, oftewel trauma van die lewe in die simboliese sfeer. Die invloed van die reële wat die moeilike huislike omstandighede onderlê, bring nie die spreker van stryk nie soos blyk uit haar siening van die

dood en die simboliese trauma waarin haar moeder vasgevang is in strofe 8: “gun tog Ma haar woordlose / begin my seun se klipportret / moet rus in sy sandklippeplek”.

Sy begeer dat haar ma die trauma effektief moet verwerk in die simboliese sfeer. Ook besef die spreker dat hulle as agtergeblewenes berusting moet vind in die dood, sodat die dooies in vrede kan rus. Dit is opvallend in die gedigte hoe die apartheidsverlede en die trauma wat daarmee gepaardgaan steeds die moeder se lewenswyse en die verhouding met haar dogter negatief beïnvloed weens die verlies aan psigiese sekuriteit. Die skep van ’n alternatiewe leefwyse en toekoms waarin agentskap beoefen word, soos sigbaar by die spreker, is noodsaaklik vir die dekolonisering van die psige. Gebeur dit nie, behou die dood en die apartheidsverlede die mag oor die psige en oorskadu hierdie traumas voorts die hede en toekoms van individue. Die keuse van die spreker om die mag van die Naam-van-die-Vader teen te staan, word die manier waarvolgens sy ’n gemarginaliseerde toekoms kan teenstaan en ’n nuwe tradisie kan begin waarin agentskap beoefen word.

Die spieëlbeelde voorgehou deur die moeder en die Wet, word verwerp of gebreek. Waar die breek van ’n spieël gewoonlik ongeluk voorspel, verkry dit hier ’n positiewe konnotasie deurdat dit die mag voorstel van die Naam-van-die-Vader en die spel van die reële wat tot ’n sekere mate verbreek word. Die spreker doen dit deur in opstand te kom teen die taalkonvensies. Sy substitueer die moeder se psigiese afwesigheid (wat sy nie kan beheer nie) met taal (wat sy wel kan beheer). Met haar begrip van die ontwykende aard van die fallus, laat vaar sy haar identifikasie daarmee omdat sy besef dat sy dit nooit kan hê nie, dis imaginêr. Sy beheer hierdie afwesigheid deur middel van die taaleksperiment en so word die begeerte na die imaginêre fallus (liefdesobjek) verplaas na die simboliese fallus, haar nuutgevonde begeerte om die inwendige prosesse van taal te verstaan. Hier word die splitsing van die spreker as subjek weereens sigbaar wat die vereiste is vir die konstruksie van ’n outonome en onafhanklike identiteit.

4.2.2) Simboliese moeders, taal en die moeder-dogter-verhouding

In die gedig “lyksang vir jou skollietaal” is dit opvallend hoe die dood van die spreker se broer haar psigiese toestand affekteer het. Belangriker nog, word die taaleksperiment met verskillende Afrikaanse taalvorme geïllustreer waarmee sy die begeerte en gemis wat uit die reële spruit, reguleer of beheer. Sy leer belangrike lewenslesse uit haar broer en ouers se lewenskeuses en maak dit duidelik dat sy nie soos haar broer of ouers wil word nie, dat sy ’n ander lewenskoers gaan inslaan, “Ma en Pa gebruik jou dood soos button-pille, maar / ek trek

lang skywe met jou taal nip jou / in die asbakkie ek wil nie met my lewe so be-taal". Haar broer se dood en die trauma wat daarmee gepaard gaan, is besig om haar ouers psigies en met verloop van tyd, ook fisies af te takel. Sy tree in gesprek met haar afgestorwe broer in "die skollietaal" wat hy in Boys Town, 'n plek waar jeugmisdadigers aangehou word, aangeleer het.

Dit is die "taal van die nommes" (die bendes) en "sabela" (die geheime taal waarvolgens bendes kommunikeer) wat hom in staat gestel het om tussen misdadigers te oorleef, maar ook die taal wat hom uiteindelik "wit biene gemakit". Die gedig vertel hoe die "nongoloza" of leier van die bende waaraan hy behoort het, by die begrafnis sy kis gesalueer het. Terselfdertyd het hy die skare gadeslaan vir nuwe rekrute omdat sy "ndodas" (manne) een vir een omkom in die "perlemoenoorlog". Laasgenoemde is 'n verwysing na die onwettige stroop en verkoop van perlemoen. Sy gebruik die metafoer van iemand wat "skywe trek" aan 'n sigaret vir haar gebruik van die skollietaal om die gedig vir haar broer te skryf, waarna sy dit in 'n asbakkie dooddruk. Sy neem dus afskeid van hierdie soort taal en die leefwyse wat dit verteenwoordig nadat sy hierdie vorme van Afrikaans gebruik het om 'n gedig te skryf. Sy omarm 'n verskeidenheid vorme van Afrikaans waarmee sy "'n lyksang" skep vir sekere vorme van Afrikaans as gevolg van die leefwyse wat dit weerspieël (Viljoen, 2017). Die "skollietaal" het haar broer se lewe geëis en sy beklemtoon met hierdie gedig dat sy nie só met haar lewe gaan "be-taal" nie.

Die dubbelsinnigheid van "be-taal" is effektief aangewend deurdat dit enersyds dui op die feit dat sy nie in die bende-kultuur en dié se taalkonvensies geassimileer wil word nie. Dis nie hoe sy onthou wil word of waaraan sy haar identiteit wil koppel nie. Tweedens suggereer dit dat sy nie 'n lewenstyl wil lei waarin sy waarskynlik so tragies gaan omkom nie. Haar broer se deelname aan bende-aktiwiteite was hoogs waarskynlik sy verdedigingsmeganisme teen die eise en trauma wat spruit uit die Naam-van-die-Vader. Dit is waarmee hy die gedurige gevoel van gemis probeer verdring het, nes hul pa. Soos voorheen genoem, word die spreker se drange en gemis vervul deur middel van die skryf-aksie en taaleksperiment. Sy gebruik literatuur as verdedigingsmeganisme deurdat sy haar psigiese konflikte en drange verplaas in woorde en só die onverwerkte materiaal in die onbewuste beheer en verwerk. Phillips (in Van Zyl, 2017) verduidelik: "Dis so moeilik vir my sprekers om te doen wat hulle moet doen om by hul bestemmings uit te kom. Maar fiksie gee vir jou daai vryheid om die situasie, jou destiny te verander. Al is dit net vir 'n oomblik, al is dit net vir twee minute." Op hierdie manier smelt die imaginêre (volmaaktheid) en die reële (ontwykende fallus) saam.

In die bundel is Gansbaai (geboorteplek), Genadendal (grootwordplek), haar moedertaal (Afrikaans) en Moeder Natuur, hetsy dit die groen velde of oseaan is, die spreker se simboliese moeders. Phillips verduidelik in 'n onderhoud aan Bohnen (2017): “Jou geboorteplek of grootwordplek gee vir jou 'n taal om taalsgewys te navigeer deur 'n plek om 'n bestemming tot jou eie taalplek te vind, die poësie lê in hoe jy jou taal gebruik as 'n kompas tot nuwe bestemmings.” In die volgende gedigte word ondersoek ingestel na hoe die verskillende vorme van Afrikaans waarin die spreker gebore is en waaraan sy blootgestel is, steeds 'n rol speel in haar subjekvorming. Ook word gekyk na hoe sy die verskillende vorme van Afrikaans wat sy tot haar beskikking het, gebruik om die invloed van die Naam-van-die-Vader op haar toekoms te wysig.

Die titellose gedig (14) sluit aan by die slotgedeelte van die gedig “my ma sê sy het drie oogwinke van haar ma” wat vroeër bespreek is ten opsigte van die spreker se herkoms of genealogie. Genadendal word as simboliese moeder beskryf, die plek waar sy grootgeword het en waaraan sy as kind geheg geraak het. In 'n onderhoud met Bohnen (2017) verduidelik Phillips byvoorbeeld: “*radbraak* ondersoek verskillende dinge: die taal en oorblyfsels waarmee ek grootgeword het, die taal en oorblyfsels wat ek op Genadendal geleer het.” Die spreker lei die titellose gedig in met, “ek ken van lila heuwels / wat pers bloos vir die lente” wat impliseer dat sy 'n liefhebber is van die natuur en kosbare herinneringe het van haar as kind daar tussen die heuwels en in die groen velde. Sy verduidelik voorts: “ek loop nog elke dag / op bros grond” wat letterlik dui op die feit dat sy steeds baie in Genadendal gaan kuier, maar meer belangrik suggereer dit dat sy die waardes en lewenslesse geleer by hierdie simboliese moeder, oftewel Moeder Natuur, geïnternaliseer het en steeds met haar saamdra. Dit is in hierdie konteks waar haar ego (sin van self) gedurende die imaginêre fase gekonstrueer is.

Die spreker verduidelik: “hier in die dal van genade / word ek wakker tussen bloekombome / wat groener raak hoe ouer / my herdenking / hoe silwerder my ouers.” Die woord “groener” beklemtoon die feit dat dit onmoontlik is vir die spreker om die waardes en lewenslesse af te lê, want dis hierdie waardes wat haar in staat stel om alternatief te kan dink en optree. Sy pluk die vrugte daarvan soos blyk uit die suksesvolle ontwikkeling van haar ego en superego ten spyte van haar komplekse verhouding met haar biologiese moeder. Die spreker bieë: “ek het nog altyd geglo / dat die bome met die groen wolke / net-net aan die takke hang / en die kleihuse / my beter ken as ek self.” Die herhaling van “groen” verleen 'n positiewe toon aan

die gedig veral met verwysing na die identiteitskonstruksie van die spreker. Die woord “klei” bevestig haar vormingsproses, dat die spreker soos klei tot wese gevorm is in die hande van haar simboliese moeder wie se refleksie/spieëlbeeld sy imiteer. Laasgenoemde belig die matriargale teorie deurdat die spreker haar skaar by ’n tradisie wat agentskap en gelykheid voorstel. Sy rebelleer teen die Naam-van-die-Vader wat alles en almal beheer weens die hiërargiese druk (reële) van bo en omarm die matriargale stelsel van Göttner-Abendroth (2018: 24) wat ’n vreedsame, regverdig en gelyke samelewing vry van ’n dominante patriargale invloed beklemtoon.

Die gedig “Tong-trilogie” (37) ondersoek die digter se komplekse verhouding met woorde en haar moedertaal Afrikaans en beklee volgens Viljoen (2017) letterlik en figuurlik die sentrale plek in die bundel. Die gedig is verdeel in drie “parte” waarin die spreker se siening omtrent die taalinstrument wat sy tot haar beskikking het, belig word. Phillips (in Bohnen, 2017) verduidelik: “Ek kies die woord ‘part’ eerder as ‘deel’, want vir my is elke gedeelte vir my ledemate wat saam liggaam. Die verskillende ekkes wat in elke part voorkom, is altyd op soek om uit ’n taal te ontsnap, maar terselfdetyd ook vervreemd deur en teen die tale wat haar deel rond- en ontwentel en dan boonop nog ’n taal aanbid wat haar nie kan verstaan nie.”

Die identiteitskwessie is dus prominent in hierdie gedig weens die konflik wat sy in haar verhouding met Afrikaans ervaar en dié se uiteenlopende variëteite waaraan sy blootgestel is met die toetreding tot die simboliese orde. Haar verhouding met Afrikaans is ambivalent omdat dit die taal is waarin die begeertes van die Naam-van-die-Vader, asook haar familie geartikuleer word. Dis ook die taal wat die lense aan haar verskaf waardeur sy geforseer word om deur die lewe te navigeer én haar eie begeertes uit te druk. Afrikaans is dus nie net die taal waarin haar vertelling geskied nie, maar ook die objek van vertelling deurdat dit die taal van beide die simboliese sfeer en die gemarginaliseerdes is. Haar afwys van hierdie taal wat haar beperk of inperk tot ’n spesifieke lewenswyse, versterk die kwessie van buitelanderskap en vervreemding in die bundel.

Die eerste “part” van die gedig is ’n inleiding tot die biografie van haar taal, “die storie van my woord”. Phillips verduidelik aan Bohnen (2017): “Ek dink ek wou ’n biografie vir my taal, my menswees en denke skryf. Ek het die hele tyd gesit met die idee dat alles wat my taal nou is maar net parte van my taal verteenwoordig.” Met hierdie gedig word die spreker se storie oor haar woord in die geskiedenis opgeskryf en word die proses opgebreek waarvolgens sy ’n alternatiewe taal en tradisie skep en ontdek waarmee sy kan losbreek uit die greep van die reële.

Eerstens word 'n nostalgiese terugblik verskaf op belangrike gebeurtenisse tydens haar grootwordjare wat 'n rol gespeel het in haar taalverwerwing en subjekvormingproses, “toe ek vir die eerste keer / saam met pa en sy familie Pêreberg toe gaan”. 'n Spesifieke Suid-Kaapse landskap word geskep wat taal en woorde by haar wakker gemaak het, en waar sy ontdek het, “die woorde proe sierangs nie vis nie”. Haar tong word hier tegelyk 'n praat- en proe-orgaan deurdat sy taal fisiek kan proe (Viljoen, 2017). Die Suid-Kaapse landskap met dennebome, bietoubos en speldekussings en waar die wind jou in die gesig klap, word almal metafore wat dui op vreemdheid, nie-hoort, andersheid en buitelanderskap, wanneer die spreker se “tong dennehout bolle word”.

Dit is 'n taal wat nie net deur mense gepraat en ervaar word nie, maar ook deur die natuurelemente deurdat sy begin “fluister vir die speldekussing” en kan luister na “die wind se geskinner” ten spyte van die feit dat sy “tot 'n stilte” gelag word deur haar pa se mense (Viljoen, 2017). Haar pa se mense funksioneer hier as patriargale agente wat die Naam-van-die-Vader verteenwoordig wat verandering teenstaan en passiwiteit of subalterniteit (“stilte”) versterk. Laasgenoemde versreëls met betrekking tot die natuur, is ook funksioneel aangewend deurdat dit ooreenkomste toon met “Genadendal” (in die titellose gedig). Die woorde “sierangs” en “dennehout bolle” beklemtoon weereens die spreker se identifikasie met Moeder Natuur as simboliese moeder en dat haar subjekvorming grootliks deur die waardes wat sy by hierdie moeder geleer het, beïnvloed is.

Gevolgtik ontstaan konflik tussen haar en Gansbaai as simboliese moeder deurdat sy nie met hierdie gemeenskap en mense identifiseer nie, “nie vis nie”. Hierdie gemeenskap se vasgevangenskap in die toksiese siklus wat spruit uit die Naam-van-die-Vader is die rede daarvoor. Sy weier om in dieselfde groef te verval. In strofe 3 verwerp sy die taal van die onderdrukker wat in die kerk gepraat word, “woorde wil nie psalmgesange in die Anglikaanse kerk lof”, en omhels sy die minder belangrike of gemarginaliseerde tale wat sy buite in die natuur (“Genadendal” en “Pêreberg”) ontdek het, “as 'n kind het my geloof buitekant rondgeloopt / tussen die bietoubos”. Lacan se mening dat die onbewuste “buitekant” die mens lê en buite gekonstrueer word in die waardes en taal geleer in die sosiale orde, word hier beklemtoon. Die spreker se subjekvorming kan dus nie ten volle aan Gansbaai as simboliese moeder toegeskryf word nie weens haar gedurige gevoel van nie-hoort en buitelanderskap in hierdie ruimte. Dis opvallend in haar gedurige soeke na iets beters soos in strofe 4, “as ek die woord in die are / van die adamsvy soek” om die tale waarin sy in hierdie simboliese ruimte

gedompel is, te breek, te ontsnap en 'n nuwe taal te skep in 'n poging om die gemis of leemte te vul.

Die woord “soek” in laasgenoemde versreëls, beklemtoon die dringendheid van haar soeke na 'n alternatiewe taal en bestaansrede. Dis duidelik dat sy nie 'n probleem het met Gansbaai as simboliese moeder nie, maar wel met die norme en stereotipes verbonde aan hierdie plek. Die woord (taal) en die waardes wat sy by die onderskeie simboliese moeders geleer het, staan in botsende relasie met mekaar. In 'n poging om 'n eie outonome identiteit te vorm en weg te breek van die konvensionele tradisies, radbraak sy egter ook die taal wat sy in Genadendal en Moeder Natuur geleer het in 'n poging om meer te weet, meer te ontdek. Sy het nie net hierdie taal en waardes geërf nie, maar staan ook uitdagend daarteenoor in haar eksperimentering met taal, waaruit nuutskoppings en nuwe skryftradisies gebore word. Sy word om hierdie rede nes Woolf (in Viljoen, 2009: 26): 'n “inheritor” asook 'n “originator” deurdat sy dit wat sy geërf het (taal en waardes), haar eie maak deurdat sy 'n nuwe tradisie daaruit skep.

Die spreker belig die toestand van haar familie in die simboliese orde, “hulle buig vooroor hulle hande skulp hul ore maar nie ek nie”. Die verwysing na “hande” en “skulp” is funksioneel deurdat dit die lewens- en gemarginaliseerde toestande van haar familieledes en hul onvermoë om daaruit te ontsnap, beklemtoon. Hulle blokkeer hul eie pad tot individuasie. Die spreker se vasberadenheid om uit só 'n uitsiglose bestaan te ontsnap word deur middel van die woorde, “maar nie ek nie” en “oor-speel” in strofe 7 beklemtoon. Ook word die kwessie van buitelanderskap en andersheid in strofe 8 beklemtoon: “ek kan nie genoeg kry van die wind se geskinder nie / ek het nog gevra is die see en die wind susterskinders? / my pa se mense lag my nog altyd tot stilte”.

In “part 2” word die soektog na haar woord en self dringender soos blyk uit die wyse waarop die digter die taal wat vir haar gevoer en geleer is, wil “ont-/taal” weens die alewige ervaring van 'n gemis, “uit my liggaam wil 'n ander alfabet simfonie / ek is meer as net 'n vel-taal”. Daar is 'n behoefte om 'n heeltemal nuwe “alfabet” (taal) uit haar liggaam te laat voortkom, 'n alfabet wat nie bepaal of beperk word deur dit wat vir iemand in haar posisie voorgesê is of vir haar voorgeskryf is nie. Sy verduidelik aan Van Zyl (2017) dat sy 'n probleem het met die “label” “bruin digter” waarmee mense haar beskryf wanneer hulle haar werk lees. Sy is van mening dat haar taal nie gereduseer kan word tot 'n “vel-taal” nie en haar werk is “nie 'n stuk vel” nie (Van Zyl, 2017). Die radbraking van bekende en konvensionele taalgebruik het dus te doen met die behoefte om taal uit te brei tot ver buite die grense van die bekende menslike taal, soos

gesien in haar gesprekke met “die heelal” en “die fynbos”. Sy weier om in ’n boks gedruk te word deur die “label” bruin digter.

Inteendeel, sy beskryf haarself as ’n “African” deurdat dit ’n oorkoepelende term vir die verskillende kulture, maar veral tale is en die uiteenlopendheid en kompleksiteit van haar identiteit en werk belig (Phillips in Van Zyl, 2017). “African” is dan die sambreelterm vir al die verskillende tale, beide die dominante, maar ook gemarginaliseerde tale. Gemarginaliseerde tale sluit hier in die tale van die natuur wat selfs die stiltes en al die gedempte stemme van diegene (moederfigure) wat vooraf was (dié in die grafte) insluit soos gesien in strofe 5: “geeste het nie tonge maar ek verstaan hulle”. Haar soektog lewer dus toenemend interessante ontdekkings op oor haar woord (taal) wat selfs transendentiaal is en op intuïsie berus. Dis in die waardes geleer by Moeder Natuur, waar sy bewus geword het van die alternatiewe en uiteenlopende moontlikhede van taal en menswees.

In “part” 3 word die metaforiese radbraakproses van die verskillende tale tot haar beskikking in detail beskryf en word die oopskiet van taal in ’n byna eindelose verskeidenheid, geïllustreer. Die “part” word ingelei met die reëls: “die biologie van my woord is ’n verbrokkelende fraktuur”, maar “hierdie is geen woord begrafnis nie hierdie gedig grawe / my woordeskatkiste op daar waar hulle spook”. Hier is ’n verkenning en openbaring van dit wat “binne” die “woordeskatkiste” (samestellende dele, homonimie en homofonie) is, ’n kreatiewe hersamestelling van dié “onderdele” en die gebruik van woorde in ongewone woordsoortelike betekenis (Taljard, 2017).

Op hierdie manier word ’n nuwe taal gebore en verkry die spreker beheer oor die ontwykendheid van taal, deurdat sy haar moedertaal vermink, opbreek en herstruktureer en ’n taal vorm wat dit wat sy wil sê, akkuraat kan uitdruk. Die versreëls “daar waar hulle spook / in die stuyvesant-sitkamer waar hulle dreig by / die siersteen-vensterbank wat elke Saterdag waarskuwings / van die dood los” (strofes 2-3) suggereer hul omstandighede wat spruit uit die Naam-van-die-Vader soos gesien in die woord “venster” wat die speëls van die samelewing wat sy verwerp, ophef en waarbo sy wil uitstyg, maar waarmee haar ouers en vele van die gemarginaliseerdes in haar gemeenskap identifiseer.

Die rebellie teenoor die tradisionele konvensies word hier die sterkste uitgebeeld in die spreker se gewaagde taaleksperiment. Sy verduidelik in strofes 1-2: “my liggaam ont- / taal die kronieke tong my tale is baie letters / wat uitmond.” Die woorde “kronieke tong” is ’n metaforiese voorstelling van die simboliese orde en die tradisionele taalpraktyke en norme wat

daarmee gepaardgaan. Die radbraak van haar “kronieke tong” is die vereiste vir die vorming van ’n alternatiewe taal, “baie letters / wat uitmond”. In die versreëls, “my mond proe / na karring-tale ek is toegesluit / in die aswoensdag van my geboorte” in strofe 2, verwys die term “aswoensdag” na die tradisionele Lydenstyd, wat oor ’n 40 dae periode strek, waartydens gemeentes moet vas en hulself voor God verootmoedig (Groenenstein, 2006: 51-52). As deel van die seremonie word daar op Aswoensdag ’n kruisie op die voorkoppe van alle lidmate gemaak met die as van ou palmtakke. Die belydenis van hul sonde en aflegging van die verlede is die voorwaarde vir vernuwing en ’n nuwe begin – nuwe toewyding aan God.

Lydenstyd het die herdenking geword van Jesus se 40 dae en nagte in die woestyn. Dit is ook ’n herinnering aan Christus se lyding voor Hy aan die kruis gesterf het wat nuwe lewe vir almal verseker het. Die as wat op Aswoensdag gebruik word, is ’n simbool van die vernuwingsproses (Groenenstein, 2006: 87). Die deelname aan hierdie lydingstydperk is volgens Groenenstein (2006: 31) ’n móet vir alle gelowiges, “dit is immers waar ons identiteit gesetel is”. Die reëls “ek is toegesluit / in die aswoensdag van my geboorte” dui dan op die verootmoediging van die spreker teenoor die taalwiel (Afrikaans) en die begin van die lydenstyd (radbraakproses). Die woord “as” verwys na die aflegging van die verlede en die kronieke tong/tale terwyl “karring” en “geboorte” verwys na nuwe lewe ten opsigte van die voorbereiding vir die geboorte van alternatiewe tale en tradisies asook die hergeboorte by die spreker weens haar identiteit wat ook ’n vernuwingsproses ondergaan. Die spreker herkonstrueer die konvensies en norme verbonde aan die simboliese fase deur middel van die metafoor van taalradbraking soos blyk uit die uitmekaarhaal van oor-bekende taalkonstruksies wat hulle segkrag verloor het deur oorgebruik (Taljard, 2017). Sy skep iets nuuts daaruit.

Die spreker bieg in strofe 3: “ek kan nie ’n sewejaartjie lospraat nie.” Sy suggereer hier dat die radbraakproses nooit sal ophou nie weens die werking van die reële en die kwessie van begeerte. Dit is iets wat lewenslank jou aksies dryf en by jou spook – die gevoel van gemis gaan eenvoudig nooit weg nie. Dus bevind sy haarself gedurig in ’n volgehoue, desperate toestand van taaleksperiment soos uitgedruk in strofes 4-6: “wat wil jy speldekussing-kompakker vir my sê? / my woorde wil somtyds die als op my lyf pak my woorde wil soms kruie / brousel in ’n skottel ek wil voor dit buig /.../ die kruie van die spelde-/kussingwoorde inasem / uitpraat”. Ook word haar desperaatheid in strofes 6-7 belig: “ek moet vinger op die lip / my liggaam keer om te bid langs die speldekussing - / kompakter se stingels” sodat sy kan “hoor wat die heeal / elke dag vir die fynbos fluister”. Haar vasberadenheid om die invloed van die reële teen te staan en nie in die groef van marginalisering, verdrukking en subalterniteit

te verval nie, word opgehef. Hier is gedurig 'n poging om die verdeeldheid tussen self (imaginêre) en Ander (reële) te oorbrug.

Die ervaring van nie-hoort en andersheid (“allergie” en “ekseem”) is onderliggend aan haar volgehoue taaleksperiment, want doen sy dit nie, “verloën” sy haar “patatrappier – afkoms” en verval sy in dieselfde groef as haar moeder en gemeenskap. Haar “allergie” vir die “see” wat die Naam-van-die-Vader verteenwoordig, bevestig haar outonome identiteit wat voorts gekonstrueer word. In die slotstrofe verduidelik die spreker: “ek praat al my tonge gelyk” en dat haar “ma sê dis gevaarlik as mense / in tonge praat”. Viljoen (2017) verduidelik dat die direkte vertaling van die Engelse uitdrukking “speaking in tongues” (om in tale te praat) die verbondenheid van taal met die tong as spraakorgaan beklemtoon waarmee daar ook geproe word. Hier is die invloed van haar moeder as patriargale agent en die teenstand van die reële weereens opvallend.

Ten spyte van haar ma se waarskuwing beklemtoon die spreker in die slot van die gedig “slinks is die ekkes / in my besig om bakstene aan te dra / vir 'n nuwe babel”, met ander woorde, 'n nuwe uiteenlopendheid van tale. In die Bybel word die bou van Babel beskou as negatief, onheiligh en opponerend teenoor die Allerheiligste en alles oorheersende God. Phillips se taaleksperiment word gelykgestel aan die oprig van 'n Babel waarmee die reële as oorheersende mag wat niemand volledig kan begryp nie, uitgedaag word. Die radbraking van tale sluit hier aan by die Russiese formaliste se siening oor poëtiese taal deurdat poësie volgens hierdie denkskool 'n vorm van georganiseerde geweldpleging teenoor taal is (Roman Jakobson) en dat dit 'n “grofmaak” of “roughening”, die vreemdmaking van gewone taalgebruik behels (Viktor Sjklovsky) (Viljoen, 2017). Laasgenoemde is opvallend in die spreker se skepping van eie reëls ten opsigte van die digpraktyk en tradisionele genderrolle, soos sy ou tradisionele konvensies afbreek en 'n nuwe Babel/tradisie uit die puintaal bou. Gevolglik kan individuasie by haar plaasvind.

Terwyl “tong-trilogie” byna gelees kan word as 'n liriese lofsang oor die taal wat sigself oopmaak vir interpretasie en nuwe uiteenlopendhede, belig die bundel se slotgedig “diglossie” 'n toestand waarin die duiwel of ten minste 'n soort triekster-figuur opgeroep word as medespeler in die digter se omgang met taal (Viljoen, 2017). In hierdie gedig word “taalgrafte” opgegrawe, uitgegrawe en oorbegrawe en fluister die duiwel die “taalsiekte”. Die spreker beskryf haarself as 'n “liegbeke” wat self radbraking ondergaan by die “taalwiel”. Sy verwys ook na 'n “manteldraaiertaal”, maar bowenal kom alles neer op haar “prostese-tong” weens die

voortdurende radbraking van tale. Bowenal word die uitdagende radbraakproses weens die telkemale binnetrede en teenstand van die reële, opgehef. Die spreker huiwer egter nie om met dié donker kant van die kreatiewe proses en die spel met taal om te gaan nie deurdat die taalspel 'n vorm van duiwelskuns, brabbeling en misleiding word waarmee sy nie net die leser nie, maar ook die Naam-van-die-Vader “verskalk” (verlei en mislei).

Die gedigtitel “Diglossie” dui op twee of meer tale binne 'n gemeenskap, die hibridisering van verskillende tale. Die titel sluit dus aan by die “African” beskrywing van haar identiteit deurdat dit die verskillende tale belig wat die radbraakproses ondergaan. Die gedig word geopen met 'n Anne Sexton aanhaling “I am a collection of dismantled almos^ts” wat haar komplekse identiteit beskryf. Die woorde “dismantled almos^ts” belig die taaleksperiment wat haar rebellie, opstand en stemgewing teenoor die Naam-van-die-Vader is, 'n proses wat nie sonder frustrasie geskied nie. Die woord “almos^ts” belig die teenstand van die reële teenoor die alternatiewe tradisie wat die spreker besig is om te skep. Haar frustrasies en wroeginge spruit vanuit die simboliese fase deurdat die superego skuldig word weens die rebellie teenoor die Naam-van-die-Vader. 'n Element binne-in die simboliese orde word versteur of verplaas. Hier is dus suggestie van hoe moeilik dit is om die greep van die patriargale mag op die psiges van die gemarginaliseerdes en subalterne te verslap, dat die taak van dekolonisering en stemgewing nie 'n maklike taak is nie.

Die spreker neem egter telkemaal hierdie uitdaging aan deurdat sy “taalgrafte ... opgrawe / en uitgrawe” in 'n poging om die gaping tussen haar en die Ander te oorbrug. Haar behepthed met die taak onder hande, om taal en tradisies te radbraak, te “dismantle”, word beklemtoon. Phillips verduidelik aan Bohnen (2017): “Ek is altyd op soek na tale, die heelyd besig om te soek na die woord wat die naaste kom aan die onbeskryflike.” Die onbeskryflike verwys na die reële, die ontwykende, dominante invloed wat die gaping tussen “ek” en Ander asook die gemis en identiteitskrisis by die spreker veroorsaak. Gevolglik wil sy die nuwe ontdekkings, die “puintaal”, “oorbegrawe met die hulp / van die duiwel uit die / knapsak”. Sy verduidelik ook “hy fluister die taalsiekte”. Die gedurige ontwykendheid van die reële skep 'n uitdaging waaraan die spreker deel het weens die drang om die werking van die reële uit te pluus en om die gedurige gevoel van gemis en onvolledigheid te vervul. Sy wil die waarheid ontdek omtrent haar tale en dit opskrywe as deel van die nuwe tradisie wat sy skep.

Die woorde “hy fluister die taalsiekte” dui op die reële wat gedurig die spreker se imaginêre en simboliese prosesse (probeer) binnetree en reguleer met die tradisionele taalpraktyke.

Hierdie taalpraktyke word egter deur die spreker as 'n "siekte" beskou, 'n "siekte" van vasgebondenheid waaraan haar moeder en die gemeenskap ly. Om hierdie rede kan "taalsiek" dan ook geïnterpreteer word as haar obsessie met die radbraking van die tradisionele taalstrukture as 'n manier om te verhoed dat sy en die volgende generasies in dieselfde groef van marginalisering verval. In strofe 2 word die Naam-van-die-Vader veral uitgedaag, "verwoord jousef dierlik / in my / breektaal dan kan / jy so sies lyk / soos jy wil". Dit is die enigste manier waarop sy die gaping in haar verhouding met haar simboliese moeder (taal) kan oorbrug, deur haar moedertaal te vermink, te breek. Die slegte "sies", maar ook die goeie wat daarin versteek lê, moet oopgevlék word. In strofe 3 word die radbraakproses in detail beskryf: "ek doeftong, doftong, bloemtong". Hier word 'n unieke aanbieding verskaf van haar verskillende tale, die taal wat aan haar oorhandig is, maar ook die gemarginaliseerde tale en dié wat sy self ontdek het en deurlopend skep.

Die woord "doef" dui op die breek en verminking van haar moedertaal en die ander tale wat sy tot haar beskikking het. Die woord "dof" dui op die frustrasie, verwarring en konflik wat met die rebelsheid en nuutskeppingsproses gepaardgaan. Die woord "bloem" dui op die verligting wat die spreker ervaar soos sy stadig, maar seker, losbreek uit die konvensies en norme en individuasie bereik. Die versreël "traagloper met my taal" verwys weereens na die spreker se komplekse verhouding met haar moedertaal, haar teenstand daarteen terwyl die reëls "sirkelgang stamtaal maal goiings / opgegaar die piet-my-lier-idioom / die bakkie uh en 'n kappie op die e" dui op die bekende taalkonstruksies wat vernuwing ondergaan.

Hierdie vernuwing word soos volg geïllustreer: "apas jypy mypy hopoor / papraat kapan jypy mopos opoor epek epen jypy papraat / diepiesepeljapeldepuh tapaal". Laasgenoemde is bekend as die p-taal wat destyds spontaan deur kinders op die straat gevorm is in die eksperimentering met hul moedertaal. Die digter sluit aan by hierdie tradisie en oorskry só die konvensionele grense van die digpraktyk opgesluit in die simboliese orde. In strofe 4 verduidelik sy: "ek liegbek die hele tyd", deurdat haar moedertaal nie haar ware identiteit en dit wat sy wil sê volledig kan vasvat nie. Die norme verbonde aan haar moedertaal, weerspieël nie wie die spreker werklik is of wil wees nie. Die woord "liegbek" is 'n goeie voorbeeld van nuutskepping deurdat dit hier as 'n werkwoord gebruik word en nuwe betekenis verkry.

Die taalspel word voortgesit: "ek breek by / die taalwiel die hele tyd sien ek my taal / beenbreuk". Die spreker se frustrasie weens die verbondenheid aan 'n taal wat haar nie verstaan nie, word weereens belig "hoe meer ek in my tong / praat hoe meer word ek onverstaanbaar /

'n vraat by 'n bidwiel". Die vervanging van "taal" met "bid" asook die woord "vraat" intensiveer die gevoelens van frustrasie en dringendheid, weens die alewige drang en begeerte om die invloed van die reële teen te staan. Die versreëls "hoe meer ek in my tong / praat hoe meer word ek onverstaanbaar" dui op die gedurige konflik in die spreker se verhouding met haar moeder omdat sy psigies vasgevang is in die patriargale mag en haar dogter wat só 'n lewenstyl verwerp, al minder verstaan. Sy word selfs deur die gemeenskap van Gansbaai gekritiseer omdat sy anders wil wees en 'n alternatiewe tradisie begin soos gesien in die gedig "oe jirlikheid! Janwap se kind" (54).

Haar onuitputlike deursettingsvermoë, asook haar komplekse verhouding met haar simboliese moeder Gansbaai word weereens in strofe 1 belig: "in die Kaap noem hulle jou miesies / maar hier verstik jy aan 'n visgraat / want jy het vergeet dat 'n harder / se grate wurg / goetsoe / jy wil mos anderste wees". Die spreker word uitgesluit omdat sy verder gaan leer het, omdat sy so 'n uitsiglose bestaan teengestaan het en gevolglik nie meer inpas by die vissersgemeenskap van Gansbaai nie. Hierdie reaksies word egter nie deur die spreker as beledigend ervaar nie. Dit bring haar ook nie van stryk nie, maar word haar motivering om nog hoër hoogtes te bereik, nuwe paaie oop te baan. Die negatiewe reaksies van die vissersgemeenskap word ook die motto waarop die bundel rus, die motto van andersheid.

Sy wil "anderste wees" en sy wil deur die grense en begrensinge wat haar knel, breek deur konstant nuwe moontlikhede uit die "puintaal" te skep en te ontgin, soos gesien in die slotstrofe: "Janwap / se kind is g'n Gansegat / jirre Janwap se kind / gaan almal nog verskalk". Die gedig "tongvis" (8) waarin die radbrakingsproses van die spreker self as tydsaam en pynlik beskryf word in vergelyking met die letterlike voorbereiding en gaarmaak van vis, sluit aan by laasgenoemde gedig deurdat die negatiewe kommentaar as boustene gebruik word vir 'n alternatiewe leefwyse. Die repetisie van die woord "uitbak" in die slotreëls sluit op figuurlike vlak aan by die uitgebaktheid van die spreker binne die gemeenskap van Gansbaai.

In die gedig "Diglossie" beskryf die spreker in strofe 5 die tydsame en pynlike radbraakproses wat sy self ondergaan: "ek sit ek in sy oorskulp ek draai oorwas -/ woorde om en om die middeleeuse storie" en "my tong draai word gevleg geknuppel". Sy ondergaan hier 'n proses van verinnerliking. Die uiterlike bewuswording van die middeleeuse storie rakende "radbraak" word hier 'n besinning tot op die vlak van die siel wat impliseer dat sy tot individuasie en outonomie gestroop word en verligting ervaar. Die versreëls "sy breekwiel het verwees tot 'n spreekwoord" suggereer die veranderinge wat die spreker se tale ondergaan en die woord

“verwees”, nog ’n nuutskepping, dui op die nuwe taal, die “puintaal” wat geskep word. Vanuit die breek-woord ontstaan die “spreekwoord” waarin sy haarself kan uitdruk. Die opvolgende versreëls, “die spekeduiwel siteer Alexander Pope / “who breaks a butterfly upon a wheel?” suggereer die weerstand van die reële. Weerstand teenoor die individuasiëproses en poging om die norme en konvensies verbonde aan die Afrikaans(Naam-van-die-vader) – skynlik onskuldig en onskadelik van die oog af, “a butterfly”, voort te laat bestaan.

Strofe 6 belig die feit dat sy telkens te staan kom voor uitdagings wat die radbraakproses wil blokkeer of verhoed, “sukkel trapsuutjies teen die braak van ander tonge wat / my stem vermoed die olke bolke riebietjie stolke knortaal”. Die spreker kan dus nooit heeltemal loskom vanuit die greep van die heersende mag nie deurdat sy telkemaal deur die reële terug gedwing word na die simboliese orde. Sy moet elke keer weer begin met die radbraakproses, “pluk ’n lat vir sy eie gat”. Haar poging om die verdeeldheid tussen self en Ander te oorbrug, is dus moontlik, maar moeilik, want dis buite die mens se bevoegdheid om die alewige gemis en hunkering (na die fallus) volledig te verstaan en te bevredig. Die moedeloosheid van die spreker word in die slotstrofe belig: “wat moet my proteste-tong nog stukkend stap / om uit my vel-taal te ontsnap?”

4.3) Samevatting

Deur middel van hierdie bundel is Phillips die geleentheid gegun om as ’t ware die ambivalente gevoelens teenoor haar biologiese moeder, wat verantwoordelik is vir die identiteitskrisis wat sy ondergaan het, uit te praat. Die kompleksiteit verbonde aan hul verhouding spruit uit die feit dat hulle mekaar psigies nooit kon vind nie weens haar biologiese moeder as subaltern se psigiese afwesigheid en omdat daar nie ’n alternatiewe biologiese moeder was nie het sy haar tot haar simboliese moeders gewend. Dit blyk duidelik te wees uit die bespreking dat hierdie simboliese moeders ’n belangrike rol gespeel het in haar subjekontwikkeling.

Die kompleksiteit verbonde aan Phillips se verhouding met Afrikaans word nooit werklik opgelos of oorkom nie weens die onmoontlikheid om te ontsnap of totaal en al los te breek uit die greep van die reële. Die gedurige psigiese konflik by die spreker wat die begeerte onderlê na die verwerping van ’n eie, persoonlike “identiteit” met of sonder kategorisering in die simboliese sfeer, gaan gepaard met net soveel verduistering as verheldering alhoewel dit haar help om tot selfbegrip te kom en individuasie te bereik. Die proses van radbraking en individuasie is dus beide die spreker se plesier en pyn wat weereens toegeskryf word aan die werking van die reële (onvervulbare begeerte en verlange) wat die simboliese sfeer reguleer.

Dit is tevergeefs om totaal los te kom vanuit die greep of invloed van die reële veral weens die feit dat die reële, soos Olivier (2006: 494) van mening is, die grootste teenstander is van die verandering of verwerping van 'n ideologies-bepaalde orde en identiteit.



HOOFSTUK 5

5.1) Gevolgtrekkings en samevatting

Die gebrek aan psigoanalitiese studies met betrekking tot die moeder-dogter-tematiek in die Afrikaanse letterkundige sfeer het aanvanklik aanleiding gegee tot hierdie studie. Omdat die digkuns van swart vroue in die meeste gevalle deur 'n postkoloniale of feministiese lens gelees word, word die moeder-dogter-verhouding in die meeste studies beperkend beskryf. Dus sluit hierdie studie aan by vorige psigoanalitiese studies deurdat dit die kwessies wat vorige studies nie ondervang het nie, ondersoek deur die moeder-dogter-tematiek te verken aan die hand van Freud en Lacan se psigoanalitiese teorieë en relevante konsepte vanuit die postkoloniale leesbenadering.

Weens die geskiedenis van kolonialisme en apartheid wat 'n rol gespeel het in die psigiese konstruksies van die swart vroue was dit belangrik om as vertrekpunt die teoretiese insigte van postkoloniale teoretici soos onder meer Bhabha, Fanon, Spivak en Hook te belig deurdat hul werk die gekoloniseerde psige belig en nou verwant is aan die psigoanalise. In die analyses is dit duidelik dat die gekoloniseerde psige die komplekse moeder-dogter-verhouding in die digbundels onderlê. 'n Psigoanalitiese lees het dit moontlik gemaak om 'n ruim interpretasie te verskaf van hoe die gerepressiede traumatiseerde materiaal die subjekontwikkeling en lewensgehalte van die moeders en gevolglik ook die subjekontwikkeling van hul dogters affekteer. Die verbintenis tussen psigoanalise en die moeder-dogter-tematiek en selfs poësie is opmerklik deurdat die psigoanalise riglyne verskaf waarvolgens die psigiese skade deur die koloniale bestel veroorsaak, ontbloot en nagespeur kon word in die bundels. Dit illustreer ook hoe die swart vrouedigters as dogters die onderdrukking teenwerk en stopsit deur middel van die manier waarop hulle self die konstruksie van hul psiges en subjekontwikkeling wysig.

Die konstruksie van outonome en onafhanklike identiteite te midde van hul gemarginaliseerde omstandighede is egter 'n moeilike proses, veral omdat hul toonaanwysers nie altyd die rolmodelle was na wie hulle kon opkyk nie weens veral hul psigiese afwesigheid. In die analyses is dit opvallend hoedat die psigiese verlies van die moeders as eerste liefdesobjekte identiteitskonflikte veroorsaak by die dogters. Die skryfdaad is 'n belangrike gegewe deurdat dit die manier is waarop die digters gerepressiede en negatiewe emosies en herinneringe met betrekking tot die moederfigure verwerk. Deur middel van introjeksie van die goeie waardes en herinneringe kon hulle die verlies suksesvol verwerk. Weens hul goed geformuleerde morele kompas is hulle daartoe in staat om uit te styg bo die gemarginaliseerde

omstandighede waarin hulle gebore is en waarin hulle grootgeword het. Ook het die analise bewys dat skeiding sowel as konneksie en diskonneksie die komplekse moeder-dogter-verhouding onderlê en 'n rol speel in die subjekkonstruksie van die swart vrou. Dis onmoontlik vir die digters om heeltemal afskeid te neem van hul moeders ten spyte van die komplekse aard van hierdie verhoudings.

By beide Rhode en veral Kamfer is dit veral opmerklik hoe dogters nooit heeltemal afskeid van hul moeders kan neem nie ten spyte van die frustrasie, konflik en teleurstellings. Selfs tot in die dood (fisies) bly die moeder-dogter-band psigies behoue. Die digters se onbewuste wroeginge wat spruit uit die verliese van hul moeders word deur middel van die skryfdaad verwerk. Die moeder bly behoue deur middel van introjeksie van haar waardes. Die digters modifiseer egter hul waardesisteme deurdat slegs die positiewe waardes en herinneringe in hulle morele kompasse geïnternaliseer word. Op hierdie manier word hulle “inheritors” sowel as “originators” deurdat hulle met die morele kompasse, saamgestel uit beide hul moeders en eie waardes, 'n nuwe tradisie, vry van die verdrukker se invloed, begin en aan hul nageslagte oordra.

Phillips werk veral met die konsep van taal en hoe taal oopgebreek word. Ook word die klem in haar bundel meer op die simboliese moeders geplaas weens haar komplekse verhouding met haar biologiese moeder deurdat sy ook in sommige gevalle as patriargale agent optree en psigies afwesig is in hul verhouding. Omdat die biologiese moeder psigies afwesig was, het Phillips haar gewend tot die simboliese moeders wat 'n belangrike rol in haar subjekontwikkeling gespeel het. Die kompleksiteit verbonde aan Phillips se verhouding met Afrikaans as simboliese moeder word nooit werklik opgelos nie weens die onmoontlikheid om te ontsnap of totaal en al los te breek uit die greep van die reële (patriargale mag). Die gedurige psigiese konflik en taaleksperiment gaan gepaard met net soveel verduistering as verheldering alhoewel dit haar help om individuasie en 'n outonome identiteit te bereik. Die proses van radbraking en individuasie is dus 'n proses wat gedurig volgehou moet word.

Met hierdie studie is hopenlik 'n bydrae gelewer tot die herstel van die “ongehoorde” en gedempte vroulike stem deur middel van die psigies-indringende lees van die moeder-dogter-verhouding. Buiten hierdie bydrae is daar steeds relatief min studies verkrygbaar wat die moeder-dogter-verhouding psigoanalities enduit deurvoer. Dus is daar nog baie ruimte vir studies van hierdie aard wat ook die vader-dogter-tema enduit psigoanalities benader, veral in die digkuns. In Kamfer se jongste toevoeging *Chinatown* (2020) beklemtoon sy die rol van

haar pa in haar subjekontwikkeling. In die analise van die faktore wat 'n rol in Phillips se subjekontwikkeling gespeel het, kon die belangrike rol van haar pa as die een wat haar voorgestel het aan taal nie misgelees of misgekyk word nie. Dis dié taal wat voorgestel word as simboliese moeder waarteen Phillips rebelleer omdat dit 'n uitvloeisel van die reële (patriargale en ontwykende mag) is.

Dis die taal, 'n soort struktuur van die verdrukker wat op haar as subalterne afgedwing is en sy rebelleer juis daarteen deur middel van die taaleksperiment. Die pa as patriargale agent word ironies genoeg die een wat aan haar die middel gee wat sy benodig om uit haar gemarginalieerde omstandighede te ontsnap deurdat die taal 'n bevrydingsmiddel word. Die verminking van die taal word metafories die verminking van die waardes en konvensies wat haar in subalterniteit wil dwing. Deur middel van die taaleksperiment verkry sy 'n outonome en onafhanklike identiteit weens die feit dat sy agentskap uitoefen. Omdat die fokus van hierdie studie op die moeder-dogter-tematiek is, was daar slegs in enkele gedig-analises kortliks melding gemaak van die vader-dogter-verhouding. Dit sal interessant wees om te sien watter insigte 'n psigoanalitiese lees, met verwysing na die Lacaniaanse teorie op die vader-dogter-tema in *Chinatown* (2020) sal oplewer.



BRONNELYS

- Akser, M. 2012. Memory, Identity and Desire: A Psychoanalytic Reading of Lynch's Mulholland Drive. *CINEJ Cinema Journal*, 2(1), 59-79.
- Althusser, L. 1971. *Lenin and Philosophy and Other Essays*. New York: Review Press.
- Ashraf, R. 2017. Psychodynamics of Mother Daughter Relationship: Degrees of Deprivation, Oppression and Dispossession in Doris Lessing's Fiction. *Khazar Journal of Humanities and Social Sciences*, 20(1), 77-91.
- Balibar, É. en Spivak, G.C. 2016. An interview on subalternity. *Cultural Studies*, 30(5), 856 - 871.
- Bao, Z. en Wei, M. 2016. A Psychoanalytic Interpretation of Mother-daughter Relationship in "I Stand Here Ironing". *Journal of Language Teaching and Research*, 7(2), 340-344.
- Barnard, L. 2008. Kinderidentiteit, ras en seksualiteit in *Ons is nie almal so nie* en *Die reuk van appels*. *Tydskrif vir letterkunde*, 4 (5), 87-100.
- Barnard-Naudé, J. 2010. Die digkuns as rouproses: Martina Klopper se Nadoodse ondersoek (2010). Beskikbaar by: <https://versindaba.co.za/2010/08/30/die-digkuns-as-rouproses-martina-klopper-se-nadoodse-ondersoek-2010/>. [Datum van gebruik: 20 Sept. 2019]
- Barnaz, M. 2017. Mammie zit vol fijne poëzie over moederverdriet en misstanden. *De volkskoerant*. Beskikbaar by: <https://www.volkskrant.nl/cultuur-media/mammie-zit-vol-fijne-poezie-over-moederverdriet-en-misstanden~beaf3090/>. [Datum van gebruik: 12 Mei 2018]
- Bhabha. H.K. 1994. *The location of culture*. London & New York: Routledge.
- Binebai, B. 2015. Voice Construction in the Postcolonial Text: Spivakian Subaltern Theory in Nigerian Drama. *African Research Review: An International Multidisciplinary Journal*, 9(4), 206-220.
- Boheemen-Saaf, C. 1999. *Joyce, Derrida, Lacan and the Trauma of History*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bohnen, R. 2017. Onderhoud met met Jolyn Phillips (*radbraak*). Beskikbaar by: <https://versindaba.co.za/tag/radbraak-jolyn-phillips/>. [Datum van gebruik: 20 Junie 2018]
- Bookslive, 2016. Eerlik, intiem, kompleks – Ronelda S Kamfer se outobiografiese gedigte oor haar ma gebundel in *Hammie*. Beskikbaar by:

<http://nb.bookslive.co.za/blog/2016/02/10/eerlik-intiem-kompleks-ronelda-s-kamfer-se-ouobiografiese-gedigte-oor-haar-ma-gebundel-in-hammie/>. [Datum van gebruik: 12 Mei 2018]

Bonthuys, M. 2020. Postkoloniale feminisme in die Afrikaanse poësie: Die debute van Ronelda S. Kamfer, Shirmoney Rhode en Jolyn Phillips. *LitNet Akademies*, 17(1), 241-261.

Borovecki-Jakovljević, S. en Matačić, S. 2005. The Oedipus Complex in the Contemporary Psychoanalysis. *Collegium Antropologicum*, 29(1), 351-360.

Boswell, B. 2010. Black South African women writers: Narrating the self, narrating the nation. Doctor's dissertation. University of Maryland.

Botes, N. 2012. "Haar art was befok, haar gap was groovy". Die resepsie van Ronelda Kamfer se *Noudat slapende honde* in Suid-Afrika en die Lae Lande. In *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 19(2), 128-130.

Braidotti, R. 1993. In the footsteps of Anna and Dora: Feminism and Psychoanalysis. In: Buikema, R. en Smelik, A. (reds.). *Women's Studies and Culture*. London: Zed Books.

Carveth, D. L. 2007. Some Reflections on Lacanian Theory in Relation to Other Currents in Contemporary Psychoanalysis. Beskikbaar by:

http://www.btinternet.com/~psycho_social/Vol1/JPSS1-DLC1.htm. [Datum van gebruik: 5 Mei 2019]

Chalquist, C. S. 2001. Turning Psychology's Upside Down. *The Journal of Critical Psychology*, 2(2).

Chaudhari, S. 2017. Stilte en agentskap in die slaweroman *Philida* van André P. Brink. *LitNet Akademies*, 14(3), 66-87.

Chodorow, N. J. 1978. *The Reproduction of Mothering: Psychoanalysis and the Sociology of Gender*. Berkeley-CA: University of California Press.

Clemens, J. en Grigg, R. 2006. *Jacques Lacan and the Other Side of Psychoanalysis: Reflectoins on Seminar XVII*. Durham and London: Duke University Press.

Cochrane, N. 2008. Die swart Afrikaanse vroue-skrywer (1995-2007): nog steeds 'n literêre minderheid binne 'n demokratiese bestel? *Acta Academica*, 40(1), 31-51.

Conradie, P. 1996. *Geslagtelikheid in die Antjie Krog-teks*. Goodwood: Nasionale Handelsdrukkery.

- Corey, G. 2005. *Theory and Practice of Counseling and Psychotherapy 7de Uitgawe*. Belmont: Brooks/Cole-Thompson Learning.
- Coullie, J.L. 2002. A proper conversation: Some reflections on the role of psychoanalysis in literary study in South Africa. *Journal of Literary studies*, 18(1-2), 24-60.
- Crous, M. 2008. Portrette van en gesprekke met vaders: die vader-dogter-verhouding in die werk van enkele vrouedigters. *LitNet Akademies*, 5(3), 1-17.
- Cultsha Kennis, 2017. Jolyn Phillips skiet nie mielies met haar woorde in ‘radbraak’ – come buy it at the Book Lounge! Beskikbaar by:
<http://cultshakennis10.blogspot.com/2017/07/jolyn-phillips-ski-et-nie-mielies-met.html>.
[Datum van gebruik: 20 Apr. 2018]
- Dasher, B.B. 2008. “Whenever you tell the story of one woman, inside is another”: Mother-daughter relationships in writing by contemporary Jewish women. Doctor’s dissertation. University of South Carolina.
- De Beer, F. 1989. Strukturele denke: Lacan, Foucault en Derrida. *Communication*, 15(1), 2-9.
- De Saussure, F. 2004. Course in General Linguistics. In: Rivkin, J. en Ryan, M. (reds.). *Literary Theory: An Anthology*. 2de Uitgawe. Massachusetts: Blackwell.
- De Villiers, H. 2003. *’n Stringetjie blou krale* (E.K.M. Dido). Kulturele identiteit en hibriditeit in ’n postapartheidskonteks. *STILET*, 15(1), 167-179.
- De Villiers, S. 2011. Mothering as three-generational process: The psychological experience of low-income mothers sharing childcare with their mothers. Doktors-verhandeling. Universiteit Stellenbosch.
- Devardhi, J. 2009. Application of Freudian Concepts to the Explication of Literary Texts: A Case Study of Walt Whitman’s “The Sleepers”. *An International Multi-Disciplinary Journal*, 3(1), 436-450.
- Du Plessis, C.V. 2017. *Beeld*. Afrikaans se leef –en leeswêreld verruim. 1-2.
- Du Toit, S.J. 1902. *Patriot woordeboek: Afrikaans-Engels*. Paarl: D.F. Du Toit & Co.
- Eagleton, T. 1983. *Literary Theory. An Introduction*. England: Basil Blackwell Publisher Limited.
- Ellmann, M. 1994. *Psychoanalytic Literary Criticism*. Harlow: Longman Group Limited.

Ezzy, D. 2001. *Qualitative Analysis: Practice and Innovation*. Crows Nest, NSW: Allen en Unwin.

Fanon, F. 1986. *Black Skin, White Masks*. London: Pluto Press.

Felluga, D. 2011. Modules on Althusser: On Ideology. *Introductory Guide to Critical Theory*.
Beskikbaar by: <http://www.purdue.edu/guidetheory/marxism/modules/althusserideology.html>.

[Datum van gebruik: 21 Jul. 2018]

Felman, S. 1987. *Jacques Lacan and the Adventure of Insight: Psychoanalysis in Contemporary Culture*. London, Harvard: University Press.

Forrester, L. 1989. *The Seductions of Psychoanalysis: Freud, Lacan & Derrida*. Cambridge: Cambridge University Press.

Fourie, E. 2003. Die feministiese biografie toegespits op die Afrikaanse digter Ingrid Jonker. Meesters verhandeling. Universiteit Pretoria.

Fourie, E. 2003. *Die Feministiese literatuurbenadering*. Universiteit Pretoria.

Freud, S. en Freud, A. 1986. *The Essentials of Psycho-analysis*. London: The Hogarth Press.

Freud, S. 1918. *An Introduction to Psychoanalysis*. Amsterdam: Uitgeverij Wereldbibliotheek.

Freud, S. 1985. *The Interpretation Of Dreams*. Leipzig & Vienna: Franz Deuticke.

Geisler, D.M. 1985. Modern Interpretation Theory and Competitive Forensics: Understanding Hermeneutic Text. *The National Forensic Journal*, 3, 71-79.

Ghosh, S. 2006. Ferdinand De Saussure and the Development of Structuralism. *International Journal of Sociology and Social Anthropology (IJSSA)*, 1(1), 59-64.

Given, L. M. 2008. Textual Analysis. In *The SAGE Encyclopedia of Qualitative Research Methods*. DOI: <http://dx.doi.org/10.4135/9781412963909.n449>. [Datum van gebruik: 11 Sept. 2017]

Goldenberg, I. en Goldenberg, H. 2004. *Family Therapy: An Overview* 6de Uitgawe. Pacific Grove: Brooks/Cole-Thomson Learning.

Göttner-Abendroth, H. 2017. Matriarchal Studies. Past debates and New Foundations. *Asian Journal of Women's Studies*, 23(1).

Göttner-Abendroth, H. 2018. Re-thinking 'Matriarchy' in Modern Matriarchal Studies using two examples: the Khasi and the Mosuo. *Asian Journal of Women's Studies*, 24(1).

Gräbe, I. 2013. Literere Terme en Teoriee. Beskikbaar by:

<http://www.literaryterminology.com/index.php/13-f/48-freudiaanse-psigo-analise-en-literatuur>. [Datum van gebruik: 9 Apr. 2018]

Groenenstein, S.E. 2006. Die Inleiding van die Liturgiese Ruimte Van As-Woensdag tot Paassondag: 'n Prakties- Teologiese Besinning. Meesters verhandeling. Universiteit Stellenbosch.

Halberstadt-Freud, H. C. 1998. Electra Versus Oedipus: Femininity Reconsidered. *The International Journal of Psychoanalysis*, 79, 41-59.

Hambidge, J. 2006. Om alleen te reis: 'n Lacaniaanse onder-soek – aantekeninge tydens 'n reis deur Frans-Kanada. *Literator*, 27(1), 247-258.

Hambidge, J. 1989. *Psigoanalise en Lees*. Pietersburg: J&J Uitgewery.

Hambidge, J. 2006. *Burger*. Freud selfs op 150 nog letterkundig perdfriis. 1-2.

Hambidge, J. 2008. Die onopgeloste raaisel met spesifieke verwysing na *Die Jakalssomer van Dirk Jordaan*. *LitNet Akdemies*, 5(1), 68-79.

Hambidge, J. 2016. Ronelda S. Kamfer – Hammie (2016), Woorde wat weeg. Beskikbaar by: <http://joanhambidge.blogspot.co.za/2016/02/ronelda-s-kamfer-hammie-2016.html>. [Datum van gebruik: 9 Jun. 2018]

Hambidge, J. 2017. Resensie: Jolyn Phillips – *radbraak*. Beskikbaar by:

<http://joanhambidge.blogspot.com/2017/07/resensie-jolyn-phillips-radbraak-2017.html>. [Datum van gebruik: 15 Mei 2018]

Hirsch, M. 1989. *The Mother/Daughter Plot: Narrative, Psychoanalysis, Feminism*.

Holcombe, C. J. 2007. *Jacques Lacan*. Beskikbaar by:

<http://www.textetc.com/theory/lacan.html>. [Datum van gebruik: 31 Jan. 2019]

Holland, N. N. 1990. *Holland's Guide To Psychoanalytic Psychology and Literature-and-Psychology*. New York: Oxford University Press.

Holtzman, D. en Kulish, N. 2003. The feminization of the female oedipal complex part 2: Agression reconsidered. *Journal of the American Psychoanalytic Association*, 51(4), 1127-

1151.

Homer, S. 2005. *Jacques Lacan*. London en New York: Routledge, Taylor & Francis Group.

Hook, D. 2005. A critical psychology of the postcolonial. *Theory & Psychology*, 15(4), 475-503.

Hook, D. 2008. Postcolonial Psychoanalysis. *Theory and Psychology*, 18(2), 268-283.

Hook, D. en Truscott, R. 2013. Fanonian ambivalence: on psychoanalysis and postcolonial critique. *Journal of Theoretical and Philosophical Psychology*, 33(3).

hooks, b. 1981. *Ain't I a woman: Black women and feminism*. Boston, Massachusetts: South End Press.

Irigaray, L. 1977. *This Sex Which Is Not One*. New York: Cornell University Press.

Johnson, B. 2004. Writing. In: Rivkin, J. en Ryan, M. (reds.). *Literary Theory: An Anthology*. Massachusetts: Blackwell Uitgewers.

Joubert, I., Hartell, C. en Lombard, K. 2016. *Navorsing: 'n gids vir die beginnavorsers*. Pretoria: Van Schaik.

Kamfer, R. 2016. Onderhoud met Annemarié van Niekerk by US Woordfees. Beskikbaar by: <https://www.youtube.com/watch?v=Oz18v1SJUMg>. [Datum van gebruik: 28 Jun. 2018]

Kamfer, R. 2016. *Hammie*. Kaapstad: Kwêla Boeke.

Karas, M. en Megas, C. 2017. Oedipus. Beskikbaar by: <https://www.greekmythology.com/Myths/Mortals/Oedipus/Oedipus.html>. [Datum van gebruik: 17 Apr. 2018]

Khan, M. en Haider, K. 2015. Girls' First Love; Their Fathers: Freudian Theory Electra complex. *Research Journal of Language, Literature and Humanities*, 2(11), 1-4.

Kurzwell, E. en Phillips, W. 1983. *Literature and Psychoanalysis*. New York: Columbia University Press.

Kwatsha, L.L. 2007. A psychoanalytical interpretation of the characters in A.C. Jordan's novel *Ingqumbo yeminyanya*. *Literator*, 28(3), 75-89.

Lacan, J. 1966. The Insistence of the Letter in the Unconscious. *Yale French Studies*, 36/37, 112-147.

- Lacan, J. 1977. *The Mirror Stage as Formative of the function of the I as revealed in Psychoanalytic experience. Ecrits: A Selection*. New York: Norton.
- Landry, D. en MacLean, G. 1996. *The Spivak reader. Selected works of Gayatri Chakravorty Spivak*. New York & London: New Routledge.
- Larney, T. en Lotter, G.A. 2005. Ouers se rol in die oordrag van etiese en morele waardes. *Koers*, 70(4), 661-683.
- Loewald, H.W. 1960. "On the therapeutic action of psychoanalysis". In *Papers on Psychoanalysis*. New Haven: Yale University Press.
- Louw, D.A. en Edwards, D.J.A. 1994. *Psychology: An Introduction for Students in Southern Africa*. Johannesburg: Lexicon.
- Lye, J. 2008. What Psychoanalysis and Literature have in Common, and what Psychoanalysis can Contribute to Literature. Beskikbaar by: <http://www.brocku.ca/english/courses/4F70/psychlit.php>. [Datum van gebruik: 31 Maart 2018]
- Maes, A. 2010. De Afrikaanse kleurlingdichters. Het verhaal van een vergeten groep. Nederlandse Letterkunde. Meesters verhandeling. Universiteit Gent.
- Malan, M. 2017. *Sunday Argus*. Story-telling and poetry all about the wonders of language. 1-2.
- Manjunath, C.B. 2017. "Lacanian Theory in Literary Criticism". In *International Conference on Influence of Neo-Freudian Theories in 20th Century Literature*. Bengaluru: St. Francis De Sales College Electronics City Post.
- Marzak, H. 2018. Ronelda Kamfer – Mammie - Rauwe en niets verhullende gedichten. Literair Nederland. Beskikbaar by: <https://www.literairnederland.nl/recensie-ronelda-kamfer-mammie/>. [Datum van gebruik: 27 Mei 2019]
- McManus, B.F. 1998. Psychoanalytic Approaches. Beskikbaar by: <http://www2.cnr.edu/home/bmcmanus/psychcrit.html>. [Datum van gebruik: 16 Maart 2018]
- Mertens, D. 'Als een moeder sorry zegt' - Recensie Ronelda S. Kamfer – Mammie. <https://www.dieuwertjemertens.nl/2017/09/29/als-een-moeder-sorry-zegt/>. [Datum van gebruik: 27 Mei 2019]
- Meyer, N. 2016. Onderhoud: Shirmoney Rhode oor Nomme 20 Delphi Straat. Beskikbaar by:

<https://www.litnet.co.za/onderhoud-shirmoney-rhode-oor-nomme-20-delphi-straat/>. [Datum van gebruik: 29 Apr. 2018]

Minnaar, W.F.T. 2012. 'n Herwaardering van Olga Kirsch se oeuvre: Identiteit, moederskap en ballingskap aan die hand van die psigoanalitiese teorieë van onder andere Sigmund Freud, Jacques Lacan en Julia Kristeva. Doktorale verhandeling. Universiteit van Kaapstad.

Minnaar, W.F.T. en Roth, E. 2014. 'n Nuwe lewe: Olga Kirsch se studentegedig "Resurrexit". *Werkwinkel*, 9(2), 59-72.

Mishra, V. en Hodge, B. 1993. What is Post(-)colonialism? In: Williams, P. en Chrisman, L. (reds.). *Colonial Discourse and Post-colonial Theory. A Reader*. Cambridge: Harvester Wheatsheaf.

Moi, T. 1994. *Sexual/Textual Politics. Feminist Literary Theory*. London: Routledge.

Molloy, M. 2014. Mother-Daughter Ambivalence according to Sigmund Freud and Chantal Akerman.

Monna, J. 2017. Rauw en liefdevol requiem voor een overleden moeder.

<https://www.trouw.nl/cultuur/rauw-en-liefdevol-requiem-voor-een-overleden-moeder~a6af3363/>. [Datum van gebruik: 12 Nov. 2018]

Morris, E. 1993. "The Dynamics of Theory Change in Psychoanalysis". In: Earman, J. (red.). *Philosophical Problems of the Internal and External Worlds: Essays on the Philosophy of Adolf Grünbaum*. Pittsburgh: University of Pittsburgh Press.

Mouwen, H. 2017. Recensie van Mammie - Ronelda S. Kamfer - Er was altijd leven in mijn moeders huis. Besikbaar by: <https://meandermagazine.net/wp/?dichter=kamfer>. [Datum van gebruik: 12 Nov. 2018]

Naudé, C.P. 2017. Jong digter 'verskalk' haar leser behoorlik. Besikbaar by:

<https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/jong-digter-verskalk-haar-leser-behoorlik-20170724>. [Datum van gebruik: 5 Apr. 2019]

Neplenbroek, T. 2018. Een pleidooi tegen het Instagram-feminisme.

Besikbaar by: <https://www.tzum.info/2018/09/recensie-ronelda-s-kamfer-mammie/>. [Datum van gebruik: 28 Okt. 2018]

Nieuwoudt, S. 2009. *Taalgenoot*. Nuwe digstem.

Ockers, M. 2017. 'Mammie' door Ronelda Kamfer. *Vrouwenbibliotheek Utrecht - Literatuur*

door en over vrouwen, voor iedereen. Besikbaar by:

<https://vrouwenbibliotheek.nl/2018/01/08/mammie-door-ronelda-kamfer/>. [Datum van gebruik: 17 Okt. 2018]

Odendal, F.F. en Gouws, R.H. 2005. *HAT: verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Kaapstad: Pearson Education.

Olivier, B. 2007. Geweld in Suid-Afrika: 'n psigoanalitiese perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 7(4), 64-58.

Pakendorf, G. 2017. *Nomme 20 Delphistraat* deur Shirmoney Rhode: 'n resensie. Besikbaar by: <https://www.litnet.co.za/nomme-20-delphistraat-deur-shirmoney-rhode-n-resensie/>. [Datum van gebruik: 29 Apr. 2018]

Phillips, J. 2017. *radbraak*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Pretorius, F. 2014. "Mag ons vergeet?" 'n Geskiedenis-serie en Afrikaner-nasionalisme, 1937-1948. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(2), 178-204.

Pun, M. 2018. The interpretation of the unconscious: From Freud to Lacan. *International Journal of Humanities and Social Science Invention*, 7(1), 48-52.

Qazi, K. A. 2011. Lacanian concepts – Their Relevance to Literary Analysis and Interpretation: A Post Structural Reading. *The Criterion: An International Journal in English*, 2(4). 1-12.

Quayson, A. 2005. *Postcolonialism: Theory, Practice Or Process?* Cambridge: Blackwell Publishers Ltd.

Retief, P. 2005. Die konstruksie van die vroulike subjek in die oeuvres van enkele Afrikaanse vrouedigters sedert 1970. Doktorale verhandeling. Universiteit Stellenbosch.

Rhode, S. 2016. *Nomme 20 Delphistraat*. Kaapstad: Modjaji Books.

Rhode, S. 2016. Van Elsies na Muizenberg: My huisie by die see. Besikbaar by: <https://www.litnet.co.za/huisie-die-see/>. [Datum van gebruik: 28 Maart 2020]

Rhode, S. 2018. *Kuier*. Twee keer so seer. 42-43.

Schaffer, A. 2018. Resensie: *radbraak*. *Tydskrif Vir Letterkunde*, 55(1): 207- 210.

Shrier, D. K., Tompsett, M. en Shrier, L. A. 2004. Adult Mother-Daughter Relationships: A Review of the Theoretical and Research Literature. *Journal of The American Academy of*

Psychoanalysis and Dynamic Psychiatry, 32(1), 91-115.

Spivak, G.C. 1988. "Can the Subaltern Speak?" In Nelson, C. en Grossberg, L. (reds.).

Marxism and the interpretation of culture. Urbana/Chicago: University of Illinois Press.

Spivak, G.C. 1994. Responsibility. *Boundary 2*, 21(3), 19-64.

Spivak, G.C. 1999. *A Critique of Postcolonial Reason: Toward a History of the Vanishing Present*. Cambridge en London: Harvard University Press.

Styhre, A. 2005. Subaltern management studies: are they "critical"? *International Critical Management Studies Conference*, 4.

Taljard, M. 2016. Resensie: Hammie (Ronelda S. Kamfer). Versindaba [Intyds]. Beskikbaar by: <http://versindaba.co.za/2016/03/03/resensie-hammie-ronelda-s-kamfer/>. [Datum van gebruik: 21 Mei 2018]

The Big Issue. 2016. Nomme 20 Delphistraat. Beskikbaar by: <https://www.bigissue.org.za/news/nomme-20-delphistraat/>. [Datum van gebruik: 28 Apr. 2018]

Tyson, L. 1999. *Critical theory today*. New York & London: Garland Publishing, Inc.

Ulyatt, G. 2010. Ronelda Kamfer gesels oor haar nuutste digbundel "Hammie". Beskikbaar by: <http://versindaba.co.za/2016/02/10/onderhoud-met-ronelda-s-kamfer-hammie/>. [Datum van gebruik: 28 Mei 2018]

Van den Berg, C. 2011. Postkoloniale literatuur en die representasie van trauma: 'n verkenning van *Verkenning*. *LitNet Akademies*, 8(1), 31-52.

Van der Merwe, C.N. en Viljoen, J. 1998. *Alkant Olifant. 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: Van Schaik.

Van Heerden, J. 2013. *'n Psigoanalitiese perspektief op geselekteerde Afrikaanse dramatekste van Reza De Wet*. Meesters verhandeling. Alice: Die Universiteit van Fort Hare.


Van Niekerk, A. 2008. *Rapport*. Fokus weer op ma & dogter. 1-2.

Van Niekerk, A. 2016. Kamfer skryf vir "mense soos ma". Beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/kamfer-skryf-vir-mense-soos-ma-20160224?fbclid=IwAR0GEz5q2shtwMvyRXBp8hkITiZjXR2pKRCauYfS2HKmZA0NHDHOnQO50jU>. [Datum van gebruik: 17 Nov. 2018]

- Van Zyl, M. 2017. "My werk is nie 'n stuk vel nie". Beskikbaar by:
<https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/my-werk-is-nie-n-stuk-vel-nie-20170914>.
[Datum van gebruik: 18 Nov. 2019]
- Venter, P. M. 2007. Die huwelik as identiteitsmerker in die Ou Testament. *HTS Teologiese Studies*, 63(3).
- Vermeulen, D. 2018. *'n Ondersoek na Ronelda Kamfer se poësie aan die hand van bell hooks se filosofie oor ras en taal*. Meesters verhandeling. Universiteit Stellenbosch.
- Versindaba, 2016. Nuwe publikasie: Nomme 20 Delphi Straat (Shirmoney Rhode).
Beskikbaar by: <http://versindaba.co.za/tag/shirmoney-rhode/>. [Datum van gebruik: 28 Apr. 2018]
- Viljoen, L. 2009. *Ons ongehoorde soort. Beskouings oor die werk van Antjie Krog*. Stellenbosch: Sun Media.
- Viljoen, L. 2014. "Die hart 'n droë blaar": Verlies, rou en melancholie in Olga Kirsch se Afrikaanse poësie. *Werkwinkel*, 9(2), 31-58.
- Viljoen, L. 2004. Die vader-seun-verhouding in Aucamp se kortverhaaloëuvre. In: Spies, L. en Malan, L. (reds.). *'n Skrywer by sonsopkoms*. Stellenbosch: Sun Press.
- Visagie, A. 1999. Subjektiviteit en vroulike liggaamlikheid in enkele tekste van Riana Scheepers en Antjie Krog. *Literator*, 20(2), 107-121.
- Vorster, C. 2013. "Hoe vertel jy op papier wie jy was en wie jy nou is?" Die konstruksie van die vroulike subjek in twee Bildungsromane: Annerkant die longdrop van Anoeschka von Meck en De vriendschap van Connie Palmén. Meesters verhandeling. Universiteit Stellenbosch.
- Wellek, R. en Warren, A. 1976. *Theory of Literature*. Harmondsworth: Penguin.
- Wiggins, D. 2017. Defining Psychoanalysis and its Criticism. Beskikbaar by:
<https://docplayer.net/28822154-Chapter-ii-defining-psychoanalysis-and-its-criticism.html>.
[Datum van gebruik: 7 Apr. 2019]
- Wright, E. 1984. *Psychoanalytic Criticism: Theory in Practice*. London: Methuen.
- Young, R. 2003. *Postcolonialism, A very short introduction*. New York: Oxford University Press.

ADDENDUM

Digbundel 1 – *Hammie*



Dear Mama

You are appreciated
When I was young, me and my mama had beef
17 years old, kicked out on the streets
Though back at the time I never thought I'd see her face
Ain't a woman alive that could take my mama's place
Suspended from school
And scared to go home, I was a fool
With the big boys breaking all the rules
I shed tears with my baby sister, over the years
We was poorer than the other little kids
And even though we had different daddies, the same drama
When things went wrong we'd blame mama

Tupac Shakur *Me Against the World* (1995)


I reminisce on the stress I caused, it was hell
Huggin' on my mama from a jail cell
And who'd think in elementary, hey
I'd see the penitentiary one day?
And running from the police, that's right
Mama catch me, put a whoopin' to my backside
And even as a crack fiend, mama
You always was a black queen, mama
I finally understand
For a woman it ain't easy trying to raise a man
You always was committed
A poor single mother on welfare, tell me how you did it
There's no way I can pay you back, but the plan
Is to show you that I understand; you are appreciated

Lady, don't you know we love ya? (Dear Mama)
Sweet lady, place no one above ya (You are appreciated)
Sweet lady, don't you know we love ya?

Now, ain't nobody tell us it was fair
No love from my daddy, 'cause the coward wasn't there
He passed away and I didn't cry, 'cause my anger
wouldn't let me feel for a stranger
They say I'm wrong and I'm heartless, but all along
I was looking for a father he was gone
I hung around with the thugs
And even though they sold drugs
They showed a young brother love
I moved out and started really hangin'
I needed money of my own, so I started slangin'
I ain't guilty, 'cause even though I sell rocks
It feels good putting money in your mailbox
I love paying rent when the rent is due
I hope you got the diamond necklace that I sent to you
'Cause when I was low you was there for me
And never left me alone, because you cared for me
And I could see you coming home after work late
You're in the kitchen, trying to fix us a hot plate
You just working with the scraps you was given
And Mama made miracles every Thanksgivin'
But now the road got rough, you're alone
You're trying to raise two bad kids on your own
And there's no way I can pay you back, but my plan
Is to show you that I understand; you are appreciated

Lady, don't you know we love ya? (Dear Mama)
Sweet lady, place no one above ya (You are appreciated)
Sweet lady, don't you know we love ya?

Pour out some liquor and I reminisce
'Cause through the drama I can always depend on my mama
And when it seems that I'm hopeless



You say the words that can get me back in focus
When I was sick as a little kid
To keep me happy, there's no limit to the things you did
And all my childhood memories
Are full of all the sweet things you did for me
And even though I act crazy
I gotta thank the Lord that you made me
There are no words that can express how I feel
You never kept a secret, always stayed real
And I appreciate how you raised me
And all the extra love that you gave me
I wish I could take the pain away
If you can make it through the night, there's a brighter day
Everything will be alright if you hold on
It's a struggle everyday, gotta roll on
And there's no way I can pay you back, but my plan
Is to show you that I understand; you are appreciated

Lady, don't you know we love ya? (Dear Mama)
Sweet lady, place no one above ya (You are appreciated)
Sweet lady, don't you know we love ya? (Dear Mama)
Sweet lady
Lady (Dear Mama)

Sterk staan vir plat skoene

toe ek jonger was
het ek helde gesoek
verby my ouma
ver van my ma
Amerikaanse feminisme
het my geleer
dat vrouens als kan doen
wat mans kan doen
hulle het gefight vir equality

my ma'le het gefight vir survival

dit was 'n tyd in my lewe
toe alles verkeerd was
maar nou is alles reg
en ek kan sien waarvoor
my ma'le gefight het
om van hulle knieë af te kom
omdat die rewolusie
nie vir hulle sexual was nie



(19)

Lae lewens

daar was 'n vrou in my lewe
wie so baie verrai was
dat haar hart 'n sirkel was
sy het haar vernederings
saam met haar badolie
in haar vel gevryf
sy was my ma
en sy het my geleer
hoe om nie lief te wees
vir myself nie

(20)

Scream

toe ek jonger was
was daar 'n deel van my
wat gewens het ek was
'n child of divorced parents

somehow het my ouers se marriage
my laat voel
soos 'n wit vrou
in 'n slasher film

sy hardloop altyd upstairs
waar sy naturally doodgemaak word
deur 'n emo kid in 'n bad mask

maar my parents was
into die speak now
and forever hold your
pieces together
want in 'n community
van middle-aged virgins
was ordentlikheid alles

(29)

Motte is duiwels

ek was al vir ses exorcisms
maak nie saak hoeveel keer
ek probeer aan my ma explain het



dat ek maar net emo is nie
elke keer as ek 'n bietjie fed-up was
en myself met 'n blade gesny het
het sy gehardloop na die naaste heks
of siener
dan sê die exorcist
magte van depression
dan confess ek
al drie my sondes
ek drink
ek rook
ek lieg
dan kom die holy water
die donderende dreuning
van duiwels dronkskud
die exorcist's assistant
se grip om my arms word stywer
hulle skud my en bid tien minute
ek word vol water gegooi
my ma betaal
en ons gaan huis toe

by die huis drink ek
twee liter soutwater
om die duiwels uit te kry
die duiwel disguise
homself soms as 'n mot
sê die heks
daar vlieg motte in my
kamer nadat ek gekots
het van al die soutwater
ek roep my ma
en sê kyk Hammie
die duiwel is uit
my ma stap na my kamervenster
en antwoord nee
jou venster is te laat oop



(66-67)

Slapende honde

toe ek jonger was het ek baie gdrink
elke dag

ek het 'n paar jaar weggesuip
dis hoekom ek vandag
nie meer kan drink nie
my tyd as die resident dronkie
het my alles omtrent myself
en alles omtrent mense geleer

ek het gedrink omdat ek suicidal was
en om dronk te wees
was my denial en erkenning
om dronk te wees
was my plastic gun teen my kop

dit was my suicide notes
en my vriende
my vriende was volop
ek het lifelines gekry van alle kante af

my uitgewer het gerush tot by my
sodat ek my kontrak kon teken
ingeval
almal het boeke aangedra
ek moes lees
almal het speeches gemaak
tough love toegepas
jy gaan waves maak
Afrikaans op sy kop draai



pryse wen
die wêreld aan jou voete
'n tipe Jonker/Krog/Bukowski mash-up

gelukkig het ek
hulle nie geglo nie
omdat ek weet
hoe mense is

hulle is kak
hulle hou van 'n vrou
in pyn
hulle hou van 'n dronk suicidal
teef
met genoeg suicide

vir hulle om op af te jerk
en genoeg teef om te admire

(59-60)

Alleen

daar was lig
hoop was ver

(57)

Vir die voëls

ek het bloed op my hande
van al die vredes wat ek bewaar
ek het al jare weggevlieg
om op te maak vir verlore tyd
maar
mens kan net soveel keer
jouself uitbrand
en oor begin



(15)

Box cutters

ek kan nie presies onthou
wat daai dag alles gebeur het nie

ek weet ek was alleen
dit was oggend
drie mans in werksklere
'n grasmaasjien
'n box cutter
een het my van agter gegryp
die ander
het die box cutter teen my keel gedruk
die ander een het my bene onder my uitgeslaan

toe ek op my rug val
toe sien ek die kar om die draai kom
'n groen kar

ek het geskree
nee nee
help my help my

die mans het my gelos en begin hardloop
ek het opgespring
en na die groen kar gehardloop
die kar het stadiger gery
toe ek naby genoeg was
dat hulle die bloed aan my nek kon sien
toe jaag hulle vinnig weg
ek het stadig huis toe gestap
toe ek die voordeur oopmaak
vertel ek my ouma wat gebeur het
sy staar vas teen 'n dooie muur
en sê ek moet winkel toe gaan
om brood te gaan koop

(36-37)

Bellville

toe ek klein was was ek eenkeer
saam my ma Bellville toe
waar sy wit mense se huis
gaan skoonmaak het
die vrou van die huis
het voorgestel sy moet
my saambring
omdat sy 'n seun het van dieselfde ouderdom



toe ons daar kom het sy heeltyd vir my ma gesê
hoe ongelooflik mooi ek is
en hoe sy nie tyd het vir rassisme nie
die nuwe bedeling gaan al die haat stopsit

my ma het nooit geantwoord nie
en het net verder skoongemaak
die seun het my kom haal
om buite by die swembad te kom speel
saam met hom en sy suster
hy het my gevra of ek hou van swem
ek het hom nie geantwoord nie
sy suster wou weet of ek sweeties wou hê
ek het haar ook nie geantwoord nie

toe ek en my ma later huis toe stap

het ek haar gevra
of ek vriende moet wees met hulle
toe sê sy nee
hulle is te morsag
daai klimmeid is so groot
maar sy was nie eens haar eie pantie uit nie

(85-86)

Die skoonmakers

ek kom van 'n lang lyn van domestic workers
my kinderjare was gevul met subtile hints
van hoe om 'n vloer te strip en polish

op die ouderdom van vyf is ek geleer
om my wit vests groen te smeer
met Sunlight-seep
om die vlekke uit te kry

op sestien het ek ophou skoolwerk doen na skool
omdat die huis moes skoon wees
voor my ma saans uit die werk uit kom

op een-en-twintig was ek 'n shop assistant in Clicks
besig om wit seep op 'n rak uit te pak
die aand by die huis het my ma my geskel
oor my kamer so vuil was
jy kan ook net vuil maak en nie 'n fok skoonmaak nie

ek dink daai was haar way om vir my te sê
ek moet iets anders met my lewe doen

(38)

Ouma Nol

my ouma is 'n hand-op-die-heup-
frons-op-die-gesig-tipe mens
sy is altyd gereed vir 'n fight
die dag toe my ma dood is
het my pedo uncle kom condolences gee
ek het mal geraak

en hom begin slaan toe hy instap
my bitch antie het try afkeer
toe spring Allisen in

instead van ons troos
is my ouma uit by die deur
saam met uncle pedo

en saam met haar vat sy
Grabouw my ma se ma
my oupa se Nol en vir klein Neldatjie

Apartheid

toe ek klein was
het ek eendag
my ouma vir 'n wit man
hoor baas sê
ja my baas

ons was op 'n bus
terug plaas toe

toe ek ouer was
het my ma my vertel
hoe sy twee boerklongens

uitgekak het een oggend
die een het 'n blikkie na haar
en my antie geskop

sy het die blikkie opgetel
hy het gevra wat nou hotnot

toe gooi my ma die blikkie
terug en sê is omdat jou
voorouers nie hulle trille
in hulle broeke kon hou nie
dat jy vir my kan skrie hotnot
jou vuilgat

ek het gewens iemand



noem my 'n hotnot to my face
sodat ek ook daai line kon gebruik

toe eendag
ek dink dit was net na
die einde van apartheid
is ons Clovelly beach toe
ek en my suster
het in die vlakwater gespeel
twee wit mans het verby ons gestap
ek kon die een hoor sê
is dit nou mooi

blêrrie kaffers

ek het niks terug
gesê nie

(71-72)

Overberg

gisteraand het ek gedroom
my ma was by haar eie begrafnis
sy het opgelet
dat die dood in 'n familie
net soos die lewe in 'n familie is
my antie wat jare al kwaad is vir my
ma huil die hardste
my ouma sit iewers agter
tussen die familie
wat van ver af kom
ek staan op
gaan lees 'n gedig
want dis al wat ek het
om vir haar te gee



(25)

Koud

die tweede dag
het ons gesit en wag
my hand op haar hand
alleen in die donker

(41)

146

Nag II

ek droom net van my ma
wanneer ek happy is
in my droom kom sy altyd
terug van iewers af
terug van dood wees
ek vertel haar dan van alles
wat gebeur het terwyl sy dood was
hoe ek haar kis uitgekies het
hoe my ouma nou
kwaad is vir my
en hoe haar klere nog
in haar kas hang
dan skud sy net haar kop
en drink haar tee
en sê
dis okay
my kind
ek is nou by die huis



(43)

Dis wat die dood doen

die dood vou jou op en pak jou weg
die dood sny jou oop
en maak jou in warm olie gaar
die dood breek jou op en gooi jou weg
die dood maak 'n gat en spit jou toe
die dood is die ding wat wegraak
die ding wat jy van vergeet het
en eendag skielik onthou

(31)

Ma

na my ma se dood
het net die klein dinge verander

eerste het die hekke afgeval
die gras het doodgegaan
die plante het ophou groei
die vensterbanke het wit geword

ek en my suster maak elke dag
kombuis skoon
maar dit bly vuil
my suster se seuntjie van twee
se tande het begin vrot raak

my pa probeer hard 'n goeie ma wees
hy koop gereeld 'n klomp groente
maar niemand maak kos nie
ek dra my ma se troueringe
maar dit maak my vingers seer

(32)

Onrus

ek hoop sy rus
nie in vrede nie
ek hoop sy haat
waar sy is



(35)

Bang

drie dae lank is my ma dood
die aarde het drie keer
om sy eie as gedraai
totdat my ma
ophou bestaan het

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

(26)

Gertruida

my ma is gemaak van vlees en been
haar stem is 'n boom wat skeef gegroei het

haar oë is 'n gewonde dier
haar neus is 'n naald en haar liggaam

is gekeus soos vrugte onder in die bak
my ma is bang dood
met 'n stukkende hart

ek tel die glasstukkies op
en begrawe dit onder my vel

(82)

Troupanne

“by any means necessary” – Malcolm X

vandag was hier nie kos nie
Seymour het nie gevra
om hier te wees nie
Nathan sit met sy pa
se skuld
ek wil nie meer
kinda coloured middelklas
kinda plaas
kinda ghetto wees nie
ek wil verskoning maak
dat ek nog altyd in ‘n huis gebly het
en dat my Afrikaans suiwer is

ek wil nie sentimental wees nie
en vir niemand wys
dat ek my ma se hande voel
wanneer ek na die ringe kyk nie
om te rou is om te vervel
en ek wil nog ‘n rukkie
in die dooie dop sit
maar
ek het ‘n kind
ek is ‘n ma
en sy moet eet

ek koop vir haar kos en medisyne
met my ma se troupanne
dit is ‘n manier vir my ma
om my te help
want ek is haar kind
sy is my ma
sy moet my help

(33-34)



Ethan, Seymour en die lesson

vir Ethan

ons het op die anniversary van my ma se dood
blomme op die graf gaan sit

Ethan en Seymour het die twee langste stokke opgetel
en besluit om van graf tot graf te gaan
en die demon vampires terug te slaan onder die grond

toe ons by my ma se graf kom het Ethan vir Seymour
aan die hand gevat en gesê this is ma she is frozen
in the tombstone she is not a demon vampire

(90)

Rocco de Wet

ek is van die duiwel af
dis wat my ma altyd gesê het
ek wou skryf om lewens te red
ek wou stories vertel
en die marginalised
acknowledge
ek wou 'n trail los
vir dié wat na my kom
maar
ek skryf in Afrikaans
die taal van die duiwel
die engel met die
superiority complex



(61)

Getuienis

een Sondag in die kerk
staan my vriendin op
om te getuig
ek was tien sy was omtrent vyftien
dit was 'n Vadersdagdiens
sy het vertel hoe haar pa haar help
met haar huiswerk
hoe hy spinnekoppe vrekmaak

toe sy begin praat
van hoe lief sy vir hom is
het sy begin huil
sy het vir my gekyk
en ek en sy het aan dieselfde ding gedink
die ding wat Vrydag gebeur het
toe haar pa my gegryp het my hande
vasgemaak het met iemand se pantyhose
en my in die klerekas toegesluit het
terwyl hy haar op die bed verkrag

die pastoor het gesê
sy moet haar pa 'n drukkie gaan gee
almal het hande geklap
ek het my kop laat sak en Liewe Jesus
se gesig in my kinderbybel uitgekrap

(58)

Jirre waa's my ma

"en die antie dans, en die antie dans op Waenhuiskrans" – Onbekend

die swaarste van Krismis
is om in Pick n Pay
en my ma te sien in die bokse Snacktime
die pakke Quality Street
en in die ligte, ligte-pastel bloesies
van moeggewerkte anties



my ma is die spook wat langs die strand stap
my ma is water
sy was eers brood

ek dink aan Krismisoggend jare gelede
my ma in die kombuis neurie
die treurigste happyste song
terwyl ek in my bed rondrol en religion haat
ek staan stadig op en loop tot by haar en moan
ek kan nie wag vir krismis om verby te wees nie

Uncle Jerry


dis weird as jy 'n kind is
en jy speel met ander kinders
julle lag en al is jy klein weet jy
dat jy dié dag altyd gaan onthou

dit word nog weirder
as iemand se pedo pa
uit die slaap opstaan
instap waar julle speel
sy dick uithaal en sê
maak toe julle oë en steek uit
julle hande
hy jerk homself af
en giggle saggies
ring a ring a rosie pocket full of posie
terwyl sy sperm oor ons hande spat



(70)

Digbundel 2 – *Nomme' 20 Delphi Straat*



7dinge wat djy nie van my sal wiet'ie

1. Toe ek klein was, het ek altyd gedink 'n hond en 'n kat is man en vrou. Hoekom annes sou hulle soe baie fight?
2. Ôs het eendag touch rugby gespeel buite in'ie pad. Toe val ek. Daai was nie soe baddie – die feit dat ek in 'n bol kak geval het was.
3. Ek het eendag 'n pysie op my regte bien gekry. Die pysie was vrek seer en goud geel. Slim kind wat ek was, het ek dit uitgedruk en later homemade remedies uitgedink wat dit bieter sou maak. Sout en asyn, tamatiesous en suurlemoensap, sunlight siep en sout, selotape en sterksalf. Toe niks me' werk'ie, was'it die kliniek, swartsalf, 'n goeie pakslae en ouma-liefde wat nou nog die lielikke nok op my regte bien bietjie bieter maak.
4. Ek droem van niks behalwe as ek dagdroem. Ma' as ek droem, dan skrik ek altyd wakker sonder dat ek wiet wat dit was wat ek gedroem het.
5. As 'n kind kon ek nooit rêrag goed Engels vi'staan nie. Dis hoekom ek eendag met 'n karrentjie aan gestap gekom het toe daar vi' my gevra was om "the broom" te bring. Broom-broom.
6. Ek het nooit vi'staan hoekom my ma altyd gelag het as ek sê: "Mammie, breakfast betieken 'n-vis-wat-brêg né."
7. As ek een dag met iemand sou kon spend, sou dit most likely my ouma wies. Al issit oek net om ha' hande te sit en dophou wat my tot mens gemaak het.

(9)

jy kan kies

It's a cliché to say:
"It's not what you say
it's how you say it."

Ek stem anyway nie saam'ie.
At least nie mee' nie.
Want ek'it groot geword
onne' 'n old lady se hanne en voete.
Hanne en voete wat jou correct, command
en, die Here wiet, reprimand.

Vi' die regte reasons of course.

Soe ek issie spyt'ie.
By'rie tyd wassit'ie pleasant'ie
but dit het my 'n paa' dinge
omtrent'ie lewe gehelp vi'staan,
dinge wat ek altyd by my moet hou:

Respek vi' jou ouers, ongeag wie en wat hulle is,
respek vi' annes, al respek hulle jou nie terug'ie,
en respek vi' jouself, al het djy oek foute gemaak.

But die dae het verander
en nowadays lyk dit asof ammal prefer
om hulle onneklere agterstevoos' an te trek.
Sommige trek glattie eers onneklere an nie.

Soe nou het'it oraait gewôd
vi' laities om hulle pa's flou te skop
en aanvaarbaar vi' meisies
om saam hulle ma's te dop.
En is ok vi' kleinkinnes
om hulle oumas en oupas te abuse
en uit te vloek.

Generation-X se jong mammies
raak excited vi' hulle babies
se eerste woorde: "Ma se p..."



En though die stereotype sê
ô's ammal was van dag een af soe grootgemaak,
wil ek ko my stem laat hoor en sê: nie ek nie.
En al vloek die hele Kaapse Vlakte ma se p en pa se n
wil ek stempel afdruk en sê: ek praat'ie soe nie.
Dit issie deel van my vocab nie,
dit issie deel van my identity nie,
dit issie deel van my culture nie
en nog minder is'it deel van my taal.

Ek moet nog iet met die mond.
Ek moet nog die stereotype wrestle.
My tong moet nog woorde van inspiration
saai en harvest, soe ek gannie
my woorde soe mossie.

Soe ek kies om te kies wat ek sê.

Ek kies om te abstain van woorde
wat soes 'n vuil lap
'n anne' man se gedagtes besmeer

met stereotypical lies van'ie Vlaktes.
Ek bly op'ie Vlaktes ja,
ma' ek weier
dat my mind vasgevang wôd met vlakheid.

Ek kies om te represent met woorde en klanke
wat die kranke kan krank los,
sônne' om my taal op te mos.
Ôs kan actually dink ek praat,
goete wat sin maak
sônne' om woorde te gebruik
wat inbraak maak
op ôsse capabilities.

Soe ek gan terug na daai saying,
en ek wil'it rephrase deur te sê:
dit is wat djy sê,
dit is hoe djy dit se;
dit is wat djy doen
en hoe djy dit doen.
Hou op sê dis deel van'ie culture.
En hou op claim
dat daa' nie 'n anne' way issie.
Daa' is 'n anne' way,



Enigste ding is:
JY KAN KIES BROE.

(29-31)

'n double side story

besides die hoere, die vuilgatte, die prossies van 15 en slegte pa's wat
over die season die hele huis op hol dja
besides die tikkoppe en buttongatte, alcoholics, die sesse, die agge,
die dixies, die vloekbekke en you name it
besides die kinnes wat kinnes kry en die laaities wat vroeg'ie skool
los om full-time jobs op'ie hoeke te occupy
is daa' single ma's wat sônne die sight van sleg pa's kinnes reg groot
maak

is daa' ouma wat as dji vi' die eerste keer djiol toe gaan kamstag
heelnag wasgoed was
kaaintie daai's wee om tussen die gewas en gespin jou voo' Liewe
Jesus op te dra
"ag Here bewaar"
is daa' anties wat hulle laities in'ie tronk besoek, al sê wie ook nou
wat
mense met harte, gedagtes, gevoelens en siele
is daa' mense wat wiet hoe dit voel om regtagwaa' lief te hê en seer
te kry soema altwie in een blow
noba hoe stêk dji claim dji is
ô's ammal het tog een of anne' tyd die kussingsloep nat gehuil
die reality is war'it is, ô's kannit'ie deny nie, ma' daa's altyd two sides
to a story.

(10)

buite die eg

nie een van ô's is egtelike kinnes nie
nie een van ek of my broes'ie
ô's ammal is buite-egtelik, soes 'n mens sal sê
ammal sy eie pa, is net ô'sse ma wat een ma is

daai een ma moes alles doen vi' drie kinnes
ma' dit maak ha' nie kwaai nie
wan' die antie langsam maak vyf kinnes allien groot
verder in'ie pad is Claudine wat 4 kinnes het
wat'ie ees wiet wie hulle pa's is'ie

en dan is daa' die antie oo'kant hulle
wie se man in'ie tronk was vanaf ha' kinnes klein was
so dit maak'ie my ma much wonderful nie

al is ô's buite die eg
ken ek my pa
oftewel
sy naam atleast
soe is sieke ma' nie soe baddie

(15)

'n lewe tussen'ie nomme'

Die Flêitse is uit getjap van'ie nomme',

en my hart is surrounded
met nomme' 20 Delfiestraat se asvaal hekke.
Ammal wat by daai hekke inkô wiet
as'ie slot toegeskuif is,
gan'it lank vat om daa' uit te kô.

Hulle sê soe van'ie nomme' oek,
da'rit 'n lifetime choice is.
Is ai're die gun (wat ek een kee' onne' die kooi moes wegstiek).
Of'ie tronk (op'ie age van 17 in juvenile Pollsmor).
Of'ie dood ('n skoot deu'rie kop, op Trinity Place se skool veld).

En as dji nie mee' een van'ie drie wil hê nie:
issit die kêk, met 'n uitgetjapte liggaam
soes 'n Christus wat allie sônne van'ie mens
op hom moes vat.
Soe sal dji jou liggaam offer
as dji allie sônnes van'ie nomme' survive het.

Op my hart is 20 Delfiestraat getjap.
Ek dra daai nomme' om my nek,
plakkit op'ie deur van my hart,
'n lifetime choice.



(11)

Praat soes ek praat

Vi' Adam Small: as Kanna ma' net huistoe kon kom

As ek my mond oepmaak
en los tong praat soes ek praat
dan kyk hulle my an
asof ekkie educated issie.

Sometimes, as ekkie lus hettie,
praat ek ma' liewers soes ek moet praat
as ek met die first years praat:

“Julle moet asseblief vir my uitvind
wat bedoel word met die volgende begrippe:
suggestie, karakterisering, intertekstualiteit,
tyd/ruimte en milieu.”

Ek sittie an nie. Is ma' net ek het geleer

hoe d jy jou woorde moet afrond, daai's ma' al.

Ek het geleer hoe d jy jou "vinnag" en "starag"
in "vinnig" en "stadig" moet veranner.

Clayton vra vi' my hoekô praat ek an soe toe ôs by die library is.
Is ma' net omdat ek geleer het en ek'it moet toepas, daai's ma' al.

Ek praat soes ek praat want ek is wie ek is –
'n Cape Flats girl. Ek wil'ie soes Kanna wies'ie,
Kanna wat'ie hys toe gekom hettie.
Wat vi' hom anneste gehou het
vanaf hy geleerentheid gekry'it.

Ek wil'ie die huis verlaat'ie,
nie omdat ek bang is ek word soes Kanna nie
ma omdat ek'ie anne' plek sal survive'ie.
Ek iet liewerste my ouma se gebakte brood en jam as iets annes.

Soe ja, ek praat soes ek praat,
want ek hou dit soes ek'it gekry'it.
los tong.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Gangster's paradise

Is swaa' om te droem as d jy 'n kopseer het,
uncle Piet en Jannie se button pype maak my naar,
antie Malla agter innie jaart se gesig
wanne sy nie wiet wat hulle gaan iet'ie,
maak my moeg.

Die guns-kote klink al soes music
in 'n sad play waa' jong laities altyd die prey is,
alles gie my 'n kopseer
en is swaa' om te droem as d jy 'n kopseer het.

(25-26)

(39)

Cape Flats

D jy staan vroeg op,
al is hulle nog ammal half babbelas van giste' se party.
Staan d jy vroeg op om hulle wakker te maak.

Die kinnes se skoolklere moet gestryk word,
hulle werksklere moet uitgehaal word,
hulle konnit'ie giste' gedoenit'ie.

Die juffrou gan sê die kinnes lyk soes 'n klomp trêmpes
met hulle snotnieste en half-gekamde koppe.
Ma daai's oraait, sy ken oek mos vi' jou, Cape Flats,
al bly sy nou op Platteklou Hill.
Djy't ha' oek mos groot gemaak,
nou trek sy ha' nies op vi' die kinnes.

Sy't net hier annekant in Louw se Bos groot geword.
Onne' die waslyn wat altyd beset is.
Djy wiet mos,
djy't ha' oek groot gemaak.

Djy staan vroeg op, hulle moet opstaan.
Soes 'n ma wat ha' kinnes wakker maak,
soe maak djy hulle wakker.
Djy staan vroeg op en djy maak hulle wakker.



(23)

in-sig

Ek het self gesien hoe 'n dwaas wortel skiet.
Vêr is sy kinders van geluk.
Tussen môre en aand word hulle verpletter
en ongeregtheid hou die mond toe.

Vêr is sy kinders van geluk.
Met die klippe van die veld is sy verbrand
en ongeregtheid hou die mond toe.
Hy sal uitvind dat sy tent in onrus is.
Met die klippe van die veld is sy verbrand.
Vêr is sy kinders van geluk.
Hy sal uitvind dat sy tent in onrus is.
In die nag tas hulle rond soos in die middag,
vêr is sy kinders van geluk.
Tussen môre en aand word hulle verpletter,
in die nag tas hulle rond soos in die middag.

(36)

childhood oppie Vlaktes

vi' Clayon – 26 September 2006

Dis onne' my ouma se onnerok in'ie koebys waa' ek geleer het,
geleer het hoe die reuk van ha' brijanie en koolkos
'n gedagte van 'n honger mag kon stil maak, kon stil streel.

Dis op'ie hoek waa' hulle vi' Clayon dood geskiet het soes 'n hond,
'n hond sonne 'n ma of 'n pa of susters en broers wat sou omgie.
Ôs het omgegie, êk het omgegie.

Dis op daai selle hoek waa' ek geleer het 'n mens moet ha'loep,
kaalvoet, kroeskop, snotnies moet ha'loep. Ha'loep vi' jou lewe
as'ie ag-en-twintags en'ie sesse die peace briek.

Dis by antie Tiema om'ie draai se tuckshop waa' ek geleer het
om Pucman te tokkel tot jou palm sop nat geswiet is van'ie rooi
joystick.

At least was ha game shop safe.

Dis in'ie court waa' ek geleer het om touch rugby te speel
soes 'n maer mannetjie wyfie toe Clayon nog gelewe het
en ek crazy puppy love vi' Ade gehad het,
Ade van antie Boa hulle, vier huise weg van ôs af.

Dis by die busstop waa' die karre af dice na Sasol toe waa' ek gelee
het,
geleer het hoe die belt van my ma my gat vuu'warm geneuk'it
omdat dit half-pass-one in'ie oggend was.

Nou sit ek op varsity dik geleer
van'ie Cape Flêts se real life adventures en ek moet leer,
leer van Bhatia en Fielding se definitions van wat ABC is,
leer van horizontal, vertical en truncated multilingualism.

Ek's bly ek kan leer.


Is ma' net:

die Cape Flats, sy't my oek geleer.

Sy't my groot gemaak.

(12-13)

Digbundel 3 - radbraak



dop system's merry-go-round

my father comes home to midnight the dop system
inflames his veins black a haunted wine stock-drunk
in a ditch six foot six he is the comely cursive
of every name on every bottle every end of the week
licking the liquor of his labour lingering on the vinyard's hiss

this is the story of the unrequited papsak and my fermented pater

I am his crop chasing and racing running relentlessly
from the methylated phantoms that robe me in his rotten
grape season strutting like a sot planting the dormant
barefoot grape in the early spring bearing a grey rot

pressing the crush the harvest crush of a bloodline satyr
Pa and I in parallel carry the rotten grapevine crown
our father hallowed in golgotha's grape churn and turn around
merry-go-round the dop system's dole
oh the merry-go-round goes round and round

the perpetuating papsak and my star-crossed pater

(13)

die einde van Dêrra

jy kom afgesluer
in die pad af
jou gesig rye duine
jou hande kabeljou

jou kossak val-val van jou skouer af
toe jy stap en die kleur uit jou uitbleik
hoe jy nader kom en ek skielik jou skete weet
hoe jy sienderoë skeur
hoe jy voor ons tot niks niks

deesdae sit en kyk jy na jou toboets
die wit olifant in die hoek
saam met die stukkende visstok
die groen wetskin wat jou welakepela:
jou dopping
jou moddervis

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

die tolskip sink sink sink sink
in jou drink drank dronk gesinkte skoot
die dekman gekman
wat sout word doer in die baai

(17)

heil die leser

in my pa se huis hou ek hom dop
die vissermanhande wat deur bladsye blaai
die gebundelde man wat seine gooi
met sy adamsappel woorde sluk
hoe sy hart ensiklopedie
as hy bene oorkruis sit en met sy
hande beduie ons moet hom uitlos
want hy kan net nugter lees

ek onthou sy gliserien-oë
my pa die letter-boemelaar
hy soek sy storie
hy tel hulle op
hy stryk hulle plat
sy oë smeul soos 'n gebakte patat



hy sê altyd:
“daar is god waar daar verstand is
skarrebol waardeer die weggegooides”

in my pa se huis
skryf ek hom weg
wegter van my –
ek wysig sy swets

(16)

Bokkie polony

ek kan Bokkie polony papierdun sny
met die meat cutter wat kerm soos 'n vark
ek kan die biltong in die grinder sit
ek geniet die donderweer in my maag
twintig rand se biltong skat ek met die oog

Ma't gaan praat met die supervisor
vir 'n permanente pos

kraakworsies kouevleis en salami
my mond water ek weet die koue-
vleis wat jou lippe laat jeuk sit
saam met my op die priced to go-rak

Ma't klaar met die supervisor
by die deli gesels alles is reg

Loki by die werk leer vir my sapha icephe
umithi hayi ndiyagoduka sisi ndiyagoduka sisi
kyk dai vrou hy werk nou hier permanent
net een maand van casual ek werk hier
15 jaar sisi fiifteen môre meneer
môre baas is dieselfde ding nantsi i-chicken
sisi versigtig sisi ndiyagoduka nou
hayi Prinsense tea break is over
raas Loki se stem uit die deli op pad huis toe

Ma praat net oor my werk by die deli

die supervisor se niggie het gister
ingeval sy't sommer first day
nuwe uniform ek en Loki het nog altyd rooi
T-shirts aan met Geseënde Kersfees
op die voorkant en Tot u Diens op ons rûe
ons ruik soos die sandwich polony
by tjaila-tyd ek raak naar
as ek varkveis ruik

Loki grap wit mense laat haar dink
aan sandwich ham biltong laat haar
dink aan haar man in die Transkei
Bokkie polony is ons almal saam gemix

Ma is vies vir my oor die werk by die deli
UWK sê ek is aanvaar

vandag het ek vir Loki kom groet
ek gaan UWK toe Loki
my ma is kwaad sy skel in my in

wiet jy hoe het ek gat gelek by
die deli? wie gaan jou vat? waar
gaan jy bly? ons het nie mense
in die Kaap nie Kaap is nie
speletjies nie jy't 'n job by die deli
jy kry uniform gaan vra terug
jou job by die deli jy gaan dit nie
maak nie niemand van ons het dit
gemaak nie

in die Kaap as ek verby 'n deli
stap dan word ek naer
ek dink aan Loki se woorde:
sandwich ham laat my dink aan
wit mense biltong laat my dink
aan my man in die Transkei
ons almal is Bokkie polony gemix

(34)

tong-trilogie

part 1

die storie van my woord begin toe ek vir die eerste keer
saam met Pa en sy familie Pêreberg toe gaan
die woorde proe sierangs nie vis nie

die dennehoutbome-dag onthou Pêreberg
toe my tong dennehoutbolle word
net op Pêreberg proe ek na dennepitte

as 'n kind het my geloof buitekant rondgeloop
tussen die bietoubos woorde wil nie
psalmgesange in die Anglikaanse kerk lof

ek fluister vir die speldekussing
as ek die woord in die are
van die adamsvy soek

ons besoek Pêreberg net vir begrafnisse
ons besoek die papsak-siek grafte sonder kruise
geeste het nie tonge maar ek verstaan hulle



sy fluit die vis tot byt
haar vel gee 'n kernstemming op A vir die son
vir die golwe want haar seun fluit êrens

sy hoor sy do re mi fa woorde geskepe vir haar

(49)

onthousiekte

daar is 'n hakiesdraad gespan tussen
Ma en haar buurvrou se jaart
dis die doringdraad wat hulle deel
as hulle wasgoed was
as hulle entjies leen
tot paydag toe
ek wat hulle dophou

ek het hulle nog nooit hoor skel
by die hakiesdraad nie
hulle skel die kinders uit die pad uit
hulle jaag hulle manne aan
hulle kla oor die prys van 'n brood
"ek kon destyds 'n hele maand
se groceries gekoepit met 'n tien rand"
en my gedagtes wat bubblegum wit kou

dis altyd September as ek my ma onthou
die son kyk skeel vir ons hier in my onthou
dis die skophokkieseisoen van my kinderdae
ek het kappallangs aan en 'n blou shortie
'n spaghetti-toppie en 'n stukkende panty aan
maar dis orite om in die week so te loop
êrens skel my ma my uit oor my vergeetagtigheid
"dank die here-got jy's nie 'n hottentotsgot"

my hare staan alweer sonstrale
ek weet nie wanneer ek begin anders
word het nie in die skophokkieseisoen
van my kinderdae was ek daar saam met almal
nou's ek hier: siek van onthou

(21)

ballade van 'n wasdag

tenminste ruik ons skoon ek en jy
rondom jou pa wat walms maak
van Mooi Vallei Jonkheer en hom

ek en my ma is wasgoed wat sy
dophou deur die kombuisvenster was-
goed wat sing-sing huil
Ma sê altyd: dit is nie sy tyd nie
dit is nie sy tyd nie
sy het nie meer tyd nie
so staan sy gebukkend oor die was-
goed en spoeldraai met skuim en seperig
sonder ophou was sy Boeta se ongeluisklere

ek en Ma word wasgoed
wat sy dophou deur die kombuis-
venster wasgoed wat sy blind-blind yl

so was
was
wás hy

ons eet pap Sondae gebakte brood bitter
boeretroos weksdae oorlat jou pa altyd
vleis maak van die bottel en vis van ons

so was
was
wás jy my

niks is mooi my seun is
weg my hoop is
skaars ek hunker altyd na niks

ek wil verstaan wat Ma so
blind-blind neurievink
gee dit 'n naam ek sal dit dra sodat Ma
my kan bemin ek wil ontslae
die naarsugtigheid wat ek gaar
gun tog Ma haar woordlose
begin my seun se klipportret



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

moet rus in sy sandklippeplek
ek wil verstaan gee my
tog sy hoë geheime hy
die naam van rede in Ma se hart
ek die sukkelende self
die nie-klipporet gee my
die verdoeselde geheim in sy oë

tenminste ruik ons skoon ek en jy
rondom Pa wat walms maak
van Mooi Vallei Jonkheer en hom

Ma sê altyd: dit is nie sy tyd nie
dit is nie sy tyd nie
daar was nie tyd nie

so was
was
wás ons
ons

geelsanger

Ma'y eenkeer 'n ornament
in die pos gekry
Boeta het vir haar
'n geelsanger gebeeldhou

Boeta sy hou jou vas
sy hou houvirhou jou rou

jou geelsanger koer
op Ma se muur
hoog tussen
die reën en donderweer

Boeta sy hou jou vas
sy hou houvirhou jou rou

Boys Town sit nog
met my boeta
wat Gansbaai



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

(42)

uit die verfkwas was
by ons is hy
'n nagedagtenis
wat saam
met die TV kry

(15)

lyksang vir jou skollietaal

toe hulle die kis laat sak het oom Danny getan
in die son met sy papsak onder sy blad
jy ken mos Pa se suipbuddy? Pa se oë
was nie rooi gehuil nie hy mis jou dik gesuip
ander funny ding is Ousie Em se rumatiek
het haar vingers in 'n Tupac sign gekrom
jy sal gelag het want sy't jou heelyd saloet
by die begrafnis die frans wat sy is

Tot en Tvkop was daar hulle beserings was
'n belediging weet jy vir Ma sy sou jou
ook so stukkend soos hulle by haar wil hê
Tot en Tvkop voel seker swak van binne

ek het by die muur gestaan en toekyk
almal het gehuil maar dit was alles so vals
miskien huil hulle oor hulle eie goed
daai trane gaan nie oor jou nie
jy en Dêrra sal dié keer julle vuiste
vir oulaas laat saam stry

die Rooidakkies-bendes het 'n American flag
gebring om oor jou kis te gooi Koubie jou
nongolota is ook hier sy army raak klein
'n funeral is 'n nice plek om te ko scout
vir vars bloed sy ndodas vrek een vir een
in die perlemoenoorlog "jy's nou finally
in gangster's paradise" het ou Koubie gesê
toe hy sy vuis soen en teen sy hart klop

ek skryf vir jou in die skollietaal
wat jy geleer het in die Boys Town
die taal van nommes en pakamisa
en sabela wat jou gehelp het om te survive

die taal wat jou huis toe gebring het
en jou wit biene gemakit
Ma en Pa gebruik jou dood soos button-pille maar
ek trek lang skywe met jou taal nip jou
in die asbakkie ek wil nie met my lewe so be-taal

(24)

my ma sê sy het drie oogwinke van haar ma

i

sy onthou haar soos bloeding op die brein
sy onthou haar met die naalde gestut in haar neus
sy onthou-sê miskien was dit nie my ma nie
maar sy't skuldig gehuil
so asof haar trane wil verduidelik
haar stem was ver weg
meer geklink as gepraat
haar ooglede was swaar
sy wou haar onthou
maar toe sy bykom
het haar geheue net gesilhoeët



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

ii

Ma hoekom het ek nie 'n ouma nie?
jou ouma het gaan brood koop
end van storie

hoe oud was Ma?
ek het nog nie verjaar nie
maar my suster was al twee
los tog moet nie krap nie
end af die storie

nou het Ma 'n ouma gehad?
ja ons het loop water haal
en haar vloere met beesmis
gesmeer tot dit blink

ek was my ouma se wegsteek-
kleinkind met die sonstraalhare
dis hoekom noem hulle my Poppe

eindig die storie

iii

en waar is sy nou?
die here het haar gewas soos linne
haar laat droog word op die draad
afgehaal en in die laai gebêre
kry end

ma waar kom ek vandaan?
jy is gevorm met my stembande
stembande wat 'n nuwe liedjie sing
ons kom van die kruidjie-roer-my-nie-mense
wat saam met die suikerbekkies se bessie
biem bam se bessie bam se bessie biem bam
se bessie bam se bessie biem bam bam

(50-51)

ek ken van lila heuwels
wat pers bloos vir die lente
ek loop nog elke dag
op bros grond
hier in die dal van genade
word ek wakker tussen blokombome
wat groener raak hoe ouer
my herdenking
hoe silwerder my ouers
ek het nog altyd geglo
dat die bome met die groen wolke
net-net aan die takke hang
en die kleihuse
my beter ken as ek self



(14)

Diglossie


I am a collection of dismantled almost
-Anne Sexton

my tong het taalgrafte wat ek opgrawe
uitgrawe en oorbegrawe
met die hulp van die duiwel uit die
knapsak hy fluister die taalsiekte

“verwoord jousef dierlik
in my
breektaal dan kan
jy so sies lyk
soos jy wil”

ek doeftong doftong bloemtong traagloper met my taal
sirkelgang stamtaal maal goings opgegaar die piet-my-lier-idioom
die bakkie uh en ‘n kappie op die e apas jypy mypy hopoor
papaat kapan jypy mopos hopoor epek epen jypy papaat
diepiesepeljapeldepuh tapaal

ek liegbek die hele tyd want ek breek by
die taalwiel die hele tyd sien ek my taal
beenbreek hoe meer ek in my tong
praat hoe meer word ek onverstaanbaar
‘n vraat by ‘n bidwiel

ek sit ek in sy oorskulp ek draai oorwas-
woorde om en om die middeleeuse storie
sy breekwiel het verwees tot ‘n spreekwoord
my tong draai word gevleg geknuppel
die spekeduiwel siteer Alexander Pope
“who breaks a butterfly upon a wheel!” n.c.


die diglossie diftong blindtong manteldraaiertaal is die siekte
proe met my voelhorings my tongbeen breek die woordkis
sukkel trapsuutjies teen die braak van ander tonge wat
my stem vermom die olke bolke riebietjie stolke knortaal
vol vermoerde let/ter/gre/pe pluk ‘n lat vir sy eie gat

wat moet my prostese-tong nog stukkend stap
om uit my vel-taal te ontsnap?

(64-65)

tongvis

ek is sardynstil
jou hande slim
jou lippe sjuut
op my lippe

jy prooi tussen my bene
jou ou visbene
ek hyg nog met die hoek
in my bek
jy kyk vir die gety
die see raak ontstuiwig
as jy visvrou naby
Romansbaai se rotse kom
ek hoor jou lem skerp
ek hoor jou oor my meeu
jy vat my jy vlek my
langdradig sny jy langs
my kiewe al langs my pens
daar lê my binnegoed stom
met die kaal hand trek jy my uit
en smyt my eenkant toe
vir aandete berei jy my voor
my kop kook jy in soutwater en uie

'n tongvis vir twee
die's vir die meel
die pan wat my braai wag

sodat die rou stadig uitbak
stadig uit my uitbak



oe jirlikheid! Janwap se kind

met al daai grade agter jou naam
bly jou pa 'n papsak
in die Kaap noem hulle jou miesies'
maar hier verstik jy aan 'n visgraat
want jy het vergeet dat 'n harder
se grate wurg goetsoe
jy wil mos anderste wees

Janwap se kind kam jy nie
hare nie kam jy dit met
klappers? Bossiekoppe dien
nie here nie die duiwel
se kind is jy

Janwap se kind is 'n skim
jy sien haar net as sy totsiens sê

(8)

sy's uitgeleende kruideniersgoed
wat niemand terugkry nie

Janwap se kind jou ma behoort
op Blikkiesdorp en jou pa op Papiessvlei
waar hy aartappels plant
nie een van julle kan vis vlek
hengel of swem nie

*

hier bo in die Kaap dreig
die tale soos aspoester
se koets om middernag:

my Engels 'n pampoens
en Afrikaans 'n laplollie-
grens maar Janwap
se kind is g'n Gansegat
jirre Janwap se kind
gaan almal nog verskalk



(54)